

# 'n Roman *Paul Roux*

en

## Mini-verhandeling

'n Ontleding van die die konsep '*liminaliteit*' soos dit vergestalt word met betrekking tot hoofkarakters in: '*n Ander land* deur Karel Schoeman; *Die son kom aan die seekant op* deur Jeanette Ferreira; *Lang skaduwees in Afrika* deur Connie Luyt en *Paul Roux (ongepubliseerd)* deur Renée Rautenbach.

deur Renée Rautenbach Conradie

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Artium (Kreatiewe Skryfkuns)

Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns  
Departement Afrikaans  
Fakulteit Geesteswetenskappe  
Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof. H.J. Pieterse

Augustus 2010

## VOORWOORD

Opedra aan my pa, Lang Piet Rautenbach,  
wat by my die liefde vir die regte woord,  
'n storie en die geskiedenis gekweek het.

### Bedankings

- \* My studieleier, prof. H. J. Pieterse, vir sy bekwame leiding en geduld oor die afgelope drie jaar;
- \* Adrienne Warricker vir haar hulp met die navorsing;
- \* My mede-studente se waardevolle insette en kritiek;
- \* My man, Leo, vir sy bystand, bereidwilligheid om te luister en te lees, en veral vir sy relatiewe biblioteek;
- \* My kinders, Soois en Sophia (wat die Ritz-spyskaart uit die hotel se argief gesmokkel het), vir hul insette;
- \* Lappe Laubscher, die wandelende Africana-biblioteek, wat altyd beskikbaar was vir vrae;
- \* Kerneels Breytenbach en ander vriende se bereidwilligheid om die manuskrip te lees en insette te lewer.

### Outeursnotas

Die meeste hoofkarakters in die roman is fiktief.

Die historisiteit van die agtergrond waarteen die roman hom afspeel, is sover moontlik korrek. Die planne van die pioniershuis is in Parys se argief gekry.

Ter wille van die storielyn is die gesantskantoor van die Z.A.R verskuif na rue de Monceau pleks van Montmartre en is die besoek van Thomas Edison aan die Wêreldskou in Parys vervroeg. Waar straatname in Frans aangegee word, is 'n hoofletter gebruik om verwarring te vermy.

## Opsomming

Titel:	'n Ontleding van die die konsep ' <i>liminaliteit</i> ' soos dit vergestalt word met betrekking tot hoofkarakters in: ' <i>n Ander land</i> deur Karel Schoeman; <i>Die son kom aan die seekant op</i> deur Jeanette Ferreira; <i>Lang skaduwees in Afrika</i> deur Connie Luyt en <i>Paul Roux (ongepubliseerd)</i> deur Renée Rautenbach.
Student:	Renée Rautenbach Conradie
Studieleier:	Prof H.J. Pieterse Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns Fakulteit Geesteswetenskappe Universiteit van Pretoria
Graad:	Magister Artium (Kreatiewe Skryfkuns)

Die doel van die navorsing is om vas te stel of liminale prosesse, drumpeloorgange en transformasie deur die verskuiwing van sosiogeografiese omgewing teweeggebring word.

Vir die terreinverkenning van die term *liminaliteit* word gebruik gemaak van die teorieë van antropoloog Arnold van Gennep en Victor Turner en word getoon dat die term *liminaliteit* al hoe meer vryelik in velde buite die antropologie gebruik word. Die toepasbaarheid van die drie fases (*pre-liminaire*, *liminaire* en *post-liminaire*) van die *rites de passage* en die heropname in die *communitas* word met betrekking tot die letterkunde toegelig.

Die ondersoek van die konsep *liminaliteit* word ten opsigte van literêre karakters gedoen aan die hand van die oorsake en dryfvere wat tot liminale prosesse lei, asook die uitwerking van daardie prosesse op die geestelike instelling van die verskillende hoofkarakters in die romans '*n Ander land* van Karel Schoeman, *Die son kom aan die seekant op* van Jeanette Ferreira, *Lang skaduwees in Afrika* van Connie Luyt en die ongepubliseerde roman *Paul Roux* van die kandidaat self.

Die verskillende elemente (dryfvere, karakterisering, milieus, drumpeloorgange en transformasies) wat tot liminale situasies bydra, word behandel. Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat die verskillende elemente dui op die roete wat na die *rites de passage* toe kan lei.

Navorsingsartikels en essays wat die tussenruimtes en oorskryding van grense in verskillende publikasies bespreek, word gebruik om die ondersoek toe te lig. Besprekings van Louise Viljoen (*Woordwerk* van Breyten Breytenbach), Adèle Nel (*Lykdigte en Ruggespraak* van Joan Hambidge), Heilna du Plooy (*Niggie* van Ingrid Winterbach), Dorothea van Zyl (*Vaselinetjie* van Anoeschka von Meck), Marlies Taljaard (*Kleur kom nooit alleen nie* van Antjie Krog) is hiervoor aangewend. Daar word ook na ekspat-literatuur soos dié van Laurens van der Post, Breyten Breytenbach en Gérard Rudolf verwys.

Dit is 'n vrugbare tegniek om literêre karakters vanuit Van Gennep en Turner se teorieë te ontleed. Soos wat die konsep *liminaliteit* toenemend gebruik en toegepas word, sal dit ook meer in die literatuur aangewend word, veral in die werk van ekspatskrywers. Wat hierdie bevindings betref, kan 'n mens begin gis oor die Afrikaanse diaspora-letterkunde wat 'n nuwe *communitas* vir drumpelfigure geskep het. Die gemeenskaplike kreatiewe energie in hierdie liminale sone kan as bewusmaking dien en sodoende verandering teweegbring.

### Sleutel terme

Afrikaanse literatuur, *rites de passage*, milieu, pre-liminêre fase, *liminaliteit*, drumpeloorgang, post-liminêre fase, transformasie, heropname, *communitas*.

## Abstract

Title: An analysis of the concept ‘*liminality*’ as it is embodied with regard to the main characters in: ‘*n Ander land* by Karel Schoeman; *Die Son kom aan die seekant op* by Jeanette Ferreira; *Lang skaduwees in Afrika* by Connie Luyt and *Paul Roux (unpublished)* by Renée Rautenbach.

Student: Renée Rautenbach Conradie

Promotor: Prof H.J. Pieterse  
Unit for Creative Writing  
Faculty of Human Sciences  
University of Pretoria

Degree: Magister Artium (Creative Writing)

The purpose of the research is to determine whether liminal processes, threshold crossings or transformation can be brought about by the changing of socio-geographical environment.

For the exploration of the term *liminality* the theories of anthropologists Arnold Van Gennep en Victor Turner are used and it is shown that the term is increasingly used in other fields. The applicability of the three phases (*pre-liminaire*, *liminaire* and *post-liminaire*) of the *rites de passage* and the reentering of the structural realm, the *communitas*, is enlightened with the help of literature.

The analysis of the concept *liminality* regarding these literary characters is done by causes and motivations that lead to liminal processes, as well as the effect of those processes on the spiritual/mental inclination of the characters in the novels ‘*n Ander land* by Karel Schoeman, *Die son kom aan die seekant op* by Jeanette Ferreira, *Lang skaduwees in Afrika* by Connie Luyt and the candidate’s unpublished novel *Paul Roux*.

Different elements (motivation, characteristics, milieu, thresholds and transformation) that lead to liminal phases, are discussed. It was found that the different elements indicate the route leading to the *rites de passage*. Applicable essays and articles regarding the liminal phases and transgression of borders in different publications are explored to explain the analysis.

Research articles and essays focusing on the phases leading to the *rites de passage* used for this analysis are those by Louise Viljoen (*Woordwerk* of Breyten Breytenbach), Adèle Nel (*Lykdigte en Ruggespraak* of Joan Hambidge), Heilna du Plooy (*Niggie* by Ingrid Winterbach), Dorothea van Zyl (*Vaselinetjie* by Anoeschka von Meck) and Marlies Taljaard (*Kleur kom nooit alleen nie* by Antjie Krog). Reference is also made to the ex-pat literature of Laurens van der Post, Breyten Breytenbach and Gérard Rudolf.

Applying Van Gennep and Turner’s theories for the analysis of literary characters is fruitful. As the concept *liminality* is used and applied increasingly, it will become more relevant in literature, especially in the work of ex-pat writers. Regarding the findings, one can speculate about the ‘diaspora’ literature in Afrikaans that created a new *communitas* for threshold figures. The communal creative energy in this *liminal* zone can be effective as to an awakening that can bring about change.

### Key terms

Afrikaans literature, *rites de passage*, milieu, *pre-liminaire*, *liminality*, *post-liminaire*, threshold, transformation, re-incorporation, *communitas*.

# 'n Roman *Paul Roux*

deur Renée Rautenbach Conradie

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Artium (Kreatiewe Skryfkuns)

Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns  
Departement Afrikaans  
Fakulteit Geesteswetenskappe  
Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof. H.J. Pieterse

Augustus 2010

## Hoofstuk 1

As die trein met 'n geblaas tot stilstand kom, wag hy al vir die deure om oop te maak. Vol geesdrif spring hy, seilsak in die hand, tot op die perron. Die lig wat van bo-af kom, laat hom opkyk na die dak van glas en staal. Hy glimlag breed. “Paul Roux, hier staan jy in Parys, jou droom,” sê hy hardop.

Nog twee treine stoom met 'n lawaai die stasie binne. Dit wemel van mense en portiere met groot trollies wat hul hulp luid aanbied en saam met die doelgerigte skare om hom, beweeg Paul na die voorkant toe. Geure van koffie en varsgebakte brood laat sy maag van hongerte draai.

Buite gekom, laat die harde twee-slag van 'n groot klok hom opkyk. Paul haal sy sakhorlosie uit om seker te maak dié sê ook twee-uur. Die getjir van koetswiele, die ongewone geklap van perdehoewe op die keistene, harde roepe op Frans en 'n ou man wat sit en trek aan 'n akkordeon laat hom nederig voel voor die enorme nuwigheid. Ondanks sy pogings om meer te wete te kom van die wêreldstad waarin hy nou gaan werk, het hy nie dié grootsheid verwag nie. Ook nie dat dit só anders sal klink en ruik nie.

Die klam koue gaan sit in sy murg. Almal om hom is toegewikkel met jasse, serpe en hoede en hy steek af: sy broek het lank nie meer 'n plooi nie, sy baadjie hang vodderig en sy baard is ongetem. Ná drie weke op 'n stoomskippie en nog twee dae op 'n trein, kan geen mens goed lyk nie, besluit hy.

'n Onbekende geur laat hom naderstaan aan 'n vuurkonka waarop iets gebraai word.

“*Marrons?*” vra die man wat staan en roer aan die stomende groot, vreemde neute.

Paul haal 'n geldnoot uit en koop 'n papierhoring vol warm kastaiings waaraan hy dadelik

begin eet. Dit is 'n vreemde smaak, maar lekker genoeg vir hom om “*merci*,” en “*bon*” uit te kry. Hy is bly oor die paar honderd frank-note wat hy by 'n man in Lourenço Marques vir platponde kon ruil en nog blyer oor die bietjie Frans wat hy destyds in die Kaap en by kollegas in Pretoria opgetel het.

Die rumoer van die straat laat hom botstil staan: skielik weet hy, Paul Roux wat sy wêreld so goed geken het, nie waar noord of suid is nie. Al etend stap hy na die kant van die stasie waar 'n ry perdekarre, wat hy raai gehuur kan word, staan.

“*Bonjour Monsieur*,” groet Paul 'n koetsier aan wie hy 'n stukkie papier met 'n adres op wys.

“*M'sieur*,” korrigeer die man terwyl hy na Paul se skoene kyk. “*Mmm'sieur*”.

Die koetsier beduie vir hom om in te klim en self sy sak op te laai. Die Paryse gesantskantoor van die Zuid-Afrikaanse Republiek waar hy moet aanmeld, is in Rue de Monceau. Glo naby 'n park, en dit is die enigste besonderheid wat hy het. Dokter Leyds is ook op die oomblik hier uit Brussel. Glo goed selfvoldaan, dié Buitengewone Gesant en Gevolmagtigde Minister van President Kruger in Europa wat Eugène Marais jare terug al as 'n lintjiesjagter bestempel het.

Hulle kom gou by die breë rivier uit. Dit is vol lewe, maar die water is donker en rustig met 'n verkeer van groot platboomskuite wat vragte sand en boumateriale vervoer. Die koets draai na regs om al langs die Seine te ry.

Die stad is geskakeer in grys. Die hobbelige, nat strate is donker. Die dakke, blouerig of vaal, is hoog en laag opmekaar gestapel en wit rook kom uit talle kleiskoorstene saam en borrel die grou, lae hemel in.

Paul leun vorentoe om beter te kan kyk na die klein eilandjie wat van hoek tot kant bebou is. Die diep groewe om die groot sandsteenblokke laat hom dink aan Louis Thibault se werk in Kaapstad en Tulbagh, maar die geboue is digter langs mekaar met reuse-deure.

'n Klein swart torinkie is die eerste wat opval en dan staan die magtige Notre-Dame met die twee hoë kloktorings en drakespuiers 'n entjie na links. Hy trek sy asem so hard in dat hy vir homself moet lag. Hoeveel ure het hy nie al deurgebring by die tekeninge en studies van die katedraal terwyl hy sy vakmanskap gedoen het nie, maar om dit van só naby te beleef, laat hom verbyster. Die koetsier beduie ook trots dat hy moet kyk en Paul knik glimlaggend terwyl hy by die kant van die koets uitleun— bly dat hy die kans het om redelik lank na die meesterbouwerk te kan kyk.

Dit begin liggies te stuif. Die koetsier hou stil om 'n reënmantel om sy skouers te gooi. Paul kry net genoeg kans om die loop van die Seine met sy brûe te sien voordat die perde na regs, weg van die rivier af, beweeg. Pont Neuf, sê hy vir homself, die stewige “nuwe brug” wat nou die oudste is.

Die oorweldiging wat Paul met sy aankoms ervaar het, vervaag. Al het hy nie veel erg aan meneer Cornelis van Boeschoten, doktor Willem Leyds en die Franse argitek se voorskrifte oor die pawiljoen wat hy moet help klaarmaak nie, maak Parys hom opgewonde. Die gereelde briefwisseling tussen die kantoor en die gesant en konsul-generaal oor die Z.A.R se geboue het hom as junior amptenaar nie aangegaan nie. Hy was net bly oor die geleentheid om uit die ongestadigde Pretoria weg te kom. Nou het hy die kans om deel te wees van die grootste Wêreldskou wat nog ooit gehou is en hy droom al lank om te gaan kyk waar Thibault gestudeer het.



Die koetsier beduie weer na links. Rue de Rivoli, sien Paul op 'n blou teëlplak teen 'n uitgestrekte, hoë muur en besef dit moet die Louvre-museum wees. Vir 'n lang ent bly hulle langs die gebou se reuse, netjiese mure en groot vensters waardeur hy beelde skrams kan sien -- die paleis vir 'n hele paar konings wat nou vol kunsskatte staan.

Die straat is besig en raserig met die koetse en fietse, maar op die sypaadjie aan die regterkant val die rustige beweging van elegante mense Paul op. Deftige mans en vroue flaneer ongestoord onderdak en kyk na winkelvensters. Die vroue veral lyk so anders as dié waaraan hy gewoond was in Pretoria. Hul tabberds styf ingetrek in die middel en met sierlike hoede vol vere soos hy al in Franse koerante gesien het. Hulle loop met 'n vreemde soort grasie.

Paul vergaap hom só aan geboue en mense dat hy verras is wanneer hulle tot stilstand kom. Die koetsier beduie half ongeërg met sy kop na die nommer vyf teen die gebou en hy sien dis al Rue de Monceau, sy bestemming.

“*Merci,*” sê Paul apsrisk met 'n harde bry sodat hy nie weer reggehelp kan word nie. Dié slag gee die koetsier hand by met Paul se seilsak en aanvaar sy geld met 'n glimlag.

Deur 'n venstertjie langs die ingang loer 'n vrouetjie by 'n gordyn verby en dan swaai een van die hoë, swaar deure oop. Paul sleep-dra sy sak agter hom aan na 'n breë wenteltrap trap en volg die gesette figuurtjie met 'n kantdoilie op haar kop tot op die eerste vloer. Sy lui 'n klokkie by die deur en loop weer weg sonder om na hom te kyk of te groet.

'n Jongerige man maak die deur oop, groet Paul senuweeagtig sonder om sy naam te sê en neem hom na 'n groot kantoor toe. 'n Kordaat figuur met 'n netjiese snor staan van agter die breë lessenaar af op en stap na Paul toe.

“Monsieur Roux? Chargé d’Affaires Van Boeschoten,” stel hy homself met ’n sagte handdruk voor. “Eve voorspoedig gereis met de trein?”

Die kantoor agter die gesant is deftig. Duur tapyte lê die blink parquet-vloere feitlik toe en die digte ferweel-klede oor twee los tafels met groot vase met blomme laat die lessenaar skoon ver lyk. Pluskleedjies, hoor Paul sy ma sê. Die egte Franse stoele is met geblomde tapisserieë oorgetrek en steek sterk af teen die goue afwerking van die mure.

“Ja, dankie,” sê Paul. “Net lank. Ek reis al van Delagoabaai af. Drie weke op ’n vragskip en twee dae van Marseille af tot hier. Is hier dalk ’n badkamer wat ek kan gebruik?” Ek gaan nie Hollands praat nie, dink hy vererg. Aan dié aanstellerigheid het hy nie erg nie. Benewens ’n Vierkleurvlag in die een hoek, is daar geen teken dat dit die kantoor van die Z.A.R is nie.

“Welkom, welkom, ons het u dienste seer nodig,” sê Van Boeschoten terwyl hy vir Paul ’n stywe stoeltjie oorkant sy indrukwekkende lessenaar aanbied. Op die een hoek van die kaal tafel sien hy planne lê – seker die pawiljoen. Soos hy verstaan het, word die pawiljoen op die bult van die Trocadéro-paleis bokant die rivier gebou word. Oorkant die Eiffeltoring, dink hy opgewonde. Die hoogste gebou in die wêreld.

Paul vra weer of hy ’n badkamer kan gebruik en die jong man wat, besef Paul nou, net ’n sekretaris kan wees, sit ’n silwer skinkbord met twee klein koppies, ’n koffiepote en twee broodjies neer voordat hy hom die gang af beduie.

Die snyersklere van Van Boeschoten is opvallend — só dat Paul weer selfbewus raak oor sy eenvoudige broek en baadjie. Hy sien die kritiese op-en-af-kyk van die man raak. Sulke klein, Europese mannetjies, albei van hulle, wat lyk of hulle nooit honger word nie en ook nie sal besef hoe sy maag al raas nie.

“Het u al akkommodasie in Parys?” vra Van Boeschoten terwyl hy vir Paul sy koffie aangee. Paul is die blyste oor die ietsie te ete, want die koffie is net twee slukke.

“Nee. Ek het pas hier aangeland en het geen benul waar ek my bevind nie. Ek het, trouens, gedink iemand sou my by die Gare de Lyon kom ontmoet.”

“Rustig, rustig, Monsieur Roux. Ek sal my sekretaris vra om u te help.” Die Transvalers hou mos so voet by stuk met die Hoog-Hollands en dink die Here praat ook so.

“Ek kan seker self ook na ’n blyplek soek, maar ek is heel vreemd. My rigtings is boonop deurmekaar.” Paul skuif sy lang lyf op die effense stoeltjie rond. Dit voel of die stoel onder sy groot gestalte wil knak.

“Die pawiljoene moet op 14 April voltooid wees as die president van Frankryk die Wêreldtentoonstelling open. Het u van die ander lande se pawiljoene langs die rivier gesien?” vra Van Boeschoten terwyl hy aan sy snorpunte rol.

“Nee, ons het net ná die die Louvre weggeswenk, het dit gelyk. Wil u my asseblief verduidelik waar noord en suid is?” Paul hou sy koppie uit vir nog koffie.

“Die grootste lande soos Rusland, Amerika, Groot Brittanje, Duitsland en Italië se pawiljoene is oorkant langs die rivier by Les Invalides. Dis suid van hier, en ons gebou is bo-op die bult van die Trocadéro.” Hy draai na Paul toe. “Dis hoe ons hier na daardie bult van daardie paleis verwys. By die pawiljoene van Indo-China, Siberië, Algerië, Madagskar en Tunisië. By al die kolonies van die Britte, Portugese, Franse en Russe, ha-ha,” lag hy snedig.

Van Boeschoten staan op en stap na ’n venster toe. “Nou kyk ek suid en oos lê hier na links,” beduie hy met sy arm sodat die wit van sy hempsmou en ’n blink mansjetknoop uitsteek.

“Dit is nou reeds Januarie en ons het nog nie met die bou van die Boerenhuis of die goudmyn begin nie,” gaan hy ongestoord voort terwyl hy agter sy lessenaar inskuif.

“Meneer Van Boeschoten,” sê Paul met ’n keelskoonmaak. “Ek het begrip daarvoor en weet ek sal hard moet werk, maar ek sal dit waardeer as u sal verstaan dat ek nou al lank op reis is. Ek het in Marseille van die skip af op ’n trein geklim en wil bad en weet ek het iets anders as ’n kajuitbed of ’n treinbank om op te slaap. More sal ek met alles inval.”

“Skink solank vir u nog koffie, dan hoor ek by my sekretaris of sy tante dalk plek het.” Van Boeschoten loop verskonend uit die kantoor en Paul hoor hoe hy met die jong man praat. “Pleks dat ek op die stasie brood gekoop het,” mompel Paul terwyl hy in die deftige kantoor rondkyk en wonder wat op hom wag.

Toe die gesant terugkom, lyk dit of daar ’n ligte skaduwee oor sy gesig is.

“Ons chauffeur sal u na ’n kamer neem waarin u solank kan logeer. Dit behoort aan ’n tante van die sekretaris, Le Clerque, en is op Boulevard de Courcelles. U sal sien dit is binne stapafstand van onse buro.”

Van Boeschoten stap saam af na die ruim binneplein waar ’n koets staan en wag. Hy kyk Paul verbaas aan toe dié sy hand uitsteek om homself aan die koetsier voor te stel. Die twee perde proes en trap rond van die koue.

“Ek hoop u sal gemaklik wees by madame Le Clerque. As u môre-oggend om tienuur hier kan wees, kan ons saam die bouery van die pawiljoen gaan besigtig.”

## Hoofstuk 2

Die blink ampskoets van die konsulaat trek weg met Paul Roux agterin. Soos 'n wafferse diplomaat, verkneukel hy homself wanneer hy aspris formeel vir Van Boeschoten wuif. Hy put 'n half vreemde genot uit sy ou, berese klere waarin hy so deftig vervoer word.

'n Kort entjie verder draai die koets links in 'n straatjie en dan by sierlike ysterhekke 'n park binne. Nou weet hy darem hulle het oos gery en toe noord. Die kaal bome is hoog en duidelik al jare lank daar — dit laat hom dink aan die verskeidenheid in die Kompanjiestuin in Kaapstad. 'n Ovaalvormige dam eenkant blink ysig voor 'n ry Griekse pilare. Dit is te koud vir enige blomme, maar die beddings is netjies bewerk om verskeie marmarbeelde en duiwe loop oral rond op soek na kos. Aan die ander kant van die Parc Monceau sien Paul “Boulevard de Courcelles” op 'n bord aangedui.

Die koetsier, wat hy nou al weet Nicolas Lemercie heet, draai sommer skuins oor die straat en hou by 'n klassieke gebou met ornate ysterbalkonne stil. Daar is ook 'n klein venstertjie met 'n kantgordyn langs die ingang waardeur iemand met wollerige hare loer voordat die twee deure na binne oopswaai. Die koetsier is bekend hier, kan hy sien, en dié neem hom van die binnehof af na die binnekant van die gebou.

*“Tous les concierges sont les mêmes. Très curieuses — les espionnes de Bonaparte,”* vertel hy. 'n Slim plan van Napoleon om van nuuskierige gebou-opsieners spioene te maak, dink Paul. Hy het hom mos so bedreig gevoel deur alles en almal.

*“Nous voudrions voir Madame le Clerque, s'il vous plait,”* sê Nicolas vir die concierge wat by haar deur uitkom.

Paul kan dit darem volg. Die concierge kyk oor haar skouer asof sy Paul se ongewone lengte met haar oë meet, terwyl sy doelgerig op 'n ysterhok afstap en die deur oopmaak. Binne-in slaan sy 'n houtbankie af en gaan sit kordaat terwyl sy 'n koperhefboom heen en weer wikkel. Nicolas staar doodluiters na die dak terwyl Paul nie eintlik weet hoe om te staan sodat sy kop nie bo stamp nie—veral nie toe die hok rukkend na bo begin beweeg nie. Die concierge wys haar paar enkele swart tande soos sy lag vir sy verontwaardiging om vashouplek te kry.

“Heks — seker 'n nasaat van dié wat langs die guillotine gesit en brei het,” sê hy in sy baard.

“*A-cen-seur*,” sê sy afgemete en met onnodige klem vir Paul toe hulle stilhou. Hy het nog nie in een gery nie, maar daar is darem al hysbakke in Pretoria, wil hy vir haar sê.

Die vierde verdieping, blyk dit as hy in die traskag by die gat vol kabels afkyk. Net toe die concierge 'n kloktou langs 'n deur trek, kom nog 'n skril stem van agter die deur af gil: “*Ouiiii?*” Nog 'n heks, dink Paul toe 'n kort vrou met swart klere die deur oopmaak. Blitsende swart oë kyk dwarsdeur hom en hy voel nog groter, vuiler en ongemakliker. Die concierge en Nicolas praat albei gelyk en hy lei af dis oor die losies. Paul word nie ingenooi nie en hy neem aan dit is nie vooraf met die tante gereël nie. Madame le Clerque haal vieserig 'n groot ring met sleutels uit haar roksak en knik met haar kop na die trap toe.

Twee stelle trappe klim hy agter haar aan tot in die dak. Paul staan gebukkend en wag terwyl sy 'n kamerdeur oopsluit en met haar hand na binne beduie. Hy sleep sy seilsak in en sien 'n smal ysterkatel, 'n waskom op 'n staander, 'n tafeltjie en 'n houtstoel

wat alles tesame die plek volmaak. Sy druk die sleutel in sy hand, draai om en prewel iets onverstaanbaars terwyl sy die gang af beduie. Nicolas groet en draai na die trap toe.

Paul staan krom soos hy by die skuins venstertjie probeer uitkyk. Die andersheid van die rye ingerygde dakke en rooi skoorstene teen die rokerige lug wat vinnig donker word, maak op vir die ongemak.

Net toe hy rondsoek na iets wat dalk hitte kan maak, klop iemand aan sy deur. 'n Jong vrou met swart klere en 'n wit voorskoot gee eers vir hom 'n lampetbeker met water en toe 'n bord dun, vaal sop, 'n halwe karaf rooiwyn en 'n lang brood. Sy loop vinnig tot by 'n gaslamp wat bokant die tafeltjie hang en steek dit aan. Haar glimlag gaan ook mank aan tande. Watse water drink die mense dat hulle so sleg lyk, wonder Paul. Toe sy ook met 'n gepraat die gang af beduie, skud Paul sy kop: ja, hy hét die ding wat hy raai 'n latrine moet wees, gesien. Bloot 'n gat in die grond en baie vuil.

Die stilte van die kamer gee tog 'n welkome gevoel – die koue en noute ten spyt. Al weet Paul die klapperhaar gaan sleg slaap, is hy bly om alleen met sy gedagtes te wees. Hy hoop net dis nie hoe die badkamers oral gaan lyk nie.

Hy hoor nog steeds verwyderde stadsgeluide en die lig van die gaslampe in die straat gee 'n gedempte geel kleur aan die wasigheid van die lug.

Paul trek die lendelam stoel tot teen 'n uitstulping van die muur waarin hy raai die skoorsteen opgebou is en dit warmer sal wees. Hy trek sy skoene uit en besef nou eers hoe moeg hy is terwyl hy teen die skoorsteen leun en aan sy wyn teug. Heel gangbaar vir 'n moeë man en madame Le Clerque sou ook nie noodwendig 'n goeie wyn vir 'n bebaarde vreemdeling in haar dakkamer aanbied nie.

Gedagtig aan die volgende dag wat vreemdheid vir hom inhou, grawe Paul 'n netjiese rol papiere onder uit sy sak: 'n sketsplan van die pawiljoen; voorstelle vir die Boerehuis en notas oor korrespondensie tussen doktor Leyds en verskillende departemente van die Transvaalse regering. En die koerant wat hy op Marseille se stasie gekoop het. Wat 'n ramp tog dat alles op 'n oorlog uitgeloop het en dat dit toe nie net tot Kersfees geduur het soos die voorspellings was nie.

Die demper wat dit op die deelname aan die Wêreldtentoonstelling van 1900 geplaas het, was kwaai in Pretoria. Hoe wil die Z.A.R. met sy vooruitstrewendheid kom spog as dit lyk of die oorlog sal aanhou? Die koerantartikel oor die geveg by Ladysmith het hom ontstig.

*“Het moet, zoo meen ik, het streven zijn van de Republiek om nog iets anders aan de wereld te toonen dan het geen de Kamer van Mijnwezen doet en vertoont,”* het doktor Leyds in een van sy briewe geskryf. Hy reken ook die Franse kan maklik dink 'n ossewa is die enigste vervoermiddel in Transvaal, maar het hy aan die probleme gedink van sy voorstel om 'n hele treinwa tot in die middel van Parys te bring? En hoe gaan hulle binne drie maande 'n pioniershuis gebou kry? Paul se Kaapse opleiding by Herbert Baker se kantoor het hom nie noodwendig vir dié soort ontwerp en bouwerk geskool nie, maar hy sien tog uit na die uitdaging.

Die gemaal van gedagtes word opsy geskuif as hy iets soek om in te slaap nadat hy homself met die yskoue water uit die beker en 'n flentertjie seep probeer skoonkry het. Alles wat hy het, en dis maar min, begin na vodde lyk. Hy hang sy enigste ordentlike broek, hemp en baadjie oor die rugkant van die stoel. Met die omdolwe van die tas beland van sy klere op die vloer en hy moet onder die bed soek om die dassievelsakkie met sy





kosbaarhede daarin te kry om sy pyp uit te haal. Die byekorfpatroon van die koue teëls trek sy aandag. Soos dié wat Thibault vir Groot Constantia voorgeskryf het, maar wat toe nie gebak kon word nie.

Hy doof die lamp se lig uit en spring vinnig onder die harde kombes in. Die moegheid is groter as die ongemak van die bed wat hopeloos te kort is vir sy lyf.

### Hoofstuk 3

Paul word wakker van 'n ongekenende stilte. 'n Stilte wat hy kan hóór. Hy strek sy hand uit om sy sakhorlosie wat op die tafeltjie lê, nader te trek. Dit is reeds agtuur, maar nog nagdonker. Toe hy by die venster uitkyk, is die hele wêreld spierwit. Die lig van die gaslampe in die straat weerkaats kol-kol oor die sneeu. Paul ervaar 'n blydschap waarvoor hy self eintlik nie begrip het nie: die laaste paar jaar was maar redelik sonder innerlike geluk, om van die onlangse morbiede gevoel in Pretoria nie te praat nie.

Die koue van die vloer dwing hom na sy skoene toe, maar dié is kliphard. Hy gooi van die water uit die lampetbeker in die kom om te skeer, maar die ysigheid laat hom ril. Die ruie vosbaard moet maar bly totdat hy by 'n barbier uitkom.

Dis duidelik dat hy in dié kamertjie nooit warm water sal kry nie, nog minder 'n koppie koffie om mee wakker te word. Hy moet vir mevrou Meiring skryf hoe luuks haar losieshuis in Vermeulenstraat eintlik is, dink Paul terwyl hy die harde oorskietbrood eet. Daar was altyd warm water en smoors koffie en beskuit.

Die flanelbroek en donkerblou baadjie wat hy gisteraand oor die stoel uitgehang het, lyk maar triesterig en dun, maar sal net moet doen totdat hy by 'n winkel kan uitkom. Die Franse argitekthe Mainon en Cordeaux wat saam met hom in Pretoria gewerk het, was altoos so goed aangetrek. Paul dink hy wil ook nie soos die laventelhaan Kraan met sy kummerband lyk nie, maar 'n jas sal wonderlik wees. En 'n hoed. Daardie kollegas was gesofistikeerd en al die Nederlanders was Frans goed magtig. Hy bêre die dassievel met sy knipmes, jagmes, mondfluitjie, Mizpahborsspeld en paar platponde weer onder die bed in die seilsak.

Paul verkies om die trappe na onder te gebruik. Hy druk die deur aan die groot stang oop straat toe en begin die spoor van gister terug te stap na die kantoor toe. Sy voetstappe kraak in die vars sneeu. Die enigste ander klank is die ver-af klap van perdehoewe en ysterwiele. In die park lê sneeu op droë takke en blare — ’n heel ander gesig as gister, en so stil. Plek-plek gly hy op yskolle en hy keer benoud vir sy boutekeninge van die pawiljoen. Hy wil talm by die beeld vir Guy de Maupassant, maar kry te koud en stap vinniger verder.

Die concierge van die kantoorgebou moes hom sien aankom het, want die deur op Rue de Monceau gaan oop voordat hy die kloktou buite kan trek.

“Hierdie koue kan ’n mens se bloed vries,” groet hy toe Van Boeschoten formeel sy hand met ’n “*bonjour*” uitsteek.

“Dit weet ek wel. U benodig ’n warm *manteau*. ’n Jas. Nicolas kan u na die winkel Bon Marché oorkant die Seine neem. Dan kan u ook van die ander pawiljoene bekyk.”

Paul gaan staan vinnig voor die brandende kaggel in die kantoor en probeer sy hande warm maak. Hy wonder wat geword het van doktor Engelenburg van *De Volkstem* wat in Parys aangestel sou word. Dit was laas nog op die kaarte toe hy ’n brief van doktor Leyds gelees het. “Van Boeschoten dringt aan op onslag,” het hy geskryf. Hy besef dit is nie sy plek om iets daaroor te sê nie. Daar was boonop sprake van ’n ene Johannes Pierson. Ook van Nederland. “Kruger se Hollanders,” het die mense in Pretoria agter die hand gesê. Seker dié dat die mense nog nie juis soos hulle in die Kaap praat nie en voet by stuk hou met die Oude Taal.

Hy haal sy tekening van die pioniershuis uit sy sak en rol dit op Van Boeschoten se lessenaar oop. “Ek sien uit na die werk, Meneer Van Boeschoten. Meneer Sytze Wierda, my hoof in Pretoria, het laat verstaan dat slegs tien persent vreemdelinge aan die pawiljoene mag werk, so dit is ’n voorreg om hier te wees. Ek is lank reeds betrokke by die beplanning van Pretoria se kant af.”

“Die mure van die groot gebou staan reeds hoog bokant die vensters, maar van die Boerenhuis het ek nog heeltemal niks gesien nie. Die mense van die Kamer van Mynwese sal binnekort met die goudmyntjie begin en Fritz Wichgraf is glo besig met sy opdrag van ’n groot skildery. Die Deputasie.”

Dit klink vir hom al of Van Boeschoten so ’n ligte snorkgeluidjie maak, maar Paul maak of hy nie die snedigheid oplet nie. Hy hoor ook dat die man nes doktor Leyds van “de goudmyntje” praat. Van Boeschoten kyk glad nie na die tekening nie en Paul rol dit weer op. “U het gister gesê ons het nie veel tyd nie?”

“Die groot amptelike opening deur die Franse president is vir middel April geskeduleer. Monsieur Heubes, die Franse argitek wat met die planne gehelp het, is ook by die perseel. Die uitstalmateriaal sal hopelik einde Maart hier wees.”

Nou is Paul lus om ’n snorkgeluidjie te maak. Hy het dié Heubes se handtekening op van die planne gesien, maar teen dié tyd is die planne van die pawiljoen só ’n konglomerasie dat dit nie eens saakmaak wie dit geteken het nie.

“Die *grèves* het ook allemaal probleme veroorsaak.”

“Wat is *grèves*?” Paul vryf ongeduldig oor sy kop..

“Die Franse staak gereeld hul arbeid. Ons het vele vakbonde hier.”

Ons? Is hy nou Frans? Paul sê liever niks. Hopelik hou die mannetjie dit nie meer lank nie en hoef hy nie te veel met hom te doene te hê nie. Hy wat Paul is, is in elk geval veronderstel om opsigter by die bouery te wees, wat hom van die kantoor sal weghou. Hy dink skielik aan meneer Wierda se statige opsigtersmondering wat hy in Pretoria gedra het, volgens Nederlandse standaarde. 'n Dubbelborsjas met hoë omboorde lapelle sal sekerlik help in hierdie koue.

Hy neem met dank die lang verwagte koppie koffie en is nog blyer toe die sekretaris vir hom 'n broodjie met botter aanbied. “*Confiture?*” vra die man toe hy die bakkie met konfyt aangee en Paul glimlag omdat hy die woord verstaan. As die man weet wase slegte kos sy tante hom gisteraand gegee het, sal hy nog bring, dink hy.

“Ek is eintlik bloot tydelike saakgelastigde. *Chargé*,” sê van Boeschoten asof hy Paul se gedagtes kan lees. “Ek keer terug na Brussel as Eerste Sekretaris van die Gesantskap en meneer Pierson kom weldra hierheen. Meneer Johannes Pierson.”

“O, ek het so iets gehoor. Het u nuus van die oorlog by die huis? Ek sukkel nog met die Franslesery.”

“Doktor Leyds arriveer oormôre in Parys en sal u graag die middag hier ontmoet. Hy sal u meer kan vertel van die Engelse se ‘Black Week’ in Desember. Hy verkies terloops om as U Eksellensie aangespreek te word.”

Ek kon dit nogal raai, dink Paul.

Die sekretaris kom nader toe Van Boeschoten hom roep.

“Le Clerque,” stel hy homself vir die eerste keer aan Paul voor. Dit lyk of hy skrik toe Paul sy hand ferm skud.

Paul lei af dat Van Boeschoten vir die sekretaris instruksies gee om hom na die bouperseel van die Z.A.R. te neem en daarna na die winkel om klere te koop.

“Kan ek u 5 000 Frank as voorskot aanbied?”

“Met dank,” sê Paul vinnig omdat daar nog niks van vergoeding gepraat is nie.

Nicolas staan al en wag langs die koets in die binnehof en bied die twee mans elkeen ’n kombars teen die koue aan. Avenue Friedland waarin hulle opdraai, lê oop en rustig in die wit omlysting van die oorblywende sneeu.

Opgewonde sien Paul die reuse triomfboog van ’n sykant af. Onder-om maal koetse en fietse en dit voel of Nicolas op alles afpyl. Hy draai met ’n glimlag na agtertoe, meer nog toe hy Paul se verskrikte gesig sien.

“*L’etoile*” sê Le Clerque toe Paul ewe moedig “*Arc de Triomphe*” op Frans sê. Die twaalf breë lane wat rondom uit die boog loop, is nou duidelike hoofare soos Paul daarvan by Baker se kantoor geleer het. Die Duitse Baron, Haussmann, het met sy logika Parys se herontwerp hier by die Arc de Triomphe begin. Die ster onder die boog weet hy darem, soos Le Clerque hom ook probeer vertel, is ’n simbool van die Vrymesselaars. Paul kan nie help om te dink aan die potsierlike triomfboog wat Paul Kruger ná sy herkiesing vir homself by die Markplein in Pretoria laat oprig het nie.

Soos hulle regs om die boog beweeg, kry Paul kans om goed te kyk na al die uitbeeldings van die leërs van die Rewolusie en Napoleon se veldslae. Dit irriteer hom as Le Clerque elke boulevard se naam vir hom sê asof hy nie self kan lees nie. Die groot herehuise langs Avenue Kleber waarin hulle afdraai, lyk asof dit met die oormak van die stad gebou is, nie so oud soos Thibault se soort argitektuur nie, maar meer in die Beaux

Arts-styl van die staatsgeboue in Pretoria, met dieselfde diep groewe tussen sandsteenblokke.

Die koepel en twee skerp torings van die groot Trocadéro-paleis, waarvan hy ook by Herbert Baker gehoor het, val van ver af in sy oog. Nog 'n paar lane eindig op die plein bokant die paleis, bedrywig met koetse en vervoerwaens.

*“L’Architecte Gabriel Davioud,”* sê Le Clerque toe Paul opgewonde lyk. *“Style Mauresque.”* Paul wys nie sy verbasing oor die sekretarissie se kennis van die Moorse styl nie.

Die Eiffeltoring staan skielik reusagtig oorkant die rivier. Paul trek sy asem in van verwondering om skielik so naby dié beroemde, hoë struktuur te wees, maar hulle beweeg aan tot waar Nicolas die perde langs hope stene, sand en houtsteiers tot halt roep.

Die bekendheid van die halfgeboude pawiljoen laat Paul glimlag, maar dit lyk tog minder gevorder as wat Van Boeschoten gesê het.

Die pawiljoen staan naby geboue wat heel vreemd lyk, maar beslis nader aan klaar is. Hulle gaan groot wees, kan hy sien, met klein langwerpige vensters en ronde koepels wat uittoon. Werkers is langs die kant van die een gebou besig om boë van gange met helder mosaïekpatrone te versier.

*“Tunisie et Algerie,”* sê die sekretaris weer uit sy beurt. Die persele is netjies en die werk vorder fluks, merk Paul op.

Gly-gly en met sy arms gesluit teen die koue, loop Paul tot binne-in die pawiljoen. 'n Paar werkers staan om 'n vuurtjie wat hulle op die growwe vloer gemaak het. Hy steek sy hand uit, groet op Frans en maak dan sy hande saam met hulle warm. Hy beny die mense hul jasse, serpe, wolkepe en dikker skoensole.

Terwyl hy om die gebou stap, maak al die argumente oor die planne wat hulle op kantoor gehad het, meer sin. Tussen die here Wierda en Van Rijssen wat in Pretoria voet by stuk gehou het oor die Franse en “hedendaagse” invloed en die Franse argitek hier in Parys, gaan die gebou te veel tierlantyntjies en torinkies hê. Paul self het gevoel die gebou moet meer Kaaps lyk met gewels en ’n rietdak. Maar in Pretoria is Sytze Wopkes Wierda se woord wet.

“En waar moet die Boerehuis staan tussen die hope ....?” Paul kon nie onthou wat die woord vir modder is nie en beduie bloot met sy hande. Die sekretaris kyk verbaas op na Paul oor die paar Franse woorde. Hy trek bloot sy skouers op en draai sy hande na buite.

Paul tree die oop stuk grond af en maak vinnig ’n paar notas in sy sakboekie. Hy wonder vlugtig waar op aarde hy boumateriaal sal kry. Die goudmyn wat ook in die oop stuk grond moet inpas, lyk al klaar na ’n gemeet-en-pas, wat nog te staan die lewende beeste en skape wat glo gestuur gaan word.

Met deurnat skoene klim Paul en Le Clerque in die koets. Hy vou die kombers dankbaar om sy bene toe hulle begin ry. Sy arms is styf gevou en sy skouers hoog opgetrek en nie eens die indruk van die magtige Eiffeltoring terwyl hulle oor die Passerelle de Passy ry, kan sy gedagtes van sy eie ongemak wegkry nie. Met die lae winterwolke lyk dit of die punt skoon wegraak in die lug, maar Paul kry sy nek nie reguit genoeg om so hoog te kyk nie.

Later, as ek ’n jas het, prewel hy.



## Hoofstuk 4

Le Clerque beduie vir Paul om te kyk na al die verskillende Franse pawiljoene wat om die Champ de Mars, die oop grond onder die Eiffeltoring, staan. Dis is so 'n ent links van waar hulle op die Boulevard Grenelle ry en die enorme konstruksies laat Paul vir 'n oomblik van die koue vergeet. Dit is die Franse paleise, beduie Le Clerque spoggerig, vir elektrisiteit, water en meganika en elkeen lyk anders. “*Pour Le progrès,*” sê hy met klem as hy na die Chateau d’Eau toe wys.

Die skaal van die toring en die bouery net waar mens kyk, verbyster Paul. So iets het ek nie verwag nie, sê hy teenoor homself. Net wanneer die koets weer na links draai, kry hulle 'n reguit aansig op die agtertuine van die Hôtel des Invalides.

Paul probeer vir Le Clerque sê hy weet dit is die gebou wat Lodewyk XIV as hospitaal vir sy soldate laat oprig het – kort nadat sy Hugenote-voorsate in die Kaap aangekom het, maar hy laat dit maar. Dis die werk van nog 'n groot meesterbouer, Jules Hardouin-Mansart. Die netjiese, gemanikuurde tuine gee 'n perfekte dimensie aan die massiewe struktuur met sy goue koepel op die kapel in die middel. Tog jammer hulle kon dit nie met die goewermentsgebou in Pretoria reggekry het nie, dink hy terwyl hy die kombars hoër optrek.

Nicolas draai 'n slag om om iets te beduie, maar hy sien Paul, ineengesit van die koue, besig om hard in sy gebolde hande te blaas en ry vinniger tot by 'n groot gebou. *Bon Marché* staan in groot sementletters teen die winkel se fasade waar hulle stilhou.

Paul kyk vraend na Le Clerque, want sy selfvertroue om in dié grote winkel in te stap, voel skielik nie genoeg nie. Hulle loop eers by 'n kosafdeling verby en Paul is

verstom oor die verskeidenheid van vleis, ongeplukte hoenders en snaakse blink voëls en tot 'n wildevarke aan 'n vleishak. Worse, kase en snaakse geregte wat hy nog nooit gesien het nie is in spesiale glaskaste. As Mister Beckett met sy kastig deftige winkel in Pretoria dit moet sien!

Le Clerque, wat sien hoe Paul hom vergaap, lei hom glad vriendelik verder na die mansafdeling toe. 'n Winkelassistent -- self aangetrek soos 'n edelman -- kom nader en bekyk Paul effe afkeurend op en af. Le Clerque praat eenkant met die man en dié neem hom dan na die rye en rye jasse toe. Paul is sommer met die eerste lang jas tevrede wat die assistent nader bring, maar dis oral te knap.

*“Un moment, vous êtes trop grand,”* sê die man en nooi hulle na 'n groot aantrekkamer. Paul verstaan dat hy te groot is. Die derde jas wat vir hom aangedra word is korter en pas goed. 'n *“Frock coat”* dink Paul trots toe hy na homself in die spieël kyk. Hy wou nog altyd een gehad het.

Dit is duidelik dat die sekretaris vir die assistent Paul se stand en behoeftes verduidelik het, want hy kom weer ingestap. Dié slag met 'n informele pak klere en twee wit hemde met drie boordjies. Paul is so tevrede met die pas van die donker vlootblou pak dat hy vra of hy dit kan aanhou. Le Clerque help om 'n boordjie aan die hemp te vou en 'n strikdas te knoop. Le Clerque oortuig hom dat nog 'n baadjie en broek nodig is. Terwyl Paul sy nuwe gedaante bekyk, kom die assistent met sokkies, 'n paar diksoolskoene en 'n rondebol-hoed aan. Nou nog net die ruie vosbaard en lang hare wat moet aandag kry, sien hy tevrede.

Paul word na die glastoonbank vir dasse en handskoene geneem. Hy versteen.  
“Miriam,” sug hy hard.

Dieselfde swart krullerige hare, dieselfde reguit kyk in die donker oë. Die assistent moet twee keer vra of sy hom kan help voordat hy uit sy droom wakker ruk.

“*Pardon,*” is al wat hy uitkry en kies somer lukraak nog ’n strikdas, ’n los das en ’n warm serp uit.

Paul verkyk hom aan die meisie se delikate hande terwyl sy die dasse in fyn papier toevou en keurig in ’n kartondoos verpak. Hy kan nie glo dat twee mense so eners kan lyk nie. Moontlik omdat hy so lank al van Miriam móés vergeet. Die langerige fyn neus, die ligte vel teen die donker hare. Donkergrys oë. Net dié meisie se voorkop is nie so hoog en haar mond nie so vol soos Miriam s’n nie. Tog lyk dié een se hande ook of hulle kan klavierspeel.

Terwyl Paul ’n paar sterk leerhandskoene wat met haasvel binne uitgevoer is uitsoek, gaan sy gedagtes terug na die tyd toe hy net vir elke weersiens met Miriam geleef het. Ook die ongeoorloofde ontmoetings in die Kompanjiestuin, die plesierige musiekaande by sy suster-hulle.

Die mooie, fyne Miriam wat hom nie beskore was nie. Oplaas die rede waarom hy Kaapstad moes verlaat, om haar van verwerping te spaar. Mister Lipschitz was eintlik simpatiek, maar versigtig vir die ma wat in haar verbete ortodoksheid nie kans gesien het dat hul bloedlyn besoedel moes word nie. Haar skille stringe Jiddisj oor Paul haar onmondige dogter kwansuis vir ewig sou skaad, kon hy nog lank hoor.

Vir sy eie ouers was Miriam nie ’n probleem nie – die kleinkinders sou immers nog Roux’s gebly het. ’n Niggie van hom is met ’n Jood op Oudtshoorn getroud en dit gaan baie goed. Maar op Oudtshoorn is dinge anders en eintlik jolig met die gholffklub en debatsvereniging waarin geen onderskeid gemaak word nie. Volgens mevrou Lipschitz

sou hulle uit die Kaapse gemeenskap gewerp geword het en haar planne om deur haar seuns die familie se naam prominent te maak, was agtermekaar. Saam wegloop sou ook nie gewerk het nie.

Die Mizpah-speld wat Miriam vir hom met hul gedwonge, pynlike afskeid gegee het, is saam met sy paar kosbaarhede in die dassievelsakkie wat sy pa hom gegee het. Uit Genesis 31 vers 49 het sy huilend aangehaal: “And Mizpah, for he said, the Lord watch between me and thee, when we are absent one from another”. Drie jaar lank het hy amper soos ’n fortuinsoeker in die Transvaal van haar probeer vergeet, en nou staan sy weer so helder in sy gedagtes dat hy van sy spoor af voel.

Le Clerque stamp liggies aan Paul. Die onverwagte herinnering aan Miriam het hom onkant gevang. Hy groet die verbouereerde meisie na wie hy die hele ruk gestaar het darem hofflik, maar sy vermy sy oë.

Verlig oor die kopery wat gedaan is, klim Paul gestewel, gejas en gehoed saam met Le Clerque agter Nicolas in wat vinnig ’n goedkeurende kyk na Paul gee voordat hy begin ry. Sy rieme sal hy nou dun moet sny, maar Paul is heimlik bly dat hy van Van Boeschoten se aanbod op ’n voorskot gebruik gemaak het.

Die heimwee wat so skielik aan hom kom ruk het, skuif effe opsy toe hy weer moet kyk waarheen hulle ry. Die gesig van groepies mense wat lyk of hulle almal met ’n doel iewers heen stap, tref Paul toe hulle in nog ’n groot boombelynde boulevard inry. Asof die twee Franse by hom sy gedagtes lees of sien hoe vaal hy van die honger is, hou hulle by Café de Flore stil.

Nicolas stap na 'n kleiner kafee langsaan terwyl Le Clerque voor hom die trap van die groot restaurant opstap. Die hitte van die eetkamer, die geure uit die kombuis en die gesels van mense laat Paul vir die eerste keer sedert sy aankoms welkom in Parys voel. Hy glimlag met 'n gevoel van genoegdoening, selfs behaaglikheid. Mense se praterij en verskillende kombuisgeluide smoor selfs die pogings van 'n akkordeonspeler wat eenkant sit en speel.

Hy leun terug in sy stoel en kyk na die mense om hom: hul handgebare is anders en uitdrukkingsvol, hul monde trek vorentoe as hulle praat; hul neuse is prominent en hy sien geeneen met ligte hare soos sy eie nie. Die vroue aan die tafels is mooi getooi en hulle lyk nie moeg of oorwerk nie. Trouens, as hy na hul fyn, versorgde hande kyk, lyk dit nie asof hulle ooit 'n steek werk doen nie. Die gedagte dat hulle nie by die huis sou deug nie, vliet deur sy gedagte.

'n Kelner met 'n lang wit voorskoot sit op die sekretaris se bestelling 'n groot kom stomende uiesop met 'n hele mandjie brood en 'n karaffie rooiwyn voor hom neer. Paul probeer nog kyk hoe Le Clerque met omsigtigheid die stuk brood bo-op die sop benader, maar is net te honger en brand sy mond met die kaas wat in drade aan die lepel vassit.

Paul raak genoeglik. Selfs Le Clerque wat oorkant hom sit en beduie, raak meer aanvaarbaar. Hy raak selfs lus om die woelige mannetjie in sy gebrekkige Frans te probeer antwoord. Hulle lag saam toe Paul met snaakse skêr-tekens probeer beduie dat hy 'n barbier nodig het.

*“Ah! Un coiffeur. Oui-oui.”* Ek moet die word probeer onthou, dink Paul

## Hoofstuk 5

Dis met 'n ander tred dat Paul ná ete in die koets inklim. Sy voete voel of hulle weer aan sy lyf behoort, sy maag is nie meer hol nie, die rooiwijn het hom laat ontspan en die bouery by die Z.A.R se pawiljoen raak 'n aangename vooruitsig. Hy probeer vir Nicolas vra of hy ook goed geëet het, maar sy Frans skiet te kort en hy vryf net oor sy maag. Nicolas se optrek van die skouers lyk op 'n manier instemmend.

Met die kombes oor hul bene begin hulle weer terugry na die bult van die Trocadéro toe. Die hoefklappe op die klipstrate is vir hom mooi – helderder as op die stofpaaie van Pretoria. Wanneer hulle langs die rivier begin te beweeg, doem die een groot gebou ná die ander soos gedaantes van elders af voor hom op. Die een is heeltemal van hout en lyk Noors, nog een het klein vierkantige gewels, sekerlik Hollands. 'n Paar van die pawiljoene het groot koepels of torings — so asof hulle bo mekaar wil uittroon.

Voor die meeste halfklaar konstruksies staan die steiers en lere en werkers beweeg lawaaierig op en af, heen en weer met emmers, troffels en groot kwasse. Twee pawiljoene wat heeltemal voltooid lyk, is in boustyle wat glad nie aan hom bekend is nie. “*Hongarie et Bosnie*,” sê Le Clerque. Paul wonder wanneer hulle al begin werk het, want dit is nou Januarie en die tentoonstelling open eers oor 'n paar maande. Was dit nie vir die lang spanning voor die uitbreek van die oorlog nie, was ons s'n seker ook al so ver, dink Paul.

Le Clerque verduidelik ook soos Van Boeschoten dat dit die “groot” lande se pawiljoene is wat hier op die kaai naby die Hôtel des Invalides staan, en dié van lande wat as kolonies bestuur word, oorkant die rivier by die Trocadéro is.

“Maar die Z.A.R. is nie ’n kolonie nie—dit is ’n onafhanklike republiek!” roep Paul uit. Die man is immers die sekretaris vir die Z.A.R. se gesant en as Fransman is hy sekerlik simpatiek daarvoor, maar Le Clerque reageer nie.

Paul se gedagtes gaan terug na die probleme in Natal en die Transvaal en die kommer dat die oorlog uitbrei. Hy weet dat doktor Leyds sy bes doen om op diplomatieke maniere van ander lande hulp te kry, of om die Britse premier Chamberlain tot ander insigte te probeer bring. Hy wonder of hy sulke dinge sal bespreek met hom wat Paul is. Seker ook nie my plek nie, besef hy.

Dan wys Le Clerque vir hom Groot-Brittanje se pawiljoen. Lyk nogal baie op Buckinghampaleis van wat hy van prente onthou, maar hy voel op daardie oomblik só gebelgd dat hy sy kop na die rivier se kant toe draai. Die “Black Week” met hul verliese by Stormberg, Magersfontein en Colenso het dalk ’n duik gemaak, maar Brittanje bly onrusbarend.

“Verdomp,” sê hy sag. Hy stel nie juis in die politiek belang nie, maar die drie jaar in Pretoria het hom tog laat bly word oor ’n sienbare vooruitgang. Sy familie in die Kaapkolonie is gemaklik. Die ou plaas by Klein Drakenstein verg in ieder geval soveel werk dat daar nie vir ander dinge tyd is nie.

“Die vye is nou seker op hul soetste,” sê Paul hard.

Sy drie ouer broers het almal hul deel van die Roux-grond in die vallei waarop hulle werk en sy susters is ook nes die broers almal getroud en heel voorspoedig en tevrede waar hulle is. As laatlam was hy maar altoos eenkant en aan die droom en teken. Hy ken sy broers eintlik maar sleg. Die susters het hom help grootmaak en die jongste wat

die Joubertnaam Isabeau gekry het, was altyd die naaste aan hom. Die tyd wat hy by haar en haar prokureur-man bo in Tamboerskloof geloseer het, het hulle nog nader aan mekaar gebring. Isabeau was besonder simpatiek teenoor sy en Miriam se verhouding en Jerry moes menigmaal 'n vals storie vir Miesies Lipschitz vertel oor waar haar dogter is.

“Die kind moet Kaap toe om te gaan leer,” het hy as kind sy ma vir sy pa hoor sê. “Hy is vir ander dinge as die plaas bestem.” Hy bly haar dankbaar daarvoor. Hy is nie 'n boer nie en as dit nie vir sy matriek by die Hoër Jongenskool in die Paarl en sy opleiding by Herbert Baker-hulle was nie, het hy nie hierdie geleentheid gekry nie. Was hy nie nou in Parys vir die grootste skou wat die wêreld nog ooit gesien het nie.

Die Jouberts aan sy ma se kant is sagsinnige mense. Net soos generaal Piet Joubert wat hy as voorsitter van die tentoonstelling se komitee leer ken het. Tog jammer dat hy met die laaste presidentsverkiesing teen Paul Kruger verloor het. Hy het na 'n meer berekende, wyse mens gelyk en Kruger raak al hoe meer kwasterig.

Le Clerque se ligte stamp om Duitsland se pawiljoen uit te wys, dwing Paul weer terug na die hede toe. Die mooi pawiljoen lyk soos 'n kerk met 'n hoë toring. Hy het nie geweet wat “*Allemagne*” beteken nie, maar sien toe die Duitse vlag eenkant wapper. Sppanje en Mocao se geboue langsaan kry ook torings, sien hy. Paul besef dat hy vinnig Frans sal moet leer, anders gaan hy konstant gefrustreerd wees.

Twee reusagtige pilare staan aan die voorkant van 'n halfklaar brug oor die Seine. Die werk by die ingang lyk indrukwekkend. Oorkant die brug staan twee reuse geboue met sierlike halfklaar-koepeldakke van yster en glas.



“*Grand Palais et Petit Palais*,” sê Le Clerque opgewonde. “*Pour l’art de la France*” sê hy terwyl hy in die lug beduie hoe iemand skilder. Yster as boumateriaal soos by dié twee geboue is nog amper glad nie in die Kaap of Johannesburg en Pretoria gebruik nie. En dan staan die reuse Eiffeltoring ook al elf jaar lank sedert die vorige skou en spog met ongekende vakmanskap.

Paul se kop begin draai. Hoe moet ek alles inneem — hier is soveel verskillende dinge wat gesien en beproef moet word. Hy is amper ongeduldig om weer by die Z.A.R se pawiljoen te kom. Om so omgeef te wees van meesters se ontwerpe en bouwerk, weet hy net, gaan ’n groot invloed op sy lewe hê.

Die koets draai op die Pont d’Iéna terug oor die rivier. Die Trocadéro-paleis met sy koepel en minarette staan vol in die gesig agter fonteine en hellende tuine. Toe hulle op die perseel op Avenue d’Iéna stilhou, stap ’n korterige man met ’n welige snor vinnig op Paul af. Hy trek homself amper agteruit om langer te lyk en het dieselfde soort jas as dié wat meneer Wierda gedra het, aan.

“*Uuuub*,” stel hy homself voor terwyl hy sy hoed met die linkerhand formeel lig. Op die kaartjie wat hy vir Paul gee, staan *C. Heubes, Architecte en Residence, Pavillion de la Republique Sud-Africaine*.

Paul groet die man met huiwering. Hy het op die tekeninge gesien die man was, buiten Wierda en Van Rijsse in Pretoria, gemoeid met die planne, maar hy het hom nie eintlik hier verwag nie. By die kantoor in Pretoria het hulle in elk geval later nie mooi geweet wie presies verantwoordelik is vir die finale planne nie, so die Fransman se insette is met opset misgekyk.

Hy wag tot Heubes vooruitstap voor hy aan aan Le Clerque probeer beduie dat hy nie verstaan hoekom die man nog daar is nie.

“En wat van my?”

Le Clerque trek sy skouers op, draai sy palms na buite en trek sy mondhoeke af. Die tipies Galliese gebaar irriteer Paul só dat hy amper oor ‘n emmer struikel.

“Verdomp,” mompel hy weer.

\* \* \* \*

Monsieur Heubes stel Paul aan elkeen van die werkmense voor. Altesame tien van hulle geklee in lossigerige blou oorbaadjies en swart kepse. Heubes praat formeel en hoogdrawend en lig sy ken te veel op. Paul verberg sy irritasie met die Fransman met moeite.

Dan stap ’n lang man nader. Hy kyk Paul reguit in die oë en steek sy ferm hand uit: “Sébastien Faure” .

Die naam klink asof die man van Stellenbosch af kan kom en hy mik om iets daaroor te sê, toe hy besef hy gee nie aandag terwyl Heubes elkeen se nering verduidelik nie. Hy sal weldra agterkom wie pleister, timmer of verf. Faure lyk of hy iets anders doen, want hy het nie ’n werkersmondering aan nie.

Hulle stap deur die morsige onderste vlak van die gebou waarvan die mure reeds vensterhoogte is en die dakbalke klaar neergelê is. Ongesmelte sneeu lê nog in hoekies. Paul begin tel aan die pilare wat reeds in die groot vertrek staan. “Dertig!” roep hy hard

uit. Dit lyk vreemd en oordadig so tussen die onvoltooide mure -- so wagtend op 'n plafon.

Heubes loop na een hoek van die deurmekaar vertrekke en buk by 'n tafeltjie waarop 'n plan oopgerol is. Die hoeke word vasgehou met inkpotjies.

“Monsieur Roux!” roep hy Paul nader. “*C'est á vous, maintenant.*”

Paul vang net hier en daar 'n woord, maar lei af dat Heubes sê die plan vir die hoofpawiljoen moet gefinaliseer word en dat die “*Annexe de la Ferme*” nuwe tekening moet kry.

“O, dit word toe tog aan my oorgegee,” dink Paul skuldig. Hy knik sy kop ewe ordentlik: die groot plan is dieselfde as dié wat hy van meneer Wierda se kantoor af saamgebring het, maar die veranderinge wat hulle in Pretoria voorgestel het, is nie aangebring nie. En hulle dog hulle ignoreer die Fransman, toe is dit andersom, sien hy geamuseerd.

“Ek hét 'n tekening,” probeer Paul sê, maar Heubes hou aan verduidelik wat nog gedoen moet word. Hy praat met senuweeagtige geesdrif en beduie met vinnige handgebare waar die uitstallings geplaas gaan word en meld in elke paar sinne “*detail*” wat nou nog geen sin maak nie. Waarvoor die boonste vlak gebruik gaan word, is steeds duister en Paul verstaan min van wat die man sê. Hy weet hy moet nie so pertinent kyk elke keer as Heubes sy nek skeef trek nie, maar kan dit nie help nie.

“Ek sal self die planne vir die *Annexe* teken,” sê Heubes vir Paul. “Binnekort.”

Paul kyk hom verbaas aan.

“Met u bystand,” voeg hy by. “*Avec vôtre conseil, bien sûr.*”

Paul wys vir Heubes sy tekening van die pioniershuis waarmee hy nog die hele tyd rondstaan. Dit lyk nie juis of Heubes belangstel nie.

Wat weet dié Fransman van ’n boerehuis in Transvaal? Dit is, om die waarheid te sê, skoon aanmatigend. Paul bal sy vuiste langs sy sye. Sébastien let dit op, maak sy keel hard skoon en begin oor die ysterwerke van die pawiljoen te praat.

Faure vertel hy kom van die ooste van Frankryk af. “Flandre,” sê hy. Seker langs Vlaandere van die Belge, dink Paul. Hy lei af dat die Faure-familie geslagte al groot ysterwerke daar het, asook mense by ’n paar van die ander pawiljoene vir die tentoonstelling aan die werk het. Paul wil nog probeer vra of Sébastien se pa vir Gustave Eiffel ken, toe hy die wind skoon uit sy seile neem.

“Ek verstaan dertig én veertig,” sê Sébastien laggend met ’n Vlaamse aksent. Hy verduidelik dat Paul se flussiese uitroep oor die aantal pilare hom teruggeneem het na sy kinderdae toe sy ouma vir hulle Vlaams probeer leer het.

“Sébastien, jy voel soos familie!” sê Paul vir die lang Fransman. “Ek wou nog sê met jou naam kon jy netsowel uit die Boland gekom het.”

Die twee stap saam verder en praat in twee tale oor die gebou, terwyl monsieur Heubes hulle onder sy wenkbroue deur bekyk. Paul probeer op sy manier -- in dié stadium meestal met sy hande -- met elke mens wat met sy eie werk besig geraak het, gesels. Gaandeweg begin almal meer ontspan en hy kry selfs hier en daar ’n effense glimlag.

Goed twee ure ná donker begin die mense hul gereedskap oppak en Sébastien kom nooi Paul om te gaan eet. “Kan ek asseblief op pad net my hare en my baard laat skeer?” vra Paul.

Toe hulle agter die kordate monsieur Heubes by die gebou uitstap, sien Paul oral vuurtjies wat begin flikker vir dié wat deur die nag by die verskillende persele gaan bly. Dit bly vir hom vreemd dat dit so vroeg donker raak en so laat lig. In hierdie winter kan ’n mens beslis nie jou werk bloot in daglig verrig nie. Hy reken trouens dat hulle binnekort deurnag sal moet werk om betyds klaar te kry.

Die byt in die lug is so skerp soos in die oggend, maar dit sneeu nie en boonop kan hy nou ’n serp om sy nek wikkkel. Paul groet vir Le Clerque met ’n breë glimlag, gedagtig aan sy kwaai tante en die yl sop wat hy genadiglik misloop.

Sébastien loop half vooruit tot hulle op Place du Trocadéro by een van die baie trems inspring. Dit is warm binne en die uitsig van die plein af oor die rivier verras Paul weer. Die lig vanuit uit die woonstelvensters en die rook uit die talle skoorstene lyk gesellig. Hulle moet op ’n ander trem oorklim voordat die tog onderkant ’n bult eindig. Paul kyk op na ’n groot kerk waarvan koepels wit teen die donker hemel glim. Houtsteiers steek agter uit.

“Sacré-Coeur,” sê Sébastien met ’n afkeurende trek van sy mond.

Hoe nader hulle kom, hoe groter en sterker blink die koepels. Die sagte lyne van die halfklaar gebou is in skerp kontras met die meeste ander donker, strak kerke wat hy tot nog toe opgelet het.

“Dit was uit dankbaarheid ná die oorlog teen die Pruise,” verduidelik Sébastien, “maar nie juis geliefd onder die Montmartrois nie. Hulle bou al dertig jaar aan die kerk en dis nog glad nie voltooi nie.”

Paul glimlag. Pretoria het skaars een gebou wat dertig jaar oud is, laat staan nog eeue oud soos in dié stad. Hy probeer vir Sébastien vertel van Louis Thibault se geboue in Kaapstad, maar laat dit vaar toe hulle bo kom en hy oor die hele Parys heen kan sien. Dit voel of sy lyf tot stilstand geruk word met die gesig van die stad aan sy voete. So ver as wat hy kan sien, woon mense, brand liggies en trek rook. Hoe anders as dit waaraan sy oë en sy hart gewoond is.

“Nog baie groter as wat ek verwag het,” sê hy terwyl hy bly staan en staar.

Sébastien druk die swaar sydeur van die kerk oop. Die warm reuk van kerse wat oral voor altare brand, bring ’n vreemde heimwee en ’n Madonnabeeld bring trane na sy oë toe. Hy kan nie besluit of dit Miriam, sy ma, sy familie of sy land is waarna hy verlang nie, maar hy is opeens só hartseer dat hy wegdraai sodat Sébastien nie sy trane kan sien nie.

Die heimwee loop saam met ’n verwyderde gevoel. Hy het geen nuus oor sy familie nie en weet eintlik nie wat met die oorlog tuis gebeur nie. Ek moet nog ’n koerant koop om nuus te kry, Van Boeschoten lyk nie juis na ’n goeie bron nie, dink hy.

Die twee mans steek elkeen ’n kers aan die brand en is ’n paar oomblikke stil voor hulle weer uitstap. Paul wonder hoekom Sébastien ook lyk asof hy ’n las dra.

Die kaal stamme van rye bome om ’n vierkantige plein blink onder die lampligte. Daar is ’n paar kafees waarvan die vroilikhed buite toe trek, maar hulle stap verby en bult af tot hulle by ’n eetplek op ’n hoë hoek kom. Van buite af al hoor Paul die geruis van stemme.

“Le Lapin Agile,” sê Sébastien. “*Pour les Bohèmes*. Ek wag hierbinne terwyl jy na daardie barbier oorkant die straat toe gaan.”

Netjies gekap en geskeer en met slegs ’n snor oor, stap Paul later deur rye raserige mense by lang, geskropte tafels en soek na Sébastien.

“*Et alors!* Jy lyk soos ’n ander mens! En waar kry jy die bont serpe?”

“Opgetel toe ek nou oor die straat gestap het. Lyk my almal hier het sulke serpe.”

Dis ’n ander soort mens wat hier bymekaar is, sien Paul. Beslis niemand van die Z.A.R. se kantoor of wat in Rue de Rivoli paradeer nie. Hul hare is langer, baie van die mans dra vrolike serpe soos wat hy pas opgetel het, die vroue se hare is lossereg en hul halse ontbloot. Dit klink of almal met verhefde stemme die sangeres op ’n verhogie wil doodpraat.

Sébastien sit in ’n hoek met ’n glas voor hom. Paul hang sy jas en twee serpe op en skuif by die tafel in terwyl die Fransman iets bestel om te drink. Paul leun gemaklik terug en steek sy pyp op. “Dis darem ’n raserige dorp van julle dié!”

Twee glase met bolle aan die onderkant, twee vreemde silwer lepels met gaatjies in en ’n bottel met ’n groen fee op die etiket, word hard deur ’n kelner voor hulle neergesit. Sébastien balanseer ’n lepel met ’n suikerblokkie bo-op elke glas en skink dan van die groen drank daaroor. Hy beduie dat hulle moet wag totdat die suiker gesmelt is, dan kom water by wat dit melkerig maak.

“Absint,” sê Sébastien en glimlag skalks terwyl hy ’n sigaar opsteek.

Die musiek raak al lewendiger en harder en die ligte word verdoof. Uit die donker spring raserige meisies op die verhogie en toe dit weer ligter word, sien Paul net vere, frille en bene soos die vier hul rompe heen en weer swaai en opskop.

Die meisies hardloop al jillend vorentoe en agtertoe, skop reg die lug in, buk af grond toe om hul broeke te wys en slaan bollemakiesie – alles met die grootste lawaai. Paul neem ’n paar stewige slukke van die glas voor hom en probeer verstaan wat geskree word deur die gehoor en die danseresse, maar kan nie.

Hy kyk na Sébastien, maar dié lag so hard vir die woorde wat die meisies uitgil, dat hy nie agterkom Paul lyk geskok nie. Twee van die meisies het kniebroeke aan, bloomers soos sy ma sou sê, maar die ander twee se swart kouse kom tot net bokant die knie en verder is daar niks. Hy het nog nooit daardie deel van ’n vrou se been gesien nie, en om dit nou sommer so kaal te sien, laat sy mond oopval. Hy soek na sy pyp sodat hy rustiger kan lyk en nie so duidelik onkundig nie.

“Dis jolig, nè?” sê-vra Sébastien toe die meisies van die verhoog af spring. Dit eers nadat hulle met bloedstollende gille plat, met hul bene oopgespalk, op die vloer geeëndig het.

Paul neem eers nog ’n sluk van die nuwe skoot absint wat vir hom ingeskink is.

“Nee kyk, my bek hang oop. Ek het veral van die een met wilde rooi hare gehou. Is hulle dan nou klaar?”

“Dan is dit maar goed dat jy nie die woorde verstaan het nie. Vulgêr is seker die beste woord, maar hier is dit altyd baie snaaks.”

Sébastien bestel nog drank.





“Die rooikop, sê jy? Ag nee wat, sy kan nie dans nie en het jy gesien dat sy nie in die spreibeen kon sak nie? Seker ’n nuweling, want ek het haar nog nie hier gesien nie.”

As dit is hoe jollie die lewe hier gaan wees, kan ek selfs hierdie nare ou kamertjie hanteer, lag Paul toe hy veel later op die kort kateltjie in madame Le Clerque se “*chambre de bonne*” neerval.

## Hoofstuk 6

Paul en Sébastien se besoeke aan die Lapin Agile en ander kuierplekke op “*La Butte*” raak gou roetine. Teen die vierde aand dat hulle weer naby die verhoog gaan sit, voel Paul al heel tuis. Die Fransman en die werkers by die pawiljoen het vir hom ’n paar handige frases en woorde in die “*argot*” geleer en hy bestel nou al sommer self die absint as “*une verte*”. ’n Groene.

“Ek sien die rooikop van wie jy die eerste aand so gehou het, is hier,” sê Sébastien.

Paul glimlag bly en hy skuif nog nader aan die verhoog. Net ná die eerste harde note van die klavier se kant af, spring die vier meisies die ligkol binne. Paul kan sy oë nie van die rooikop afhou nie en sy kom dit agter. Sy kyk in sy oë as sy woorde uitgil, en hy weet nie of hy hom verbeel nie, maar as sy met haar boude in die lug staan en deur haar bene loer, lyk dit of sy vir hom knipoog.

’n Man druk skielik hier voor Paul in en gryp na die rooikop. Hy snou haar dinge toe, waarvan Paul net “*vulgaire*” en “*banale*” verstaan. Sy snou eers iets terug, maar lyk tog vir Paul benoud, só dat hy opspring en die man probeer wegdruk.

“*On se calme!*” en “*Arretez vous!*” hoor Paul mense skree. Hy hoor ook met die een oor hoe Sébastien vir hom sê hy moet liever sit, maar kan homself nie keer nie. Toe dit lyk of die man na die meisie gryp, tree Paul tussen-in en slaan die vreemdeling so hard as wat hy kan in die gesig, sodat hy terugsteier en tussen die tafels neersak.

Paul se opstopper en die man wat op die vloer bly lê, laat ’n hele paar ander mans opspring. Dit raas en skree en mense ruk aan mekaar en voor Paul homself teen hierdie aanslag kan verweer, kry hy self ’n stewige hou op sy oog.

“Dis nie eintlik die Franse se styl om handgemeen te raak nie,” sê Sébastien toe Paul tot ruste kom. “*Mais c’est les Bohèmes,*” is sy oplossing. Op Montmartre, het Paul in die paar besoeke geleer, hoef ’n mens nie ’n regte Boheem te wees om te maak soos jy lekkerkry nie.

Toe Paul weer sien, is die rooikop by hom. Sy spring op sy skoot, slaan haar arms om sy nek en plant natterige half oopmond-soene oor sy hele gesig en in sy nek. Hy skuif rond in sy stoel om sy opgewondenheid weg te steek.

“Monique,” stel sy haarself aan Paul voor.

“*Mon homme,*” roep sy uit terwyl sy Paul met mening liefkoos. My man, verstaan hy en sit trots meer regop.

“Pas op vir die vroumens, Paul,” sê Sébastien terwyl hy sy jas aantrek.

“Sy laat my dan so dink aan die mooi fee op die bottel,” sê Paul dromerig, maar Sébastien is al by die deur uit.

Toe die plek begin leegloop, probeer Paul ook opstaan om sy jas te gaan haal, maar Monique trek hom terug aan sy arm.

“Nee, jy gaan saam met my kom. Jy het my beskerm, nou beskerm ek jou. Jy kan nie nou in die strate huis toe loop nie. Jy sal nie jou huis kry nie.”

Gewillig laat Paul hom lei. Hy kan beslis nie alleen loop nie, kom hy met ’n skok agter. Hulle stap nie baie ver voor sy hom by ’n paar stelle trappe optrek en ’n deur oopsluit nie. Paul kan nie mooi fokus in die donker nie, maar val dankbaar op ’n klein bedjie in die hoek van die vreemde vertrek neer. Monique val bo-op hom, maar hy is te beneweld om sy begeerte behoorlik te wys toe sy sy klere van hom begin afstroop.

\* \* \* \*

Vir 'n lang ruk sit Paul bloot en kyk na die onoopgemaakte koevert wat Heubes vir hom gegee het. Die koerasie ontbreek hom om dit oop te maak. Die brief kom duidelik uit Kaapstad, maar die handskrif kan dié van sy suster Isabeau óf dié van Miriam wees. Die afgelope week was daar soveel slegte nuus van die Republiek en van die Kaap af, dat hy soms wens hy kan verlore raak in sy nuutgevonde bestaan.

Terwyl hy sit en kyk hoe werkers bokant die fundamente van die Boerehuis die mure begin opbou, voel hy in twee verdeel. Hier sit ek en kyk hoe 'n huisie wat glo verteenwoordigend van die sogenaamd eenvoudige mense is, gebou word, terwyl dié einste pioniers 'n skrale kans op oorlewing in 'n oorlog het, dink hy. Die pawiljoen langsaan en die spoggerige mynvoorstelling is kastig verteenwoordigend van hoe dit in die Z.A.R. gesteld is, maar dit lyk soos 'n oordadige argiteksoefening wat nêrens hoort nie. Waar pas ek in? wonder hy hardop.

Vandat hy vier weke gelede saam met Sébastien by die rokerige Lapin Agile ingestap het, het dinge in Paul Roux se wêreld verander. Die nou kronkelstraatjies van Montmartre se bult is nou deel van sy daaglikse bestaan.

Die klank van skoensole op keistene, die getjerie-tjerie van houtwaentjies en die singende roepe waarmee die venters hul ware aanbied, is nou sy oggendgeluide. As hy soggens afstap om die trem Trocadéro toe te haal, wuif die bakker en slagter al vir hom.

Ma's wat kinders met name wat Paul nog nooit gehoor het nie, soos "Amoury" en "Aurélié", huis toe dwing en die lewendige musiek wat uit kuierplekke uit opklink, is sy aandklanke. Hy koop al net soos al die mense saans sy baguette en breek dadelik, sommer

so in die straat, die warm punt af en begin daaraan te eet. As hy saans die trappe na Rue Lépici uitklim, voel dit of hy tuis kom.

Met 'n swaarmoedigheid druk hy die brief weer so onopgemaak terug in sy jas se binnesak. Deels omdat hy sien die klippe waarmee die mure gebou word, nie netjies gepas word nie, en deels omdat hy skuldig voel oor sy verdeelde hart.

Hy trek sy serp stywer om sy nek en gaan praat met die messelaars. Die nuwe konsul-generaal, Pierson, sal glo ook vandag 'n draai by die bouery maak en hy bring dalk nuus van Pretoria af. Van Boeschoten is genadiglik terug Brussel toe en Pierson lyk meer toeganklik, hoewel steeds uiters korrek.

My kop het verskuif, dink Paul. Parys het my ingetrek en nou kyk ek dalk met te veel afstand na gebeure by die huis.

Miskien moes hy nooit saam met Sébastien van die Groen Fee begin drink het nie.

“Groen Feeks eerder as Groen Fee,” het hy die eerste aand nog vir Sébastien gesê, maar dit het nie juis tot matigheid bygedra nie. Dit was die begin van aanhoudende kuiers by verskillende plekke, elke keer met baie rumoer en absint op die tafel.

Hoe hy die oggend nadat Monique hom huis toe geneem het, by die bouverseel uitgekom het, weet hy nie. Sébastien het hom met 'n alwyse glimlag gestaan en inwag. Die blou oog en dik lip het ook nie ongemerk by die werkers verbygegaan nie en hy kon hoor hoe hulle agter hul hande gis. As dié groot man maklik sy appels swaai, sal ons moet mooi trap, het hulle seker gereken. Dit mag dalk help om die bouery klaar te kry, was toe sy gedagte.

Eers ná 'n paar dae dat hy vir Heubes met sy stywe lyfie sien rondstap, het hy onthou dat dié wilde Monique iets genoem het van haar pa wat 'n argitek is.

Nou bly hy al twee weke lank saam met die driftige rooikop in die deurmekaar dakkamer wat sy 'n ateljee noem. Gelukkig het hy nog by Le Clerque se tante geloseer toe hy doktor Leyds ontmoet het, want dié se eerste hoogdrawende vraag aan Paul was om te hoor in welke arrondissement hy bly. Paul kon agterkom dat sy Afrikaanspraterij en uitvraery oor die oorlog die man irriteer, ook dat hy nie daarvan hou om so hoog na Paul te moet opkyk nie. Hy sal doktor Leyds geselskap nie opsoek nie, dus hoef hy ook nie van Monique te weet nie, het hy toe dadelik besluit.

“Vir wat trek jy by die vroumens in?” het Sébastien ontsteld gevra toe hy hoor Paul bly ook nou op Montmartre, nogal naby aan hom wat Sébi is.

“Ek sê nie jy hoef nog by die sekretarissie se tante te bly nie, maar jy kan mos maar net by die meisie slaap en weer loop. 'n Mens verbind jou mos nie tot die eerste vrou wat jy kaal sien nie.”

“Ek dog dan dis hoe dit in Parys gedoen word? En wie sê dis die eerste vrou wat ek kaal sien?” probeer Paul homself verontskuldig.”

“Eintlik glad nie. Jy het jou vryheid nou weggegooi.”

Monique het toe laat val dat sy inderdaad Heubes se dogter is. Maar vinnig bygevoeg dat sy verkies om weg van die bourgeoisie tussen die Boheme te leef en nie veel met die ouers te make het nie. Net soos hy wat Paul is. Seker dié dat hy sukkel om die brief oop te maak.

## Hoofstuk 7

*19 Hastings Street*

*Tamboerskloof*

*Cape Town*

*27<sup>th</sup> of January, 1900*

*Mij lieve broer Paul*

*May this new year and new century hold blessings of prosperity for you.*

*How we have been missing to hear more news from you. You know that as my youngest brother, you have a special place in my heart. We trust that you are well and that the building of the Z.A.R. Pavilion is in good progress.*

*You are going to be an uncle again! I know there are several nephews and nieces already, but somehow I believe this little Muller will be close to your heart. If we worked it out correctly, the date of birth will be around the start of June.*

*The newspapers in the Cape do not regularly give news from Europe. There are more reports from England and of course about the problems in the Transvaal and Natal. You must have heard about Sir Redvers Buller's losses at Colenso, Platrand and Spionkop by now? They say that Roberts must take over from him.*

Paul kyk van die brief af op. In 'n onlangse uitgawe van 'n Franse koerant het hy met genoegdoening na die foto's gekyk van hoe die Britse troepe van Spioenkop af wegvlug. Ook van 'n paar boere wat bo-op 'n stukkende treinbrug oor die Tugela poseer

wat hulle pas opgeblaas het. Dit is verbasend hoe baie foto's die Franse koerante van die oorlog kry. Soms nog vinniger as Pierson-hulle by die kantoor.

*That brings me to the other reason for this letter. My dearest Jerry now reckons he has to join the two Republics against England. He says he feels guilty to be comfortable in Cape Town while there is of his kin fighting in Natal and maybe in the Eastern Cape. As you know full well, the Mullers are not patient people and my Jerry least of all. I think the boisterous march of the South African Light Horse in their red coats up Adderley Street made up his mind. His remarks about Roberts (“ di klein katonkel”) are harsh.*

“Ag nee, magtig!” roep Paul hard uit. Teen dié tyd is sy swaer seker al weg. ’n Kaapse rebel.

*This is not a time to be left to fend for myself. Although Jerry saw to it that I shall be looked after financially, I feel alone. Klein Drakenstein and the rest of the family are far away and I cannot expect Moeder to come here. So I have asked Miriam Lipschitz to come and stay with me here in Tamboerskloof as she is unhappy at home and in constant conflict with her mother. She gladly accepted my offer.*

Miriam.

Hy het nie van Miriam vergeet nie, maar hy het tog probeer en nou voel sy ongemaklik naby. Hy voel hoe die hitte teen sy kraag uitstoot. Monique en Miriam. Meer uiteenlopend kan jy jou nie voorstel nie. Stemmige swartkop en vurige rooikop. Sagsinnig en musikaal en oordadig en teatraal.

Hy het sy familie by die huis afgeskeep. Vir Isabeau of sy ouers het hy nog nooit iets buiten ’n paar poskaarte ná die eerste weke in Parys geskryf nie. Hy voel skuldig



omdat hy Parys geniet terwyl sy eie land wroeg. Paul se skouers krom vorentoe en hy laat sy elmboë op sy knieë rus.

*“Please write soon, Paul, and I would truly love another pretty postcard of Paris. Tell me how the French look. You must stand out with your large frame and blue eyes! How fortunate you are to be in that beautiful city.*

*Jou liefhebbende zuster*

*Isabeau*

Die brief neem hom terug na aande by die Mullers in die Kaap. Sy suster regop agter die klavier terwyl Jeremia, die ernstige prokureur, na sy mooi vrou sit en kyk en aan sy pyp suig. Liedjies soos *After the Ball is Over* en *The Band Played on* en Jerry wat gewoonlik vra of hy *When You were Sixteen* vir sy vrou kon sing. Soms kon Miriam dit regkry om ’n aand weg te glip en dan het dit gewoonlik baie vrolik geraak. Miriam het Jiddisje liedjies met baie handgebare by gesing en Isabeau kon nes hul ma die heerlike hoë note van *Cirribiribin* uittrek. Missis Lipschitz het dan geglo Miriam oefen vir ’n klavierkonsert by die Conserve.

Die musiek waaraan hy in sy nuwe omlysting gewoond geraak het, is raserig en opruiend. Straatmusiek, noem Sébi dit met ’n effe neerhalende trek van die mond. Onmusikaal. Monique pas by hierdie klanke wat amper vra vir nog meer lawaai. As Aristide Bruant -- ’n rare man met ’n swart fluweelbaadjie en lang rooi serp-- sy liedjie oor die Bastille in die Lapin Agile sing, spring sy steeds jillend op die verhoog saam met hom. Gelukkig probeer sy nie meer om die *can-can* te dans nie.

Paul het vir haar gesê dat sy seker goed sou gedoen het in die Rewolusie. Monique het op sy vraag oor haar familie, al gesê dat sy niks met hul kleinlike snobisme te doen wil hê nie.

“Ek sou ook vir Marat in sy bad kon doodgesteek het,” het sy met ‘n swaai van haar vuis gesê. Met haar wilde rooi hare en blitsende oë het dit op daardie oomblik heel moontlik gelyk. Monique dra nie haar hare vas soos dit hoort nie en beslis nooit ‘n hoed tensy dit baie koud is nie. Haar hare staan amper onbetaamlik woes van haar kop af weg en sy weier ook om korsette met baleine te dra wat glo alle lewe uit haar wurg. Sy het ‘n voorliefde vir groot, bont sigeunertjaries wat rondwaai. “Ek wil soos Esmeralda onder die Notre-Dame lyk.”

Die verre Kaapse aande was verwyderd van ‘n oorlog. Hy was besig om hom as argitek in te studeer en te droom oor ‘n lewe saam met Miriam. Nou wil Jerry gaan veg, Isabeau is swanger en hy het vir Monique in sy lewe. ‘n Ander tyd, ‘n ander wêreld, ‘n ander horison.

Hy kan *Á la Bastille* al net so lekker soos *Kent gij dat volk* saamsing, maar bloot omdat dit lekker deuntjies is. Geeneen vuur patriotisme by hom aan nie. Ek is nie ‘n Transvaler nie en ek is nie Frans nie, dink hy. Dalk is dit hoekom ek dit tussen die bandelose boheemse mense geniet.

Hy is net Paul Roux wat geboue wil ontwerp.

Hy sien geen sin in die oorlog nie.

Monsieur Heubes se skielike verskyning waar hy sit, laat Paul vinnig die brief opvou en in sy binnesak bêre.

Heubes kyk hom vraend aan. Paul se gesig moes iets verraai het. Net vir 'n oomblik is daar 'n trek van menslikheid in Heubes se gesig te lees, dan begin hy weer bevele gee en wink Paul na die werktafel om weer eens na die planne van die geboue te kyk.

Die tekening van die hoofpawiljoen is vir die hoeveelste keer sogenaamd klaar. Paul hoef nou net sy handtekening by te voeg, dan kan dit Pretoria toe gestuur word –asof dit nou nog 'n verskil gaan maak. Die tyd is egter te min om die planne van die *'Annexe de la Ferme'* soos Heubes dit steeds aanteken, nog voor die opening in April met goedkeuring terug in Parys te kry. Met die pos wat drie weke neem, is dit onmoontlik.

Paul kyk onderlangs na die Fransman wat so bevange oor korrekte gedrag is. Wat sal hy maak as hy weet hoe sy dogter leef? Erger nog: dat hy wat Paul is sáám met haar op Montmartre leef? Hul nagtelike kuiers in die plekke vol kunstenaars, skrywers en akteurs wat drink, raas en toesprake teen die regering lewer, sal dié man skok. Sy bevangendheid met korrektheid is volgens Monique die rede dat sy uit die ouerhuis weg is.

Hy stel hom voor hoe Heubes en sy vrou ewe deftig in hul boudoir op ongemaklike stoele sit en pinkie-in-die-lug formele gesprekke met mekaar voer. Monique het gesê haar ouers *"vous-vouyez"* mekaar. Stel jou voor om vir jou vrou "u" te sê.

Hy verlang na sy ouers. Sy pa die stil, hardwerkende patriarg, maar liefderik met sy ma wat altoos aan die dien is. Daar was altyd tyd om na die kinders te luister.

Monique se pa weier glo dat sy na hul huis in Auteuil toe kom, omdat sy nie ordentlik aantrek nie. Soms kan Paul self nie glo dat hy met die vrou deurmekaar is nie,

maar hy kan haar drif nie weerstaan nie. Haar totale oorgawe aan hom laat hom nodig en belangrik voel.

Hy het al selfs gewonder of sy in haar onverskrokktheid nie goed in die ongetemde Afrika sal aard nie. Nou die dag toe sy armswaaierend 'n openbare betoog oor Rodin se omstrede beeld van die skrywer Honoré Balzac in 'n taverne gelewer het, kon niemand haar stilkry nie. Hy kon hom toe voorstel hoe Monique met 'n vosperd oor oop vlaktes jaag, haar mond groot oop van plesier.

So 'n paar aande terug was hy en Sébastien weer aan't kuier toe verskillende mense begin opspring met menings oor die opkomende retrospektiewe uitstalling in die Petit Palais. 'n Donker man met 'n pikswart baard en 'n vreemde aksent het veral tekere gegaan.

“Nog nooit is erkenning aan skilders buite die Akademie gegee nie. Hoekom is ons nou skielik goed genoeg?” Enigiemand wat iets wou sê, het hy doodgeskree met: “*Vive l'art!* Ons wat so sukkel hier op die Butte, gaan die siek spul nou wys. *Mort à la bourgeoisie.*”

“Ha. Dood vir die bourgeoisie. Klink die man nie nes jou Monique nie? Die elitisme oor die Akademie sal kwalik taan. Dis bloot omdat Monet en Pissarro nog leef, dat dié impressioniste se werk ingesluit word,” was Sébastien se siniese toevoeging.

Paul dink as hy vir Sébi sê hy kyk graag na die mense se werk, sal dié hom as 'n filistyn bestempel. Paul kan nog nie agter die kap van die byl oor die moderne kunstenaars se ongewildheid kom nie.

“Ek gee toe ek verkies skilders soos David. *Je sui un homme du dix-neuvieme siecle.*” Verbeel jou, ’n man van die negentiende eeu. Paul wou Sébi nog vra wat só ’n houding in dié tyd van vooruitgang help, maar was nie lus vir argumenteer nie.

Paul groet vir Heubes met die verskoning dat hy na die werker by die goudmynvoorstelling moet gaan kyk. Hy loop gly-gly deur die modder wat steeds nie droogkom nie. “*De mijntje,*” soos doktor Leyds gesê het, se bouery is feitlik klaar en lyk eintlik indrukwekkend, veral die muurversierings teen die voorkant. Die ertswiel en die koekepan om voor te stel hoe die goud ondergronds uitgehaal word, het nog nie aangekom nie.

Met dié kliphuis kan ek darem ’n stempel afdruk, reken Paul, toe hy weer by die pioniershuis ’n draai maak. Hy is eintlik bly hy hoef nie pa te staan vir die groot pawiljoen nie. Hierdie geboutjie met sy voorhuis in die middel gaan karakter hê en as dit klaar is, heelwat meer van die lewe in die Transvaal weergee. Al is die kleur van die klip te donker, lyk dit redelik outentiek. Hy is tevrede met die eenvoud van die huisie en die bondels riet vir die dak lê al reg om gedek te word.

## Hoofstuk 8

Die Maartwind byt aan Paul se gesig wanneer hy met sy nuutgekoopte fiets by Montmartre se bult afry. Sy hart voel ligter soos die dae begin rek en dis asof die grys wolke die hemel nie meer so weghou nie. Dis nou al selfs amper lig as hy werk toe ry en hy vang homself elke nou en dan dat hy deuntjies fluit saam met die ritmiese getrap. Ná Februarie se koue en die slegte nuus van generaal Piet Cronjé by Paardeberg, veroorloof Paul homself as't ware dié plesierigheid.

Vandat hy 'n week terug die fiets tweedehands gekoop het, is Parys vir hom kleiner en kan hy meer in sy dag indruk. Voordat hy die fiets, 'n "*becane*" soos hulle dit op Montmartre noem, gehad het, het hy saam met die bakker op die grondvloer se eerste gewerskaf opgestaan om betyds die trem te kon haal. Terwyl hy nou smôrens sy fiets uitstoot, suiker dié se vrou al met die eerste baksel brood en brioche in die houtwaentjie die bult uit. Die ou krom messlyper met sy gereedskap is ook al klaar op sy pos op die oorkantste straathoek en groet met 'n waai van sy vuil vadoek.

Vanoggend wil hy 'n ander roete neem Trocadéro toe. Sébastien Faure het gister by die perseel so 'n lament te lewer gehad oor Jane Henriot, 'n aktrise wat die vorige aand in die brand by die Théâtre-Française dood is, dat hy wil gaan kyk na die gebou. Dit het geklink of Sébi verlief was op die vrou, maar hy verstaan ook nie Sébi se houding teenoor vroue nie.

“Jy begryp nie welke plek die Comédie Française in Parysenaars se harte het nie, Paul. Jy sal sien hoe groot haar begrafnis gaan wees. Molière is deel van ons wese en die vertolkers van hom daarmee saam.”

“O, ek dag Sarah Bernhardt is almal se ideaal.”

“Ja, seker, maar sy is nie só klassiek en verfynd nie.”

Teen die tyd dat hy onder op Rue de Rivoli by die groot gebou aankom, is daar reeds mense wat tussen die hope puin krap. Dit lyk na meubels wat alles op ’n hoop lê. Teaterstoele. Rook trek aan die bokant van die smeulende gebou uit.

“Die arme vrou. Kon nie betyds uit haar kleedkamer kom nie,” hoor hy een van die rondkrappers sê.

“En hulle hét so ’n goeie program vir dié jaar van die Expo gehad,” sê ’n man wat duidelik op pad werk toe is.

Toe Paul verder aanry perseel toe, dink hy aan sy gesprek met Sébi gister. Toe hy vir hom vertel dat Monique ook aspirasies het om ’n aktrise te word, het Sébi net so half gesnuif en sy hand geswaai.

“*Écoute, Paul. Elle est une lorette.*”

“Wat is ’n lorette?”

“Dis ’n meisie wat jy nie aan jou familie voorstel nie. Sy weet self nie eens of sy ’n behoorlike *courtisane* kan wees nie. Onthou asseblief dat jy vir haar ’n toevallige minnaar is. Sy het geen lojaliteit nie.”

“Hoe kan jy so sê?”

“Soos sy by jou is, is sy by enige ander man.”

“Hoe sal jy weet? Jy wil dan niks met haar te doen hê nie! En sy kom uit ’n goeie huis.”

“Ek wens jy wil deur Monique sien en op ’n ander plek gaan bly.”

“Ek geniet Monique. Sy is interessant en anders. Vry. Ons beleef wonderlike tye saam. Enige man sal gevlei voel as ’n vrou so onbevange in ’n verhouding is.”

“Ha, ek is seker daarvan. En haar naakposeerdery vir derderangse kunstenaars? Hoe voel jy daaroor?”

“Sy sê die een kunstenaar gaan nog ver kom en hy dink sy is ’n goeie model.”

Sébi het hierop bloot ’n afmakende snork gegee en toe Paul mompel dat hy dink hy lief is vir Monique, sy hande die lug in gegooi.

“Daar is drie soorte vroue wat vir ons Franse tel, Paul: *La Madone*, *La Séductrice* en *La Muse*. Monique is nie ’n Madonna, ’n verleidster of ’n muse nie. Sy val in die vierde kategorie.”

Gelukkig is Monsieur Heubes nog nie by die perseel nie, want vir hom het hy nie op sy nugter maag krag nie. Veral nie met vanoggend se gedagtes wat deur sy kop maal nie. Paul se lewe saam met Monique laat hom aan die eenkant half skuldig voel, maar aan die ander kant is hy vies oor die valsheid van die Heubes-ouers wat maak dat hul dogter so argeloos is. Laasnag het hy en Monique kwalik slaap ingekry, soos hulle mekaar se lywe geniet het.

Paul se bui is duidelik in sy kortaf gepraat met die mense wat by die Boerehuis besig is. Die skuifraamvensters is in, die eenvoudige sygewels is klaar en die dakbalke is reg vir die dekkery. Heubes het Paul se voorstel dat die rietdak aan die onderkant met klei gesmeer moet word as verweer teen die aanhoudende reën, darem aanvaar. Misvloere vind nie by die Fransman byval nie en Paul het klaar gereël vir goeie kleigrond wat platgestamp moet word.



Sy ure en ure se geredekawel met Heubes oor hoe die binnekant moet lyk, het uiteindelik geslaag. Die plan wat Heubes moet teken en terugstuur na die Departement van Openbare Werke toe, lyk tog soos die pioniershuise wat Paul in die Transvaal en Vrystaat gesien het, maar dit is bloot 'n formaliteit. Eenvoudig, maar met 'n logiese uitleg van 'n voorhuis, twee slaapkamers weerskante en 'n kombuis aan die agterkant. Hy voel tevrede dat hy sy sin gekry het, al het die gesloer tyd verspeel.

Die algemene opwinding oor die tentoonstelling is aansteeklik en dinge begin oral klaarkom. Die reuse-ingang, die Salle des Fêtes vir die openingseremonie en al die Franse geboue is feitlik klaar. Holland se pawiljoen het al meubels, skilderye en seldsame porselein uitgestal. Kambodja, Indo-China en Algerië se geboue naby hulle is ook so te sê klaar en oral lyk dit of mense oortyd werk om vir die openingsdag reg te staan.

Doktor Leyds het, toe hy hier was om te kyk hoe dinge vorder, 'n brief aan Paul gewys waarin doktor Jan Gunning van die Staatsmuseum geskryf het “*dat het noodsaakelyk is aan de wêreld te toonen dat dezer Republiek met instelling voorzien is die den toets met andere landen kan doorstaan.*”

Meneer Pierson het eweneens klem gelê daarop dat internasionale besoekers wat deur hierdie pawiljoene gaan stap, moet weet dat ons “vertakkinge van die nasionale lewe aandui” en dat die Transvaal nie slegs 'n goudindustrie met fortuinsoekers en magnate is nie. Paul wil persoonlik nie hê mense moet dink al sy mense is eenvoudig nie. Sy familie in die Kaap leef nie met misvloere en plankiesmeubels nie, maar dan is hulle aan die ander kant ook nie pioniers nie.

Leyds voel sterk dat die Z.A.R. moet wys dat sy staatsadministrasie met die beste in die wêreld vergelyk kan word, maar sy gesteldheid daarop om elke slag die planne in

Pretoria goedgekeur te kry, roof tyd. Gelukkig hanteer die Franse konsul-generaal in Pretoria die planne as private posstukke en gaan dit redelik vinnig deur na Wierda toe, maar dit neem steeds amper 'n maand.

Toe Paul iets agter hom hoor, sien hy Pierson met sy manelpak en fyn skoene besig om die sestien-en-'n-half meter aan die voorkant van die kliphuis af te tree.

“U hoef u nie te bekommer nie, Meneer Pierson,” wip Paul hom. “Alles is volgens plan en dit sal reg wees vir die opening.” Hoop ek van harte, sê hy vir homself.

“Nee, ek stel gewoon belang om te sien in hoe 'n kleine spasie mense kan regkom. Ek het nog geensins die platteland van Suid-Afrika besoek nie en vind dit amusant.”

“Het u nuus van Pretoria af?” neem Paul sy kans waar. Noudat hulle onder druk moet klaarkry, kom hy nooit meer by die konsulaat nie en kry hy sy nuus oor die oorlog net uit die Franse koerante. Piet Cronjé se terugslag by Paardeberg word verswyg. Van sy suster wie se man sou gaan veg, het hy ook nog nie weer gehoor nie, dus weet hy ook nie of Miriam by Isabeau ingetrek het nie.

“Die Engelse magte bedreig Bloemfontein. President Kruger het President Steyn gaan ondersteun en is goed ontvang. Volgens kolonel George de Villebois-Mareuil is die enigste oplossing om voorraadtrein vir die Engelse te keer. Kaptein Danie Theron en sy Verkenningskorps word hoog aangeskryf,” lewer Pierson saaklik verslag.

“Ek wonder of my swaer nie tog by Theron is nie,” sê Paul saggies.

Hoofstuk 9

*30<sup>th</sup> of March 1900*

*28 Rue Lépic*

*Montmartre*

*My dierbare suster Isabeau,*

*Hoe gaan dit met jou gesondheid?*

*Het jy nuus van Jerry? I have concerns about all of you.*

*It is quite some time since I have heard from you and I am curious and anxious for news from Cape Town. The occupation of Bloemfontein is upsetting.*

*Woon Miriam nou by jou?*

*It is such a pity that General Joubert passed away before he could experience the completion of his work for the exhibitions. I so admired the man.*

*There is a photograph of the Boerenhuis in a newspaper today. Ek sluit die knipsel hierby in. The two weeks before the official opening of the Exposition will leave just enough time to complete the inside of the small house and the big pavilion.*

*Everything has arrived from Marseille. The crates are everywhere. The disputed painting of President Kruger by Wichgraf also arrived at last, but can not be put up as there is not enough place..*

*Consul-general Pierson took me with him yesterday for a preview of the Russian pavilion which looks like an entire city --- a most lavish mise en scène and the architecture impressive. I thought how you would have admired the collection of*

*bejeweled Easter eggs made for Tsar Nicolas II and his wife Alexandra by a Frenchman, Fabergé. Ek sal soek vir poskaarte.*

*Tomorrow I am going to look at the bridge in honour of the Tsar's father, Alexandre III, that spans the river from the Petit Palais (one of the new steel constructions) to the Esplanade des Invalides where many of the other pavilions are. It is very ornate and opulent and I want to have a look at the gold leaf work on the four winged horses at either end.*

*The mounting excitement for the opening of the Exposition Universelle is spreading to all walks of Parisian life. The cafés are alive with music and happy talk; shopkeepers are dressing their windows with unusual "international" objets d'art and the start of spring (I saw a black tulip today at the Palais Royal) is conducive to the all over pleasant mood. How I wish you could experience the beauty of the buildings, the bridges and the calm proportions of Paris.*

*Ek voel soms of ek twee harte het. The one here, where our ancestors came from and the other there in Africa where they went to.*

*Hoe gaan dit met Moeder en Vader? Ek het lanklaas van hulle gehoor. Almal is bekommerd oor die inname van Bloemfontein, maar trots op Christiaan de Wet wat die Tommies so ontglip.*

*Dra my groete oor aan Miriam.*

*Jou liefhebbende broer*

*Paul*

Paul skuif sy kom koffie eenkant toe om die brief weer te lees. Hy vou die bladsye netjies in drie voordat hy dit in 'n koevert sit. Gisteraand het hy nie die moed gehad om vir Isabeau van Monique te vertel nie en het dit ook nie vanoggend gedoen nie.

Monique het in elk geval weer verdwyn en laas nag glad nie huis toe gekom nie, iets wat nou gereeld gebeur. Seker weer na daardie danssaal met die hoop dat sy deur die skewe klein dwerg Toulouse-Lautrec geskilder gaan word. Of om aan die flambojante Bruant se lippe te kan hang. Sébi se vermaning oor Monique bly in sy kop maal.

Met die brief in sy binnesak, klim hy op sy fiets om te gaan kyk na die finale werk aan die groot nuwe brug. Die skielike, ongewone hitte op sy rug laat hom glimlag terwyl hy by die bult afry. Noudat die werk só ver is, is dit die eerste Sondag wat hy op sy eie tyd kan gaan rondry soos hy wil. Hoekom sien hy vandag eers soveel tulpe en affodille raak? Hy onthou dat hy nagelaat het om vir Isabeau te sê om weer Dumas se boek *La tulipe noire* te lees. Hy wou eintlik nog so baie vir haar vertel het – hoe die dae al langer word en die lug blouer.

Die pawiljoene aan die oorkant van die rivier trek Paul se aandag effe van sy innerlike verdeeldheid af. Feitlik almal van hulle lyk klaar voorbereid op die opening oor twee weke. Die kastaiingbome langs die twee oewers van die rivier het al 'n ligte groen skynsel. Die somer is op pad.

Paul maak sy fiets staan teen die rand van die onklaar brug se relings. Indrukwekkende lampe is al in die middel aangebring, maar die vier perde-standbeelde vir die pilare staan nog langs die brug en wag om geïnstalleer te word. Hy stap na 'n kunstenaar toe wat die blaargoud op een perd se vlerk voltooi. Stuk vir stuk plak die man met groot sorg bladjes goud aan die rondings en voue.

“Is dit u wat die koepels in Moskou versier het?” probeer Paul ’n geselsie aanknoop. Die man verstaan duidelik nie ’n woord Frans nie.

Terwyl hy gebukkend probeer kyk na die beelde, kom iemand met ’n dik, lang jas voor hom staan. Paul strek homself op en kyk reguit in ’n groot bebaarde man se donker oë.

“Bonjour,” sê die man in ’n diep basstem en steek sy hand uit.

“Bonjour,” beantwoord Paul hom met ’n bladskud. “Roux,” voeg hy.

“Nikolai Iwanowitsj Artisjof,” bulder die man en lag hard uit sy maag. “Waar kom u vandaan? België? U is groter as die Franse.”

“Die Suid-Afrikaanse Republiek,” sê Paul met trots. “Ek kan hoor u is Russies.”

“Dan is u seker ’n Boer?” vra die Rus vir Paul. Hy spreek “Boer” soos die Franse “Boe-her” uit. “Ek het gehoor julle Boere is groot soos ons Russe en het Franse name.”

“Ja ek is. Ons het ’n pawiljoen by die Trocadéro.”

“Ek is hier vir die Frans-Russiese Alliansie. Gevestig deur Alexandre III,” sê die Rus terwyl hy na die brug beduie. “Van ons mense gaan glo help met dokters en ambulanse in jul oorlog. Ons is aan julle kant.”

“Dit sal help. Dinge lyk nie te goed nie.”

“Ons het baie om oor te gesels. Kom, kom ons gaan eet in Saint Germain. Dis net ’n lekker ent se stap.”

“Ek het die goudblad vir die beelde geskenk!” sê Nikolai hard terwyl hulle oor die brug na die linkeroewer toe aanstap, Paul met sy fiets aan die eenkant. “Was jy al by ons pawiljoen?”

“Ja, eergister. Dit is indrukwekkend, veral die uitstalling oor die luukse Trans-Siberiese Ekspres. En die skilderye.” Paul kom agter dat hy sonder seremonie al ge-“jy” word. Die Russe is seker maar informeel soos ons, besluit hy.

“Rusland is die grootste Moeder,” verklaar die man vir almal om te hoor.

“*Mon préféré! Le Lipp!*” basuin Nikolai toe hulle by die ingang van ’n restaurant instap. Paul sien dis oorkant die Café de Flore waar hy sy eerste ete in Parys gehad het. Die kelner kyk skeef na Paul se fiets, maar dis duidelik dat die Rus ’n bekende in die brasserie is. Hulle word na ’n aparte tafel langs ’n venster op die sypaadjie geneem. Nie moderne *art nouveau* nie, let Paul op toe hy na die lampe kyk, maar die wandspieëls tussen houtrame is so mooi dat hy eers bly staan om om hom te kyk.

“Ken jy Hector Guimard se *art nouveau*-huise in Auteuil?” vra hy vir Nikolai, maar dié hoor hom glad nie.

Toe Paul by hom gaan sit, slaan die Rus met mening op die tafel en bestel absint.

“Die Russe is terug,” hoor Paul een kelner vir ’n ander fluister.

“Is dit nie bietjie vroeg in die dag hiervoor nie?” vra Paul toe die bolglase met silwer lepels flink voor hulle neergesit word.

“Nooit! Nie vir ons Russe nie en jy lyk sterk genoeg daarvoor. Julle Boere is dan bekend vir jul krag.”

Onwillekeurig kom die gevolg van sy eerste kennismaking met die groen fee by Paul op. Dat hy daarsonder waarskynlik nie in die penarie met Monique sou gewees het nie, is die noodwendige gedagte. Maar hy skuif dit gou opsy.

“Is die vroue in jou land so mooi soos hier in Parys?” vra Nikolai terwyl hy die mense in die eetplek deurkyk.

“Mooier en beslis stemmiger.” Paul gebruik die Franse woord “*serieux*”. Hy dink aan sy ma as hy begin vertel hoe hardwerkend vrouens by die huis is — seker soos in Rusland, maar dit val op dowe ore.

“Nee, ek hou van hulle so wild soos hierso. As ek so elke vier maande hierheen kom vir my sakebelange, het ek wonderlike tye. Wonderlike nagte. Parys lééf sonder konvensies!”

“Ek vind dit slegs op Montmartre. Vir die res is Parys vol konvensies,” verskil Paul van Nikolai.

“Hoe lank is jy al hier? Jy ken seker nog net nie die stad nie!” bulder Nikolai weer. Voor Paul sy eerste sopie drank halfpad deur die suikerblokkie laat afsak het, trek Nikolai al by sy derde.

“*Pot-au-feu!*” is die volgende bestelling wat hy luidkeels gebied.

’n Diep bord word voor elkeen neergesit. Die stoom uit die borde laat Paul en Nikolai gelyk afbuig om die geur van die vleis en groente goed in te adem. Ewe geesdriftig doop die twee stuk vir stuk snye brood in die souserige bredie waarvan nog twee keer bestel word.

Teen die tyd dat hulle die restaurant verlaat, het Nikolai al vir almal – willig en onwillig — soos ’n Kosak gesing, gedans en Paul tot sy broeder verklaar.

Slingerend en singend loop die twee op die sypaadjie van die boulevard af. Paul sing later in Russies en Nikolai in Afrikaans. Ná ’n ent draai die Rus by ’n Sjinese winkel in, opsluit om ’n wandelstok te kry. Die Sjinees bring vinnig ’n ivoorstok met ’n draakkop as handvatsel uit ’n agterkamer en Nikolai wil hom doodlag toe Paul hom die woord “kierie” leer. Hulle lag so hard dat mense uit die straat inloer. Die Sjinees, met ’n



yl baardjie wat weerskante van sy ken afhang, beduie met sy kaalkop na die kamer agter die gordyn. Paul is nuuskierig, maar die Rus trek hom weg. Met 'n ge-*“njet-njet”* verduidelik hy van iets wat net moeilikheid beteken, maar Paul is al weer aan die sing.

“Ons kan nou maar netsowel aanhou kuier, broer, dis mos 'n afdag en my meisie loop rond of lê rond of kruip rond of rol rond.” Paul wil hom doodlag vir sy eie rollende r'e en flou grappie en die Rus lag hartlik saam, al verstaan hy niks. Hulle stap raserig verder van kuierplek tot kuierplek. Monique se wegblyery en sy fiets is skoon uit Paul se gedagtes uit.

## Hoofstuk 10

Talle groot houtkrate staan op die Z.A.R. se perseel tussen die pawiljoen, die goudmynvoorstelling en die Boerehuis rond. Strooi peul uit dié wat al oopgemaak is en werkers skarrel om opgestopte diere, voëls, velle, skilde en wat nog uit die Staatsmuseum se krate in te dra. Op 'n ander plek is mense besig met stapels boeke en foto's wat by die onderwysuitstalling moet hang. Die borsbeeld van President Kruger het klaar sy ere-plek binne-in. Paul kyk rond na die baie nuwe gesigte wat saam met die vrag aangekom het, maar is haastig om alles vir die Boerehuis bymekaar te sit en groet die mense net op 'n afstand.

Toe hy nog 'n gemerkte krat vir die “*Annexe*” oopding, hoor hy die bulderstem van Nikolai Artisjof. Hy kyk verbaas op. Nou die dag se skielike broederskap het hy bloot aan die oordadige absint-drinkery toegeskryf en hom glad nie hier verwag nie.

“Ek kom kyk wat jy hier maak. Ek wil meer van julle mense weet.”

“Wat is dit?” wys hy met die punt van sy kiere na iemand met regte veldklere en 'n bandolier om die lyf. “Dis mos nie oorlog hier in Parys nie?” Hy gee 'n bulderende lag.

“Môre, Nikolai. Dis hoe ons mense gelyk het toe hulle die Britte 'n paar jaar terug gewen het. Hierdie mense het pas hier aangekom en dit is dalk net goed om te wys dat ons vegters nie soldate is wat uniforms of geld kry nie.”

Paul draai vererg om en gaan gebukkend voort om plaasimplimente op sy lys te merk. “Verskoon my, ons is onder druk.” Dit is maar goed die Rus maak nie 'n aanmerking oor Martinus Ras van Brits se tuisgemaakte kanon en die Mauser met vyf

koeëls nie. Paul staan self effe verbaas teenoor van die Boere se ongekunsteldheid, maar sy gedagtes is nou meer by die regkry van die perseel as iets anders.

Half ongedurig stap hy aan na die Boerehuis toe om te kyk hoe die binnemure lyk wat die vorige dag eers afgekalk is, sodat die meubels wat buite rondstaan, ingedra kan word. Die riempiesbank en -stoele, die serfyntjie, die baldakynbed, die wakies met die linne en die veldstoeltjies staan al en wag by die klein voordeur.

Toe iemand vir Paul 'n paar karosse aandra, kry hy 'n reuk wat hom aan die seunskamer op die plaas laat dink. Hy is besig om die velle op die grondvloer te rangskik toe hy die Rus weer buite hoor. “Ag nee verdomp ek is nie nou lus vir praatjies nie,” sê hy eenkant toe.

Die Voortrekker Almanak moet 'n ereplek kry en Paul volg doktor Gunning se voorskrif noukeurig met die ophang daarvan. Die plank met die sewe dwars gaatjies en twee vertikale rye – een met een-en-dertig en een met twaalf gate -- lyk reg. Die drie stokkies om die dag, datum en maand mee aan te dui, is netjies bygebind.

Nikolai kom bukkend om by die lae deur in.

“Is dit al wat julle het om te wys? Dis maar eenvoudig teen ons pawiljoen,” sê hy smalend.

“Wel, ek stel voor dat jy na die goudmyn gaan kyk. Dit sal jou miskien meer interesseer - jy is mos so met goud deurmekaar,” antwoord Paul vererg. “Ons het 'n paar jaar terug al honderd-vyf-entagtig goudmyne gehad.” Hy is gewoon te besig om verder te gesels, en hy verstaan nie die snedigheid van die man nie. Nou die dag was hy so opgetrek met die Boere.

“Monsieur Heubes!” roep Nikolai skielik joviaal toe hy agter Paul aan buitentoe toe loop, net toe Paul hom wil vertel hoe hy sy fiets by ’n skut moes gaan afpleit. Heubes trek sy rug agteroor om die Rus in die oë te kan kyk.

“Monsieur Artisjof! *Comment allez vous?*” Hy steek ’n sagte hand uit om met mening deur die robuuste man geskud te word.

“Wat bring u na Parys? Die brug?”

“Ja, én die Frans-Russiese Alliansie.”

Heubes staan skuins agter Nikolai na Paul en kyk. Terwyl Paul wonder waar die man vir Nikolai teëgekomp het, besef hy dat Heubes seker dieselfde vraag het.

“Monsieur Heubes en ek het al op ’n persoonlike vlak ontmoet en ook omdat ek as ingenieur hier gewerk het. ’n Hele paar keer, trouens,” sê Nikolai terwyl hy na Paul kyk. Dan draai hy na Heubes toe: “Ek en monsieur Roux het mekaar Sondag per toeval op die Alexandre III-brug ontmoet”.

Heubes kyk half verskonend na Paul, roer sy skouers net effens en mompel met ’n wegdraai dat hy ’n plek vir die ongemaklike groot Ras-kanon wil kry.

“Kom Paul, kom ons gaan eet en drink!” Die voorbarigheid van voornaamterme sal vir Heubes sekerlik vreemd wees, dink Paul.

“Dankie Nikolai, maar vandag kan ek nie. Ek het baie werk en herstel nou nog van Sondag.” Hy skaam hom oor hoe hulle twee dronker en dronker geword het totdat Nikolai hom met ’n groot gedruis middernag voor die gebou op Rue Lépic gegroet het.

“Sal ek jou Vrydagaand sien by die Moulin de la Galette se bal?”

Paul onthou nou dat Monique ook van die bal gepraat het. Vir die aankomende lente, glo, en volgens haar so jolig dat mense tot in die straat dans. Hy het nogal, toe sy daarvan gepraat het, gewonder of sy weer 'n spektakel van haarself gaan maak.

“Miskien. Net as my werk afgehandel is.”

“Nee jy móét kom,” groet Nikolai terwyl hy draai om saam met Heubes te stap.

“Onthou dat jy 'n foto van die geëerde kolonel de Villebois-Mareuil in die Boerehuis moet ophang,” sê Heubes oor sy skouer vir Paul. Die Franse is trots op hom. De Villebois-Mareuil se broer was toevallig nou die dag by die kantoor toe Paul daar was.

“Ek kry geen nuus meer van my broer nie,” het hy moedeloos gesê. “Waarvoor moes hy tog na die woesteny toe gaan en tussen sulke wilde mense leef!”

Sy gebruik van die woord “*sauvages*” het Paul nogal aanstoot gegee, maar Pierson het hom verseker dit klink erger as wat die bedoeling is. Vir almal van hulle min wetend dat die nuus van De Villebois-Mareuil se helde-dood by Boshoff net daarna per telegram ontvang sou word.

“Die Engelse Methuen se vertoon met sy begrafnis was blote politiek,” gooi Nikolai uit sy beurt van die kant af in. “Dit was bloot om die Frans-Russiese Alliansie 'n steek te gee.”

\* \* \* \*

Paul slaap diep toe Monique hom in die na-nag wakker skud en van die kateltjie af optrek.

“Staan op, ek het iets vir jou!” Haar haredos lyk nog wilder en haar klere nog slordiger as gewoonlik. Haar oë het ’n snaakse uitdrukking. Hierdie is nie die Monique wat sy voete so onder hom uitgeslaan het nie. Tot haar stem klink vreemd.

Paul sak terug op die bed.

“Monique,” begin hy gedemp. “Waarheen verdwyn jy elke nag?”

Sonder om hom te antwoord, gooi sy ’n opgerolde stuk linne voor hom oop. ’n Hele paar ou kwasse val uit die rol, asook ’n paar buisies verf wat al beter dae gesien het.

“Verf is duur en ek wil hê jy moet begin skilder. Kyk: genoeg primêre kleure waarmee jy solank kan wegspring.”

Paul vererg hom so dat hy opspring en haar aan die arm gryp: “Waar wás jy?”

“Dit het niks met jou te make nie. As jy argiteksplanne kan teken, Paul, kan jy tog skilder ook. Jy leef dan nou tussen kunstenaars en jy lyk al soos een. Daar is alreeds genoeg inspirasie hier om jou.” Haar stem raak al hoër.

Nou het Paul haar aan albei arms beet en begin haar skud: “Ek is nie ’n kunstenaar nie. Antwoord my, vroumens!”

“Nou goed dan,” sê Monique terwyl sy haar losruk. “By iemand wat nog baie beroemd gaan raak. Iemand vir wie ek poseer. En ek het dit met moeite vir jou vasgelê!” Sy wil-wil huil.

“O regtig!” Paul is woedend. “Ek dag ons is saam! Vergoed hierdie kwassies en buisies vir jou verdwynings?” Hy skree nou so hard dat bure teen die mure begin hamer.

“Bloot die suurstof wat jy hier inkry, is kreatief. Die geure, klanke en kleure is in harmonie!” gil Monique met swaaiende arms. “Jy móét werk!”

“Monique, jy is nie oorspronklik nie, dis Baudelaire. Ek is nou bemoerd. Ek gaan nou wragtig loop!” Paul begin onder die bed na sy skoene te soek.

Tegelyk verbaas en afgehaal kyk sy hom aan, ruk haar om, gooi haar tjalie teatraal om haar skouers en gaan staan by die deur: “Jy sal nog moet verstaan dat dit is wat met ’n mens in Parys gebeur: jou sinne begin ander kwessies oorheers. Onthou die bal Vrydagaand by die Galette hiernaby.” Sy klap die deur agter haar toe.

Dit kan sy weer sê, dink Paul, toe hy sprakeloos bly staan. Haar sinne oorheers alle lojaliteit en sy sinne oorheers sy opvoeding. Óf sy laat die bloed deur sy are druis as sy so driftig en wild is, óf hy voel of hy haar iets kan aandoen. Hy steek sy pyp op en staan lank by die venster en uitkyk om kalm te word.

Die geure, klanke en kleure waarvan Monique en Baudelaire praat, is hier miskien inspirerend, maar by die huis is dit bloot ’n teken van mismoed, misverstand en leed.

## Hoofstuk 11

Dis al amper donker toe Paul na Sébastien roep waar hy nog doenig is bo-op die dak van van die hoofpawiljoen. Hy is besig om die klomp torinkies reg te kry vir die vlae wat vir die opening moet wapper. Ses vierkleure wat hier in Parys gemaak is. Dit is nog net 'n week voor die opening en dit lyk of die Zuid-Afrikaanse Republiek se uitstalling in plek sal wees.

“Sébi, kom jy later saam na die bal toe daar by die Galette-meul?”

“Ek het die groot plakkate gesien, maar gewonder of ek lus het,” sê hy terwyl hy versigtig afklim. “Hoe lyk al die ysterwerk vir jou? Die ander pawiljoene s'n is klaar en hierdie is nou die laaste. Ek hoop my pa sal kan kom kyk.”

“Jy kan trots wees. Hoe lyk die pawiljoen nou vir jou?” Op die steiers beweeg verwers met lampe rond om die balkonralies en die “Italiaanse” vensters op die boonste verdieping af te rond. “Die tierlantyntjies hinder my nog steeds. Ek weet hulle wou 'n indruk van welvaart met dié eklektiese sameflansing skep, maar dit kan van enige land af wees.”

“Jy het darem die Boerhuis. Jy glo dan dit lyk reg.”

“Ja, tog. Hoewel die klip en die riet anders lyk, is die gevoel binne goed.” Paul kyk weer na die pawiljoen: “As die vlae wapper, sal dit seker feestelik lyk. Kom saam, toe, ons het hard gewerk vandag. Ek sien in elk geval so min van Monique dat sy haar seker nie eens aan my sal steur nie. Mistinguett gaan glo sing. Ek kry jou daar, ek moet met die fiets terug Montmartre toe.”

Dit wás 'n harde dag en 'n harde week. Dinge is so-te-sê in orde. Die perseel is uiteindelik sonder hope grond en stene en die menigte artikels vir die verskillende



uitstallings het hul plek gekry. Die middelpunt van die binnekant van die pawiljoen is die borsbeeld van Paul Kruger. Die biblioteekuitstalling is netjies. Paul het gewonder of die “Belijdenis Skriften van de Nederduits Hervormde Kerk van die Z.A.R” so prominent op ’n wêreldskou hoef te wees, maar aanvaar dat dit seker deel van die president en die mense om hom is.

Almal moes inspring en selfs Heubes het sy posisie effe vergeet en rondgedra aan boeke, bokhorings en hy het daarop aangedring om die model van ’n ossewa self op te stel. Vir die huide van diere het hy egter gegril en Paul het dit veral geniet hoe hy die seekoeivel aangegaap het. Die stomme man het seker nog nooit ’n groter dier as ’n hond gesien nie, het hy besef. Heubes het tuiser gelyk in die hantering van die Z.A.R-possesieversameling en Transvaalse munte.

Toe Paul vir oulaas ’n draai deur die hoofpawiljoen stap, staan die statige doktor Mansvelt trots en kyk na sy handewerk by die onderwysuitstalling.

“My gelukwensings, Doktor,” sê Paul aan die statige Mansvelt toe hy vir oulaas deur die pawiljoen stap. “U uitstalling is indrukwekkend en deeglik. Ek het self nie geweet daar is soveel goed georganiseerde skole in die Transvaalse goudvelde nie.”

“Seker ook nie dat daar amper vyftien-duisend kinders op skool is nie?” Doktor Mansvelt gaan staan weer voor die kaarte, boeke, tabelle, en foto’s. “Wat dit betref, glo ek die Z.A.R. steek nie af by ander deelnemers nie. Kyk hoe goed lyk hierdie plattelandse skool naby Pietersburg.” Paul het aanvanklik sleg gevoel dat S.J. du Toit van die Kaap vir Mansvelt moes plekmaak as hoof van onderwys omdat hy “te Afrikaans” was, maar dit is duidelik dat dié ’n toegewyde kenner is.

Soos wat Paul verwag het, is Monique nie tuis toe hy in die dakkamer kom nie. Die klein vertrekkie lê bestrooi van serpe, skoene en handskoene en mens kan kwalik die smal katel onder die hoop klere uitmaak. Klaarblyklik kon sy nie besluit wat om aan te trek nie en het ook nie vir hom gewag nie. Langs die waskom op die tafeltjie staan ‘n halwe bottel kruiewyn.

Moedeloos haal Paul sy jas van ‘n muurhaak af en trek die deur agter hom toe. Dit is ‘n klug om so te leef, dink hy toe hy die trap afstap. Nou is ons regtig Montmartrois wat met leë drama rigtingloos voortploeter.

Sébastien leun lui teen ‘n lamppaal so ‘n ent weg van die meul af toe Paul daar aankom. Agter hom is ‘n menigte aan die maal en vrolike klanke styg van oral af op.

“Sébi!” roep hy. “Ek het nie gedink hier gaan sóveel mense wees nie!”

“Ja, *le tout Paris* is hier. Die hele ou dekadente spul. Ek het gehoor Jane Avril gaan ook dans. Jy weet, die een van die Lautrec-plakkate.”

“O, die rooikop? Hopelik sal Monique dit dan nie waag nie. Kom ons gaan kry ‘n glas en raak vrolik. Ek het dit nodig.”

“Ken jy die storie van hierdie meul?” vra Sébastien terwyl hulle na die restaurant toe aanstap. “Die meulenaar Galette en sy drie broers het die meul in 1814 teen die Kosakke verdedig en toe is een van die broers aan ‘n suil gekruisig om as ‘n les te dien. Die oudste broer het oorleef en dit is sy seun wat hierdie plek in ‘n *guingette*, ‘n kuierplek, omskep het. Ek het ook honger en dors, kom ons gaan in.”

Paul en Sébastien kry plek aan ‘n tafel by mense wat om ‘n paar bottels absint en ‘n waterpyp kuier. Die plek raak vinnig voller en die plesierigheid al hoe harder. Die

ongewone klanke van die klavier se kant af laat die mense 'n minuut lank stil word, dan spring 'n paar mense op, gryp mekaar om die lyf en begin tussen die tafels deur dans.

“Scott Joplin,” sê Sébastien op sy non-chalante manier. “Maple Leaf Rag. Het jy dit nog nie gehoor nie? Dit kom uit Amerika en 'n mens kan sulke rolle koop vir die pianola.”

“Nee. Ek kan jou verseker dit is nog nie in Pretoria gespeel nie, dalk Johannesburg. Wat is die pianola?” Waar kry Sébi tyd om altyd van als te weet? Paul voel self lus om te dans op maat van die vrolike, ligte spel wat die klavierspeler heen en weer laat wip op sy stoeltjie.

“'n Pianola is 'n piano wat self speel met rolle wat jy binne-in plaas. Die musiek is met klein metaalpuntjies daarop uitgemerk en soos die rol draai, raak dit die agterkante van die klawers. Koningin Victoria het glo pas een gekoop, maar ek kan nie dink dat sy van hierdie soort musiek sal hou nie.”

'n Fyn meisie klim op die verhoog. Vere is hoog op haar kop gestapel en haar groot oë en wye glimlag is opvallend.

“Aah, hier is die ster van die Moulin Rouge nou. Is sy nie oulik nie! *La Mignonne Mistinguett*.” Sébi glimlag van oor tot oor.

Die jolige atmosfeer raak meesleurend. Die manier waarop sy haar lyf beweeg, die wys van 'n bietjie been nou en dan en die hoërige stem roer 'n snaar in die man, merk Paul. Hy loer na Sébi wat sy oë nie van haar kan afhou nie.

“Ek weet sy het nie veel van 'n stem nie,” sê Sebi, maar skree kliphard “*Ça c'est Paris!*” saam met die res van die gehoor en gooi ook sy arms in die lug en fluit wild toe die sangeres 'n aanskoulike, slanke been onder haar rok uitlig.

Die musikante begin tussen die tafels rondloop met hul instrumente, die drank vloei en die groeiende skare raserig. Hy merk op dat daar is selfs 'n paar stywerugmense van die bourgeoisie tussen die Boheme rondbeweeg en lyk of hulle dit geniet. Hy wonder of dit Nikolai is wat hy eenkant op sy kiere sien leun, maar daar is net te veel mense om duidelik te sien. Toe die man nie op sy wuif reageer nie, neem Paul aan dat dit iemand anders is wat deel is van die groepie ernstige mense wat agter hom staan.

Toe die sangeres onder groot protes van die verhogie afklim, hoor Paul die eerste note van Offenbach se Galop wat net een ding kan voorspel. Hy ys dat Monique haarself gaan kom bespotlik maak. Hy kyk na Sébi wat met 'n wyse glimlag vir hom knik. Albei is verlig toe die meer beroemde rooikop Jane Avril met 'n gil en 'n paar bollemakiesies op die verhoog beland.

“Daardie vlees is al moeg,” sê Sébi en Paul moet instemmend lag. Dit lyk of die vrou nie 'n werwel in haar lyf het nie en sy spring en tol en val op die vloer en gil en wys haar *derrière* tot almal se groot genot, maar die spore op haar gesig vertel van 'n veeleisende lewe.

Paul raak net aan die gedagte dat dit natuurlik die model is waarop Monique haarself skoei, toe Monique van die kant af met 'n bloedstollende gil op die verhoog spring. Hy kan sien dat sy haar mondering uit haar vreemde klerekas saamgeflans het en sy lyk ook goed aangeklam. Paul wil net weg, maar sy vriend druk hom terug op sy stoel. So asof hy wil sê “jy wou mos”.

Nog twee danseresse kom op die verhoog en skop ritmies hoog agter Jane Avril. Monique wil nie op die agtergrond bly nie en beur aanmekaar vorentoe. Mans uit die gehoor begin haar te koggel, maar niks stuit haar om toertjies te probeer uithaal nie.

Sy val 'n slag plat op die vloer en toe sy orent kom, kyk sy Paul in die oë. Sy strompel van die verhoog af en nes die aand toe hy haar ontmoet het, tuimel sy op Paul se skoot af en gooi haar arms om sy nek. Soos wat hy haar probeer wegdruk, voel hy hoe stukkend haar swart handskoene is.

“Paul, *mon homme*,” kreun sy. Sy tuit haar rooigesmeerde lippe. In sy verleentheid wens Paul Sébi wil help, maar dié maak homself uit die voete. Hy keer dat Monique nie van sy skoot af op die vloer val nie, maar wil haar ook nie op sy skoot hê nie. Die spektakel ontlok al hoe meer gelag en Paul wens hy kan onder die vloer in verdwyn. Hy besef ook nou eers hoekom die man wat hy destyds geslaan het, haar as “*vulgaire*” bestempel het.

Vanuit die nuuskierige, hekelende skare staan Nikolai skielik voor hulle. Dit was toe hy wat daar gestaan het, besef Paul. Hy lyk nog rooier in die gesig as Paul. Hy waai sy kerie en basuin iets uit, maar die lawaai is te veel om hom te kan hoor. Toe Monique nog 'n slag Paul se naam roep, ruk die Rus haar aan haar een arm op en sleep haar al gillend weg met 'n string Russiese woorde. Aan die toon kan Paul aflei dat dit beledigings is.

Die eenaar van die Galette hardloop agter die petalje aan. “Die Kosakke is weer hier, die Kosakke wat my oom gekruisig het! Red die arme *lorette*!”

Paul lig hom uit sy stoel, mar gaan sit weer. Nikolai wou my seker net help, maar is dit nie te kras nie? Hy is só gebelg en verleë dat hy stil onder die rumoerigheid uitsluip. Terug huis toe.

Dit is met diep verligting dat hy al verder van die lawaai af wegkom. Stadig klim Paul die trappe uit wat na Rue Lépic toe lei. Bo gekom, gaan sit hy op sy geliefkoosde

bankie wat oor die stad uitkyk. Hy slaan hy sy jaskraag op en trek diep aan sy pyp terwyl hy ver tuur. In die wolklose nag lê die grote Parys in 'n sagte glans. Hy bly eerder net hier sit en kyk, besluit hy, as om na 'n huis toe te gaan wat nie 'n tuiste is nie.

'n Paar dronk kunstenaars wat seker ook van die bal af kom, loop singend by hom verby. “*À la Bastille on aime bien Nini peau de chien,*” sing hulle soos Mistinguett en lag as hulle elke nou en dan hard sekere woorde uitskree. Dit lyk of hulle na die Bateau Lavoisier toe stap waar hulle seker loseer. Een van die mans met 'n swart baard kyk na Paul asof hy hom herken as die gek wat met Monique deurmekaar is, maar miskien verbeel hy hom net.

Hy bly lank so sit terwyl gedagtes teenmekaar deur sy kop voortjaag. Waar sou Nikolai haar heen geneem het? Moe shy nie agter hulle aangegaan het nie? Sou die Rus haar ken of was dit bloot om hom, Paul, uit sy verleentheid te red? Paul onthou toe dat Nikolai en Heubes mekaar ken. Dit moet blote toeval wees, want Monique en haar ouers het niks met mekaar te make nie. Hy is te beskroomd om verder te dink.

Toe hy ure later uiteindelik in die deurmekaar dakkamer kom, is Monique nie daar nie. Hy begin metodies sy besittings bymekaarmaak. Sy paar kledingstukke, die rol planne van die pawiljoen en Boerehuisie en sy dassievelsakkie kom maklik in sy seilsak. Môme vroeg is ek hier uit. Monique sal in ieder geval eers in die vroegdag tuis kom soos haar gewente in die laaste tyd is.

## Hoofstuk 12

“Paul, Paul!” ruk Sébastien Faure se stem hom uit sy diepe slaap. Hy lig sy kop van die seilsak af op. Hy het nie eens die hardheid van die vloer gevoel nie, so diep was sy ontvlugting.

“Staan op! Trek jou aan! Ons het ’n groot probleem!” Sébastien klink heel teen sy aard in ontstig.

Paul kyk beneweld om hom rond. Sébastien was gaaf genoeg om hom die vorige dag slaapplek te gee ná hy uit die dakkamer getrek het. Hulle het gisteraand weer te veel gedrink. Hy het sy lot teenoor Sébi bekla en dié het op Paul se hart gedruk dat wat Monique betref, hy swak oordeel gehad het en dat hy wat Sébi is, hom gewaarsku het.

“Paul!” roep hy dié keer nog harder. “Monsieur Heubes is hier buite en hy wil jou sien!”

“Wat? Brand die pawiljoen? Is daar fout by die Boerehuis? Ag nee, die opening is volgende Saterdag!”

“Nee, erger. Véél erger. Sit regop.”

Paul skrik homself nugter wakker.

“Monique is dood, Paul. Jy sal jouself nou moet regruk.”

“Wááát?” Paul kom uiteindelik orent en probeer om die broek wat langs hom op die vloer lê, aan te kry.

“Hulle het haar liggaam vanoggend gekry.”

Paul sien sy gesig in die gemufde spieël bokant die waskom. Spierwit. Hy probeer was, maar bewe só dat hy net sy hande aan sy broek afvee terwyl hy agter

Sébastien aan by die deur uitstap. Hy voel te stom om die vrae wat deur sy kop jaag, te vra. Monique dood? Hoekom? Hoe? Waar? Wanneer?

Buite die ingang staan Heubes met twee polisiemanne weerskante van hom, een lank en een kort. Die drie mans gluur aggressief na Paul terwyl hy vlugtig wonder hoe Heubes hom en Monique bymekaar kry as hy niks van hul verhouding af geweet het nie. Monique dood? Nee, dis nie moontlik nie.

“U is onder arres vir die moord van mademoiselle Monique Heubes,” sê die kortste polisieman. “Kom saam met ons.”

Die man haal ’n stel boeie uit en slaan dit hardhandig om Paul, wat hulle oopmond staan en aangaap, se polse. Die polisieman du hom met ’n staf in sy rug vorentoe.

“Wag asseblief ’n oomblik! Ek? Moord? Op Monique? Hoe kan julle so iets dink?”

“Ja, monsieur Roux,” sê Heubes, wat self wit in die gesig lyk.

“Ek weet van u en Monique. Sy het haar ma vertel. En ons het gehoor dat julle eergisteraand saam by die Moulin de la Galette was.”

Paul loop rukkerig in die rigting waarin hy gestuur word.

“Maar sy is daar weg met Nikolai Artisjof!” Sy protes val op dowe ore en Sébi loop agter hulle.

“Hoor julle nie wat ek sê nie? Sy is saam met ’n ander man weg. ’n Groot Rus. Sy was op die verhoog en wou *can-can*.” Hy wil nie voor Heubes vertel hoe ’n spektakel sy van haarself gemaak het nie.



“Sébastien, my Frans is nie goed genoeg vir hierdie soort gesprek nie,” roep Paul oor sy skouer. “Jy sal móét help.”

“Faure hierso het ons gesê dat u gistermiddag in ’n bedremmelde toestand by hom aangekom het. Dit lyk asof sy Vrydagnag vermoor is. Niemand weet waar u intussen was nie. En basta nou. Bly stil.” Paul voel weer die staf in sy ribbes.

Heubes loop hangskouer op die grond voor hom en kyk terwyl hy konstant “*quelle horreur, quelle horreur,*” prewel.

Ja, jou ou Farisieër, wil Paul eintlik vir hom skree. Dis julle skuld dat Monique so losbandig geraak het.

Wanneer hulle by ’n polisiekantoor aankom, word hulle in ’n klein kamertjie ingedwing -- Paul, tesame met Sébi en Heubes. Heubes en Sébi kry stoele om op te sit en Paul word teen die muur gedruk.

Hy wonder dadelik: Hoe gaan ek myself verdedig as hulle klaar besluit het dis ek?

Sébastien staan genadiglik op en bied aan om te help verduidelik toe hy sien dat Paul se beskrywing van hoe Nikolai Monique aan die arm gegryp en weggesleep het, geen indruk op Heubes maak nie.

“Artisjof is ’n gerespekteerde man van die Frans-Russiese Alliansie en ’n bekende ingenieur in Sint Petersburg,” hou hy vol.

“My vriend Paul Roux is ook ’n gerespekteerde man en ek was saam met hom by die Galette totdat Monique voor ons weggeneem is,” sê Sébastien Faure.

“Ja, maar in daardie land is die mense wild,” sê Heubes. Hy gebruik ook die woord “*sauvage*” soos De Villebois-Mareuil se broer nou die dag. Paul neem weer erg aanstoot, want dit klink soos “barbaars”. Ek werk al langer as drie maande saam met die

man en dis wat hy dink? Maar hy bly gedweë, want sy maag trek op 'n knop en hy is bang hy word naar as hy praat. Die vorige nag se klomp drank sit in sy keel.

Die langer offisier gaan sit by 'n tafeltjie, doop 'n pen in 'n inkpotjie en begin om 'n ellelange vorm noukeurig in te vul. Paul antwoord ongeduldig op die vrae en sien hoe Heubes geskok opkyk toe hy sy laaste adres as dié van Monique opgee. Dit het sy haar ma seker nie vertel nie.

“Kan iemand asseblief tog vir my van Monique vertel?” probeer Paul weer.

Die offisier skryf eers weer 'n paar reëls voordat hy na sy maat opkyk.

“Haar keel is afgesny met 'n dun, lang lem. 'n Kris met 'n draakkop het langs haar gelê.” Die kort polisieman kom staan feitlik teenaan Paul en kyk op: “*Comme ça!*” sê hy en trek sy een wysvinger dramaties oor sy keel om die daad te demonstreer.

“'n Kris? Ek weet dan nie eens wat dit is nie. Hoe kon ek haar vermoor het?”

“*La ferme!*” sê die skrywende polisieman bruske sonder om op te kyk. Hou jou mond, soos vir 'n kind.

“Waar het julle haar gekry?” vra Paul gedemp terwyl hy wegkyk.

“'n *Vagrant* het haar liggaam in die Cimitière de Montmartre gekry. Moenie maak of jy nie weet nie!” Die kort man staan weer nader en ruk Paul aan sy arm rond.

“Die begraafplaas?” Paul se stem raak al hoe driftiger. “Die begraafplaas? Asseblief, offisier, ek is weg by die Galette toe Artisjof vir Monique gedwing het om saam met hom te gaan. Ek was só verbaas en geskok dat ek reguit met die trappe op na Rue Lépic toe is. Ek het glad nie geweet hulle ken mekaar nie.”

“Die bakker se vrou sê jy het eers vroegoggend by die gebou ingestrompel. Waar was jy die hele nag?”

“Ek het op ’n bankie bo-op die trappe by Lépïc gesit. Ek was geskok. Ek wou asem skep en dink. Dit was ook nie die hele nag nie.” So hulle het nou al van die buurt se mense ook betrek, dink hy.

“Waar in die begraafplaas?” vra Paul aan die polisieman. Van alle plekke. Om alles nog meer makaber te maak. Die gedagte dat Monique op so ’n grusame wyse dood is, laat hom sidder.

“*La ferme*, Roux! Monsieur Heubes, vertel jy hom.” Weer hou jou mond. Dié slag kom dit van die kort poliesmantjie wat die hele tyd rondtrap.

“Haar liggaam was uitgelê langs die graf van Marguerite Gautier.”

“Ek weet nie wie Marguerite Gautier was nie. Ek weet ook nog nie wat ’n kris is nie.” Paul kyk hulpeloos na Sébi.

“*La Dame aux Camélias* van Dumas. Die gevalle Violetta van Verdi se *La Traviata*.” Sébi praat geduldig met Paul. “’n Kris is ’n lang lem wat gewoonlik aan die bokant van ’n wandelstok inskuif.”

“Maar ek het nog nooit so ’n ding gesien nie, laat staan nog besit!” probeer Paul weer.

Die kort polisieman leun oor na die ander een toe en fluister iets vir hom. Paul kan niks van die Parys-dialek volg nie.

“Roux, jy sal hier moet bly,” sê die lange bars. “Jy is bowendien nog half beskonke. *Quelle tipe*.” Hy beduie met sy kop aan Sébastien en Heubes dat hulle moet loop.

“*Desolé*,” sê Paul verslae vir Heubes wat moeisaam opstaan. Hy bedoel dit. Hy is jammer. Oor baie dinge.

## Hoofstuk 13

Gebiedende stemme buite die sel laat Paul regop kom van die harde lêplek af. Hy swaai sy voete af en laat sy kop in sy hande sak. stank van die sel is onuithoudbaar. Dis of die klammigheid jare se ou sweet en urine in die mure vashou. Daar is nog net 'n paar druppels water in die blikbeker oor, nie eens genoeg om sy droë mond te laaf nie. Hy staan op, krap oral op sy lyf waar dit jeuk en gaan sit weer. Die praterij buite was seker vir nog iemand wat opgesluit word.

Twee nagte en 'n dag al het hy probeer teruggaan na die aanloop tot Vrydagaand toe: die vreemdheid van die ontmoeting met Nikolai Artisjof op die brug, hul gefuif en die besoek aan die sinistere Sjinese winkel om die kiere te koop, die feit dat die Rus en Heubes mekaar ken en dan die hardhandige opraping van Monique Vrydagaand.

Wat hom die meeste kwel, is waardeur Monique in haar laaste ure moes gegaan het. Dié mooie mens wat net gelukkig wou maak, hoe lomp haar pogings ookal was. Paul voel sleg dat hul afskeid in die kamer so onvriendelik was. Veral van sy kant af. Die wreedste is dat sy, wat so ligvoets wou leef, alleen tussen die koue grafstene moes eindig. Dalk het sy in die begraafplaas kom rondwaal en het daardie *vagrant* wat haar liggaam gekry het, haar vir geld vermoor. Die stukke wil net nie pas nie.

Die pawiljoene moet finaal op die skou se opening voorberei word en hier sit hy onskuldig met knellende gedagtes in 'n koue, kaal, stink polisiesel op Montmartre. En Monique is dood. Pierson sou seker nou al van die gebeure gehoor het. Erger nog, doktor Leyds, wat hierdie week vir die amptelike opening Parys toe moet kom, sal swaar sluk aan so 'n insident. Wat as dit by die Departement van Openbare Werke en die

hovaardige ou Wierda moet uitkom? Dalk het Sébi 'n prokureur gaan soek om hom te kom help of vir Pierson gaan verduidelik. Dalk het Heubes al tot insigte gekom. Hulle kan hom tog nie net hier los om te verrot nie. Hoe gaan hy onthou word?

Dis die kort polisieman wat die traliedeur oopsluit en vir hom 'n blikkommetjie vaal sop aangee.

“*Et alors!* Die wilde Boer lyk maar swak vanoggend. Eet die sop.” Weer die woord *sauvage* wat teen sy grein ingaan.

“Ek is geen moordenaar nie,” skree Paul deur die opening.

“*Oooh, ta gueule!*” skree die man en loop weg. Hou jou bek. “Ag joune ook, jou onregverdige ou stront,” skree Paul terug.

Paul neem een sluk van die vrot sop en is van voor af naar en gaan lê weer op die kateltjie. Hy skuif die gedagte aan die teleurstelling van sy familie vir eers opsy, want dis net te erg. Sy pa wat nog altyd net in die sweet van sy aanskyn gewerk het en sy sagsinnige ma sal nie eens hierdie wêreld verstaan nie, laat staan nog hul eie kind wat met sulke duistere dinge deurmekaar is.

“Nee, wás,” sê Paul hard. “As ek hier uitkom, ás ek hier uitkom, gaan dit anders wees.” Hy mag onskuldig wees oor die moord, maar dit is niemand anders se skuld dat hy tot hierdie vlak van mismoedigheid gedaal het nie.

Hy wonder of hy dinge nie te gou as toevallig afmaak nie. Dalk hét Artisjof vir Monique geken. Dalk hét die man hom met voorbedagte rade op die brug ontmoet.

Die seldeur deur word skielik met 'n geraas oopgesluit.

“Roux, hier wag iemand vir jou in die kantoor. Kom saam.” Dié slag is dit die lang offisier.

“Wie? Monsieur Heubes? Monsieur Faure?” vra Paul angstig in die hoek van die harde bed.

“Nee, ’n Groot Rus. Vreemde naam iets soos Araki of Akari.” Hy trek Paul op.

“Ek bly eerder in hierdie sel, dankie. Dis seker Artisjof. Dis die moordenaar en julle my vir hom gee!” Paul gaan lê weer en trek sy bene op. Ook om die waarheid te laat weggaan. “Julle wil my nie glo oor Artisjof nie.”

“Hou op sanik en kom nou.” Dié slag word hy hardhandig opgetrek en by die deur uitgeboender.

’n Groot man met ’n ruie baard en wenkbroue staan ongeduldig eenkant in die kantoor. Hy het ’n dik, rooi serp om sy nek. Paul hou op rem teen die polisieman se greep toe hy sien dis nie die Rus wat hy ken nie.

“Ons glo nou jou storie. Hierdie man het Artisjof Sondag naby die Russiese katedraal gevang. Hy wag glo al lank om hom in die hande te kry.”

“Arkadi,” stel hy homself voor.

Paul kyk die man lank gapend aan. Hy voel of sy knieë wil knak.

“Kan ek asseblief sit?” vra hy vir die lang polisieman. Sy kop draai en hy bly naar op sy maag. Die twee offisiere kyk vir mekaar, maar vermy Paul se vraende blik.

“Het u vir Monique geken?” kry Paul oplaas uit. Hy is moeg, vuil, honger en moedeloos.

“Nee, net van haar geweet. Maar ek ken vir Artisjof en ek weet van al sy streke. Jare lank al.”

Toe Paul ’n glas water kry, begin hy effens beter voel. Hy kyk op na die man wat dan op sy een been, dan op die ander staan en rondtrap.

“Ek haat Artisjof. Ek wag al drie jaar lank vir die regte geleentheid om hom in die hande te kry. Ek is jammer jou vriendin moes eers vermoor word.”

“Stadig nou, meneer. Jy bedoel jy het hom persoonlik gevang? Jy, ’n burgerlike?” Paul gaap die man oopmond aan. Die storie klink te dik vir ’n daalder. “Hoekom nie die polisie nie?” Hoe sou die man so vinnig weet van Artisjof en Monique?

“Die storie van die moord in die begraafplaas het vinnig deur Parys getrek. Toe ek in ’n kafee mense hoor sê dit was met ’n kris wat uit ’n kerie kom, is ek dadelik na die Préfet de Police toe. Hulle sê toe iemand is al gevang, maar ek het geweet dis hoe hy dit doen en het na hom gaan soek.”

“Hierdie man hét eers vanoggend hier aangekom,” sê die kort polisieman toe Paul beskuldigend na hom kyk.

“Ja, want ek het eers gaan seker maak hy is toegesluit.” Arkadi skuif sy serp rond. “Nikolai Artisjof het my niggie drie jaar terug in Sint Petersburg vermoor. Ook met ’n kris. Ek het geweet dat hy nou in Parys sal wees vir die brug se inwyding en die Frans-Russiese Alliansie. Ek het ook verwag dat hy Sondag by die Russiese katedraal sal uitkom, want hy doen dit vir die status.

“Ek sê jou mos, ek wag al baie lank vir hom. Hy hou ook van die eetplekke in die omgewing van Rue Daru. Ons het ’n netwerk in Parys wat daardie mense fyn dophou.”

“Wie is die “julle”?” vra Paul vir Arkadi. “En wie is “daardie mense”?” Hy dink nie eens daaraan om uit te vra oor die niggie se moord nie. Die Rus mompel iets wat hy nie mooi kan hoor nie en beduie vir Paul om agter hom aan buitentoe te stap.

“Beteeken dit dat ek hier kan uit?” vra Paul vir die polisiemanne wat stil sit en luister. Die kort offisier rek homself langer.

“Ja, u kan gaan. U is ’n vry man.” Asof ek ooit skuldig was, dink Paul, en probeer sy vuil klere regtrek. Vir twee dae is hy gevloek, netnou was hy nog “jy” en nou is hulle skielik korrek. Hulle vra hom nie eens om verskoning nie en hy het al visioene van die guillotine gehad.

“Die sel is vol verdomde weeluse,” is al belediging waaraan hy dink om die twee toe te voeg.

“Kom, jy moet honger wees,” sê die vreemdeling.

“Ek is honger, ja. Rasend honger.” Paul teug diep aan die vars lug. Die lentewind is fris en hy let op dat die Rus weer met sy serp doenig is. “Ek is te vuil om ’n plek in te gaan en het nie ’n *sou* nie.”

“Pas my so. Wag jy op daardie bank by die blomakker. Ek sal gaan kos haal.”

Terwyl Paul bedremmeld vorentoe sit, stap ’n welgeklede man verby en gooi ’n geldstuk na sy kant toe. “Dit,” sê hy hard, “is nou die laagste wat ek ooit kan kom. Niks beter as ’n luis nie.”

Toe Arkadi met ’n baguette, paar stukke ham en ’n sny brie terugkom, kyk Paul anderpad van skaamte.

“Hierdie rooi beteken vir my baie,” sê Arkadi trots terwyl hy sy serp op sy skoot oopvou om die kos daarop neer te sit. “*Je suis rouge.*” Arkadi begin praat van sy wrok.

“Dertig jaar gelede, met die opstand van *La Commune*, was my ma was deel van die *Union des femmes pour la défense de Paris*. Arbeiders wat teen die patriargie in opstand was. Die Artisjof-familie, wat baie invloed in Parys gehad het, wou haar laat doodskiet. Ek was maar drie toe sy weggestuur is Nieu-Kaledonië toe.”



Paul hoor net hier en daar 'n woord van wat die man van sosialisme, die *Gardes Nationales*, fussilerings, baie lyke en kanonne op Montmartre vertel. Dit klink na nog 'n onregverdige oorlog en hy wil liever êrens ver weg wees. In 'n groot oopte met 'n horison waar 'n mens op 'n klip kan sit en kan stil word. Hy maak sy oë toe en probeer die oosterkim vroegoggend buite Pretoria onthou.

“Verduidelik vir my hoe u Artisjof gevang het,” sê Paul uiteindelik nadat hy sy helfte van die kos sonder 'n woord verorber het.

“Net soos ek verwag het, het Artisjof Sondag in die Russiese buurt rondgedrentel. Ek het hom agtergevolg, maar hy weet nie wie ek is nie. Op pad na die katedraal toe, het hy 'n bondel klere onder die seil van 'n vervoerwa probeer versteek. Toe hy by die kerk inloop, het ek gaan kyk en sien toe dit moet van sy klere wees, vol bloedvlekke.” Hy draai na Paul toe: “Ons Kommuniste is nie formeel nie, hoor. Ons kan vir mekaar sê jy en jou. Net soos hulle mekaar ná die Rewolusie *citoyen* genoem het.”

“Dankie. En vir die kos.”

“Toe hy by die kerk uitkom, het ek gesien hy het 'n wandelstok in sy hand, maar dat die handvatsel weg is,” gaan Arkadi voort. “Hy het my niggie, Galina, én twee meisies voor haar, vermoor met dieselfde soort kris wat aan daardie draakkoppe vassit. Dit en die bloedbevlekte klere het my laat besef dat hy dit gedoen het.”

“Ek was by toe hy so 'n stok by 'n Sjinees op Boulevard Saint Germain gekoop het,” sê Paul flou. “'n Mooi wandelstaf van ivoor met 'n koper draak vir die handvatsel. Nou maak dit meer sin.”

“O, seker by die opiumsalon waarnatoe hy graag gegaan het. Artisjof het 'n voorliefde vir daardie stokke én opium. En natuurlik meisies. Die Artisjof-familie het

klerefabrieke by Sint Petersburg en die mooie Galina het in een gewerk. Sy het op hom verlief geraak toe hy aandag en geskenke aan haar gee, maar toe sy haar by die veronregde werkers skaar, toe is sy in die pad.”

Hy hy staan van die bank af op en skud die krummels van sy serp af. “Toe hy agterkom ek wag hom in, het hy my soos ’n malle met die stok probeer slaan. Gelukkig is ek baie flinker as hy. Hy eet en drink net, tipies van die vet kapitaliste, so hy kon nie wegkom nie en ek het sy hande agter sy rug met hierdie serp vasgebind. Hom eers goed geslaan dat hy dáár trek,” beduie hy. “Wel, dis nou oor en mag die vark se kop rol.”

“Hoe het jy hom by polisie gekry?” Paul wens die verhaal kan nou endkry. Hy is diep moeg.

“Van my vriende het my gehelp. Ons het hom met ’n kapkar tot by die gevangenis langs die Seine, daar by die Paleis van Justisie, geneem. Hy het baie deurmekaar gepraat toe ons hom oorhandig. Van die lastige Bolsjewieks in Parys en toe van Monique. Ek is ’n Bolsjewiek,” sê hy trots met sy vuis omhoog. “Eers toe hy van die vermoorde meisie praat, het die polisie gehoor gegee en hom weggeneem. Hulle het ’n ruk daarna vir my kom sê hy het huilend alles van haar moord in die begraafplaas vertel. Ek het daar gewag totdat ek seker was hy is toegesluit. En gister weer gaan seker maak, want hy het hoë vriende.”

“Maar hoekom Monique? Sy het het tog sekerlik niks aan die man gedoen nie? Sy was maar net Boheems en ek het nie geweet sy ken hom nie.”

“Dit is dalk die een rede, die ander is jy. Ek het jou gesê die man is mal. Galina het ook niks aan hom gedoen nie. Maar hy het mag en geld en is besitlik. Kapitaliste is almal dieselfde. Maar ons sal hulle nog laat betaal. Weet jy dat sy familie met goedkoop

arbeid klerasie in Rusland maak en hier in Parys as *haute couture* kom verkwansel? Kastig 'n vooraanstaande ingenieur. Ha. Ek hoop hy word in die openbaar tereggestel.” Arkadi staan weer op om te beduie hoe die kop afgesny moet word.

“Ek moet loop,” sê Paul. Sy stem is afgemat. “Ek weet glad nie waarheen nou nie. Nie met my hart nie en nie met my lyf nie. Om die waarheid te sê, ek weet nie waarheen met my lewe soos ek nou voel nie. Dalk het ek nie meer 'n werk nie.”

“Wel, dit kon erger gewees het. Nikolai kon jou ook met die kris vermoor het.”

“Ek het nie nou tyd vir ligsinnigheid nie. Dis al klaar vreeslik hoe Monique moes eindig. By my vriend kan ek nie bly nie en ook nie terug na die kamer op Rue Lépic nie. Monique het dit gehuur.” Paul bly 'n ruk lank stil. “So dit was hy. Voor ek loop, net een vraag,” sê Paul. “Dink jy Artisjof het my doelbewus probeer ontmoet?”

“Waarskynlik. Ek dink Monique was vir 'n lang ruk sy Parys-meisie wat moes regstaan as hy hiernatoe kom. En hy deel nie. Ek sou nogal raai dat hy jou met 'n plan benader het, want dis 'n geslepe man. Slu soos 'n Siberiese wolf wat sy prooi lewend verskeur.”

Paul bedank die man wat hom uit die sel kom verlos het, maar verskoon homself. Hy sal eerder vir ure op 'n bankie voor Sébi se gebou gaan sit en wag, solank hy nou stilte kan kry. Hy moet by sy eie kop uitkom.

Sébastien stamp laatmiddag aan Paul wat ineengevou teen die hoek van die bankie voor sy gebou lê.

“Bly om te sien jy's 'n vrye man,” sê hy met sy gewone verwyderde stem.

“Van die polisie af, miskien, maar nie van my gewete nie.”

“Paul, kom haal jou skoon klere en gaan na die badhuis toe sodat jy beter kan voel. Jy lyk en stink soos ‘n *clochard*.”

“Hm, die snor ook nou weg?” sê Sébi toe hy later terugkom.

“Ja, ek wou behoorlik skoonkom.”

“Pierson was by die perseel vandag. Hy vra dat jy more-oggend na die kantoor toe gaan. Leyds gaan daar wees. Heubes het ook ’n boodskap gestuur dat jy kan terug dakkamer toe en die huur oorneem. O ja, en dat jy asseblief Monique se dinge bymekaar moet maak. Hulle het nie die moed nie. *Bon courage, mon ami*.”

“Hoe weet hulle ek is vrygelaat?”

“Die polisie het per telefoon vir madame Heubes laat weet.”

So Heubes het dan eintlik die huur betaal. En Artisjof het natuurlik gesorg dat hy vir hom wat Paul is, ook leer ken om by Monique uit te kom. Paul dra sy seilsak moeisaam die bult op. Die dae wat voorlê, staan soos berge wat alle lig voor hom wegkeer. Hy wens hy kan net verdwyn, maar hy hoor hoe sy pa vir hom sou sê dat ’n mens jou drake moet beveg.

Die stelselmatige vou aan swart kouse, stukkende handskoene, sigeunerserpe en wye rompe, voel soos ’n suiwering. Die stapeltjie gevoude klere wat die kamer só kon omkrap, lyk nou jammerlik klein om iemand se lewe te verteenwoordig. Deur die venster hoor hy die hartseer klanke van ’n trekklavier.

Paul hou Monique se helder geblomde tjalie met lang swart fraiings eenkant. Hy sal dit vir monsieur en madame Heubes gee. As simbool van hul dogter se onwelkome vrye denke. Die ander goed sal hy vir die boemelaars voor die St Pierre-kerk gee.

Hy gaan sit by die tafeltjie en doop sy pen in die inkbottel.

*28 Rue Lépic,*

*Montmartre*

*Paris*

*Tuesday, 10<sup>th</sup> of April 1900*

*Mij lieve Moeder en Vader,*

*Hopelik kry hierdie brief u blakend gesond.*

*Soveel dinge het gebeur sedert my laaste brief, dat ek nie weet waar om te begin nie.*

*I regret not writing regularly, but I trust that Isabeau lets you know when she gets her postcards from Paris. Do you have a telephone on the farm yet?*

*On Saturday the French President will open the vast Universal Exhibition. We worked very hard to complete the pavilions in time, but everything is in place, it is just a matter of tidying up.*

*The big pavilion does not look like architecture from home, but is now quite attractive in its own fashion. If I think of the gables of the homesteads of Rhone and*

*Goede Hoop, it upsets me. The Boerenhuis looks authentic and will attract visits due to the simplicity of the building and the contents, I believe. Most of the countries represented here have magnificent buildings, especially Finland, who's pavilion looks very different and young in design.*

*I have been living on Montmartre, which is on a high hill above Paris, for quite a while now. It is the neighbourhood for artists, writers and musicians. As they say here, it is 'avant-garde'. Life in Paris is so totally different to that in Pretoria. Cape Town might be slightly closer, but this is Paris where everything goes, so to speak.*

*An unconventional young girl, Monique, who entered my life shortly after my arrival, introduced me to the Bohemian life on Montmartre. Sadly on Friday night, when everyone was at a dance hall close-by, she was cruelly murdered, by a rich Russian with a knife concealed in his walking stick. (Ek het geleer dit word 'n kris genoem.)*

*Before he was taken to the police by another Russian who seems to be his Nemesis, I was held in custody. You can imagine the depth of my shame and to add to this I have to see Dr Leyds to-morrow at the Consulate-General.*

*It is too late to ask you to keep me in our prayers in this matter, but I know that you do so as a matter of course.*

*I shall let you know how it went.*

*Wees verseker van mij liefde en trouw*

*U verlangende seun,*

*Paul*

## Hoofstuk 14

Die irriterende uitloer van die concierge agter haar kantgordyntjie gaan Paul heel verby terwyl hy vir die groot deur se oopswaai wag. Hy klim die trap na die gesantskantoor toe swaarvoetig uit.

Sy ontvangs is kil, soos hy verwag het. Doktor Leyds het nie 'n haar uit sy plek nie en sy gemodelleerde snorpunte steek ver by sy wange verby. Meneer Pierson met sy bokbaardjie skuins agter hom is ewe gemanikuur en stug. Die twee maak 'n uitgevatte, kordate paar, dink Paul toe hy die twee pluiskeile langs mekaar op 'n tafel raaksien.

Albei moet opkyk na Paul soos hy nader stap, maar net Leyds steek sy hand uit. “Roux,” sê hy met 'n vraag in sy stem. Pierson bly op die agtergrond en gee bloot 'n erkennende knik van die kop.

“U eksellensie, Meneer Pierson,” groet Paul. “Meer as my innigste spyt kan ek u nie bied nie.” Dit wat hy wil sê, kom nie uit nie en sou bowendien oortollig klink. Wat kan hy tog eintlik sê wat 'n verskil aan sy verleentheid sal maak. Hy bly net so staan en wag vir die twee here om eerste te praat. Waarin het ek my tog begeef? Wat het ek aan my naam gedoen? Hy voel of hy voor die kwaai skoolmeester staan. Dis maar goed hulle weet nie hoe sy lewe weg van die Z.A.R-perseel af was nie, dan was hulle nog meer geskok.

“Die tydval van hierdie insident is om die minste te sê, ongemaklik. Ek is bly mevrou Leyds is nie hier om 'n jong man se verval só te moet aanskou nie. Sy sou haar

dit geweldig aantrek.” Leyds trek die pante van sy baadjie rukkerig ondertoe en kyk by die venster uit.

Pierson staan nader. “Meneer Roux is ’n harde werker, Doktor Leyds, en was dit nie vir hom nie, was die pawiljoene nie gereed vir Saterdag se opening nie.”

Hy draai na Paul: “Doktor Leyds is juis daarop gesteld dat die Z.A.R. nie soos ’n onbenullige klein republiek daar moet uitsien nie. Dit moet soos ’n waardige land langs al die ander staan. ’n Skandaal in *La Vie Illustrée* of die *Petit Journal* kan geweldige skade doen. Die pers is die Z.A.R. nou juis simpatiek gesind, soos u weet.”

“Ek staan met my hoed in die hand voor u beide.” Leyds bly met ’n stywe nek by die venster uittuur, maar Pierson knik sy kop en Paul waardeer die simpatieke kyk wat hy hom gee.

Paul is verlig dat Van Boeschoten nie ook in die geselskap is nie; hy sou hom sonder twyfel in dié verleentheid verkneukel het. Hulle sal weldra hoor welke skarminkel Nikolai Artisjof is, hy sal niks daarvoor sê nie.

“Alles in orde vir die amptelike opening van Saterdag?” slaan Leyds tot verligting van Paul oor na ’n ander onderwerp toe. Sy stem bly afsydig. As hulle tog net nie so hoogdrawend Hollands wou bly praat nie.

Paul begin verduidelik van President Kruger se borsbeeld wat ’n goeie staanplek gekry het en dat nog drapeersels van die vierkleur kort. Dan ook van die vervoeruitstalling en ossewa-model, die bokhorings wat oral teen die mure aangebring is, van die kettings wat oor die verskillende dierevelle gerangskik is; die opgestopte voëls, die talle objekte van swart stamme wat oorgeskep is en die deeglike onderwysuitstalling



van doktor Mansvelt. Hy noem net dat daar nie muurspasie vir die groot skildery van Wichgraf was nie. Paul weet van die geldgeskil tussen doktor Leyds en die kunstenaar.

Leyds reageer nie daarop nie. “En die kleine Boerenhuis?”

“Dit lyk goed en sal teen Vrydag heeltemal reg wees. Ek glo dit is outentiek en ek is tevrede.” Paul praat so min as moontlik.

“Ons sien u dan môre by die pawiljoene.”

Paul weet Leyds bedoel dat hy sy loop moet kry en hy is dankbaar om uit dié benouende atmosfeer weg te kom. Nicolas, wat plegtig onder by die koets staan en wag, gee ’n simpatieke glimlag toe Paul op sy fiets wegry. Paul raai Nicolas sal Leyds en Pierson seker later na die Brasserie Lipp of ’n deftige restaurant vir middagete neem waar sy penarie deeglik bespreek sal word.

Paul neem die langer roete met die Champs Elysées op na die perseel toe, bloot vir die rustigheid van die jong groen aan die kastaiingbome. Monique se gesig bly voor hom verskyn. Soms sien hy haar wilde rooi hare, soms die fyn enkel en dan weer haar besige hande of die waai van haar smal rug. Snaaks dat hy haar groen oë nou net as hartseer onthou.

’n Vlietende gedagte van dankbaarheid dat hy in dié sierlike tyd in Parys kan wees, word verbloem deur skuld, hartseer en ’n benoudheid wat agter sy nek kom lê. Leyds-hulle het nie juis aanduiding gegee hoe die “insident” verder kan verloop nie.

Dalk sal hy nie eens lank genoeg hier wees om die blomme aan hierdie bome te sien bot nie. Sébi sê dis sulke vol, opstaande wit ritse wat glim in die aand.

Die moed ontbreek Paul om reguit na die Z.A.R. se perseel toe te gaan en hy ry met opset draaie op die bult van Trocadéro tussen die ander lande se pawiljoene deur. Sedert hy Vrydag hier weg is, het sy wêreld op sy kop gaan staan. Dalk sal die hol kol op sy maag weggaan as hy net aanhou trap en trap en trap. Hy is lus en hou aan ry tot by die Bois de Boulogne. Om weg te raak in die bos.

“Ek kan nie nog iets onverantwoordeliks aanvang nie, ek moet nou soos ’n volwasse man van dertig optree, my drake in die gesig kyk,” sê hy hardop. Hy ry na die perseel toe.

Een van die werkers leun teen ’n muur van die Boerehuis en koerant lees. Hy kyk op toe Paul van sy fiets afklim en vou half skuldig die koerant toe. Hy het nie eens daaraan gedink nie, maar dit moet ’n lekker storie vir die koerante wees: die grusame vonds van die vermoorde meisie neffens die graf van Marguerite Gautier. Haar pa ’n gesiene argitek van Auteuil, haar een kêrel ’n groot Boer en die ander ’n groot Rus. Ek wil nie weet hoe die mense hier praat nie. Soos aan lekker kos, sluk mense graag aan skinderstories, haal sy ma altoos uit Spreuke aan.

Paul groet afgetrokke en is bly as Sébi uit die pawiljoen gestap kom.

“Bly om te sien jy lyk soveel beter. Ek dink nie daardie twee polisie-offisiere het ooit gedink jy is skuldig nie,” sê Sébi.

Paul kyk senuweeagtig rond.

“Toemaar, Heubes is nie hier nie,” troos Sébi.

Sal iets hierdie man ooit van stryk af bring? Kan hy hom nie in ’n ander se wroegings indink nie?

“Ek het hom nie verwag nie, maar ek is nietemin verlig. Weet jy dalk wanneer en waar Monique begrawe word?”

“Jy sal die ironie nie glo nie, maar sy word op Montmartre begrawe. Haar pa het besluit dis waar sy in vrede moet lê. Die begrafnis is Vrydag, daar bo uit Saint Pierre.”

“Dink jy hulle sal aanstoot neem as ek daar is? As dit nie vir my was nie, was die Rus dalk nie so kwaad vir haar nie.”

“Dit moet jy maar self bedink,” sê Sébastien terwyl hy omdraai en vir Paul beduie om saam met hom by die hoofpawiljoen in te stap.

Sébastien gee vir Paul ’n eksemplaar van die gids vir die tentoonstelling. ’n Dikke boek van honderde bladsye. Die omslagprent van ’n vrou is in die vloeiende, romantiese styl van die *art nouveau*, wat nou al amper simbolies van die skou geword het. Paul laat die bladsye vinnig omrol, maar gee die boek terug.

“Ek sal later kyk. Nou voel nie reg nie.”

“Luister Paul, jy het nie vir Monique vermoor nie. Dit was ook nie jou skuld dat daardie mal Rus dit gedoen het nie. Dit is nou maar net een van daardie ongelukkige gebeurtenisse waar iemand op ’n verkeerde plek beland het. *C’est la vie.*”

“Jy dink tog nie ek kan afsydig staan en nou plesierig raak oor die *Exposition Universelle* nie? Ek weet dit is alles ongelooflik en my droom om hier te wees, maar Monique se moord is iets vreesliks. Ek wroeg daaroor en voel nog steeds dit is deur my toedoen. Ek weet nie eens wat die uiteinde van my verblyf hier kan wees nie. Julle Franse het ook wragtig ’n ander uitkyk op die lewe.”

“Ag, bekommer jou tog nie daaroor nie. Jy is vir hulle baie werd hier en des te meer as die toeskouers begin aankom. Die Franse wil tog immers weet daar is meer aan

die Transvaal as net die snaakse mense met velklere of neus-in-die-lug Nederlanders. Ek en jy moet vir ons elkeen van daardie spesiale pakke klere gaan koop by a Belle Jardinière. Hulle noem dit op Engels Exhibition suits! ”

Net voor Sébastien wegloop, draai hy na Paul toe en sit sy hand op Paul se arm: “Ek sal saam met jou begrafnis toe gaan, ek dink jy het ’n vriend daar nodig.”

Paul kry die lang dag om deur eenkant te sit en die baie papierwerk te probeer afhandel. Lyste en lyste van artikels moet nagegaan word, maar die syfers raak wasig voor hom. Sodra almal weg is, gaan hy voor die serfytjie in die Boerehuis sit. Met gevoude arms trap hy die pedale meganies totdat die wind deur die orreltjie suis.

Die stil eenvoud van die voorhuis en die ritmiese windklank bring ’n diep heimwee oor hom. ’n Verlange na koestering – soos dié van sy gesin in sy kinderjare op die plaas in die Klein Drakenstein -- pluk aan hom. Hy verlang selfs na die buurkinders wat saam met hom by die Hollandse meester skool gehad het, na die plesierige tye met bekendes wat Nagmaalsondae saamgekuier het of pieknieks langs die Bergrivier gehou het. Ek kan seker nou as afvallig gereken word. Hy dink met goeie herinnering aan die kerkgemeenskap by die huis.

Hier sit hy in die grote Parys met soveel mense en hy is so alleen. In hierdie stad, met die argitektuur waaroor hy gedroom het, die oorweldigende wêreldskou en soveel ander dinge wat hy wou sien en beleef, is hy die vreemdeling.

## Hoofstuk 15

Monique, wat die kamer en sy nagte eens so volgemaak het, is begrawe.

Paul sit voor die tafeltjie en kyk by die skewe venster uit na die skemerlig. Sy hande lê slap voor hom tussen die deurmekaar stapel papiere, sy skouers moedeloos vorentoe.

Dis oor. Hierdie afgelope sewe dae wat soos veertig gevoel het, is verby.

Die triestige week waarin die begraafplaas van Montmartre eers Monique se lewe gekos het en toe ook aan haar moes rus gee.

Die stil, swart stoet wat van St Pierre af deur die straatjies van Montmartre na die begraafplaas afgekronkel het, het Paul aan 'n trae slang laat dink. Die stap van die swartgeklede gangers agter die lykkoets aan, was moeisam en hartseer. Monique se ma het 'n grootmoeder ondersteun en nooit eens na haar man gekyk nie.

Paul en Sébastien het heel agter die prosessie geloop, maar verder was daar nie van Monique se Boheemse vriende nie. Net een donker, bebaarde man met 'n los baadjie het Paul in die kerk opgeval omdat hy na hom gedraai en hom skerp aangekyk het. Hy het hom nie weer in die stoet gesien nie en wou nog vir Sébi vra of dit nie die aktivis is wat hulle daardie aand hoor uitvaar het oor die erkenning wat nou aan impressioniste gegee word nie.

Op Rue Lépic het heelparty mense gaan staan en met hul sakdoeke vir die lykwa gewuif. Dieselfde stille groet waarmee mense die kruis geslaan het toe hulle by Monique se oop kis in die kerk verbygestap het. Haar gesig was tog vredevol. Dit wit rok se hoë kanthals het die aaklige getuienis van haar einde verbloem.

Paul het verkies om 'n enkele geel roos by haar in die kis te plaas, nie op die graf nie.

Sy oog val op die vorige Vrydag se koerant wat seker al die hele week lank op dieselfde plek onder ander papiere op die tafeltjie voor die venster lê. Hoe ironies. Sy groot held, generaal Piet Joubert, se afsterwe word vereer op die voorblad die dag toe Monique vermoor is. Met gevoude arms oor sy geweer, bandolier oor die skouer en met 'n lang wit baard staar die generaal met sy reguit blik vanuit die skildery na hom.

Hy blaai om en lees die artikel. Hy verstaan nie alles nie, maar in die laaste paragraaf vang sy oog “*vivre libre ou mourir*”. Leef vry of sterf. Het Piet Joubert dalk vryheid ervaar met Spioenkop? En Monique—het sy dit in haar rebelsheid gevoel? Vir watter soort vryheid het De Villebois-Mareuil in 'n ander land gesterf?

*“Die regte tot die lewe van 'n volk is te heilig om met 'n ligte pen bespreek te word. Ons kan dus nie die Boere blameer as hulle tot die laaste man, tot die laaste koeël, stry vir 'n onafhanklikheid waarsonder hulle nie glo hulle kan lewe nie. Maar ons herhaal, weer eens, dat die Europa wat hulle aanspoor sonder om hulle te help, 'n aksie uitvoer wat die geskiedenis later streng sal oordeel.”*

Die skrywer Jean Carmant sluit sy huldeblyk af met wat hy reken Joubert se opvolger generaal Louis Botha sou sê: “*Morituri te salutant. Die wat gaan sterf, groet jou*”.

“*Te saluto*, Monique. Ek groet jou. Jy was 'n brawe vegter vir jou vryheid,” sê Paul hardop.

“Sy was op ’n manier ’n soldaat,” het madame Heubes ná die begrafnis aan hom gesê. Paul sak op sy gevoude arms neer. Die trane wat hy homself tot nog toe nie veroorloof het nie, kom nou vryelik.

Eers die volgende oggend sien Paul ’n stuk gevoude papier voor die deur raak. “*C’est ta faute que Monique est morte.*” Hy besluit dat die vrypostige gebruik van “*tu*” en die slordige gekrap wys dat dit een van die clochards van Rue Lépici is en gooi dit weg. Iemand glo duidelik dit is sy skuld dat Monique dood is.

## Hoofstuk 16

Saterdagoggend die 14de April staan Paul vroeg al uitgevat in sy nuwe pak klere voor die hoofpawiljoen van die Zuid-Afrikaansche Republiek in Parys. 'n Vierkleur wapper teen die vlagpaal op die hoogste toring bokant die voorste balkon en daar is nog vier op die hoeke van die gebou, wat dit feestelik laat lyk en nie steek en nie teen die ander pawiljoene nie lat afsteek nie. Die helder lentedag bring 'n blymoedigheid en oral het groepe mense opgewonde begin saamdrom om die verrigtinge dop te hou.

Doktor Leyds en konsul-generaal Pierson sal eers hier 'n draai maak voordat hulle na die amptelike opening op die Champ de Mars geneem word. Paul aanvaar dat slegs Heubes saamgenooi is om na President Loubet se rede te luister. Die luisterryke Salle des Fêtes wat spesiaal vir die opening gebou is, kan glo 'n hele paar duisend mense huisves -- soos die diplomatieke gesante in Parys, die organiseerders en al die burgemeesters van Frankryk.

Sébastien, met 'n swart rondebol-hoed op, lyk self agtermekaar toe hy by Paul aansluit: “Jy lyk goed Paul, ek mis nog die snor, maar dis 'n nuwe man wat voor my staan.” Paul glimlag en kyk na 'n groep wat eenkant op die trappe met gewere en bandoliere staan.

“Dalk is daardie Boerekrygers meer verteenwoordigend as ek, Sébi. Ek wil nou met hulle gaan gesels. Die terugslae van Paardeberg en Bloemfontein lê nie vlak in ons gemoed nie en dit is in elk geval die nuus wat hier in die koerante kom. Maar ek is nietemin trots en bly om vandag hier te staan.”



“Dis goed dat jy daardie foto van kolonel de Villebois-Mareuil in die Boerehuis gehang het. Daar is volgende week ’n huldediens vir hom in die Notre-Dame,” sê Sébastien.

“Interessant hoe ’n mens selfs op die foto kan sien dit is ’n fyn, dapper soldaat,” sê Paul. “Die foto met die blink Arabier is hier geneem voordat hy Transvaal toe vertrek het.”

Saam stap die twee rustig om die pawiljoene om te kyk dat daar niks op die terrein rondlê nie. Die groep vlae en ’n groot ronde bord met *Republique Sud-Africaine* daarop gevef, steek goed af teen die klipmuur van die Boerehuis.

“Ek wil vir oulaas seker maak alles is reg in die pioniershuis, kom saam.”

Die voorhuis lyk gesellig. Velkarosse lê op die vloer, die riempiesbank eenkant en die riempiestoele by die gedekte tafel, die voetstofie, die serfyntjie, twee koperkandelare, die wakis en ’n paar veldstoele lyk reg. Op die Voortrekker Almanak is die dag se datum vir 14 April 1900 geopen.

“Dit lyk of mense hier woon,” sê Sébi, wat Paul breed laat glimlag. Hulle stap deur na die kombuis toe en Paul skuif weer aan die stampblok en stamper, watervaatjies, potte en ’n houtskottel.

“Hierdie huisie laat my patrioties voel. Nie die borsbeeld van Paul Kruger, die deftige goudmyn, wolbale of Mansvelt se onderwysuitstalling nie. Hierdie huis het ’n hart. Hou jy nie van die baldakynbed nie? My ouers het ook so een met ’n kantvalletjie om die boonste houtspote.”

Een van die werkers kom roep Paul om ’n fotograaf wat poskaarte wil maak, rond te wys. Paul neem hom eers na die deftige gebou met die goudmynuitstalling. Die

fotograaf stel met moeite sy kamera binnekant op om die goudpoeier, verskillende munstukke en juwele af te neem, maar spandeer soveel tyd by die ertswiel en koekepan aan die buitekant, dat Paul reël om hom later weer te ontmoet.

Dit lyk toe glad nie na “de goudmyntje” soos Leyds daarna verwys het nie, dink Paul trots, toe hy die tou mense wat wil ingaan, sien. Hulle kyk buite na die inskripsies op ’n pilaar oor die hoeveelheid goud wat tot en met 1189 geproduseer is. Binne kry die groot stuk klontgoud, poeiergoud, munstukke en juwele baie aftrek.

Van hierdie eerste besoekers word gevra om voor die geboue te poseer en die atmosfeer op die perseel raak gesellig. Net binne-in die hoofpawiljoen raak mense stil as hulle voor Paul Kruger se standbeeld kom, tref dit Paul. Hy lei mense na ’n hoë tafeltjie om die besoekersboek wat Pierson spesiaal vir die uitstalling laat maak het, te teken.

Paul is verbaas toe die konsul-generaal van die Oranje-Vrystaat, Charles Mosenthal, so vroeg reeds kom deurstap. Fier, met ’n pluiskeil en ’n wandelstaf.

“Dit is voorwaar ’n verrassing, Meneer Mosenthal,” kan Paul homself nie keer om te sê nie. “Jammer dat dit net een van die Republieke is, nie?” Mosenthal se laksheid het gemaak dat die Oranje-Vrystaat nie ’n aandeel in die pawiljoen gehad het nie en hier stap hy regop-rug in asof hy deel aan die uitstalling het.

“Geluk met u tentoonstelling,” sê Mosenthal terwyl hy Paul se hand versigtig skud. “Og, die artikels kon nie betyds hier wees nie. En met die oorlog tuis...” sê hy ongemaklik terwyl hy met ’n swaai van sy kiere aanstap.

Teen die tyd dat Nicolas met die twee ampsdraers by die perseel aankom, is dit bedrywig met al die besoekers. Pierson lyk skoon verbaas toe hy met sy pluiskeil agter doktor Leyds van die koets afklim. Paul stap saam met hulle in om te wys dat daar reeds

kaartjies by die borsbeeld van Paul Kruger neergesit is en selfs ’n blom of twee. Leyds tel ’n kaartjie op en lees hard: “*Vive le Président, Vivent les Boers!*”

“Roux, as dit in die eerste paar ure van die tentoonstelling reeds só besig is, sal ons ekstra voorsiening vir besoekers moet maak. Die Franse se opoffering van hul eie kolonel de Villebois-Mareuil en die pers se simpatie, gaan dit ’n emosionele besoekpunt maak. Jy sal ’n fluweeltou voor die borsbeeld moet span om mense weg te keer.”

## Hoofstuk 17

Die somber, muwwe reuk van eeue se kersrook is die eerste wat Paul tref wanneer hy die massiewe gewelf van die katedraal instap. Hy is vroeg vir die roudiens van die Franse kolonel en stap eers voor die die reuse-katafalk verby voor hy aan die een kant van die groep stoele wat met swart drapeersels afgekordon is, gaan sit. Die klanke uit die magtige orrel rou saam oor dié gemeente se seun wat dapper elders gesterf het.

Vanwaar hy sit, kan hy die kranse duidelik teen die lanferklede sien. Die een van Loubet, die president van Frankryk, is in die middel geplaas, dan weerskante dié van die hoofburgemeester van Parys en van die konsul-generaal van die Z.A.R, namens President Paul Kruger. Op feitlik al die roukaartjies word die kolonel as “*noble et vaillant*” beskryf: edel en onverskrokke was die man beslis.

Die treffendste is ’n kranse van helder viooltjies wat in die naam van die ontslape prins Louis Bonaparte gelê is, die ander Franse soldaat wat in Suid-Afrika gesneuwel het. Paul kan nie sien wie dit gebring het nie, maar onthou die ontroerende verhaal van die prins se ma wat sy ongemerkte sterfplek in Zoeloeland gekry het op sterkte van viooltjies wat daarvoor gegroei het. Albei edelmannes, en albei gesteld op regverdigheid elders in die wêreld.

Die klokke se swaar gebeier klink nog dieper van binne die Notre-Dame. Die getrommel van tamboere buite kondig die familie se aankoms aan. Paul draai om en sien De Villebois-Mareuil se mooi dogter, Simone, kom eerste ingestap, gevolg deur haar ooms, die graaf Roger, en die baron Godefroy.

Paul het hulle almal die vorige dag ontmoet toe hy saam met Pierson na die familiewoning op Rue Gounod toe is om 'n kabelgram van die Republikeinse Deputasie uit Brussel te gaan oorhandig.

Die here Cornelius Wessels, A.d.W. Wolmarans en Abraham Fischer se simpatie en boodskap dat die dapper kolonel altyd met die grootste eerbied deur die republieke onthou sal word, moes opsluit persoonlik oorgedra word. Die Deputasie is deur die twee presidente afgevaardig om in Europa guns en hulp vir die oorlog te werf. Glo op die mees luukse manier nes die ontwykende meneer Mosenthal, het hy by die Transvalers op die perseel gehoor.

Maar waar staan jy, Paul Roux, roep hy homself tot nugterheid toe die kore begin sing.

Net soos by Monique se begrafnis minder as 'n week gelede, sing 'n tenoor roerend die *Pie Jesu* van Samuel Rousseau. Monique se begrafnis was so anders: min mense, min lofbetoon, geen uniforms nie, maar eweneens 'n familie in rou oor 'n voortydige dood.

Die sonlig is amper té helder wanneer Paul agter die gevolg die donker katedraal uitstap. “*Vive l’armée!*” hoor hy iemand skree. Hoe onvanpas, dink hy, maar sien toe die groot skare betogers op die katedraal se voorplein. Dit blyk jong nasionaliste te wees wat die voormalige minister van oorlog ingewag het. 'n Paar berede polisiemanne probeer die protesteerders in toom hou. “*Vivent les Boërs!*” skree iemand uit 'n ander hoek. “Waar is Frankryk? Hoekom help ons nie?” klink van die uitroepe op. Nou swaai die protes oor na die oorlog tuis.

“*Vous êtes un Boër?*” vra ’n ouerige klein vroujie terwyl sy aan Paul se mou trek.

“Ja,” sê hy, al is hy self nie te seker nie. Met ’n tandlose glimlag stop sy hom ’n bossie viooltjies in die hand. Verleë trek hy sy skouers op toe Pierson skerp na hom kyk. Pierson het hom in elk geval seker net saamgeneem na die De Villebois-Mareuils toe omdat hy meer na ’n Boer lyk as hulle uitgevatte diplomate.

Hy sê vir Nicolas by die koets dat hy liever gaan terugstap perseel toe. Hy vleg deur die rumoer na die voorpunt van die eiland toe en gaan staan in die middel van Pont Neuf. Hy sit die bossie viooltjies onder die beeld van Henri IV wat op sy perd sit, neer.

“Vir nog ’n held,” sê hy sag.

Weg van die Wêreldskou se opwinding, is Paul verlig om met sy eie gedagtes deurmekaar te wees. Hy stap op die linkeroewer van die Seine by die oopgesperde metaalkiste van die *bouquinistes* verby wat nuwe, helder poskaarte van al die pawiljoene uitstal.

Die Z.A.R. s’n moet nog kom, gaan dit deur sy kop terwyl hy een van die spesiale koerantuitgawes oor die luisterryke opening van die Pont Alexandre III koop. Fietsryers met plakkate nooi mense om op die bewegende sypaadjie te gaan stap en om in die nuwe hysbakke van die Eiffeltoring op te ry. Die helder kleure van verskillende landsvlaggies wat oral te koop is, laat dit nog meer na lente lyk.

Hy bly aan die oewer om na die ry pawiljoene te kyk. Almal is voltooi en net waar sy oog val, wapper landsvlae trots. Mense in nasionale kostuums staan voor heelwat van die pawiljoene. Bosnië-Herzegowina, Serwië, Oostenryk en Duitsland se pawiljoene

staan bymekaar en lyk nogal op mekaar met enerse koepels en vensters. Hy wonder wat Monique sou gedink het van die reusagtige wit gebou van die Amerikaners.

Dié slag loop hy net by die Russiese pawiljoen verby, al wou hy eintlik weer die uitstalling van deftige Trans-Siberiese trein tussen Moskou en Peking bekyk het. Dis maar goed dat ons nie van Oom Paul se trein foto's opgehang het nie, lag hy binnetoe.

Paul stap vinnig tot voor die Invalides om te kyk na die voltooide brug wat na die vorige Russiese tsaar vernoem is. Die vier gevleuelde perde bo-op die reuse kolomme glinster skerp en die wapperende vlag van Rusland en Frankryk getuig van die groot opening die vorige Saterdag.

“Manjifiek, manjifiek,” het Leyds daarna met sy terugkoms by die pawiljoen gesê. Paul kon nie help om dadelik vir Nikolai Artisjof en die brug bymekaar te bring nie. “Die brug en al die paleise van die Franse staan die sterkste waaroor hierdie skou gaan: om vooruitgang te vereer. Ons is bevoorreg om hierdie nuwe eeu te kan ingaan.”

Inderdaad manjifiek, dink Paul terwyl hy na die Grand en die Petit Palais aan die oorkant van die rivier agter die brug staan en kyk. Tesame maak die drie strukture ’n ongelooflike gesig — die staal en glas van die paleise se ronde dakke en al die goud van die brug skitter behoorlik in die son. Hiervan moet hy ’n poskaart soek om vir sy familie by die huis te stuur. Hulle sal verlig wees om iets moois van hom af te kry ná die mistroostige brief van nou die dag waarin hy van sy ellende moes vertel.

’n Vreemde getoeter en mense wat skree, dwing Paul uit die pad wanneer hy buite kom. Vir die eerste keer dat hy te voet is, sien hy ’n kar sonder perde: ’n swart outomobiel met ’n toegemaakte enjin. Hy het al een uit die trem gesien, maar nog nie van só naby nie. Dit is baie groter as die *voiturette* wat doktor Leyds ’n paar jaar terug

Pretoria toe geneem het. Die man ry so wild dat almal uit sy pad uit moet spring en dit lyk of hy dit geniet om op die koperhoring te blaas.

“*Trottoir Roulant*” sien Paul op ’n ronde boogingang by die Champ de Mars onder die Eiffel-toring. So dertig voet bokant hom sien hy die bewegende houtbane wat glo teen ses myl per uur beweeg. Hy klim die trappe op daarnatoe.

Eers staan hy stil op die eerste deel van die struktuur wat lyk soos ’n stasieperron. Dit is vol mense wat heen en weer na die twee bewegende houtbane toe klim. Hy trap oor op die “*Petite Vitesse*”, die middelbaan wat stadig ry, maar raak gou lus om ook vinnig soos die mense op die “*Grande Vitesse*” te beweeg. Nou kan hy sien hoe die baan se sirkelgang in ’n ander rigting as dié van die trems se lugspoor loop. Seker om van die ander geboue van bo-af te sien, besluit hy. Hy loop so vinnig as wat hy kan sodat die wêreld by hom verbyflits en gaan staan dan stil en hou aan die reling vas.

Paul lag vir die eerste keer in weke: hier skiet ek die eeu van vooruitgang in, soos doktor Leyds sou sê. Die mense wat saam met hom beweeg, keer dat hul hoedens afwaai en hou aan die paaltjies vas, maar de laaste een lag.

Op die stilstaande perron van die *trottoir roulant* sien hy ’n man met ’n groot kamera op ’n driepoot waarvan hy vinnig ’n slinger aan die kant draai. Dit moet ’n rolprentkamera wees, waarvan hy nog net gehoor het.

Sy aandag word afgetrek deur ’n paar vrolike jongvroue wat een van die bankies op die *Petite Vitesse* sit. Net môre koop ek vir my ook ’n strooihoed vir die somer, dink Paul toe hy sy donker hoed met ’n glimlag vir hulle lig.



Dieselfde man wat Paul vroeër met die groot kamera langs die rollende sypaadjie gesien het, klim saam met hom in een van die groot ysterhysers van die Eiffeltoring in. Paul het die hyser aan die noordekant gekies, met die hoop dat die uitsig op die die hele uitstalling die beste sal wees.

Die vreemde sensasie as die groot hysbak met 'n vinnige ruk van die grond af wegtrek, laat Paul weer hard lag. Tegelyk opgewonde en skuldig omdat hy drie maande gewag het om in die toring op te gaan, wikkel hy tussen die mense deur tot teenaan die tralievenster om beter te kan uitkyk. Hy beland langs die man met die kamera wat dit met moeite teen die reling balanseer sodat die lens na die grond toe gerig is. Die man draai só verwoed aan die slinger dat hy nie sien toe die houtkas van sy rusplek afgly nie. Paul steek betyds sy hand uit en stut die kas.

“Thank you, thank you,” sê die fotograaf sonder om op te kyk en hou net aan draai.

“My pleasure,” antwoord Paul hom. Hy wonder hoe dit deur die lens lyk.

Die gesig op Parys is verruklik. Soos wat die geboue teen die spoed verklein, vergroot die duidelike plan van baron Haussmann se uitleg van die stad. Die boulevards wat van die Étoile af loop, is groen afgeteken tussen die blougrys van die dakke en oral laat die son die talle nuwe geboue glinster. Die Grand Palais en Petit Palais met hul ronde dakke lyk kompleet of hulle in die lug dryf.

Op die eerste vlak kom die hysbak met 'n swaai tot stilstand. Die kameraman val half teen Paul en neem sy oog vir die eerste keer weg van die kamera af.

“So you speak English?” vra hy met 'n Amerikaanse aksent toe hulle saam uit die hysbak stap.

Paul steek sy hand uit, stel homself voor en sê dat hy van die Suid-Afrikaanse Republiek afkom.

“Edison,” sê die aantreklike ouer man met ’n breë glimlag.

Paul se mond hang oop.

”Thomas Edison?” vra hy met hooggeligte wenkbroue.

“Yes.” Om dié groot uitvinder so terloops te ontmoet, kan hy nie glo nie. Hy bied aan om hom te help dra aan die apparaat.

“I would like to go to your country to film the war. My sympathy and support lies with your people of the republics,” sê Edison terwyl hy sy kop knik.

“Thank you, we need all the support we can get at home.”

Die twee stap saam tot by ’n deel met volgepakte restaurante. Paul oorweeg dit om Edison vir ’n koppie koffie te nooi, maar voel te skugter om op so ’n groot mens se tyd aanspraak te maak.

Paul lig sy hoed en stap verder, gedagtig dat hy vir Isabeau van dié ontmoeting moet skryf. Hy is spyt dat hy nie die moed gehad het om die man oor sy kamera uit te vra nie.

Die verwysing na die oorlog en die besef dat dit wêreldwyd soveel belangstelling wek, knaag aan sy binneste. Hy voel vasgeklem tussen wat hy nou hier sien en wat in sy gewete maal. Alles om hom is tekenend van die nuwe eeu se weelderige en vinnige vooruitgang, maar die foto’s in koerante van vegters in verslete klere wat in kranse moet wegkruip, is as kontras net so skerp in sy gedagtes.

Was hy flukser en het hy die 1,710 trappe aangedurf, sou hy nie vir Thomas Edison in aksie gesien het nie, maar dan was hy dalk nou te poegaai om hom weer oor sy

netelige situasie te verknie. Skuld en las ten spyt, hier is ek nou, sê hy vir homself wanneer hy oor die rand na die mense kyk wat soos miere onder op die Champ de Mars krioel.

Paul stap reg om die toring se eerste vlak om alles te kan bekyk en neem dan nog 'n hysbak na die tweede vloer. Nou kan hy nóg verder oor die stad kyk. Die rivier kronkel blink tussen die geboue waarvan hy slegs die bokante kan sien, maar oorkant die rivier in die verte skyn die wit koepel van die Sacré-Coeur.

Daar is my huis nou, op Montmartre. Ek is nou deel van La Butte, danksy Monique. Hy mis haar. Sy het goed bedoel.

Hy oorweeg nie eens die trappe tot by die bopunt nie en klim in 'n hyser wat na onder vertrek.

Terug op die grond, stap Paul oor die Pont d'Alma terug na die Trocadéro toe. Net anderkant die brug sien hy werkers skarrel en sukkel om groot wit beelde op houttrollies 'n saal in te dra. Bokant die oop deur hang 'n lapbanier met slegs Rodin se naam in blou daarop. Ná die gramskap wat dié beeldhouer hom op die hals gehaal het met sy beeld van die skrywer Honoré de Balzac, sou hy graag die uitstalling wou sien.

\* \* \* \*

Paul stap skielik vinniger, want hy onthou dat dit Sébastien se laaste dag op die perseel is en dit is al bykans ses-uur. Sy stap het 'n ligtheid in soos hy die hoogtetjie opgaan. Sy skouers is weer reguit en dit is met 'n nuwe beweeglikheid dat hy oral om hom rondkyk.

'n Groot groep mense maal deur die drie geboue van die Z.A.R. toe hy daar aankom. Sébastien stap vorentoe om Paul te kom ontmoet.

“Waar het jy rondgeloop? Ek moet jou groet!”

“Ná die huldediens van De Villebois-Mareuil het ek gestap tot by die Champ de Mars om my kop lug te gee en toe op die *trottoir mouvant* gery. Het jy dit al gedoen? Toe is ek die Eiffeltoring op. En jy sal nie glo wie ek ontmoet het nie!”

“Jy kan my later vertel. Hier is 'n ou vroujie wat nou al hoe lank wag om 'n Boer te ontmoet. Kom gou.”

Sébastien draai weer om om na Paul te kyk.

“Jy lyk goed, my vriend. En wie het jy nogal ontmoet wat jou so opgewonde maak? Sarah Bernhardt?”

“Nee!” lag Paul. “Ek dink dis omdat ek vandag so ver kon sien. My horison was wyd -- driehonderd-en-sestig grade, soos op Tafelberg of Meintjieskop. Ek het al vergeet hoe ver 'n mens in my land kan sien. Ek het vir Thomas Edison ontmoet, wat dink jy daarvan!”

“Neem my na jou president toe,” sê die ou vroujie wat voor die deur van die hoofgebou wag toe Paul en Sébi daar aankom.

Paul lei haar aan die arm tot by die borsbeeld van Paul Kruger. Met trane in haar oë sit sy 'n enkele geel tulp by die voetstuk neer. Daar is reeds baie boodskappe en blomme opgestapel en vir die derde keer die dag ervaar hy buitelanders se simpatie met die oorlog.

“Wat 'n held wat só teen die Engelse opstaan. *Vive le Président!*” Die vrou haak weer in by Paul se arm en kyk met bewondering op na hom.



*“Mon Dieu, mais vous etez grand!”*

“Ons is maar so groot,” lag Paul.

“Vir ’n afskeidskuier nooi ek jou na Maxim’s,” sê Sébastien. “Kry jou agtuur daar.”

## Hoofstuk 18

Die leemte sedert Sébastien se vertrek ’n week tevore laat Paul effe krielig. Hy mis sy maat wat altyd ’n voorstel gehad het om iets te gaan doen of kyk en hy mis selfs Sébi se ongevraagde mening oor alles en almal. Deur Sébi het hy, benewens al die kennis van die stad, ook insig in die komplekse Franse natuur gekry, besef hy nou. Hy glimlag as hy dink hoe Sébi hom spesiaal geneem het om die interessante wenteltrap van ’n bordeel te bekyk waar die inkomendes nie die uitgaandes kan sien nie. Kastig vir Paul se argitektoniese belangstelling, maar Sébi het toe net daar agtergebly.

Om net toesig op die perseel te hou en “eve Zuid-Afrikaans” te lyk soos Leyds hom gevra het, is nie genoeg om hom vir die res van die jaar besig te hou nie. Hy moet ’n afspraak maak om met Pierson hieroor te praat. Paul vind die konsul-generaal al hoe meer ontspanne, maar dalk is dit hy self wat minder terughoudend is.

Hy wens hy het tog vir Sébi van die brief met die beskuldiging vertel, want hy voel dat hy dit nie met Pierson kan deel nie. Vanoggend was daar nog so ’n een voor die deur met die dreigement dat hy “sal betaal vir Monique se dood”. Weer op ’n geskeurde stukkie papier in ’n onopgevoede handskrif. Hy het al rondgekyk na die mense in hul buurt, maar almal groet so vriendelik dat dit sekerlik geen een van hulle kan wees nie.

Monsieur Heubes was vroemôre vir die eerste keer weer by die perseel, bloot om almal te groet omdat sy dienste beeindig is. Hy en Paul het mekaar sonder veel omhaal gegroet, maar dit was tog ’n riem onder sy hart toe Heubes hom bedank het dat hy wat Paul is, “baie vir Monique beteken het”. Hy het sy geloof in Paul se toekoms as argitek uitgespreek.

Sébastien het die aand in Maxim's, met die deftige geregte en duur wyn, vir Paul genooi om dadelik vir 'n paar dae by die Faure-familie op die Belgiese grens te gaan kuier, maar dit was ook al laataand en hy wou nie beloftes doen nie. Paul voel eintlik trots dat hy met hierdie laaste kuier vir Sébi gesê het hy sit sy mond nooit weer aan absint nie.

“Daar is geen fee in daardie groen goeters nie. As dit nie daarvoor was nie, het ek waarskynlik nie nou soveel gehad om oor te wroeg nie. Dan het ek dalk helderheid gehad en moeilikheid vermy eerder as om daarin te duik.”

Sébi het gelag, maar kon kwalik glo dat Paul flouerig gereageer het op die string getooide vroue wat Maxim's versier het. Hy het vir Sébi gevra hoekom hy hom nog nooit twee keer met dieselfde vrou gesien het nie, maar is nooit geantwoord nie.

“Dis die *crème-de-la-crème* van Parys se *courtisanes*, Paul. Waar is jou hart?”

“Waar is joune, jou ou jakkals,” het Paul teruggegooi. “Ek sê jou mos, nie meer drama vir my nie, dankie. Die *art nouveau* van hierdie kroeg, deure, lampe en meubels is nou vir my interessanter as die “*demi-monde*”. Ek wil nou sonder teater leef en beslis sonder die “halwe wêreld”.”

Sébi het nog stories te vertel gehad het oor hoe dit juis die vorige week aangeteken is dat 'n man vir die eerste keer sy *eie* vrou Maxim's toe gebring het en hoe presidente, ministers, ambassadeurs en wie almal nog gereeld daar gesien word, maar dit het Paul verveel. Hy het Sébastien 'n goeie vrou toegewens en ná hul broederlike afskeid, het Paul besluit om die hele ent huis toe te stap. Hy het eers reg om die Opera gestap om die vergulde beelde te bekyk en lank ná middernag voetseer op Montmartre aangekom.

Op die bankie naby die huis het hy met 'n helder kop oor die stad sit en uitkyk.

\* \* \* \*

Paul is besig om met belangstellende besoekers oor die Z.A.R-pawiljoen te praat, toe Pierson skielik om 'n hoek gestap kom en vir hom beduie dat hy hom wil sien.

“Ná ek gehoor het van die Engelse vrou wat op die President se beeld gespoeg het, het ek besluit om te kom kyk hoe dit hier gaan,” sê Pierson terwyl hy 'n brief aan Paul oorhandig. Paul kyk vlugtig na die handskrif op die koevert en bêre die brief in sy bo-sak terwyl hulle na die hoofpawiljoen aanstap.

“Die vrou het glo goed gemik en die beeld raakgespoeg,” doen Paul plegtig verslag. “Die Franse wat in die saal was, was só kwaad, dat hulle haar klere begin afruk het. Ek het een van die werkers gestuur om een van die *gendarmes* hier op die hoek te gaan haal om haar te verlos.”

“Dalk is dit goed dat daar nie plek vir Wichgraf se skildery was nie,” gaan hy voort. “Sy sou na al daardie Boere moes spoeg.”

Pierson gee so 'n lekker lag dat Paul verbaas na hom kyk.

“Wichgraf eis nou die voortekening wat u gesien het, ook. Die skildery is net so aangestuur Duitsland toe. Hy is woedend omdat doktor Leyds hom per kabel laat weet het dat die Z.A.R. nou met die oorlog nie geld het om hom te betaal nie. Hy het glo gesê die opdrag is 'n “tweede Nagwag” en benodig 'n reuse-vertrek.”

Paul onthou nie veel van die voortekening nie, wel net dat die sittende president 'n voetstoeltjie nodig het sodat sy voete nie in die lug swaai nie. Die oorring aan die president se oor was vir hom ook nogal vreemd. Daar is duidelik nie vir die afmetings



van die werk beplan nie, al is die opdrag al meer as 'n jaar terug aan die buierige kunstenaar gegee.

“Noudat u minder vas hier is, sal dit gaaf wees as u een dag per week by die konsulaat kan deurbring. Met die toenemende probleme in die Republieke sal dit help as u met die Franse pers sal help. U het ook meer kennis van die Z.A.R. as ek en u Frans het so vinnig vlot geword.”

Paul wil nog vir hom sê dat hy eintlik 'n Kolonialer is, maar Pierson groet vinnig en klim by Nicolas in die ampskoets in.

Die uitnodiging maak hom nie juis opgewonde nie. Vir die amper vier maande dat hy in Parys is, is hy nie gereken nie. Ja, sê hy hard vir homself, noudat belangrikheid alleen hulle nie deur die drif gaan trek nie, moet ek help.

Paul stap na die groot kafee op die Place Trocadéro en haal die koevert uit sy sak toe die kelner 'n koppie koffie voor hom neersit. Hy bestel ook vir hom 'n baguette met ham, botter en radyse, iets waaroor hy erg begin raak het.

*Hastings Street*

*Tamboerskloof*

*Cape Town*

*1<sup>st</sup> of April 1900*

*Mij lieve broer Paul,*

*Thank you for the postcard of the Transvaal pavilion that was delivered last week. Now I have an idea what you were busy with! It looks interesting, but not quite typical of our country. Why don't you make me a drawing of the Boerehuis? You used to draw so well.*

*You must wonder about my dear, rebellious husband. The only news I have from Jerry, is that he is with other Cape rebels, but I have no idea where they are. You must know about Danie Theron. I have decided to go to Vader and Moeder on the farm, as I have less than three months left awaiting the little Muller. I am so distressed about Jerry, that it will be better to be with the family. Moeder will see to it that I shall be kept busy.*

*Miriam is not residing with me anymore. Mrs. Lipschitz was highly disgruntled about Miriam living with me and tried to marry her off to a young Jewish doctor who recently came from Germany. Miriam was so upset that she bought a cabin trunk in Long Street and started packing all her things. She boarded the Avondale Castle this morning and I went to see her off in Table Bay. She has cousins in London and said she always wanted to further her studies in music. Her Aunt Rachel went with her.*

*I did give Miriam your address at the consulate in Paris, although I doubt whether she will write to you. Who knows, time will tell.*

*In Cape Town life seems to go on as if there were no war. At the harbour this morning, however, we saw British troops, horses and canons being offloaded on the quay, and wounded soldiers carried up the gangway on stretchers. How sad and futile war is.*

*Do write, I really miss you and would love to hear more about your everyday life, what the ladies are wearing now that it must be spring and about all the different countries' exhibitions.*

*I almost forgot to congratulate you on your birthday on the 13<sup>th</sup> of this month. Thirty years old! I hope it will be a wonderful year.*

*Jou liefhebbende zuster,*

*Isabeau*

Paul steek die twee velle blou papier net so oop onder die piering in en steek sy pyp op. Hy het self skoon van sy verjaardag vergeet. Hoe kan hy verwag dinge by die huis moet bly nes hy dit agtergelaat het? Sy ouers het dan nog nie sy brief oor Monique en haar dood gekry nie, moet hy aflei.

Sy suster se moedige besorgdheid oor hom laat Paul met heimwee. Sy het genoeg sorg van haar eie, nou moet sy haar oor hom ook nog verknies. As hy vanaand by die huis kom, sal hy vir sy ouers en Isabeau 'n brief skryf en hulle gerusstel oor sy eie welstand.

Die klassieke klaviermusiek wat uit die binnekant van die restaurant kom, laat hom aan Miriam dink. Dat sy so vrou-alleen uit woede die seereis aangepak het, laat hom glimlag.

“Dis my Miriam, daardie,” sê hy hardop. Hy onthou hoe sy een skemeraand van hul huis in Groenpunt af tot by Isabeau in Tamboerskloof gestap het omdat sy haar vir haar ma vererg het.

## Hoofstuk 19

Sy familie moet nou 'n duideliker beeld van hom en sy omgewing hê, besluit Paul toe hy die vier geskrewe bladsye netjies opvou en saam met vier poskaarte in 'n koevert sit. En hopelik is hulle ook meer gerus.

Hy het sy tyd geneem met die briëfskrywery. Hoewel onseker oor die geskrewe Afrikaans, wou hy dit wat hy te sê het, in sy eie taal oordra. Gelukkig kon hy hulle dié slag verseker dat dit nou beter met hom gaan en dat hy tot aan die einde van die skou in Parys sal bly. Hy het ook geskryf oor die benepenheid van Leyds en die ondergeskiktheid van Pierson, die Deputasie se soeke na ondersteuning en ten einde laaste oor sy woonplek op Montmartre.

Wat hul oë nie sien nie, sal hul harte nie deer nie, het hy besluit toe hy net die nodige geskryf het. Die poskaarte wat hy invoeg, is met sorg gekies: die kronkelende rivier in skemerlig, die Eiffeltoring vol Franse vlaggies, Place de Tertre op Montmartre en 'n mooi foto van die groot skou-ingang. Daar was nog nie een van die Boerehuis beskikbaar nie, maar dalk maak hy tog later 'n tekening, soos Isabeau gevra het.

Die toeplak van die koevert neem 'n gewig van Paul se skouers af weg. Enige kind is skaam om vir sy ouers van spoorlose tye te vertel.

Hy staan op en begin van 'n kant af om die dakkamer skoon te maak. 'n Stok wat op die vloer gelê het, prakseer hy in een hoek vir hangplek. Soos hy klere begin ophang, haal hy ook party stukke uit en gooi dit in sy seilsak. Sy ou ferweelbroek, baadjie, ou hemde en velskoene sal 'n *clochard* gelukkig maak. Nou het hy 'n verskoning om nie volgens doktor Leyds se voorskrif “eve Zuid-Afrikaans” te lyk nie.

Hy vee die vloer, skrop die waskom, probeer die kollerige spieël en skewe venster poets en maak tot die vensterbankie binne en buite skoon. Onder die bed haal hy ’n stapel rowwe tekeninge en die planne uit en rol dit netjies op: dit kan in die konsulaat gebêre word, want die werk daaraan is nou verby.

Die besem stamp aan die linnerol wat Monique nog vir hom gegee het. Die einste rol wat hul laaste groot argument ontketen het. Hy rol dit oop, haal die kwasse een vir een uit en bekyk hulle goed. Die buisies verf lyk nie so sleg as wat hy destyds gedink het nie en hy is verbaas om drie heel stukkie houtskool in een van die vakkies te kry. Hy bêre alles netjies, rol dit toe en laat dit op die tafel voor die venster. Seker maar goed dat ek nooit gehoor het waarheen Monique snags verdwyn het nie, dink hy.

’n Geur van jasmyn en vrolike klanke waai van onder uit die straat die kamer in. Die vertrekkie lyk skielik ligter en heelwat groter. Nou voel ek soos ’n Parysenaar. Of soos ’n Montmartrois, dan, in hierdie kamer wat ek myne gemaak het, dink hy.

Net wanneer hy op die ongemaklike katel neerval, hoor hy iets by die deur. ’n Stuk gevoude papier word onderdeur geskuif.

*Toi, toi, toi va payer,* staan dié slag geskryf. *Jy gaan betaal.* Met die opgefrommelde stuk papier storm hy by die deur uit. Hy kan nie meer as die agterkant van ’n man te sien kry nie en moet terugdraai by die straat, want hy het nie skoene aan nie.

“Verdomp,” sê hy, gaan lê weer.

\* \* \* \*

Paul ry stadig met sy fiets langs die rivier af. Dit is lente, dit is Saterdag, dis die mooiste stad met die grootste skou ter wêreld -- genoeg rede om 'n huppel in enige mens se stap te sit. Voor die Pont des Arts stop hy en tel die fiets by die trappies op. Hier en daar sit mense met piekniekmandjies op die brug se bankies. *Pique-nique*, onthou hy het Sébi vertel, is eintlik 'n Franse woord én gebruik. G'n Engels nie.

Hy leun oor die ysterreling en kyk hoe die rivier stadig na hom toe aanvloei. Voor hom is die punt van die Ile de la Cité al plesierig groen en die Pont Neuf aan sy sye glimlig teen die donker water.

Bo-op en onder die brug langs die water sit 'n hele paar kunstenaars en verf of teken. Een ouerige man met 'n groot strooihoed en groot los hemp vol vlekke trek sy aandag. Hy het 'n stoeltjie, 'n houtkissie vol verfbuisies en sy esel alles by hom. Sy palet is al dik van jare se kleure op dieselfde plekke. 'n Ander sit met houtskool en papier en onder sien hy ook 'n hele paar kunstenaars wat met waterverf werk.

Hier, waar ek nou staan, moet die hartklop van Parys wees, dink hy. Links die Louvre, regs die sierlike gebou van die Institut de France en voor steek die ou katedraal se swart spitstorinkie agter die twee kloktorings uit.

Ná 'n lang ruk stoot Paul sy fiets weer na die linkeroewer toe. Voor hom stap die kunstenaar met die strooihoed en al sy gereedskap ook rustig en gaan dan by 'n winkel in op die Quai Voltaire. *Gustave Sennelier (Depuis 1887)* staan dit bokant die deur.

Paul besluit terstond om te gaan kyk en los sy fiets voor die deur. Die ouerige man met die welige wit snor wat hom groet toe die klokkie aan die deur lui, moet monsieur Sennelier wees. Die houtvloere kraak soos mense oral rondloop en kyk na pigment, verf, houtskool en kwasse. Paul voel of hy 'n stuk heilige grond betree het.

Hierdie moet 'n paradys vir enige kunstenaar wees, dink hy, as hy die smal trap opklim om na die baie soorte papier te gaan kyk. Voorbeelde van houtskooltekeninge val hom op in hul skakerings van swart, grys, bruin en oker. Dit kan ek tog ook probeer, besluit hy en soek vir hom 'n paar velle uit.

'n Skielike lawaai agter hom laat hom omdraai. 'n Man met 'n breërandhoed op, hurk terwyl hy probeer om die klomp verfbuisies op te tel wat hy van die rak afgestamp het. Toe Paul afbuk om hom te help, spring die man op en hardloop by die trap af. Paul verbeel hom dit lyk soos die donker man wat by Monique se begrafnis in die kerk gesit het. Hy het dieselfde los baadjie aan.

## Hoofstuk 20

Heimwee stuur Paul tot voor die serfytjie wanneer dit blyk dat al die besoekers weg is. Hy sit eers 'n hele ruk stil, geboë oor die klawers. Die herinnering aan sy teësinnigheid as kind toe sy ma hom wou leer speel, laat hom glimlag. As Ma my nou kon sien, dink hy toe hy saggies begin trap en sonder plan begin speel. Die wysie kom spontaan en hy neurie eers 'n ruk voor die woorde uitkom.

*Waar Tafelberg begin, tot ver in die Transvaal*

*Woon één verenig volk, --één algemene taal;*

*Een volk voorheen miskent, een taal voorheen gesmoort,*

*Maar nou beroemt, geëert, in Oos, Wes, Suid en Noord*

Paul kan half nie glo dat hy die woorde van sy kinderdae af onthou nie.

*Europa! Roem gerus op al jou grote prag.*

*Ons wil ons lot nie ruil, nie vir een enkel dag;*

*By jou is plaasgebrek en dikwels hongersnood;*

*By ons is goud genoeg; dié wat wil werk het brood.*

Vir die eerste keer bedink Paul die woorde van dié lied terwyl hy hier en daar oor die note struikel. Hy moet tog kyk of Mansvelt nie 'n liedereboek in sy onderwysuitstalling het nie. Maar hy twyfel, want dit is alles so styf, so Hollands, so



Transvaals. Die ironie van die oorlog wat die woorde weerlê, laat hom ophou speel. Hy kan ook nie verder mooi onthou nie, net: *En segen liewe Heer, 't verenigt Afrika!*

“Gmf! Dit is ook die naaste wat julle Kolonialers aan ’n volkslied sal kom.”

Paul draai verbaas om, maar sien niemand in die klein voorhuis nie. Hy staan op en loer om die hoeke in die ander vertrekke in. ’n Jong man lê doodluiters op die ledekantkatel in die een slaapkamer. So ewe met die hande agter sy kop gevou en bene gekruis.

“Jy ken seker nie eens *Kent gij dat volk* of *Heft Burgers* nie.”

“En hoe, soos ons in die Kolonie sou sê, voer neef altemit die van? Het jou ma jou nie maniere geleer nie?” Paul is lus om hom allerhande leliker dinge toe te voeg, maar hy hoor voetstappe elders in die Boerehuis.

“Ek sing minstens in my eie taal,” kan hy nie laat verbygaan nie en draai om uit te loop, maar die jong man swaai sy bene van die bed af en steek sy hand na Paul toe uit.

“Wessels.”

Hy glimlag breed agter sy rooi baard en staande lyk hy nog meer verkreukel as toe hy gelê het. Paul dink dat hy self seker net so gelyk het toe hy hier aangeland het. Ferweelbroek, vervormde baadjie, growwe, dowwe skoene. Hy het nie lus vir die geselskap van die ongepoetste man nie, hy was lus vir alleenwees.

“Roux,” sê Paul op sy beurt.

“Ja ek weet, ek het vir jou ’n brief gebring.”

“Uit die Boland? Van my ouers af?”

“Nee, van Engeland af. Ek was op die Avondale Castle.”

Miriam, weet Paul dadelik. Hy wil nie gevoelens voor die vrypostige vreemdeling wys nie, maar voel eintlik lus om weg te loop. Hiervoor is hy nie nou reg nie.

“Waarvoor is jy hier in Parys?” kry Paul darem uit.

“Ek kan nie eintlik vir jou sê nie. Maar ek hardloop nie weg nie.”

“Is jy dan saam met die Deputasie van Fischer-hulle? Daar is mos ook ’n Wessels by. Ek het gehoor hulle kom binnekort hiernatoe.”

“Toevallig ’n oom van my, maar nee, hulle weet nie eens ek is hier nie. Jy hoef dit ook nie uit te basuin nie. Ek het ander dinge om te doen.”

Die jong Wessels haal die brief uit sy baadjiesak en gee dit vir Paul. Die koevert is nogal dik.

“Ek sal jou weer sien,” sê hy terwyl hy by die deur uitloop.

Paul bly half verdwaas met die brief in sy hand staan terwyl hy Wessels agterna kyk. Nogal ’n voorbarigheid in sy stap, dink Paul, maar sy gedagtes skuif na Miriam toe wat nou ná drie jaar waarin hy van haar probeer vergeet het, verskyn.

\* \* \* \*

Paul gaan sit op die rand van die riempiesbank en steek eers sy pyp op voor hy die koevert versigtig oopskeur. Voorwaar ’n dik brief, dalk meer as een. Ses velle dun blou papier is inmekaar gevou en daarby nog twee poskaarte ook. Toe hy Miriam se netjiese, fyn handskrif sien, kyk hy eers ’n slag weg en haal diep asem.

*I am going to England as fast as this ship can carry me* staan skuins agteroor die boonste poskaart gekryf. Dit is 'n prentjie van die Avondale Castle waarop die jong Wessels ook was. Die ander is 'n foto van die Kaapse hawe met die perderenbaan daarnaas. Daarop staan net dat haar pa nou 'n resiesperd saam met die Joel-broers gekoop het.

Hy is spyt dat hy nie oor Miriam uitgevra het nie, maar met die klein Wessels se astrante houding en die skok van haar wat nou amper tasbaar nader gekom het, het dit hom ontgaan.

*My dear Paul*, hef sy die brief aan.

Hy kyk verbaas af na sy hande wat effe bewe. Eers voel dit of hy Miriam se beeld iewers ver moet gaan opdiep, maar dan kom dit helderder. In Miriam se handskrif sien hy haar smal hande, haar ronde voorkop en haar vol mond wat so maklik glimlag. Haar hare, haar geur, haar vel met dieselfde kleur as sy ma se beste koppies. Die glans op haar wang eenkeer onder 'n volmaan op die Mullers se stoep in Tamboerskloof.

*Isabeau might have told you that I left Cape Town, so this letter might not be a complete surprise. When I met this secretive young man on the ship who talked about going to Paris, I simply took a chance, hoping that he might find you. You must be taller than most people at those pavilions, I told him.*

*The situation with my mother became quite unbearable. She constantly wants to marry me off and has no regard for my dreams as a pianist. To her, there is only klezmer music played by men at weddings. Songs like “Nor gelebt, nor gelackt”. My father is*

*understanding, though, and as you remember loves Mendelssohn and has a strong sense of romance. It was he who encouraged me to go to London to study. Father's sister, Aunt Rachel, is traveling with me. I considered going to Munich to study under Dr Martin Krause or Vienna where music is lively, but we have Lipschitz-family in London where we will stay.*

Paul onthou van die vrolike tante van Miriam. Missus Lipschitz het nie daarvan gehou dat sy by hulle inwoon nie, so dié reis is vir Rachel seker ook 'n uitkoms. Miriam het vertel dat die onortodokse tante graag haar skoonsuster se siel uitgetrek het. Niemand het mooi geweet hoe haar man in Kimberley dood is nie en dit was duidelik nie iets om oor uit te vra nie.

*With only the never-ending ocean to look at, one naturally spends more time with thoughts and memories. The sense of freedom the sea gives is, however, countered by the wounded soldiers and bleating sheep.*

Hy kyk van die brief af op. Hy stel hom vererg voor hoe Miriam op die dek van die boot staan en uitkyk en hoe bleek mans op krukke en vol verbande rondsit en ongevraagde aanmerkings maak.

*I saw some postcards at Isabeau's – Paris must be like a dream come true for you. I remember how you enjoyed your apprenticeship at Mr. Baker's office. They have now completed the City Club in the center of town, the building you also worked on with Mr Franklin Kendall.*

*I am humbled by Isabeau's supportive friendship over these difficult past weeks and I do hope her husband returns from the veld. She misses him, especially with the little one on the way.*

Dit word nou té donker in die voorhuis om verder te lees en hy moet toesien dat die pawiljoene gesluit word. Paul mis weer vir Sébastien. Sébi sou raad gehad het met sy verwarde emosies, want self weet hy nie watse reg hy op die onverwagte sweem van jaloesie het nie.

Paul neem sy tyd om Montmartre toe te ry. Die kastaiingbome se blomme waarvoor hy gewag het, staan blinkwit teen die groen en die helder kleure in beddings langs die strate is opvallend.

Herinneringe maal deur sy kop: hy sien Miriam met haar netjiese, reguit rug voor 'n klavier sit; hy sien sy swaer Jeremia in vreemde berge wegkruip; hy sien sy suster Isabeau swanger by sy ouers aan die kombuistafel met huisgodsdienst — sy pa voor die oopgeslane familie-Bybel en sy ma altoos glimlaggend. En hy hoor sy moeilike oudste broer se snedige aanmerkings teenoor Isabeau en oor Miriam.

Miriam weet seker ook nie waar Jerry Muller is nie. Hy kon van Isabeau se brief aflei dat sy swaer in die fietsrykorps van Danie Theron is, maar het die indruk gekry dat sy niks op swart en wit wou laat blyk nie. Die jonge Muller was nogal kranig met sy fiets oor naweke en het dikwels saam met Koos Jooste gery. Die Wielrijders Rapportgangers is selfs hier in Frankryk al bekend en hy het gelees dat Jooste nou al tot die rang van luitenant bevorder is. Hulle was 'n ruk gelede in die Noordwes-Kaap bedrywig.

Paul parkeer sy fiets by die Place de Clichy sodat hy by 'n straatkafée sy brief verder kan sit en lees. Hy bestel eers 'n glas rooiwijn en steek sy pyp op voordat hy weer die lywige brief uit die koevert haal.

Soos hy vooroor leun om te kyk wat Miriam geskryf het, laat hy homself dink aan 'n dier wat aan 'n ou wond begin lek.

\* \* \* \*

Paul se oë rek soos hy verder aan Miriam se brief lees.

*I hope to get into the Royal College of Music. A second cousin of mine (they changed their name to Lipton) is studying the violin and she might help me to get into the school. It might sound strange to you, but I am a bit nervous about being Jewish in London. In Cape Town it never seemed like a problem. Mother did refer to you as a “shaget” and complained about my mingling with the “goyim” but I never had the feeling that we were closed off. Well, all of this waits to be seen - getting into the college, I mean.*

Sy ontmoeting met Miriam in die musiekwinkel in St Georgesstraat in die Kaap staan hom nog helder voor die oog. Van agter het die dunste middel in 'n blou rok hom opgeval en hoe sterk die kraag teen haar gestapelde blinkswart hare afgesteek het.

Paul het effe oor sy woorde gestruikel toe hy bladmusiek vir Mister Kramer wou vra. Hy wou sy suster met haar verjaardag met 'n stuk van Mendelssohn verras, maar kon die titel nie mooi onthou nie. Net iets van *Lieder Ohne Worte*. Toe hoor hy hoe die

meisie dit vir Mister Kramer verduidelik, “Opus 53 numbers 2 and 4 in E flat Major” en dié dit agter die rakke uithaal.

“Your sister and I have the same taste,” het sy gesê toe sy na hom toe draai. Half gapend het hy afgekyk in die mooiste donkergrys oë wat hy in sy lewe gesien het.

“Ek sal haar graag wil ontmoet — dalk kan ons saam musiek maak. Buy her the *Venetian Gondola Boat Song* as well.”

Sy summere uitnodiging na die Mullers se huis die Sondagmiddag het hom self verbaas en haar aanvaarding het hom sprakeloos gelaat. Mister Kramer het begin lag agter die toonbank toe Paul haar agterna kyk.

“Dit is Mister Lipschitz se dogter. Issy Lipschitz met die kwaai vrou.”

*There was a recital at Groote Schuur. But Father was not too happy as he was quite against Cecil Rhodes after the Jameson Raid. It was an opportunity for me, though, and I think it went rather smoothly. I tried to prove to Mother that I am capable of furthering my studies.*

*The Royal College of Music is only 18 years old which is young compared to places in Vienna, but that might help me to get a scholarship. Father is quite concerned that I might end up in a Vaudeville Show in the East End. Thank goodness Aunt Rachel is of such pleasant spirits. We laugh a lot.*

Paul lag hard omdat Miriam duidelik net skryf wat in haar kop kom.

*Aunt Rachel says she can't see me as a good baleboste like her sister-in-law. That means a good housewife, if you have to know.*

*Oh dear Paul, I am so glad to be free from that, but I do miss Father and am worried about him. David and Aaron are there though, but Mother will interfere with their lives too.*

Paul kyk aan die onderkant van die brief om 'n adres te sien, maar daar is niks. Net “*I remember you fondly, Miriam.*” Hy vou die brief toe en klim met 'n sug en tegelyk 'n opgewondenheid op sy fiets. Die reuk van lente is sterk soos hy ry, maar dis huislike geure wat hom opval -- vars brood, kos wat gemaak word in kombuise met gesinne wat om tafels sit. Dinge wat al vergeet geraak het. Vrolike familiegesels wat deur oop vensters gehoor word.

Paul klim die trap na die dakkamer toe vinniger as gewoonlik op. Met sy baguette en stuk kaas gaan sit hy by die tafeltjie en uitkyk.

“Ag Here tog, Miriam. Hoe nou gemaak?”

Vir die eerste keer haal hy die kwasse uit die rol en rangskik hulle en die krommerige verfbuisies netjies langs mekaar. More gaan koop ek linne op die Quai Voltaire, dink hy terwyl hy pleks van die verf, sy tekenboek en nuwe houtskool uithaal. Is ek dan klaar gerou oor Monique?

Bo-aan die straattoneel voor sy venster wat hy by die flou lamplig klaarmaak, skryf hy “Vir M” en stut dit met sy wynglas teen die muur.

Hy staan so 'n paar tree terug om goed te kyk en kry dan half skaam omdat dit vir hom mooi is.



## Hoofstuk 21

Die Maandag toe Paul by die pawiljoen instap, wag die klein Wessels hom weer in. Hy het geen lus om met die snuiter te praat nie, tensy hy dalk meer van Miriam kan vertel. Die hele naweek wat hy na besoekers moes omsien en praatjies moes maak, het hy aan Miriam gedink. Homself weer verlange na haar toegelaat. Die lyn van haar hals, die val van haar heupe onder die dun middel, die lewe in haar oë en haar innemende lag.

“More, meneer Roux.” Hy spreek “more” plat soos die Vrystaters en Transvalers uit en dit irriteer al klaar vir Paul.

“En hoe was jou naweek ná die nuus, nogal? Jy werk hier vir die Republieke en jou liefde is Ingels?”

“Dis net een Republiek, want die Vrystaters – wat ek sou raai jy ook is — het niks bygedra nie en my liefde, as jy dit so wil noem, het niks met jou te make nie.” Paul praat so half oor sy skouer en maak of hy met iets besig is.

“Ek het Vrydag vergeet om nog ’n poskaart vir jou te gee en dit lyk nogal belangrik: daar is ’n adres op.”

Paul verander sy houding met dié antwoord op sy vrae. Hy gaan staan stil en draai na Wessels toe: “Dankie. Wat bring jou hiernatoe? En hoe lank is jy nog in Parys?”

“Nee, hier gaan ek nie vertoef nie, die plek is wragtag te groot. Ek weet nie hoe jy dit hou so onder die klomp vreemde mense nie. En daar is so baie van hulle!”

Paul aanvaar die poskaart met ’n glimlag en draai die prentjie van die boot vinnig om om na die adres te kyk.

“Nou waarheen gaan jy dan?”

“Aan wie se kant is jy? Voor ek jou iets sê, moet ek weet.”

“Ek is ’n Kolonialer wat drie jaar in Pretoria vir die regering gewerk het. Ek het ’n geweldige bewondering vir generaal Piet Joubert gehad wat hierdie uitstalling gelei het.”

“Ek is ’n Vrystater en ons veg saam.” Wessels trek homself regop en stryk oor sy baard.

“Ek is baie jammer oor die oorlog. Ek het ’n rebel-swaer wat iewerster veg en ek’s besorg oor hom. Maar ek het ook in die Kaap by iemand gewerk wat, al is hy uit Engeland, baie doen vir ons eie argitektuur. Die geklou aan Holland daar in Pretoria stuit my ook maar teen die bors. Dit beteken nog nie ek is pro-Brits nie. En Miriam Lipschitz is nie Ingels soos jy sê nie, sy is ’n Jodin,” antwoord Paul Wessels se vraende uitdrukking.

“Ek is hier om wapens te soek vir die Boere. Maar dis al wat ek gaan sê. Moet my ook nie verder uitvra nie.”

“Ek wou eintlik net een vraag vra, en dit is hoe Miriam lyk. Ek het haar meer as drie jaar laas gesien. En dan wil ek ook vra of jy dan Frans kan praat?”

“Ek het haar dikwels op die dek gesien sit en briewe skryf. Mooi vrou. Sy was baie saam met ’n ouer vrou wat na familie gelyk het. Ook ’n mooi vrou met swart hare. Hulle het een aand ’n klavierduet in die eetsaal gespeel wat mense geniet het.

“En ja, ek praat Frans,” sê hy toe Paul hom steeds indringend aankyk.

Kort voordat hy die deure van die pawiljoen wil sluit, kom Pierson en Nicolas daar aan met vier mans wat opvallend haastig lyk.

“Meneer Roux, kan ek u voorstel aan die Deputasie uit die Republieke?”

Een vir een stel hy die statige, bebaarde mans aan Paul voor: Fischer, Wessels, Wolmarans en De Bruin. Abraham Fischer se baard is al goed grys, Cornelius Wessels is lank en donker, Wolmarans, die Transvaler, kort en belangrik en die lange telegrafis J.M De Bruin wat hom eenkant hou, is die sekretaris van die groep. Die mense wat by De Villebois-Mareuil se roudiens moes gewees het en oral steun vir die Republieke probeer kry, weet hy.

“Sal u ons vergesel vir aandete? Ek neem die vier here na die Hôtel Ritz. Hulle wil ook graag meer van die uitstalling weet.”

Die Ritz, nogal, dink Paul. Maar dis seker gepas as hy na die deftige klere van die deputasie kyk. Hy neem hulle deur die pawiljoen en verduidelik van Wichgraf se skildery wat toe nie plek gekry het nie en van die onderwysuitstalling van Mansvelt wat baie aftrek kry. Hulle staan lank stil by die talle blomruikers voor Oom Paul se borsbeeld.

Soos wat Paul verwag het, lyk dit of die Boerehuis geeneen juis aanstaan nie en hulle beweeg vinnig daardeur tot by die indrukwekkender goudmyn-voorstelling.

Toe hy saam met die groep uit die koets voor die Ritz-hotel klim, is Paul bly dat hy vroegoggend na die baddens was en sy hare laat skeer het. Die Place Vendôme met die indrukwekkende geboue reg rondom is ’n ander wêreld as die Trocadéro en Montmartre. Onseker word hy saam met hulle deur deurwagte met uniforms die deftige foyer binnegelei.

Pierson stap voor deur die portaal tot by die restaurant waar die maître d’hôtel hulle na ’n bespreekte tafel neem. Dis duidelik dat Pierson gereeld hier kom as ’n mens

sien hoe hy gegroet word, dink Paul terwyl hy hom verkyk aan die interieur van die vertrek. Die tafels se damasdoeke hang tot op die grond en die baie silwer en kristal blink in die byderwetse elektriese tafellampies se lig. Hoë glasdeure naby hul tafel is effens oop na buite op 'n tuin vol palms.

Aan tafel sit Paul afgetrokke na die ander vyf mans en kyk. Die konsul-generaal, netjies regop, het sy groot servet formeel aan die sykant oopgeskud en oor sy skoot gevou en die ander vier het dadelik sy voorbeeld gevolg, maar met 'n bietjie te veel vertoon.

Paul voel of sy selfvertroue tussen al die weelde taan. Maxim's is ook deftig, maar dit is 'n nuwerwetse *art nouveau*-plek en plesierig. Hy behoort hierdie klassieke argitektuur te geniet, maar dit is net te styf en al die klanke te gedemp. Of dalk voel hy bloot té ontuis. Tussen die tafels is ook welige palms in potte waaragter baie kelners met kort swart baadjies ongemerk probeer kyk waar hulle handig kan wees.

Die spyskaart voor hulle is elle-lank – glad nie soos die brasseries met 'n paar geregte nie.

“Gustave Escoffier het uit Londen gekom om 'n reeks spyskaarte vir die Wêreldskou saam te stel, maar vanaand is dit meestal sy klassieke geregte,” sê Pierson terwyl hy 'n *lorgnette* voor sy oë hou.

Met seremonie kry elkeen tegelyk 'n bord wat met 'n silwer koepeltjie bedek is. Agter ieder van hulle staan 'n kelner en in gelid word die deksels opgelig sodat die aroma van die *consommé Rossini* gelyk vrygestel word. Paul sien Fischer en Wessels leun oor die dun sop en hy doen dit na. Geure wat hy nog nooit in sy lewe geruik het nie, gaan subtiel in sy neus op.

“Vanaand gaan julle die beste kos van jul lewens eet. Escoffier noem alle geregte met truffels en ganslewerpatee in, na die komponis,” sê Pierson met genoegdoening. Paul vra liever nie wat truffels is nie, hy eet alles wat voor hom neergesit word.

“Hm,” sê Fischer toe hulle van die soeterige, swaar wyn proe. “Hierdie Haut-Barsac is die beste Sauterne wat ek nog geproe het.” Hm, voel Paul ook lus om te sê. Hm en wat hou jy jou so opstêrs.

By ’n raserige, Boheemse plek soos Lapin Agile in sy buurt sal jy dié klompie nie sien nie, dink Paul. Hoe gaan hulle ná dese in Bloemfontein en Pretoria regkom? Waar het hulle nou al gehoor van forelsalm wat in Rynse wyn gestoom is, hoenderborsies met amandels en stukkies beesfilet op blaarslaai? Om van *sorbet au Kirsch* net om jou palet skoon te kry, nie te praat nie. Maar hy sien hy misgis hom: oor elke happie en slukkie wyn gesels almal met gesag saam. Pierson en Wessels raak in ’n sielige gesprek betrokke oor die verskille tussen die wyne van Boergondië en Bordeaux.

“Die Chateau Melleret is darem twaalf jaar oud,” sê die een.

“Ja, goed volwasse met ’n mooi rok en min trane,” sê die ander. Paul het nie juis ’n idee waarna hulle verwys nie.

Sy rug trek al stywer. Een gereg ná die ander word met swier afgelewer. Al hierdie praal en dit terwyl ons land in oorlog is? Maar die verwydering tussen die bourgeoisie en die gewones sal maar altyd daar wees. Daar was Monsieur Heubes vir hom ’n goeie les. Hy dink aan generaal Piet Joubert en F.W. Reitz wat sulke opgevoede en berese mense was, maar sonder vertoon. Wat die Transvaalse president hier sou doen, weet hy ook nie. Hier is nie eens kwispedoors om mis te spoeg nie.

Die mans praat gedemp oor die talle blomkranses by oom Paul se borsbeeld, sy swak gesondheid en dat hy nie meer altyd by is met besluite nie. En sommer snedig ook oor Tante Gezina en haar melkkoei in die presidentshuis se agterplaas en die invloed van die aangetroude Eloffs. Die invloedryke Nellmapius se naam word ook hier en daar genoem.

Paul besef dat hy nie heeltemal op die hoogte van nuus aan die tuisfront is nie. Pierson het die oggend 'n kabel oor die Britse opmars na Pretoria gekry en almal praat besorgd daaroor. Die mans praat nie oor hul mislukte pogings om steun vir die republiek te kry nie, ook nie oor hoe lank hulle rondreis en hul voorgenome besoek aan Amerika nie.

Paul se gedagtes begin dwaal en hy wonder of Pierson hulle van sy moordarrest vertel het. Dit lyk darem nie of hulle meer van hom af weet as wat hulle te kenne gee nie. Dit lyk nie eens of hulle hom raaksien nie.

Meer mense kom die restaurant binne en die vioolspeler in die hoek se musiek is nie meer so steurend klaerig nie. Paul voel of sy hempkraag nie hoog genoeg, wit genoeg of styf genoeg is nie. Soos wat welgeklede mans met tevrede vroue aan die arms instap, hoor jy die sagte geruis van sy. Dit is nie die regte oomblik om aan Pierson te vra of dit hier ook soos in Maxim's werk dat mans nie hul eie vroue bring nie, besluit Paul.

“Daar was vandag 'n jong heer Wessels by die pawiljoen,” waag Paul dit teenoor sy geselskap net toe elkeen 'n gestopte patrys voor hom kry. Mnr. Wessels kyk dadelik geërg van sy gesofistikeerde gereg af op.

“En van watter Wesselse sou hy dalk wees?” vra hy kouend aan Paul.

“Ek het eerlikwaar nooit sy voornaam gehoor nie, hy het net vir my ’n brief van die Avondale Castle afgebring. Hy het egter genoem dat hy van u familie is.” Paul noem nie van die wapens wat vir die oorlog tuis gesoek word nie.

Wessels word bloedrooi in die gesig en vee vinnig met die groot servet oor sy mond — sommer oor sy hele gesig.

“Die klein stront, wat dink hy kan hy nou regkry?” Hy draai verskonend na die konsul-generaal wat sy gesig eenkant toe gedraai het sodat die tafelgenote nie sy glimlag moet sien nie. Pierson druk liggies met die een punt van sy servet aan sy mondhoeke. “Diesulkes sal altyd in ons midde wees, maar daar is tog kanonne van Creusot op ons uitstalling.”

Paul dink skielik daaraan dat hy dalk die jong Wessels wat so graag spioeneer, moes gevra het oor die vreemde briefies wat hy kry. Vanoggend s’n was weer net een woord: *tueur*, moordenaar.

Hy voel hy moet weer aan die gesprek deelneem. “Ek wonder of die nuwe hotel in Kaapstad op hierdie skaal van die Ritz sal wees?” sê hy toe die fynste sjokolade-nagereg in ’n swaan van ys voor elkeen verskyn. Almal lyk nou al ongemaklik vol en lê agteroor in hul stoele.

“Ja, die bleddie Rhodes. Dis glo om deftige passasiers uit Engeland te huisves. Die Union en Castle Lines is mos nou geamalgameer. Groot geld vir die man en hy hét so ’n grootheidswaan. Gmf. Almal weet tog dat hy ná die Jameson Raid en sy bedanking as eerste minister meestal in sy vrugteboerdery belang stel.” Wessels is nou lekker op dreef. Hy neem ná elke paar woorde ’n sluk uit sy glas.

“Ja, dis naby my kontrei,” sê Paul. “Groot Drakenstein. Ek was by die bouery van die werkershuisies op die plase Boschendal en Rhone betrokke. Dis hoe ek vir Herbert Baker ontmoet het en by hom begin werk het.”

Dit klink of Wessels weer in sy snor brom, maar die kelners skink sjampanje en bring aarbei-*friandises* wat die aandag aflei. Soos sy ma se bruin suikerlekkers, dink Paul toe hy deur die harde suiker byt om by die sagte vrug uit te kom. Nou draai die gesprek om die Landon-champagne wat sedert 1790 gemaak word. Glo gebruik om die tweede bestorming van die Bastille te vier.

Paul wil nog vertel hoe Napoleon die wyn van Constaansie bestel het, maar sy maag is te vol om te praat en boonop word cognac, cointreau en sigare tafel toe gebring.

Al ses mans kom met moeite uit hul stoele en tot op Place Vendôme waar Nicolas by die koets staan en wag. Pierson bied aan dat Nicolas vir Paul terugneem pawiljoen toe sodat hy sy fiets kan gaan haal, want die deputasie verkies om tot by hul hotel te stap. Die Hôtel Scribe is naby.

“Só ’n koningsmaal sal ek seker nie gou weer in my lewe kry nie. Ek waardeer dat u my saamgenooi het. Ek staan verbyster oor die kos,” bedank Paul vir Pierson.

“Dit was omdat jou geselskap altoos fris en eerlik is. Dit sou ’n lang aand sonder jou gewees het,” sê Pierson. “Gelukkig was die kos uitstekend.”

“Dankie, ek het nie juis veel gesê in dié hoge geselskap nie, maar in my lewe het ek nie geweet ’n mens kan so deftig eet nie.” In die donker probeer Paul die uitdrukking op die konsul-generaal se gesig peil. Verbeel hy hom of is daar ’n ondeundheid?





Moeg getrap die bult uit, gaan Paul eers op sy geliefkoosde bankie op rue Lépïc sit. Ander, varser geure vul die lentelug en hy sien selfs 'n paar sterre in die lug. Veraf staan die Eiffeltoring verlig vir die feestyd. Vir dié plek het ek lief geword, dink Paul toe hy opstaan.

## Hoofstuk 22

Sigeunervroue met bont klere staan oral op straathoeke met mandjies vol bossies blomme.

“*Miguets pour Mai!*” hoor Paul hulle roep so ver as wat hy deur die strate ry. Fyn wit kelkblommetjies om die lente aan te kondig. Hy onthou hoedat sy ma hierdie selfde blomme op van haar kussingslope borduur het. Paul wens sy kon die blomwinkels in Parys gesien het.

“Lilies of the Valley laat my na iets verlang,” het sy gesê. Hy het nooit daaroor uitgevra nie en besluit om ’n tekening vir haar te maak van die bossie wat hy by ’n vrou met ’n groot goue tand koop.

Vandat hy nou die dag die eerste tekening deur sy venster gemaak het, is sy sketsboek al omtrent halfpad vol. Die Boerehuis se skets het hy vir Isabeau gestuur. Die afgelope naweke gaan sit hy op verskillende plekke in Parys om te teken, maar by die span van die linne vir olieverf het hy nog nie uitgekom nie. Dis nou al drie weke sedert hy die tekening van sy vensteruitsig met die brief vir Miriam Londen toe gestuur het, maar hy het nog niks weer van haar gehoor nie.

Hy kan eintlik nie verbaas wees nie, bieg Paul teenoor homself. Ná die hoeveelste opgefrommelde aanhef, het hy sommer met die deur in die huis geval. Nou dink hy hy moes nie die brief met *‘ek het net ’n tweedehandse fiets en bly soos ’n dassie in ’n dakkamer’* begin het nie.

Dit was nie wat sy gevra het nie en dit was bloot lomp. Van pure blyheid om ná drie jaar met Miriam te gesels, het hy onbeholpe aangerammel oor die argitektuur van

Parys, die Z.A.R se geboue, die besoekers, die spotprente teen die Britte, sy lewe op Montmartre, sy bekommernis oor die oorlog en hoe dit sy werk kan raak.

Die skrywery het die verlange na Miriam verdiep. Hy wil haar by hom hê. Saam met haar in Parys se strate drentel, van brûe op die rivier afkyk en onder langs die water op bankies sit. Dit het hy nie geskryf nie.

Sy afsluiting ‘*Wouldn’t you like to see Paris?*’ klink, nou dat hy daarvoor dink, verwyderd. Wat moet sy daarop antwoord?

“Die Britte se opmars is op pad na Pretoria,” hoor Paul iemand bulder net toe hy sy fiets by die Boerehuis staanmaak. Dis een van die bebaarde mans, Wim Vermaak, wat by die vervoeruitstalling help. Met ’n stuk papier in sy swaaiende hand, klim hy op ’n kassie voor die model-ossewa. Toe hy Paul sien, spring hy af en gee hom die brief.

“Jul koetsier het dit pas gebring. Eintlik vir jou bedoel, maar ek is jammer, ek kon dit net nie inhou nie,” sê hy. “Dié nuus moes ek met die mense hier deel. Ons is almal op hete kole.”

Sonder ’n woord staar Paul na die nota: *Bloemfontein ingeneem en Britse troepe op pad na Pretoria -- JP*. Soos almal het hy gehoop dié dag sal nie kom nie. Die moontlikheid seker ook net uit sy gedagte geskuif, maar wat nou?

“Vorentoe!” sit die man sy tirade voort. “Die Boere sal nie gaan lê nie. Paul Kruger kan miskien nie meer op ’n perd klim nie, maar hy kan nog lei. Hy mag siek en oud wees, maar sy mense sal nie gaan lê nie. Ons gaan hulle nog lekker opneuk. Hulle mag Pretoria nie kry nie!” Hiervoor swaai hy sy een arm met ’n gebalde vuus deur die lug.

“*Vive Kruger! Vivent les Boers! Á bas les Anglais!*” Die Franse wat om hom kom staan, hou van sy driftigheid al verstaan hulle nie wat hy op Afrikaans sê nie, en skree hulle slagspreuke -- ook met gebalde vuiste in die lug.

Verbeel hy hom of sien hy weer die man van Monique se begrafnis? Die los baadjie, die donker gluur van die oë. Dis onmoontlik, besluit hy, maar net toe hy wil omdraai, kyk hy weer vas in die man se onvriendelike gesig.

“Skei uit,” sê Paul hardop en beweeg weg.

Daar was dan soveel hoop dat die Transvaalse Republiek sal bly staan. Maar as hulle nou uit Bloemfontein begin beweeg, kan dinge vinnig gebeur. Hy sal dadelik met Pierson moet gaan praat. Dalk het hy ook nuus van die Franse militêre attaché wat saam met Christiaan de Wet-hulle beweeg.

Hy vra sommer vir Vermaak wat steeds staan en lawaai, om namens hom toesig te hou en spring op sy fiets.

Met behendige spoed trap hy deur die verkeer om die Étoile na die konsultaat toe. Talle vrae jaag ewe vinnig deur sy kop: of die Britte gestuit kan word in hul opmars; of Pretoria dalk oorgeneem kan word; of die oorlog erger kan word en of die pawiljoene nog ’n bestaansreg kan hê. In Londen is daar sekerlik opgewondenheid oor die opmars. Hy het nog niks van Miriam gehoor nie.

Paul dink terug hoe sy ma so dikwels gevra het hoekom mans immer iets van iemand anders moet oorneem of wegneem of verplig voel om te oorwin. Hy wonder nou self. Die dwang tot kant kies vat nou aan sy binneste. En seker aan Miriam s’n ook.

Die nuuskierige concierge kry nie eens kans om haar suur gesig te wys soos Paul met dringendheid die kloktou buite ruk nie. Hy hardloop die treetjies drie-drie op en loop amper vir Le Clerque met sy stywe ruggie om toe dié die deur oopmaak. Die sekretaris sien duidelik dat beuselagtige formaliteite nie nou geduld gaan word nie en neem hom terstond deur na Pierson se kantoor.

Pierson lyk amper verlore soos hy grootoog en bleek in die middel van die weelderige mat vir Paul staan en wag. “Meneer Roux, dit is nie goeie nuus nie. Ek is jammer doktor Leyds is nie nou in Parys nie.”

Paul verras homself toe hy vinnig vorentoe tree en amper broederlik Pierson se hand skud. Hulle het mekaar laas met die ete in die Ritz-hotel gesien. Die Doodvreet, soos hy dit aan sy ma en Isabeau beskryf het.

“Dankie dat u die nuus pawiljoene toe gestuur het, maar Vermaak het die nota voor my gekry en die nuus by die ossewa-model staan en uitbasuin. Die Franse wat daar was, het selfs gemaak of hulle hom verstaan en staan nou ook en skree teen Brittanje. Eintlik teen die Engelse. Daar is ’n hele klein relletjie aan die gang.”

“Die kabelgram het uit Londen gekom, maar ons wag nog vir berigte uit Pretoria. Hulle kan binne drie, vier weke in Pretoria wees as daar nie een of ander groot veldslag kom nie. Nogal ’n ent om te marsjeer onder daardie kwaai son.”

“Het u al van die Franse Generale Staf gehoor? Van Demarge wat saam met die attaché’s beweeg?”

“Nee,” sê Pierson terwyl hy oor sy bokbaardjie vryf. “Ons sal geen vinnige besluite neem nie, want dit is nie te sê dat die oorlog verby is nie, al dink die Queen en Chamberlain dalk so. Daar kom dalk nog ’n paar groot veldslae en met mense soos

Christiaan de Wet en De la Rey in die veld, bly die vyand onseker.” Dit is die eerste keer dat Pierson na Brittanje as die vyand verwys.

Paul gaan op een van die ongemaklike stoeltjies sit en Pierson langs hom, nie soos gewoonlik agter die swaar lessenaar nie. Paul en Pierson sit ’n hele ruk stil voor hulle en uitstaar, Pierson na die papiere op die lessenaar en Paul by die venster aan die oorkant uit. Die lug bo Parys is blou.

Pierson staan skielik op: “Ek moet dadelik met doktor Leyds in aanraking kom. Wil jy hier wag of sal ek weer vir Nicolas met nuus stuur?”

“Ek gaan maar terug. Ek wil liever self toesig by die pawiljoene hou. Dit kan nou ingewikkeld raak daar. Dankie dat u my laat weet het, ek waardeer dit.”

Paul groet Paul Pierson weer hartlik met die hand.

## Hoofstuk 23

“Dit is nou drie weke sedert die die opmars uit Bloemfontein begin het en die mure in die pawiljoen is vuil en met boodskappe bekrap. Ek het al probeer doodvee, maar môre, oormôre is daar dubbeld soveel inskripsies.” Paul gee vir Pierson die brief van die Comité d’Exposition Universelle wat eis dat die pawiljoen oorgeverf moet word.

“Ons kan dit tog nie doen nie,” sê Pierson terwyl hy die brief lees. “Ons sal die pawiljoen moet sluit om skoon te maak! Die Franse is die Boere só simpatiekgesind dat dit insidente gaan veroorsaak. Jy weet self hoe opgewonde hulle kan raak. Ek sal dadelik vir doktor Leyds ’n kabelgram stuur. Laat dit intussen net so, ek sal die Comité laat weet dat daar nie ’n streep te trek is nie.”

Pierson tel ’n koerantknipsel van sy lessenaar af op en gee dit vir Paul. “Hier is daardie petalje met die Miss Livonine wat jou waarlik in ’n Nederlandse koerant opgeskryf is! Die Engelse Miss wat na Oom Paul se kop gespoeg het.”

*“Maar weldra drong mens op de onhebbelijke vrouwenspersoon aan, sloeg haar, rukte haar klederen van het lijf en wie weet hoe zij nog verder getuchtigd zou zijn, ware niet de politie toegschoten, die niet zonder moeite de dame aan verdere mishandeling onttrok, door haar met een rijtuig te doen wegbrengen,”* lees Paul laggend hard voor.

“Effe oordryf, maar ewenwel ’n onhebbelike vroumens. Die klomp mense sou beslis haar klere afgeskeur het en seker nog haar kop ook kaal geskeer het.”

“Hul wrok teen die Engelse lê diep. Ek moet ook vir doktor Leyds skryf van die Protestantse predikant wat nie meer in Engeland wil gaan geld kollekteer nie,” sê Pierson terwyl hy rondtas tussen papiere op die tafel. “Die knipsel is hier iewers.”

Sal hy nou, terwyl daar 'n ligtheid in hul luim is, vir Pierson van Miriam vertel, wonder Paul. Hy het die laaste maand of wat al hoe meer van die man begin hou, ondanks sy oordrewe formaliteite en onderdanigheid aan doktor Leyds.

“Meneer Pierson, mag ek u met 'n persoonlike saak belas?”

“Nie weer 'n moord nie, hoop ek wel?”

“Nee. Ek hoop nie ek hoef ooit weer so iets te beleef nie. Ek word daagliks daaraan herinner.” Paul bly 'n ruk lank stil. “Maar steeds 'n ingewikkelde saak van liefde wat van ver af kom. Ek beseft nou is nie juis goeie tye vir persoonlike dinge nie,” sê hy verskonend.

“Meneer Roux, jy was van groot waarde vir hierdie uitstalling van die Z.A.R. – met die oprigting en nou met die bestuur. Ek luister, want 'n hart bly 'n hart, al is dit oorlog.”

Paul sit terug in sy stoel, steek sy pyp op en haal baie diep asem voordat hy van Miriam Lipschitz begin vertel.

“Die oomblik wat ek die klein meisietjie in die musiekwinkel in die Kaap gesien het, was ek op haar verlief. Sy het die mooiste gelaat en swart hare en het 'n sin vir humor.” Hy bly eers 'n hele ruk stil, krap aan sy pyp en gaan dan voort: “Ek het 'n stuk bladmusiek van Mendelssohn vir my suster se verjaardag gesoek en kon nie die titel onthou nie. Miriam het dadelik geweet wat ek wou sê. Sy het die dunste middeltjie en donkergrys oë,” sê Paul dromerig.

Hul ontmoeting en die deel van Miriam se moeilike ma en hoe hy Pretoria toe is om by die Departement van Openbare Werke kwansuis ondervinding te gaan opdoen, was maklik om te vertel, maar toe hy by Monique Heubes kom, val hy oor sy woorde.



“Ek moes natuurlik nooit my lippe aan absint gesit het nie. Dis waar die probleem begin het. Ek het net die *can-can*-danseres se eer probeer beskerm en toe ek weer sien, is sy op my skoot en toe ek nog verder sien, is ek in haar bed op Montmartre. En daar is ek nog steeds en sy is begrawe waar sy vermoor is, die arme, verwarde mens.”

“Ek het altyd gewonder hoe sy monsieur Heubes se dogter kon wees. Het hulle geweet van haar lewe tussen die Boheme?”

“Nee, beslis nie alles nie.” Paul kyk af na sy hande in sy skoot. “Aanvanklik het my mond oopgehang vir die manier van leef, maar Monique was só deel van die gemeenskap dat ek net by alles ingeval het. En daardie mense begin eers wind kry as die son gesak het.”

Pierson glimlag, maar Paul wil nog van sy hart afkry. “Heubes is ’n afsydige mens, maar hy is tog ’n goeie man en ek voel dat ek op ’n lae wyse sy professionele vertrouwe geskaad het. Daarvoor sal ek myself nie maklik vergewe nie.”

Paul skuif rond op die stoel. “Ek sal oordryf as ek sê ek het haar regtig liefgehad. Maar ek sal ook lieg as ek sê sy het nie ’n bekoring vir my gehad nie. Ek het gehou van haar wilde streep en dat sy gedoen het wat sy wil, al het dit my moedeloos gemaak en ek die aand voor die bal al wou uitgetrek het. Sy het nie meer huis toe gekom nie.” Hy bly lank stil.

“Ja, die moord deur die Rus en jou aanhouding was uiters hartseer,” sê Pierson ná ’n ruk. Paul is verlig dat hy dit “hartseer” noem en nie “ongemaklik vir die Z.A.R” of so iets nie. Hy wil eers vir Pierson noem van die aantygings op briefies voor sy deur, maar besluit dis onbenullig.

Hy vertel van die brief wat die jong Wessels van die Avondale Castle afgebring het en hoe dit nou weer die wond kom oopkrap het. En hoe hy nog wag op 'n antwoord nadat hy heel onnadenkend gevra het of sy nie graag Parys sou wou sien nie. Paul wonder ook deur die praterij of Pierson kerkloos is soos Leyds, of streng enkelgereformeerd soos Van Boeschoten.

“Wat is nou jou probleem?”

“Ek het geen idee hoe my lewe vorentoe lyk nie. Ek probeer geld by die poskantoor spaar, maar dis net 'n karige ou sommetjie. Ek huur nog Monique se kamer op Rue Lépic, wat toe die al die tyd deur haar pa betaal was, sonder water en met skaars genoeg plek vir een mens. As ek na die Kaap of Pretoria sou terug, is dit ewe moeilik en om hier in Parys werk te soek, klink lafhartig.” Paul maak staat op Pierson, gelukkig getroud met 'n string seuntjies, se raad.

“Wys jou hand. Vra haar om met jou te trou, anders bly jy so ongedurig. Sy kan nie sonder 'n belofte hierheen kom nie, want sy het klaar haar veiligheid agtergelaat. Dit klink of jy dit wil doen omdat jy haar nog altyd liefgehad het. En geeneen van ons weet wat die oorlog nog gaan maak nie.”

Paul kyk eers lank by die venster uit, staan dan op en steek sy hand uit. “Ek waardeer die raad, ek sal vanaand die brief skryf.” Pierson gee Paul se arm 'n vaderlike druk.

Die brief is gepos en nou kan hy bloot hoop op die beste. Hy ry met opset weer 'n draai by van die ander lande se pawiljoene verby. Elke ding wat hy sien, wil hy vir Miriam kom wys.

\* \* \* \*

*Miriam Lipschitz, ek vra jou om met my, Paul Roux, te trou. Hier in Parys en so gou as wat dit vir jou moontlik is. I would so love to love you in this City of Light. Van die dag dat ek jou in Kramer se musiekwinkel gesien het, het ek jou lief.*

Die Britse magte is nog nie gestuit op pad Pretoria toe nie en dis reeds amper die einde van Mei. Paul weet dis nie reg dat hy met 'n hart vol lenteplesier rondry terwyl dinge so donker by die huis is nie, maar hy kan sy binnepret kwalik verskans.

Hy het aan Miriam verduidelik dat hy haar nie in Londen sal kan gaan haal nie, maar op die kaai in Calais sal staan. Pierson het aangebied om getuie te wees as hulle voor 'n burgemeester trou.

'n Mooi poskaart van die Eiffeltoring, een van die bewegende sypaadjie en een van die Boerehuis waarop hy agter “*my pride & joy*” geskryf het, is in die koevert ingesluit. Toe hy daarmee klaar is, het hy ook sommer vir Sébastien Faure geskryf en gevra of hy 'n getuie sou wees. Hy kry lag dat hy al so ver trek, sonder 'n antwoord van Miriam. Dit is nou die kar voor die perde inspan, besef hy.

Net soos die dag toe Vermaak by die ossewaentjie geskree het, word Paul weer met slegte nuus by die pawiljoene ontvang. Dié slag is dit Pierson self wat hom inwag met die nuus dat die Transvaalse regering die aand vantevore inderhaas met die trein uit Pretoria na Machadodorp vertrek het. Hulle was glo bang dat Roberts die treinspoor oos van Pretoria sou opblaas.

“Sonder slag of stryd het Pretoria geval. Die forte om Pretoria is nie eens gebruik nie, want die kanonne by Klapperkop, Schanskop, Daspoort en Wonderboom is verwyder.”

“Ag nee, ’n mens het darem gehoop hulle sou gekeer kon word,” sê Paul geskok. “Aan die anderkant wou hulle seker nie die inwoners in gevaar stel nie.”

Pierson vryf aanhoudend oor sy bokbaardjie. “Manie Bredell het die kabel gestuur. Verder weet ons nog niks. Net dat die jonge Smuts opdrag het om alles bymekaar te moet maak en dat hy hulle nog sal volg.”

Paul sê niks, maar raai dat “alles” seker die goud by die Munt is.

“Hoekom Machadodorp? Hoe staan ’n regering as jy jou hoofstad prysgee?”

“Ek skat die regering kan bly waar die president is?” sê-vra Pierson amper meer teenoor homself. “Ek wou net vir jou sê voor daardie Vermaak-jonge van Vervoer weer ’n relletjie begin. Die nuus sal gou in Parys ook bekend word. Ek moet dadelik vir doktor Leyds gaan probeer telefoneer. Hy sou in elk geval binnekort hierheen kom om President Loubet te sien. ’n Mens wonder of dit nog die moeite werd sal wees ná dié ramspoedige nuus?”

“Die bestaansreg van die Z.A.R. se pawiljoene is nou in ’n netelige situasie,” sê Paul afgetrokke. “Die Engelse vier die oornam van Pretoria seker al met ’n groot geskalk in Londen.” Sy gedagtes gaan noodwendig na Miriam toe.

Hy dink aan ou meneer Wierda en sy kollegas by die Departement van Openbare Werke en al die geboue waarmee hulle besig was. Pretoria het net begin aantreklik word onder sy leiding, met die indrukwekkende staatsgeboue en Staats Meisjies School. “Dalk was die nuwe geboue nog ’n rede hoekom Pretoria eerder sonder teenstand oorgegee is.”

“Bekommer jou nie onnodiglik nie, meneer Roux, eh Paul, ons kan nou net bloot aangaan tot ons ander instruksies kry. Ek sal dadelik vir doktor Leyds gaan telefoneer. Hy sou in elk geval binnekort hierheen kom om vir Loubet te sien. ’n Mens wonder of die gepleit vir hulp nog die moeite werd is?”

“Ja, in dié tyd van ons land se ellende kan ons seker meer informeel met mekaar praat,” glimlag Paul. Toe hy dit klaar gesê het, wonder hy of Pierson tog Suid-Afrika as sy eie land sien.

## Hoofstuk 24

Die skouers van die mense op die Z.A.R se perseel trek al hoe krommer. Nes myne, merk Paul op. Mismoedigheid hang soos 'n lae wolk oor die pawiljoene—die talle blomkranse en geskenke voor die President se borsbeeld, bemoedigende boodskappe teen die mure en die ondersteuning van die Franse ten spyt.

Martinus Ras wat gewoonlik so trots by sy tuisgemaakte kanon staan, sit net voor hom en kyk en die jong man by die vervoer-uitstalling wat so vurig soos generaal de Wet 'vooruit' kan skree, is stemmig, sy hoed laag oor sy oë geskuif. Selfs die belangrike doktor Mansvelt by die onderwysuitstalling begin bedremmeld lyk. Met tye kyk Paul amper naywerig na die vrolike bedrywheid by ander lande se pawiljoene.

Die vierkleur wapper wel oral om die groot, wit pawiljoen, maar iets hartseers hang aan die donker klipmure van die Boerehuis wat so eenkant en klein staan. Binne voel dit ook koud. Ta'Hansie, die gekappiede vrou wat gewoonlik doenig by die vuurherd in die kombuisie is, sit morbied ineen op 'n riempiestoel.

Die storie van die jong Amerikaanse seun wat 'n boodskap met duisende handtekeninge van ondersteuning en 'n handgemaakte vierkleur vir die hartseer president gegee het, loop vinnig deur die perseel, maar dit beur niemand op nie. Almal word net stiller.

Soggens se aangaan by die konsulaat om by Pierson vars nuus oor die oorlog tuis te kry, is nou roetine. Kabelgramme uit Pretoria of Londen en briewe van doktor Leyds uit Den Haag of Brussel bring gou nuus, maar selde hoop oor die 'veldoorlog' soos hulle dit nou noem.

“Jou meneer Wierda is glo sy huis in Mearsstraat kwyt,” het Pierson Paul vroeër die oggend meegedeel. “Die Hertog van Westminster het dit eenvoudig oorgeneem, net soos Kitchener met Blumlein se huis in Rissikstraat. En dan nog drie lords wat in Plate se huis in Joubertstraat ingetrek het.”

“Ek is jammer vir meneer Wierda, hy is al bejaard. Is dit die heer Plate die verkeershoof van die NZASM?”

“Ja, hy. Die weduwee Van Warmelo het glo geweier dat die Tommies in hul huis Harmonie in Sunnyside intrek. Haar dogter fiets glo baie kordaat rond met die vierkleur om haar hoed.”

Die verhaal oor Gustav Preller van Mynwese en Jan Smuts, die Staatsprokureur wat op ’n waaghalsige manier die staafgoud op ’n muilwa by die Munt op Kerkplein uitgesmokkel het, het Paul laat glimlag. Preller het glo vier keer met die gelaaide wa stasie toe gery om die verdoeselde vragte af te laai voordat dit die oggend na Middelburg vertrek het.

Paul dink aan Smuts en Preller wat hy in Pretoria ontmoet het en hoeveel hulle al op ouderdom dertig vermag het. Miskien sou ’n heldedaad soos dié van Preller hom meer waardevol laat voel het. Die Boerehuis mag gewild onder die besoekers wees, maar dis immers oor die eenvoud daarvan, beslis nie oor die argitektoniese waarde nie.

Op ’n manier voel elke dag wat verbygaan, vir Paul na ’n vermorsting. Of na nog ’n dag waarin onsekerheid oor die toekoms net groei. Oor Miriam én oor die oorlog. Hy was so seker van homself toe hy die huweliksaansoek gestuur het, dat die stilswye hom nou skaam-kwaad het, veral voor Pierson.

As hy groepies vrolike meisies in hul ligte somerrokke in die Tuileries sien stap, verlang hy na Miriam se lag. Helder, soos hierdie vroegsomer se lug. Telkens as hy iemand met 'n viool sien of klaviermusiek deur 'n venster hoor, wens hy sy was naby om te vertel wat gespeel word.

\* \* \* \*

Paul staan ingedagte na Mansvelt se onderwysstatistieke en kyk, toe Nicolas onverwags die pawiljoen instap. “Konsul-generaal Pierson het gereken hierdie brief uit Londen is belangrik en het my gevra om dit vir jou te bring.”

Dit is Miriam se handskrif op die koevert en Paul skeur dit opgewonde oop. Hy gaan staan net buite die voordeur en lees terwyl mense heen en weer by hom verbystap.

*My dearest Paul*

*I accept your proposal. Joyfully and heartily so. You may kneel before me and do it properly at a later time!*

Paul kyk laggend die lug in op en dan vang sy oog vir Nicolas wat hom só staan en kyk. Hy maak 'n vinnige gebaar van bedanking, maar kyk dadelik weer af na die brief.

*I was so happy about it that I immediately went to a shipping agent here in die East End to find out how soon I can get to France. You have never been out of my*



*thoughts for the past three years either, Paul, and I am so thankful that all my prayers and dreams have been answered.*

*You must wonder what took me so long. I never got any of your letters and I found them this morning when I offered to mop the kitchen floor. They were tucked in behind the wood box at the back of the stove, of all places. For all these weeks I wondered whether that peculiar young man ever got to Paris. Then I thought you got the letter but that some fast French girl had already grabbed the tall, fair and handsome man from Africa.*

Dit gaan nie maklik wees om vir Miriam van Monique te vertel nie, dink Paul toe hy opkyk. Sy was, nou dat hy daaraan dink, nogal “fast”. Met al die stukkies papier met dreigemente waarvan die laaste gesê het “Monique was myne”, wonder hy of hy haar hoegenaamd geken het. Waar het die briëfskrywer ingepas, waar Artisjof ? Dalk was daar nog ander ook, soos Sébi hom so gereeld probeer vertel het.

As hy nou terugdink aan die eerste maande in Parys, is dit soos ’n waas. Hy was beneweld: deur die grootsheid van die stad, deur Monique en deur absint. Hy hoop hy kan suiwering van hierdie tyd kry waarvoor hy hom al hoe meer skaam. Die ergste is dat Monique met haar lewe moes boet.

*Unfortunately I have to say that I am not surprised, as I have not felt welcome in this house since we arrived and the one cousin is downright mean. Aunt Rachel does not seem to notice this, though, and often tells me to look more thankful.*

*I did not breathe a word to anybody, not even to Aunt Rachel, but went to the agent under the pretence of going to a music shop. Chiffra (the nasty and curious second cousin) wanted to go with me, but I just refused. She probably followed me to see what I was up to, but I don't care now. I dislike London, it is dismal and dark. The rejoicing about the war in South Africa is also largely upsetting. "We are marching to Pretoria" is being sung constantly. I also don't want to live in a ghetto which is what this East End seems like.*

*So, Mijneer Roux, you are going to be stranded with me very soon. I will get onto a LCDR boat train next Friday morning (the 8<sup>th</sup> of June) and will arrive in Paris at about 6 o'clock in the evening. I do hope to see you at the Gare du Nord. If not, I shall find my way to the Z.A.R. pavilion from the picture on the postcard you sent and FIND YOU!*

*Met al mij liefde,*

*Miriam*

"Miriam kom oor vier dae!" roep Paul hard op Afrikaans uit teenoor Nicolas, wat nog steeds dienswillig naby staan. Nicolas glimlag breed — dit lyk of hy weet waarom dit gaan, want Paul kan kwalik stilstaan. "Je vais me marier!" sê hy breëbors.

"Waar moet ek met haar heen in Parys? Wag, Nicolas, ek moet gou saam met jou na die kantoor toe. Ek moet vir die Konsul-generaal gaan vertel!"

In die koets lees hy die brief oor en oor. Nou en dan selfs hardop. Dinge sal nou vinnig moet gebeur. Hy wens Nicolas wil dit besef en vinniger ry.

Met 'n groot glimlag waai hy vir die oorblufte *concierge* en hardloop die trappe na die kantoor toe uit. Pierson het hom seker verwag of hom hoor aankom, want sy deur staan oop en hy kom met 'n breë glimlag vorentoe om Paul te groet.

“Ek kon duidelik sien dit is die brief, of liever die antwoord, waarvoor jy elke oggend kom soek,” lag hy.

“Inderdaad, inderdaad! Meer nog, Miriam kom Vrydagaand al met die boottrein op die Gare du Nord aan. Ek sal soos 'n Hoëveldse bliksemstraal moet planne maak vir 'n trouery en 'n beter blyplek. Daar is net vier dae tyd!”

Pierson druk Paul gemoedelik aan sy skouers. “Ek dink nou somer vinnig, maar die burgemeester van hierdie agste arrondissement is aan my bekend. Ek kan probeer reël dat julle Saterdag trou. Aan die blyplek kan ek niks doen nie, maar ek sal jou tyd afgee om iets te soek. Teen sê Donderdagoggend sal ek vir jou kan sê of en wanneer die *mair*e julle kan inpas.”

'n Paar oomblikke lank staan Paul nog by die venster en uitkyk, dan groet hy vinnig oor sy skouer en hardloop weer die trap af. Onder herinner Nicolas hom dat hy nie sy fiets by hom het nie en neem hom terug na die perseel toe.

Huiwerig om die heerlijkheid van die oomblik te laat bederf, leun Paul glimlaggend terug teen die kar se kap. Hoe lank is die verlange na Miriam nou al by hom en in hom. Hierdie droom wat waargekom het, gaan hy koester. Vir Miriam wil hy net sien lag — g'n gesukkel in 'n dakkamer sonder water met net 'n ou nonnekateeltjie nie.

Meer nog, g'n Montmartre meer nie. Dan sal hy ook nie meer irriterende boodskappe voor sy deur kry nie.

## Hoofstuk 25

Al fluitend ry Paul met sy fiets bo van Montmartre af. So of hy die bult agter hom laat en met 'n ligter hart na nuwe velde verskuif. Soos die twee 'velde' in Parys, dink hy, verruil hy nou miskien sy eie *champ de mars* vir sy eie *champs élysées*.

Hy ry oor die rivier na die klein eiland Ile Saint-Louis, veral omdat hy die ou geboue van Christophe Marie bewonder. Hy wonder waar die kunstenaar Camille Pissarro bly wie se skilderye in baie van die winkeltjies se vensters hang.

Sy hoop op vinnige sukses word gou verydel, want as hy sy fiets staanmaak en met 'n vreemde aksent om blyplek vra, het die agente skielik niks.

Anderkant die rivier is die Latynse buurt die volgende, omdat hy weet daar destyds vir die "laer klasse" gebou is. Hier word hy net aanbeveel om na 'n ongebruikte *grenier* te gaan kyk.

"My bruid in 'n vuil graanskuur sonder water?" Paul voel nogal ingenome oor die stortvloed van Frans wat hy in sy verontwaardiging kwytraak.

Hy ry haastig terug oor die rivier na die Marais toe omdat dit Joods is en Miriam dalk daarvan sal hou. Maar hy voel gou ontuis tussen die mans met lokke en jasse. Net die vensters van die koswinkels lyk aantreklik, maar dis moontlik net oor hy so honger is, besef Paul. Hy koop vir hom 'n ronde broodjie met vreemde kosse in, wat hy in die ry eet.

"Balzac het daar gewoon," sê die soveelste agent naby die Palais Royal. "Passy is soos 'n regte klein dorpje." Paul wonder of hy vir die man soos 'n skrywer lyk en besef

dan hy lyk seker maar soos 'n plattelander. Hy kom immers van die Klein Drakenstein af, is groot en ry fiets. Hy wou nog spog oor sy *fiancée* wat 'n pianis is, maar laat dit liever.

Moegerig en warm trap Paul die lang Champs Elysées uit, ry om die Étoile en verby die Trocadéro-paleis na Passy toe. Ek moes hier begin het, dink hy. Dit is naby die perseel en ek moet tot die sluiting in November hier bly. Verder as dit hoef hy nie nou te dink nie.

Passy het kleiner geboue, wat sal beteken 'n woonstel is dalk bekostigbaar. Hopelik met water, want Miriam kan tog nie na openbare badhuise toe gaan of soos hy elke dag water opdra nie. Dit was vir hom aanvanklik net so ongewoon om elders te gaan was. Die Turkse baddens in Langstraat in die Kaap was 'n luukse, nie om by skoon te kom nie. Die een opsigter by Les Bains in die Beaubourg het glad gesê hy sal siek word as sy vel so baie seep kry. Selfs in mevrou Marais se Vermeulenstraat-losieshuis in Pretoria was daar gemaklike badkamers.

Paul ry met 'n breërige straat of tot by 'n plein. Hy kan nou sien hoekom die agent gesê het dit is “*un vrai petit village*”.

Die kleindorpse gevoel staan hom dadelik aan. Mense sit en gesels by die kafees en baie van hulle stap met mandjies vol groente en brode by 'n gebou uit. Paul besluit om gou na die Marché de Passy te kyk en parkeer sy fiets by die ingang. Stalletjies met vis, vleis, kaas en die mooiste vars groente en vrugte laat hom besluit dat hy hiernaby 'n plek móét kry. Miriam sal hou van die gesellige atmosfeer. *L'ambiance*, kom die Franse woord by hom op.

Die twee kerke weerskante van die straat waarin hy afry, is vir hom vreemd, dan sien hy die een is Protestants, die ander Katoliek. Dalk moet ek weer my voete in 'n kerk sit, dink hy skuldig, toe hy 'n agentskap net daarnaas raaksien.

“Kan u my asseblief help?” vra Paul nederig. “My wens is om hier in Passy te bly en ek is nou al desperaat.” Die agent, wat iets mompel dat vreemde mense se emosies niks met hom te make het nie, verwys hom tog na drie geboue waarna hy kan kyk.

Die eerste gebou op avenue Mozart is ver teen die bult af en die woonstel het glad nie water in nie. Moeg trap hy weer die opdraand terug tot by rue de Passy, maar die woonstel daar, sê die concierge agter haar hand vir hom, het baie muise onder die vloerplanke. Die derde gebou is ook op 'n pleintjie, maar niemand maak die deur vir hom oop nie.

Terwyl Paul moedeloos na sy fiets toe stap, val 'n anderse gebou oorkant die straat hom op. Die twee koepeltorings bo-op is só ongewoon dat hy oorstep om te kyk of die naam van die argitek iewers ingegraveer is. 'n Klompie mense staan voor die gebou te prate en toe hy heel voorbarig vra of daar dalk woonstelle te huur is, stap 'n vriendelike man met 'n formele baadjie nader. Paul verduidelik van sy skielike troue die komende Saterdag, dat hy sy bruid nie op Montmartre wil laat bly nie en van sy vrugtelose soektog na 'n woonplek.

“*Vous avez de la chance!*” roep die man uit wat homself as Charles Jobert voorstel.

“Ons het pas gehoor dat die eienaar van een toringwoonstel skielik oorlede is en sy vrou nie alleen hier wil bly nie. Die plek is gemeubileer en sy sal 'n billike huur vra.”

“Jobert?” vra Paul toe hy homself voorstel en sy herkoms uitlê. “My ma is Joubert gebore.”

“Roux en Joubert. Dit klink of julle hier hoort! Ek het gelees van die generaal Joubert wat ’n ruk terug oorlede is,” sê hy terwyl hy Paul nooi om saam die gebou in te stap.

“Hier is nie ’n hysbak nie,” sê Jobert terwyl hy die vier stelle trappe begin opklim. Die *salon*, soos Jobert sê, voel groot en lig en die plafon is hoog. Eenkant staan ’n ronde tafel met vier stoele met ’n rooi pluskleedjie oor wat nes sy ma s’n lyk. Om die donkerbont tapyt blink die plankvloer se patroon soos skubbe in die son en die bankie en twee verskillende stoele lyk nie te ongemaklik nie. Dit voel soos ’n tuiste, nie net ’n lêplek nie.

Agter in die kombuis is ’n tafel wat met blik oorgetrek is, ’n bak onder ’n kraan en ’n stofie wat met gas werk. In die een hoek staan ’n stellasierak met blou en wit breekgoed.

“’n Badkamer!” roep Paul bly uit oor die vertrekkie langs die kombuis. Hy kan hom kwalik draai tussen die stort en ’n spoellatrine.

“Ek sou dit eerder ’n klein waterkamer noem,” lag Jobert.

Nuuskierig klim hy met die ystertrap op na die boonste vertrek. Hy trek sy asem in toe hy die uitsig op die Eiffeltoring sien en sy glimlag word al hoe breër soos hy rondkyk. Die hoë bed in die middel van die vertrek lyk kort vir sy lang lyf, maar skoon luuks omdat dit ’n voet- en koppenend het. Met die swaar gordyne, uitvouskerm en spieëltafel lyk dit vir hom besonder deftig. Hy wonder hoe hy dit gaan bekostig.

Jobert stap voor Paul die trap af en reguit na die voordeur toe. Paul wil nog rondkyk, maar loop pratend agterna.

“Ek kan u nie sê hoe graag ek die plek wil huur nie,” sê Paul.

“Ek het nou niks by my nie, maar kan jy saam na my kantoor toe kom dat ons ’n kontrak kan teken? Dit is op Avenue d’Iéna. Nommer 45.”

“Dit is wonderlik en ek is u baie dankbaar, dis naby my republiek se perseel. Ek moet in elk geval nou soontoe gaan, ek was lanklaas daar.”

\* \* \* \*

Die Donderdagnmiddag stap Paul die gesantskantoor geesdriftig binne.

“Ek het ’n wonderlike blyplek in Passy gekry ná ek die hele geslane dag rondgerits het! Die argitek van die gebou, ’n monsieur Jobert, was toevallig daar en het tot my redding gekom. Toe ek die kontrak later in sy kantoor gaan teken het, het hy vertel dat sy familie ook Protestants is, nes ons Jouberts en Rouxs. Ook uit die suide.”

“Hoe lyk so ’n Paryse argitekfirma, seker baie *art nouveau*?” vra Pierson.

“Besig, met heelwat mense wat by tekenborde staan en werk en van die bietjie wat ek kon raaksien, wel in die jongste style. Dit het my nogal laat verlang na my dae by Openbare Werke en in Baker se kantoor in die Kaap.”

“My nuus is ook goed,” sê Pierson nadat Paul hom vertel het hoe hy moes sukkel om sy besittings op sy fiets oor te trek.

“Jul afspraak is Saterdagmiddag om drie by die plaaslike *mairie*. Dit is ’n spesiale vergunning en ek moes omtrént onderhandel. Die klerke wou eers nie toelaat dat



ek die burgemeester self kon sien nie, maar die titel het toe op die ou end die deurslag gegee. Jy weet mos hoe die Franse op en af buig vir enigiets meer as 'n monsieur.”

“Jy bedoel ons trou sommer drie-uur oormôremiddag?”

“Ja, tensy die kwasterige ou burgemeester van plan verander.”

Paul gaan sit op een van die ongemaklike stoeltjies voor Pierson se groot lessenaar. Hy strek sy bene voor hom uit en steek sy pyp op.

“Ek kan eintlik nie mooi glo dat alles so vinnig gebeur nie. Dit maak my amper bang dat dinge so vinnig regkom.” Le Clerque bring vir hulle 'n skinkbord met koffie en aarbeitsertjies vol room.

“*Félicitations*,” wens hy vir Paul geluk. Paul voel skuldig dat hy die mannetjie altyd so miskyk. Nou is hy so gelukkig dat hy sommer groete vir sy nare tante op Boulevard Courcelles aanstuur terwyl hy 'n groot hap uit 'n tertjie neem.

“Paul, jy het twee getuies nodig. Ek sal 'n *témoin* wees, maar dis moeilik vir my vrou. Miskien moet ons vir Le Clerque vra. Of dalk vir Nicolas, hy is so erg oor jou.”

“Toe ek Miriam se brief gekry het, het ek vir my vriend Sébastien Faure gaan telefoneer. Mag ek hom hiervandaan probeer kontak? Hy het gesê daar is gereeld nagtreine Parys toe en hy sal beslis probeer kom. Sébi was baie bly oor die nuus en ek sal bly wees as hy saam met jou getuie kan wees.”

“Uitstekend. Paul, nog 'n baie belangrike ding: het jy gedink aan ringe?”

“Nee, glad nie. Ek weet nie juis waar om te soek nie. Miskien sal Printemps hê, ek sal gou soontoe ry.”

“Ons geskenk aan Miriam is om môrenag in 'n hotelletjie te laat slaap. En ná die seremonie Saterdag bied ons julle graag 'n klein geselligheid by ons aan huis.”

Pierson lag hard toe hy die teleurstelling op Paul se gesig sien.

“Dis korrek so, Paul. Nicolas sal Miriam twee-uur by die Jardins du Trocadéro oplaai en na die *mairie* neem. My vrou en kinders bak en brou al vir die geleentheid daarna.”

Paul kry lag vir sy kinderlike vreugde, al is sy droom vir ’n passievolle weersiens met Miriam verydel. Hy het vroegoggend ’n bos bont blomme op die Passy-mark gaan koop sodat die *appartement* meer huislik kan voel. Die ouerige rose vir ’n paar centimes wat hy oor die bed wou rondstrooi, sal teen môre droog wees en die bottel sjampanje sal dan ook later oopgemaak moet word. Hy het ook ’n Engelse gidsboek oor die skou vir haar gekoop.

Vandag kan die mistroostigheid by die Z.A.R. se geboue hom nie onderkry nie. Hy kyk vinnig deur die hoofpawiljoen en vra ’n werker om die verlepte blomme voor Oom Paul se borsbeeld te verwyder. Die nuwe kranse en bossies word mooi agter die fluweeltou gerangskik. Daar is ’n nuwe een van silwer lourierblare, let hy op. Die kaartjie is geteken deur Prins Galitzine. Sonder aandag kyk hy na nuwe boodskappe van bemoediging vir die Z.A.R wat teen die mure geskryf is en gaan dan na die pioniershuisie om die Voortrekkerkalender te verander.

## Hoofstuk 26

As die laaste bietjie stoom van die trein uit Londen rukkend teen die stasie se dak uitbol, loop Paul vinnig vorentoe. Hy staan al lank met 'n bos rooi angeliere in die hand en rondtrap en hou homself met moeite in om nie ongenooid vir almal van Miriam te vertel nie.

Toe die trein met skreeuende remme tot stilstand kom, stap hy haastig nader. Bly dat hy oor die mense se koppe kan sien, probeer hy kyk na elkeen wat by elk van die lang ry deure uitklim. Toe hy 'n vrou met 'n hoed en 'n Gladstone-koffer sien sukkel, weet hy dis Miriam. Weer in 'n ligblou rok, nes die dag wat hy haar die eerste keer gesien het. Hy raak skaars grond tot by haar.

“O Paul, Paul!” roep Miriam toe hy haar soos 'n kind in die lug optel en daar hou om te soen. Sy lag en huil deurmekaar terwyl sy haar arms al hoe stywer om sy nek vou – die blomme, tas en hoed vergete op die grond.

“Vir hierdie oomblik wens ek nou al jare,” sê Paul toe hy haar uiteindelik neersit en weer in sy arms toevou om haar op haar kop, haar oë en in haar nek te soen. Hulle kom eers ná 'n lang ruk agter dat die perron leegeloop het.

“En waar's die cabin trunk?” vra Paul toe hy die tas optel.

“Net daar in Londen gelos. Ek wou net by jou uitkom. Didn't care, really.”

Die uitbundigheid van die paar is aansteeklik—mense draai hul koppe om na die twee te kyk en glimlag. Miriam laat haar hoed en die angeliere nog 'n paar keer val en Paul moet tweemaal terugdraai om die tas te gaan haal wat iewers agtergebly het. Elke paar tree gaan staan Miriam en Paul stil om mekaar in die oë te kyk en hul sinne klaar te

maak. Al twee praat gelyk: oor hul wedersydse verlange, sy oor haar treinrit en onaangename tyd in Londen en hy oor die pawiljoen en alles wat hy haar wil wys.

Toe die kapkar by Gare du Nord wegtrek, sak Paul op sy een knie voor haar. “Sal jy, Miriam Lipschitz asseblief met my, Paul Roux trou? Om die waarheid te sê, sommer môremiddag om drie-uur.”

“Oh, it’s so sudden, I’ll have to think about it,” spot sy eers terwyl sy die hoed voor haar gesig hou en dan hard lag omdat hy nie sy balans op die een knie kan hou nie.

“Niks kan my blyer maak nie, Paul. Niks op hierdie aarde nie,” sê sy dan terwyl sy vorentoe buk en hom op sy voorkop soen.

“Baie dankie, Miriam.”

“Hiervoor wag ek al lank,” sê Paul terwyl hy haar in sy arms toevou en soen.

Eers as die kar in die Champs Elysées begin opry, kry sy kans om oor die rand van die kap te loer. “Is ek nie nou al in die hemel nie?” vra sy toe sy na Paul toe draai.

“Nog nie, jy moet vanaand in ’n hotel slaap. Die konsul-generaal se geskenk aan jou. Dis glo korrek so.”

Toe hulle by die hotel afklim, merk Paul die deurwagte is verbaas oor die een enkele reistas en ’n vrou sonder ’n hoededoos, maar Paul en Miriam loop laggend by hulle verby die hotel binne.

“I left the cabin trunk in London, this is all I have,” probeer sy nog verduidelik aan die mense wat haar nie verstaan nie.

’n Bos blomme en ’n bak vrugte is die eerste wat hulle raaksien toe hulle die hotelkamer instap. Dan die deftige kantrok wat teen die kasdeur hang. Miriam trek haar asem hard in. “And this? Is dit jy?”

“Nee, ek moet bieg, ek het nie eens daaraan gedink nie. Darem aan troupane.”  
Hy tel die kaartjie by die vrugte op. *Aan Mejuffrou Lipschitz –Welkom en veels geluk.*  
*Hierdie rok is om more te dra as dit u sou behaag. Le Consul-General de la République*  
*Sud-Africaine & mme J Pierson* staan in swart sierletters bo-aan gedruk.

“Dis van die Piersons. Maar ek kan nie eens onthou dat ek hulle ooit vertel het hoe petiet jy is nie. Dalk het sy hierin gepas voordat sy kinders gehad het. Lyk dit vir jou na ’n trourok?”

Miriam hou die roomkleurige rok voor haar en sien dan die hoed vol volstruisvere raak wat op die buro’tjie lê. Sy sit dit met ’n swaai op haar kop en kyk na haarsel in die spieël. “Madame Roux à Paris,” sê sy ligweg, maar Paul sien haar oë raak nat.

“Gee my asseblief net ’n kans om reg te maak. Ek wil darem beter lyk as ek saam met jou hierdie boulevards gaan loop. Wag vir my in die foyer, Paul?”

“Ek sal my bes probeer om vanaand ’n jintelman te wees, miss Lipschitz, maar dis eintlik teen my sin. Korrek of te not.”

In die foyer gaan sit Paul by ’n klein tafeltjie waarop die dag se koerant lê. Aan slegte nuus oor die oorlog het hy nou geen erg nie en skuif die koerant eenkant toe, maar sien dan op die voorblad is ’n mooi, kleurvolle prent van die reuse ingang van die Wêreldskou. Die wapperende vlag by die boog en die enorme vrouebeeld bo-op ’n kolom lyk groots. Hy blaai aandagtig deur en kyk na al die verskillende pawiljoene en die Franse se indrukwekkende ‘paleise’ ter ere van vooruitgang.

'n Groot foto van die Boerehuisie is op dieselfde bladsy as ander geboue wat as *exotique* beskryf word. Een uitvoublad gee 'n lugbeeld van die hele skou en nog een 'n gekleurde ets van die Pont Alexandre III. Hy moet dit vir Miriam wys, dink hy.

Die man agter die toonbank se onnodig harde keelskoonmakery laat Paul opkyk – net betyds om Miriam by die trap te sien afkom. Sy lyk vars met haar wit pofskouerbloese en 'n swart romp wat hoog om haar middel bind en hy wonder waar in daardie koffer sy die parmantige hoedjie gebêre het.

“Dit lyk of jy al lank in Parys is!” roep Paul uit toe sy by hom inhaak.

“Reg vir 'n promenade in 'n mooi straat?” vra sy en draai dwars om die klere af te wys. “Eintlik kort jy ook net 'n *tophat* en 'n *walking cane*, jy pas so goed hier in.”

“Pluiskeil -- vir my nog altyd 'n snaakse naam.” Paul loop breedskouer met Miriam by die hoteldeur uit.

“Ag, ek wou nog vir jou die foto's in die koerant wys. Daar is een van die pioniershuisie. Olive Schreiner se boek gaan in weeklikse afleweringe daarin wees, sien ek. *L'Histoire d'une ferme Boër* onder die skuilnaam Ralph Iron, nogal.”

“Ek het die boek al gelees, maar hier in Parys in Frans? It seems so removed.”

Ingehaak stap die twee van die hotel af tot by die groot plein van Trocadéro, omdat dit die mooiste uitsig op die Eiffeltoring en die ganse skou onder op die Champ de Mars het.

Miriam trek haar asem hard in en slaan haar hande voor haar mond. “Hierdie moet die mooiste gesig in die hele, hele wêreld wees!” roep sy uit. Die pastelkleure wat deur die sakkende son teen die geboue weerkaats word, laat dit nog meer na 'n sprokiestad lyk. Sy leun teen Paul wat agter haar staan. Hy soen haar in haar nek.

“Jy is seker moeg vir die slegte kos van die Engelse. Kom ons gaan eet hier agter by ’n regte brasserie,” sê Paul nadat hulle ’n lang ruk stil oor die blink rivier staan en kyk het. “Jy weet nie hoe goed dit vir my gaan wees om saam met jou aan ’n tafel te sit nie.”

Die maître d’hôtel van die Brasserie Trocadéro wat Paul al ken, glimlag toe hy ewe statig en duidelik trots met die mooi vrou aan sy arm instap. Eers toe hulle aansit en die kelner naderkom, vra Paul vir Miriam verskonend of dit saakmaak as die kos nie kosher is nie.

“I’m marrying a gentile tomorrow, as you know. Madame Roux sal net moet leer kook, sy kan net klavierspeel,” sê sy toe sy die servet op haar skoot oopvou.

“Miriam,” sê Paul sag toe hy oor die tafel leun, “ek het nooit jou pa se toestemming gevra nie. Ek kon ’n kabelgram gestuur het.”

“Ek is bly jy het nie. Nou kan ons net laat weet dat ons getroud is. Ek het vinnig vir my pa ’n brief uit Londen ge-pos en gesê ek is op pad Parys toe om met jou te trou. As jy my vra, sal hy verlig wees dat dit verby sal wees as hulle die nuus kry, sodat my ma nie een of ander familielid kan stuur om ons te keer nie.”

“Kan jy dink hoe bly Isabeau gaan wees.”

“She has always been like a sister.”

Ná die ete stap hulle talmend en tevrede terug hotel toe. Paul trek Miriam styf teen hom aan en vou sy hande om haar gesig: “Môre-aand dié tyd is ons getroud.”

## Hoofstuk 27

Die hemele het saamgespan om die dag só helder te maak, dink Paul toe hy vroemôre by die groot venster uitkyk. Die lug oor die stad het 'n ongewone blouheid en hy wil hom selfs verbeel dat die Eiffeltoring effens wieg.

Van opgewondenheid kon hy kwalik die vorige nag slaap en hy was al saam met die visverkopers by Passy se mark. Daar moet kos in die huis wees, het hy met 'n skok besef en op sy fiets soontoe gejaag, maar verder as 'n skyf brie, paar snye patee en 'n baguette kon hy nie dink nie. Vir die vrugtebak op die tafel het hy 'n mooi spanspek en twee groot perskes gekry. Hy bestel 'n gerf blomme vir Miriam wat later by die hotel afgelewer moet word.

Teen die tyd dat hy vir Miriam by die hotel gaan wag, voel dit of hy 'n hele dag agter die blad het. Hy is nog altyd te vroeg, al het hy so lank onder die stort gestaan, afgestof en reggeskuif.

“Hierdie is seker my bruidegom!” roep Miriam toe sy hom op die sypaadjie sien wag. Die blydschap in haar stem laat Paul vinnig opstaan. “Ek kan dit nog nie glo nie, Miriam. Ek sê nou vir jou, nog nooit het die tyd so stadig aangestap soos van gisteraand af wat ek jou moes groet nie. Nie eens op die skip Marseille toe nie en dit was baie erg.”

“Vir my ook. Ek het die trourok al vier keer aan- en uitgetrek. I am so touched by Mrs Pierson's gesture.” Sy kyk op na Paul: “Ek is so bly ek hoef nie die hele tyd alleen te wag tot vanmiddag toe nie.”

Paul streel stadig met sy wysvinger om haar gesig en vou haar klein lyf toe in sy arms. “Wil jy nou al na ons huis toe gaan?”



“Eintlik ja, natuurlik, maar kom ons bly nou maar korrek, Paul. Gaan wys my jou boerehuisie en die pawiljoen van die Z.A.R.”

Soos die twee die bult opstap, gee Miriam uitroepe van verbasing oor alles wat sy sien: die blougrys dakke van die geboue, die vroue wat so mooi aangetrek is, die groen van die platane se blare, die helder blomme oral langs die sypaadjies. Paul vertel hoe die uitsig van bo uit die toring uit lyk en hoe hy haar gesig wil sien as sy op die *trottoir mouvant* klim.

Van ver af herken Miriam die klein vierkleurvlaggies bo-aan die torings van die pawiljoen.

“Kyk al die mense, Paul! Hulle staan toue voor die ou huisie.”

“Dis waar, die huisie lyk eintlik oud. Kom ek gaan wys jou dit eerste.” Hulle loop groetend by die ry mense verby. Miriam giggel saggies toe ’n man na Paul wys en hoorbaar vir sy seun sê “*voila, un vrai Boër*”.

Nes hy verwag het, val die serfyntjie in die eenvoudige voorhuis haar eerste op. “Ek het al self op hierdie huisorreltjie gespeel,” sê Paul. “Van pure heimwee sommer sulke ou deuntjies wat ek van my kinderdae onthou. Maar ek is seker jy sal ander klanke uit hom kan haal.”

Miriam gaan sit op die bankie en trek haar vingers heen en weer oor die klein klawerbord, toe Paul haar roep om na die Voortrekkerkalender te kom kyk. Hy gee vir haar drie stokkies aan. “Plaas jy dit nou by Saterdag 9 Junie, ons troudag.”

Van die besoekers staan nader om te kyk wat hulle doen, maar draai verleë weg as hulle agterkom die groot man en die fyn donkerkop wat so styf teenmekaar staan, wil alleen wees.

“En hierdie groot pawiljoen,” vra sy toe hulle buitentoe stap, “is dit jou ontwerp? Dit lyk nie so nie.”

“Nee. Ek was aanvanklik, maar die finale tekening is deur ’n Fransman, monsieur Heubes, onderteken. Jammer tog dat hierdie gebou niks weergee van Suid-Afrika nie. Ander lande, sal jy nog sien, se pawiljoene gee dadelik ’n indruk van klimaat, kultuur en natuurlike boumateriale. Jy moet die Sweedse en Finse geboue daar oorkant sien.”

Hulle stap stadig deur die pawiljoen wat Paul nou al tot vervelens toe ken, maar Miriam stel in alles belang. Die talle foto’s van skoolkinders in die Transvaalse platteland hou haar lank besig en dan al die opgestopte voëls, snitte van baie houtsoorte, kartonne met plantspesies en blomme. Vir die seekoeisambok gril sy en vir die klomp bokhorings trek sy ’n gesig.

“Paul, ek het nog nooit sulke dinge in Suid-Afrika gesien nie,” sê sy toe sy na die versierde kalbasse, mandjies en kralevoorskote kyk. “Kyk net hierdie werk. Ek sou ook nooit kon raai dat daar soveel duisende skoolkinders in die Transvaal is nie. Do you think they get music lessons?”

“Dit moet ons maar vir doktor Mansvelt vra. Maar dit klink nogal na ’n uitdaging.”

Stiptelik twaalfuur kom Sébastien by die groot pawiljoen ingestap. “Monsieur et Madame Roux!” roep hy met oopgesperde arms toe hy vir Paul en Miriam in die portaal sien. Miriam lag vir die blye weersien van die twee vriende.

“Eers oor ’n paar uur, M’sieur Faure, maar ons kan ook nie wag nie. Miriam, hier is die man wat my aan Parys voorgestel het.” Paul hou sy linkerarm trots op Miriam se skouer terwyl hy sy hand na Sébi toe uitsteek.

“Jy weet nie hoe goed dit is dat jy terug in hierdie man se lewe is nie,” sê Sébi. Paul kan sien Miriam is bly dat iemand kan Engels praat. “Hy het baie van jou gepraat en het jou nodig.” Paul wil-wil senuagtig raak dat Sébi dalk ontydig iets van Monique gaan uitblaker, maar herinner homself dat hy altyd goedgemanierd is.

“Dit lyk nog mooier as toe ek hier weg is,” sé Sébastien toe hy saam met hulle na die goudmyn gaan kyk. En hierdie kanon was ook nie hier nie,” roep hy uit.

“Dis die tuisgemaakte kanon wat vir die Eerste Vryheidsoorlog van ou ammunisie aanmekaar gesmelt is,” antwoord Paul

“Die mense wat hier is vir die uitstalling, lyk nie te vrolik nie, Paul?” vra hy toe hulle weer wegstap.

“Jong, almal is maar gekwel. Roberts het Pretoria Woensdag ingeneem en die president en sy regering is nou op ’n ander dorp na die oostekant toe. Ek het besluit om my nie nou te laat onderkry nie. In elk geval nie vir hierdie naweek nie, al bly dit in my agterkop.”

Sébastien draai na Miriam toe wat styf teen Paul stap. “Met jou aan sy sy, sal Paul groter werk as hierdie doen. Ek sien hom as ’n gerekende argitek.”

“Ek ook,” glimlag sy trots terug.

Die drie stap verder aan na die buurpersele van Sjina, Algerië en dan Tunisië waar vreemde musiek opklink en vroue met helderbont klere en klingende juwele danse uitvoer.

“Dis nou wat ek sal noem eksoties, nie die arme Boerehuisie van die Z.A.R. nie,” roep Paul bo die lawaai uit. Hulle word kruisementtee in glasies aangebied en toe ’n man met ’n rooi fes op vir Paul herken, bring hy ’n bord met soet koekies vol sade om aan te bied.

“Ons het nooit eens aan iets gedink om gasvryheid te wys nie,” sê Paul. “Iets soos my ma se koesters sou goed gewerk het.”

Op Sébastien se uitnodiging gaan drink hulle sjampanje naby die hotel. “Wat ’n tyd om die stad te beleef, dit kan met moeite ooit weer so lyk soos nou,” sê Sébi vir Miriam. “Ek mis Parys baie. Waar ons is, is mooi bosse maar ook nie veel meer nie. Hierdie stad kom sit in jou hart en los jou nie weer nie.”

“Waar gaan julle woon?” vra hy vir Paul. Paul nooi hom om na die woonstel te gaan kyk wanneer hulle Miriam by die hotel afgelaai het.

“Nicolas, ons chauffeur van die konsulaat, kom kry jou twee-uur hier. Die opoffering van sy afdag is sy geskenk aan jou. Sébastien en ek sal by die *mairie* vir jou wag, dan hoef jy nie weer iets alleen aan te durf nie,” groet Paul saggies terwyl hy oor haar wang streel.

“Hm, dit voel reg vir jou,” sê Sébi toe Paul haar by die deur gegroet het.

## Hoofstuk 28

Paul, Pierson en Sébastien staan voor die stadshuis van die agste arrondissement se sandsteentrap en wag toe Nicolas die perde tot halt roep. Die koetsier lyk self deftiger as gewoonlik en het bossies blomme met wit linte aan die koets se voorlampe vasgebind. Paul en Sébi is albei in hul skoupakke.

“Jy moet die mooiste vrou in Parys wees,” sê Paul toe hy Miriam van die koets afhelp. Die kantrok lyk asof dit vir haar gemaak is en die swierige hoed laat haar donker oë nog meer afwys. Die vere op die hoed beweeg liggies.

“Dankie. En dankie vir die blou blomme, dit pas mooi by die rok.”

“Welkom, Juffrou Lipschitz, en ek wens u die beste toe.” Pierson buig galant toe hy aan Miriam voorgestel word en bring haar hand na sy mond. “Laat my toe om u te komplimenteer.”

“I am deeply touched by your kindness,” groet sy terug.

“Dit is vir my ’n onverwagte voorreg om deel te hê aan jul huwelik. Ek is seker julle is die eerste twee Suid-Afrikaners wat hier in Parys trou,” sê hy terwyl hy beduie dat hulle moet instap.

Die foyer van die gebou is in die styl van Louis XVI, met al die afwerkings in goudblaar en ’n breë marmertrap wat met ’n wye draai na die boonste vloer oploop. Hul voetstappe klink hard op in die breë gang na die *Salle de Mariage* toe.

Paul steun Miriam aan haar elmboog en hy dink dit is seker geen meisie se droom om so sonder seremonie getroud te raak nie. Die rye skilderye van talle vorige burgemeesters teen die gang se mure val hom op. Dit lyk of almal frons.

Terwyl hy wonder of sy dink aan 'n jolige Joodse troue met klezmer-musiek, sluit hy sy ander hand om haar bo-arm. Sy kyk vlugtig op na hom en probeer byhou met haar korter treë.

Die burgemeester, met 'n blink band in die kleure van die Franse vlag om sy een skouer gebind, lig hom net effens uit sy stoel agter die lessenaar met gekrulde, goue pote en vra of hulle dadelik met die verrigting kan begin.

Paul en Miriam bly voor hom staan, en Pierson en Sébastien word beduie om in twee stoele eenkant te gaan sit. Met 'n hovaardige stem begin die man die formulier feitlik onverstaanbaar aframmel, só dat Miriam met vraende oë na Paul toe draai. Ná wat nie meer as 'n minuut lank voel nie, vra hy of hulle ringe het en of die twee getuies die registerboek sal kom teken. Half oorbluf staan Paul en Miriam vir mekaar en kyk toe hulle die eenvoudige trouepante vir mekaar aansteek. Selfs Pierson lyk verbaas oor die spoed waarteen alles oor is. Sébastien lyk, soos altyd, ongestoord.

“Durf ek darem my bruid soen?” vra Paul astant vir die burgemeester.

“Ja, maar vinnig, die volgende troue is oor agt minute.”

“Net 'n oomblik,” sê Paul. Hy haal die goue Mizpah-speld uit sy sak en steek dit aan Miriam se rok.

“Now we are no more absent one from another,” sê sy met trane in haar oë. “Het jy dit die hele tyd bewaar?”

“Julle sal maar elders moet opmaak met die sentiment,” lag Sébastien toe die burgemeester erg krielrig raak en sy keel skoonmaak.

“Ek het waardering dat die man ons ’n guns bewys het, maar só onpersoonlik was beslis onnodig. Ek is jammer, Madame,” sê Pierson vir Miriam toe hulle weer die gang afstap. “Ons sal by die huis daarvoor vergoed. My vrou en kinders wag vir ons.”

“Madame klink so snaaks. *Madame Roux*,” sê Miriam met ’n oordrewe Franse uitspraak. “As ek nie die ring aan my vinger kon sien nie, sou ek ook gewonder het of ek al die titel het.”

Net buite die gebou kom vra ’n fotograaf of hulle afgeneem wil wees.

“Ja, tog,” stem Paul toe, “anders glo ons dit dalk self nie.”

Die fotograaf duik onder die swart lap agter die houtkas in, roep bevele uit oor hoe hulle moet staan en moet glimlag, terwyl hy sy een arm wild rondswaai en glasskywe indruk en uithaal. Die fotograaf se lawaaierige gewerskaf, die volgende bruidspaar wat haastig by hulle verbyloop en nog ’n uitgedosde groep wat in die straat staan en wag, laat die vier laggend na die koets toe stap.

Paul sien ’n sigeuner agter die koets met Nicolas staan en praat. Hy kyk na Sébastien, want hy is seker dit is weer die donker man met die wyerand-hoed en los hemp wat oral opduik, maar onthou dat hy dit nooit teenoor Sébi genoem het nie. Die man loop vinnig weg toe hulle aangestap kom.

Toe Pierson die breë deur van sy apartement oopmaak, staan sy vrou en vyf seuntjies in enerse matroospakkies in ’n ry en wag.

“*Félicitations!*” roep almal gelyk uit en mevrou Pierson gee Miriam ’n hartlike kus op elke wang. “U lyk pragtig en veels geluk.”

“Julle gaan gelukkig saamwees. ’n Mens kan dit dadelik sien,” sê sy toe sy haar hand na Paul toe uitsteek.

“Stem u nie saam nie, Monsieur Faure?” laat sy Sébastien ook tuisvoel.

“Beslis, ja. En vir albei langverwag.”

Die kantbedekte tafel in die eetkamer is versier met blomme en allerhande delikate eetgoed op groot silwer dienborde. Mevrouw Pierson knik in haar man se rigting om die sjampanje oop te maak en die knal is vir die kinders ’n teken om van die *petit fours* en ander *canapé’s* te begin gabs en om die tafel te hardloop.

Die sekretaris Le Clerque is ook genooi en Pierson het gevra dat Nicolas inkom vir ’n glas sjampanje.

Paul, met sy arm om Miriam se skouers, staan geamuseerd en luister hoe verbasend humoristies Pierson met sy heildronk vertel hoe hy, wat Paul is, wekelank soggens Miriam se brief by die konsulaat kom soek het. Hy aap Paul se lang treë na tot groot vermaak van veral Paul self.

“Vir Paul het ek die laaste maande eers beter leer ken en ek is trots om hom my vriend te noem,” sê Pierson ter afsluiting van sy heildronk.

“Op my *bon ami* wat nou sal ophou hunker,” sê Sébastien toe hy sy glas vir Paul lig. “Die geluk op julle twee se gesigte laat my dink ek moet nou ook my jeugliefde gaan opsoek,” sê Sébi op Engels.

“Miriam,” sê Paul op sy beurt om sy bruid te besing: “Die amper vier jaar was lank, maar ek sou sewe jaar ook vir jou kon wag. My lewe het nou sin.” Sy vertellery vir die gaste hoe hy in die musiekwinkel in die Kaap op haar verlief geraak het, laat Miriam



bloos. Toe hy nog 'n heildronk op die afwesige families instel, voel hy sy lip bewe en vermy hy om na Miriam te kyk.

Teen die tyd dat hy mevrou Pierson uitvoerig vir die onthaal en meneer Pierson vir sy organisasie bedank, is almal goed plesierig en probeer Sébi hom al doodpraat.

*“Musique, Maman, faites la musique,”* gil een van die seuntjies wie se wit pakkie al vol koskollie is.

Mevrou Pierson se wange het al 'n rooierige blos as sy agter die klavier in die hoek van die vertrek inskuif. Sy en die kinders begin om liedjies in Frans en Hollands te sing wat duidelik goed geoefen is. Le Clerque het intussen al gegroet en Nicolas het gesê hy sal buite gaan wag.

“Die Roux’s moet 'n polka dans!” roep Pierson uit. Miriam lag verbaas toe Paul haar behendig rondstuur en dit spoor die kinders aan om hulle te probeer nadoen.

Uitasem gaan sit Miriam langs mevrou Pierson op die klavierbankieën begin saamspeel. Met die vier hande op die klawers, die kinders wat sing, lag en rondhol en die mans wat aanhou sjampanje skink en al hoe harder praat, voel dit uiteindelik na 'n groot viering.

Paul is bly toe hy hoor Miriam sing van die snaakse Jiddisje en hy sing saam van wat hy kan onthou. Die kinders kraai van plesier en Paul kyk bly toe hoe haar innemendheid almal aantrek. Tot sy verbasing speel mevrou Pierson die Transvaalse volkslied en die kinders sing lustig die eerste twee versies saam met Paul. Hy let nie eens op dat Pierson en Sébi eenkant in 'n drukke gesprek is nie. Miriam vang sy oog toe sy vir Pierson se vrou van die Mizpah-borsspeld vertel en daaraan vat.

Nicolas kom soos vooraf afgespreek stiptelik om ses-uur aan die deur klop om Paul en Miriam huis toe te neem. Die groetery neem ’n hele ruk: die twee vroue neem afskeid met die voorneme om saam na die Galeries Lafayette-winkel toe te gaan en die kinders wil een-vir-een ’n drukkie van Miriam hê. Paul hoor dat mevrou Pierson vir Miriam sê sy kan die rok en hoed hou.

Sébi wens hulle seremonieel die beste toe vir ’n opwindende samesyn en nooi hulle na die Faure-domein toe.

Nicolas het nog nie die blomme van die koets afgehaal nie en glimlag breed toe Miriam giggelrig deur Paul die kar ingehelp word.

“Nicolas, *pour vous*,” sê Miriam toe sy afbuig en vir Nicolas haar ruiker blomme gee.

Paul wil nie voor Miriam vir Nicolas uitvra waarom die man wat vroeër by die koets was, met hom gepraat het nie. Dit skeel hom nou ook min.

“Nee, wag,” sê Paul toe hulle effe uitasem op die vierde verdieping land en hy die deur oopsluit.

“Dit moet ook korrek gedoen word,” lag hy as hy haar optel en oor die drumpel dra.

## Hoofstuk 29

Die skerp lig dwing Paul se oë oop. Hy draai op sy sy en stut sy ken op sy hand. Miriam lê op haar maag en haal gelykmatig asem. Eers vat hy saggies aan haar dik, krullerige hare wat oor die kussing lê en blink, dan trek hy sy vinger langsaam al met haar ruggraat af tot by 'n enkel. Toe die laken wegskuif, draai Miriam lomerig om en gooi 'n arm oop na sy kant toe. Toe-oog glimlag sy terwyl Paul elke stukkie van haar bolyf met sy groot hand bevoel.

“Miskien moet jy 'n beeldhouer ook word,” sê sy terwyl sy haar oë oopmaak. Sy draai na hom toe en druk haar gesig in sy nek. “Vir die res van my lewe gaan ek onthou dat geen vrou so gelukkig gemaak kon wees soos ek op my huweliksnag nie. En as dit ooit lyk of ek vergeet, moet jy my daaraan herinner, Paul.”

“Dit, kan ek jou verseker, sal net 'n plesier wees. Beeldhou klink na nogal 'n goeie idee en ek sal heel eerste 'n beeld van jou wil maak.” Hy gaan lê op sy rug en trek Miriam oor sy bolyf.

“Is dit heeltemal onvanpas om te sê ek is rasend honger? Ons het gistermiddag laas net van daardie ou klein goedjies gehad wat kwalik kos genoem kan word,” sê Paul. “Wag jy nou net hier, dan gaan haal ek vir ons iets om te eet.”

Hy kry nie 'n skinkbord in die kombuis nie en pak dan die stuk kaas, die brood wat al taamlik droog voel, die patee en die twee perskes op een bord. Sy groot knipmes is al snyding wat hy kry in sy haas om weer die trap op te klim.

“Hoeveel dae kan ons oorleef sonder om hier uit te gaan?” vra Miriam wat nou regop sit met die laken om haar gedrapeer. Sy giggel vir Paul wat so sonder ’n draad klere soos ’n kelner die bord na haar toe uithou.

“Ek is bevrees nie baie lank nie. As ons dié geëet het, het ons nog net ’n spanspek.” Hy vryf haar hare nog deurmekaarder toe hy weer op die bed klim.

Miriam kyk om haar rond. “Ek is so dol oor hierdie mooi kamer, so vol lig en ek weet eintlik nie hoe ek hier gekom het nie. Was ek nie veronderstel om my klere agter daardie skerm uit te trek nie?” Paul lag terwyl hy vir haar van die kaas op ’n stukkie brood smeer. “Gevlieg. Die skerm kan jy anderdag gebruik. Hopelik glad nie.”

“Toe nou, jy’s laf. Dink net, ons gaan elke oggend met die toring voor ons bed wakker word. Hoe lyk dit onder dié kamer? Ek het net die badkamer gesien, maar dit was so haastig.”

Paul begin haar in haar nek soen. “Jy kan later gaan kyk. Bly nou maar soos die prinses in die toringkamer. En jy hoef nie eens jou hare by die venster te laat uithang nie, jou prins is hier.”

Paul gaan staan voor die venster aan die westekant en steek sy arm uit: “Hier kyk jy op die Eiffeltoring.” Dan loop hy na die oostevenster: “Hier sien jy die Passerelle de Passy, ons naaste brug na die linkeroewer. En deur die dakvenster kyk ons na die sterre. Nie dat ons laasnag kans gehad het nie,” lag hy.

“Where is my Gladstone, Paul?” verander Miriam die trant. “Ek moet seker die paar goed wat ek het, uithang en ek wil graag bad. Ek wil vir jou ’n boek gee wat ek in Londen gekoop het. Van Thomas Hardy wat ook ’n argitek is. Dalk kan jy nog ’n

skrywer ook word. On Victoria Station I bought you a *War upon War* to show that not all the English are in favour of the war back home.”

Miriam klim laggend met die laken om haar die trap af. Paul wil hom weer verkyk aan die netjiese enkels van sy vrou.

Teen die middaguur het Paul die spanspek ook opgesny en begin eet. Miriam is bly oor sy voorstel dat hulle in die Eiffeltoring moet gaan eet.

“Kom ons los hierdie handspieël in die venster dan kyk ons of ons die huis van daar af kan kry.” sê Miriam terwyl sy haar hare met kamme opsteek. Hoe sierlik die lyne van haar rug en skouers is as sy haar arms ophig; die hoeke wat haar elmboë vorm. Ek wil, ek móét haar teken, dink hy.

“Dis darem jammer dat julle vrouens altyd hoedens moet ophê. Nou kan ek nie aan jou hare raak nie. En ek moet sê die pofmoubloese met die honderde knopies is ook maar erg. Jy het so vry gelyk toe jy onder die stort uitgekom het.”

“Wel, dis nou maar so,” lag Miriam terwyl sy die pikante hoedjie op haar kop vasspeld. “Kom monsieur Roux, we have a tower to climb.”

Toe hulle later in die Eiffeltoring se hysbak klim, vertel Paul haar van sy ontmoeting met Thomas Edison en demonstreer hoe hy die kamera vir hom gestut het. Toe hy bylas van hoe Edison gesê het hy wil Suid-Afrika toe gaan om die oorlog te gaan afneem, besef hy hy het nou vir dae nie aan die probleme by die huis gedink nie.

“Ek wonder waar De Wet-hulle nou sou wees,” dink hy hardop.

Miriam vergaap haar só aan alles wat so vinnig kleiner word, dat sy in elk geval nie meer hoor wat hy sê nie.

“Jammer, ek het net tot by die deel van die kamera gehoor,” sê sy toe hulle die eetplek instap. “You mean Edison as in the lightbulb? What does he look like? Dis ongelooflik. Die stad is seker vol beroemde mense wat al hierdie geboue en uitstallings wil sien.” Paul is verlig dat die oorlog tersyde is, al is dit net vir vandag.

“Nog soveel brood voordat jul bestelling kom?” vra hul kelner toe hy die leë mandjie wegneem.

“Jy sal nog sien hoe bevange hierdie mense oor korrektheid is,” sê Paul toe dit lyk of Miriam gebelg is. “Wat het dit met hom te doen as ons honger is en gaan betaal? En hulle takseer jou op jou baadjie, moet jy ook weet. Ek wonder of hulle ooit in die veld op ’n klip sal kan sit en kyk na ’n sonsondergang sonder om te wonder oor die regte mondering.”

“Ag, moet jou nie moegmaak daaroor nie. Maak soos my pa as my ma so tekere gaan oor wat reg is: trek jou skouers op, kyk dak toe en sê ‘oy vey’. Hier bring die mannetjie ons vis en dit lyk wonderlik. Ek is nou self rasend honger.”

“En jy is rasend mooi. Kom ons eet vinnig dat ons weer kan huis toe gaan.”

Miriam lag saggies met haar kop eenkant toe, soos sy altyd maak. “Ek waardeer dit, Paul, maar ek gaan nie verdwyn nie. Veral nie as ek eet soos nou nie. Mag ons net eers ’n bietjie rondkyk? Dit het so ongelooflik gelyk toe ons so opgeskiet het.”

Deur die venster beduie Paul vir haar hoe die tentoonstelling uitgelê is en wys al die nuwe Franse geboue uit. “Hulle word almal paleise genoem. Die paleis vir elektrisiteit, paleis vir water, paleis vir chemiese ontwikkeling, groot en klein paleis.” Hy wys hul gebou oorkant die rivier vir haar uit, maar niks blink in die venster nie.

Die middagson is warm op hul koppe as hulle onder die toring tussen die malende mense na die bewegende sypaadjie toe uitstap. Paul loop breedskouer en glimlag oor Miriam se borrelende blyheid. Sy lyk skoon kinderlik toe hulle op die sypaadjie klim. Eers op die houtloopvlak, dan op die stadige baan waar hulle op 'n bankie gaan sit en dan op die vinnige baan waar hulle aan die houtreling moet vashou om nie om te val nie.

“Ek wil jou altyd so hoor lag,” sê Paul toe sy styf aan sy arm vashou om vir 'n fotograaf te poseer.

“Ek sal hierdie foto's nie graag wil weggee nie, maar wens ons kon dit vir Isabeau gestuur het. Toe ek jou briewe kry, is al my planne van die Royal College of Music ook by die deur uit. Dit was lekker om gisteraand saam met mevrou Pierson te speel, ek het die Franse liedjies geniet. Was dit net gister, Paul? Is ek nog net 'n enkele dag met jou getroud?”

Paul kyk op sy sakhorlosie. “'n Enkele dag en drie ure lank. Eendag koop ek vir jou 'n klavier—sommers 'n vleuel. Ons kan by die Salle Pleyel gaan hoor of daar nie dalk iewers plek vir jou is nie.”

Miriam gaan staan reg voor Paul. “Sê nou net die klein Mullertjie is op ons troudag gebore? Sal dit nie wonderlik wees nie?”

“Kom ons gaan soek 'n paar poskaarte by daardie kiosk uit, dan stuur ons dit vir hulle.” Hulle lag vir van die spotprente teen die Britte en Paul soek 'n paar uit om vir sy pa te stuur. Hy wil een vir haar pa ook koop, maar sy keer hom.

“Nog nie,” is al wat sy sê.

Mense loop nou al hoe digter teen mekaar en hulle soek 'n bankie onder 'n boom om onder die son uit te kom. Paul haal die opgevoude koerant uit sy binnesak en vou die middelblad oop om vir Miriam die hele skou te wys. Sy sit vooroor en trek met haar vinger oor die uitleg.

Paul kyk rond en sê: “Al hierdie mense maak my nou benoud. Kom ons gaan stap tot onder by die rivier, daar is altyd mense wat rustige musiek maak en skilder. Ek weet ook net waarvandaan ons die sonsondergang kan bekyk.”

Toe hy opkyk, staan dieselfde sigeuner van gister teen 'n boom vir hulle onder sy hoedrand en uitloer. Paul wil opspring en hom gaan vra wat hy wil hê, maar kan nie. Miriam weet niks van Monique nie.



## Hoofstuk 30

*Orange*

*Klein Drakenstein*

*June the 1st 1900*

*Mijn lieve broer,*

*This will not be a long letter, but I do hope you are well. Moeder did mention that you had some problems, but I trust they are out of the way.*

*I am still lying in bed, but I wanted to let you know that our little boy was born on the 29<sup>th</sup> of May. A big, healthy baby and if I have to go by his noisiness, rebellious like his father. He will be called Frederik after Jerry's father. Hopefully Jerry will be home for the christening. Heaven now only knows where he is.*

*We only heard this morning that President Kruger had left Pretoria that same day and that Roberts is on his way there. How distressing. What does that entail for your pavilion?*

*Have you heard from Miriam again?*

*I shall write again when I feel stronger.*

*Please send us your news.*

*Liefdegroete van Vader en Moeder.*

*Jou liefhebbende zuster*

*Isabeau*

Paul sit die brief in sy binnesak. Miriam is al angstig oor nuus van die klein Mullertjie, maar sal hom uitvra oor die probleme waarna Isabeau verwys en hy weet nie hoe hy dit moet aanspreek nie. Hy sal vir haar moet vertel voordat hy die brief vir haar gee.

Hy kyk op sy sakhorlosie terwyl hy regmaak om huis toe te gaan. Dis nou op die uur 'n ronde twee weke dat Miriam met haar Gladstone-sak van die trein af en terug in sy lewe geklim het. Elke oggend wat hy langs haar wakker word, is vir hom opnuut 'n verwondering — die twyfel en afwagting wat so lank sy gemoed oorheers het, vergete. Soms voel dit of hy lank weg was en in 'n ander gedaante teruggekom het na die werklikheid toe.

Hy vou die koerant op, want hy weet sy wag vir die volgende aflewering van Olive Schreiner se boek. “Ek wil meer verstaan van die Boere, van jou. And maybe it will improve my French, I can't struggle like this much longer,” het sy ná die eerste hoofstuk gesê toe sy verbete amper elke woord in die woordeboek opgesoek het.

Paul sien op teen sy belofte om vanaand vir Miriam Montmartre te gaan wys. Die vorige naweek toe sy na die kunsuitstalling en hy na die argitektuur van Charles Girault van die Petit Palais gaan kyk het, was sy opgewonde oor die byderwetse kunstenaars.

“Ek móét gaan sien waar die mense gewerk het. Kyk al hierdie skilderye van Montmartre. Lyk dit regtig so anders? Jy het dan vertel hoe lekker dit vir jou daar was.”

Sy wag opgewonde vir hom toe hy by die huis kom, wat sy skuldgevoel net groter maak.

Hulle neem twee trems tot by die smal straatjies wat onderkant die Sacré-Coeur oploop. Miriam verkyk haar aan al die uitgestalde materiale en hoede- en kleremakers wat in hul winkeltjies sit en werk.

“Nou gaan ons getoets word met al hierdie trappe,” probeer Paul lag toe hulle begin opklim.

“Ek wil graag ingaan, Paul,” sê Miriam toe hulle uitasem voor die groot wit gebou staan. “Die Notre-Dame was so somber en vol trekke, hierdie lyk so nuut en mooi.”

“Baie mense is krities oor die gebou. Maar kom ons gaan kyk, daar is ’n mooi silwer Madonna.”

Voor die beeld steek Paul ’n kersie brand.

“Glo jy hierin?” vra Miriam fluisterend.

“Dit voel tog of daar krag in so ’n vlam en gebed is, en vanaand doen ek dit in die hoop dat die oorlog by die huis sal eindig. Ter wille van my suster en almal wat ek in die Transvaal geken het, sommer ook vir die arme Oom Paul wat nou al in Waterval-Onder sit.”

“Now where on earth is that?”

“Somewhere far,” glimlag Paul stil.

Hulle loop aan die agterkant van die kerk uit tot op die Place de Tertre. ’n Sigeunervrou met bont klere probeer ’n bossie verwelkte blomme aan Miriam verkoop, toe vrolike musiek met ’n viool en ’n akkordeon haar aandag wegtrek. Sy stap nader en gee vir die twee mans ’n munt.

“Hulle moet Hongare wees, ek ken die musiek,” sê sy bly.

“In hierdie buurt is heelwat mense uit Oos-Europa, maar ek dink daardie musikante is sigeuners. *Gitans*, noem die Franse hulle. Hulle noem nou al sommer almal wat hier woon Boheems, vir verskeie redes,” sê Paul terwyl hy wegkyk.

Musiek klink oral uit kuierplekke om die pleintjie op en ’n groepie lawaaierige jong mense met helder klere en wilde hare groet vriendelik toe hulle by Paul en Miriam verbystap.

“Soos hierdie klompie, byvoorbeeld. Hulle beskou hulself los van Parys en sy bourgeois-voorskrifte. Die Montmartrois hou nie eens daarvan om Parysenaars genoem te word nie, hulle hou van die etiket Boheems. Dis soms ook ’n mooi naam vir skarminkels en skelm sigeuners.”

Net toe Paul dink hy wil nie verder in die rigting van Rue Lépic stap nie, kom die bakkersvrou wat onder hom gewoon het, met haar waentjie aangestap en groet hom vriendelik. Paul, skaam oor sy eie onwilligheid om tot nog toe met die hele geskiedenis van hom en Monique vorendag te kom, bloos en groet half stuurs.

“Nou hoe op aarde weet ’n broodtannie hier jou van is Roux? Jy is mos nie ’n Boheem nie?”

“Ek het my ’n ruk lank nogal verbeel ek is terwyl ek hier gebly het. Kom ons gaan eet ’n *crêpe* by daardie Bretonse plekkie, dan vertel ek jou.”

Miriam lyk nog verder verbaas toe die ronde tannie met ’n vuilerige voorskoot ook lyk of sy vir Paul ken. Nou moet ek my drake aanvat, onthou Paul sy pa se woorde. Hy skuif op sy stoel rond en kyk by die venster uit.

Die donker man met die hoed staan teen ’n boom voor die eetplek. Hy kyk reguit na Paul.

“Paul, where are you? You’re staring right past me.”

“Jammer Miriam. Ek probeer moed kry vir wat ek moet vertel.”

Toe twee glase appelsider voor hulle neergesit word, steek Paul sy pyp tydsaam op en begin vertel hoe hy hier op Montmartre beland het. Hy begin reg van die eerste glas absint by die Lapin Agile af, van Monique se dansery en hoe hy ’n man geslaan het.

“Klink nie soos jy nie,” sê sy en skuif effe terug op haar stoel. “I told you these French girls are fresh. Fast, actually. En van wat ek gesien het, is die mans nie so handsome soos jy nie.”

“Nee wag, dis eintlik net die begin. Ek is doodernstig.” Sonder te veel besonderhede praat hy oor sy lewe op die Butte saam met avant-garde skrywers en skilders. Elke keer as hy Monique se naam noem, sien hy hoe skuif Miriam haar stoel verder agteruit.

Toe die tannie die derde glas sider voor hulle neersit, is Paul net klaar vertel van die Bolsjewiek-Rus wat hom kom verlos het en Miriam se stoel is reg teen die muur agter haar. Toe hy ’n oomblik stilbly, spring sy skielik met gepersde lippe op gaan staan by die venster. Haar glas sider val van die tafel af en die sap spat teen haar rok.

Paul krimp ineen toe hy aan haar rug sien dat sy vinnig en aanmekaar diep asemhaal. Hy gaan staan by Miriam en sit sy arm huiwerig om haar skouers. Sy trek vererg weg.

Buite die venster sien Paul ’n beweging. Die man staan wragtig nog daar. Net teen ’n ander boom.

“Ek hoop nie jy sit jou mond ooit weer aan absint nie,” sê sy ná ’n hele ruk. Haar stem is afgetrokke. Paul raak saggies aan haar arm en lei haar terug na die tafel toe.

“Ons hoef nooit weer hieroor te praat nie, Miriam,” sê Paul, maar sy vermy sy oë. “Die Paul Roux wat ék ken, se kop werk nie so nie. Ek hoop ook jy slaan nooit weer aan iemand nie. Jy is te sterk.”

“Die tronk was my laagtepunt. Ek hét besluit ek sit my mond nooit weer aan absint nie. Ek het toe ook besef waartoe ek gedaal het en dat ek myself verloën het.”

Paul sit sy pyp eenkant op die tafeltjie neer. “Ek wil graag belowe dat ek nooit aan iemand sal slaan nie, maar ek moet erken, ek wil vreeslik graag daardie verdomde sluiper daarbuite nou gaan slaan.” Nee, bliksem is die woord, sê hy vir homself. In sy moer in bliksem. “’n Regte lae bleddie slang en hy los al maande lank vir my papiertjies met dreigemente op en verskyn oral. Ek dink hy weet ook waar ons bly.”

“Paul!” roep Miriam geskok uit en draai om, maar daar is niemand nie. Sy is nog traag om na Paul te kyk.

Paul weet dat Miriam nie verder hieroor sal wil praat nie, al sou hy eintlik nog meer van sy hart af wou kry. Hy sou nog ligter gevoel het as hy van Monique se sombere begrafnis en haar ouers kon vertel. Hy besef dis gedane gedeeltes van sy lewe voordat sy gekom het, maar die selfverwyt sal nie verdwyn nie.

“Hier kom die Bretonne met ons *crêpes sarasins*. Dit is van ’n ander soort meel gemaak,” probeer Paul sy eie aandag aflei.

Miriam eet stilweg. Ná sy klaar is, leun sy vorentoe oor die rooi geruite tafeltjie. “Is dit hoekom jy nie Montmartre toe wou kom nie, Paul? Hoe lank sou jy daarmee rondgeloop het?”

“Ek probeer die hele tyd om daaroor te praat, maar het nie die moed gehad nie. Ek het nie, soos my pa altyd sê, my drake dadelik beveg nie. Ek is nog kwater vir myself as vir die pes daarbuite, moet jy aanvaar.”

“It hurts. Gee my net bietjie tyd,” probeer Miriam ligter praat. “Hier is ons nou in die mooiste stad in die wêreld, in die begin van ons lewe saam en soos jy goed weet, verkies ek om te lag.”

“Lag én klavierspeel.” Paul dwing homself om op Miriam te fokus.

“Ek het nog nie eintlik weer aan myself as ’n pianis gedink het nie.”

“Jy is te goed om nie daarmee aan te hou nie. Ek voel sleg dat ek nog nie iemand soos Chopin opgespoor het by wie jy kan klaskry nie.”

“Chopin? Tog so jammer hy leef nie meer nie.”

“Kom ons stap aan die westekant van die Butte af,” sê Paul toe hulle klaar geëet het. “Ons het nogal ’n entjie om te loop voordat ons ’n trem kan kry.”

Op pad wys hy vir Miriam die groot, half vervalde gebou waar kunstenaars woon en werk. Sy stap eenkant. Paul wil-wil nader, maar besef hy moet liever sy afstand hou.

“Hierdie tuin is vir my mooi, dis nie so netjies soos die parke in die stad nie,” sê Miriam toe hulle voor ’n gelapte hekkie na die tuin staan en kyk.

“Ja, seker maar nes die mense. Net genoeg onbeheersd om aanvaarbaar te wees. Hulle slaap sommer so in hul ateljees.” Hy wonder of die sluiper nie dalk ook in die Bateau Lavoir woon nie. Dis natuurlik nooit anders nie, kry Paul helderheid. Dit moet die sogenaamde kunstenaar wees vir wie Monique geposeer het, vandaar die dreigbriefies.

Teen die laaste skemerlig stap hulle by die raserige Lapin Agile verby. Mense sit buite by die houttafels en drink en hulle kan iemand binne hard hoor sing. Miriam kan nie hoor nie, maar Paul weet dit is skurf en raai sommer wie sing ook, want hy ken almal. Hulle loop sonder 'n woord verder af tot Miriam gaan staan om na die rooi weerkaatsing op die lemme van die drie windmeulens teen die hang te kyk.

“Is dit hoekom dit die Moulin Rouge genoem word?”

“Nee, hy is rooi geverf,” sê Paul. Bly dat dit soos 'n gesprek begin voel. “Die ander twee is Galette se meulens.” Hy skat sy onthou dat hy haar daarvan vertel het.

“My pa het vertel van 'n danseres van die Moulin Rouge wat in Kimberley opgetree het. A contortionist who could do the most amazing tricks. Hy het nie voor my ma vertel wat sy als gedoen het nie.”

“Hier is wilde vrouens, ek dink nie ons ken sulkes in Suid-Afrika nie.”

“Ek het darem al van Émile Zola se boeke gelees,” sê Miriam toe sy langs Paul op die bankie in die trem gaan sit. “Op Engels,” voeg sy by oor sy verbaasde uitdrukking. “Dit gee 'n mens 'n idee van wilde mense.”

“Dis juis Zola wat so opgekom het vir Rodin se beeld van Balzac wat ek jou gewys het.”

“Ja en vir die arme Dreyfuss. The famous *J'accuse* article.” Miriam sê dit terwyl sy by die venster uitkyk. Paul sit sy arm om haar skouers en gee haar woordeloos 'n druk. Dié keer trek sy nie weg nie. Hy haal Isabeau se brief uit sy sak en gee dit vir haar.

Miriam lees die brief vinnig.

“I'm glad you told your parents about what happened. What a big name for a little baby. Ek het so gehoop Isabeau se baba is op ons troudag gebore.”



## Hoofstuk 31

Met meelstrepe oor haar gesig en haar hande vol draderige deeg, maak Miriam laatmiddag die deur vir Paul oop. “Wat gaan Chef Poulain sê as ek in môre se klas so ’n gemors van my *pâte feuilleté* maak?” vra sy amper tranerig.

Paul bars uit van die lag. “My ouma het skilferdeeg vyfuur in die oggend op ’n koue klipblad buite die kombuis gemaak. Dis snikheet in Parys en jy het boonop lekker warm hande.” Hy soen haar op haar kop.

“Jy wil nie weet hoe die kombuis lyk nie. Ek is bly warm hande is ’n verskoning vir die gemors, nie lompheid wat ek eintlik vermoed nie,” lag Miriam. “Ek dink nie *pâtisserie* is my *forté* nie.”

“Van jy by die kookskool is, kry ek elke aand iets wat lyk of dit uit die Ritz kom. Los die bakkery vir jou klas en kom ons gaan vanaand na die eerste *Fête de Nuit* toe op die Champ de Mars. Ek kan ook doen met iets moois ná ’n hele paar ure saam met die Republikeinse Deputasie en doktor Leyds. En more is Saterdag, dan kan ons op die nuwe Metropolitan gaan ry.”

Teen die tyd dat hulle anderkant die Passy-brug afklim, is dit al donker genoeg dat die ligte aangeskakel word. Die Eiffeltoring se buitelyne is van onder tot bo met gloeilampies versier en oral gaan sugte van verwondering by die talle toeskouers op. Die *Palais de l’Electricité* en die *Château d’Eau* lyk soos verligte kastele en in feitlik al die ander pawiljoene skyn lig deur vensters. Watervalle voor die waterpaleis is in

verskillende kleure verlig en die ongewone fonteine voor die geboue lyk of hulle lig opspuit. Die groot geboue is ook van hoek tot kant met gloeilampies omlin.

“Kyk, Paul!” roep Miriam as sy wys na die reuse-ligstrale wat dik strepe in die donkerblou lug kaats. “Can any place on earth be more ideal to brag with progress? Het ek al vir jou gesê dat my kookskool die eerste professionele kombuis met elektriese stowe was? And that was five years ago already! Smart woman, that Marthe Distell.”

“Om van Thomas Edison nie te praat nie. Kan jy dink hoe mooi ons Tafelberg met sulke ligstrale sal lyk?” Die oomblik dat hy dit sê, raak Paul beswaard.

“Die oorlog keer alle vooruitgang.” Paul keer stil na sy eie gedagtes toe.

Hy wil nie vir Miriam vertel van die nuus dat Roberts nou vroue en kinders na die Boerelinies toe laat aandryf nie – dit nadat hy selfs vir Tante Gezina Kruger by die presidensie gaan besoek het en ewe vriendelik wagte voor die twee snaakse sement-leeus van Barney Barnato opgestel het.

As hy dink hoe hewig ontsteld Miriam was oor koerantfoto's van Bokser-rebelle in Sjina wie se koppe afgekap word terwyl westerlinge in hul stoele sit en toekyk, wil hy haar nie hoor oor dié onmenslike beweging nie. Bloot om die las op Roberts eie voorrade te verlig en dié van die Boere te verswaar. Die klein Roberts se groot vrou, Nora, sit glo agter die wegstuur van die vroue en kinders.

Miriam trek aan sy arm. “Vertel my van jou dag met die Deputasie?”

“Uitputtend. Mevrouw Fischer is nou saam met haar man. Hy is seker te lankal van die huis af weg. 'n Kwaaijerige stywebek-tannie met swart klere en so 'n lawwe klein sambreeltjie,” sê Paul met 'n laggie. “Ek het een aand saam met hulle in die Ritz geëet.”

“Daardie delegasie doen niks op klein skaal nie en daar was regtig ’n groot skare voor die Hôtel de Ville. Doktor Leyds het die besoek aan die Conseil Général gereël om steun vir die oorlog te probeer kry.”

“Het hulle iets gekry?”

“Ag, nee wat. Die stadsvaders sit al van die Dreyfuss-affaire af vas met die regering en die wedywering help ons nie veel nie. Die gewone mense word maar bloot deur die pers opgesweep. Die Franse het min nodig om hul haat teen die Engelse te laat opvlam. Dis eeue-oud, sal hulle vir jou self sê, maar die regering trap nou fyn.”

“Kom, Paul, kom ons gaan luister na die orkes daar anderkant,” sê Miriam terwyl sy hom aan die hand weglei. Gewillig stap hy saam.

“Dit alles is te mooi om ons oor daardie mense te verknies. Hulle is almal met hul eie belangrikheid deurmekaar. Eintlik moet ons sommer na daardie plek toe gaan met die spieëls. Iets van illusies wat ’n mens snaaks laat lyk. You need to laugh a bit.”

“Nou toe kom, jy’s reg. Dis net hiernaby—die *Palais des Illusions*. En dit lyk glo soos ’n duisend-en-een-nagte of iets.” Hy draai na Miriam toe en gaan staan stil: “Ek bly jou dankbaar vir jou goeie gearhedeid, Miriam. Ek het jou baie lief.”

“Nou voel ek regtig soos ’n Parysenaar,” sê Miriam toe hulle die volgende dag by ’n moltrein naby die Palais Royal uitklim. “Ons sal vir ons nageslag vertel hoe ons op die eerste moltrein in Parys gery het. Ek het nie eens omgegee dat ons so ingeryg moes staan nie.”

“Binnekort sal ons tot by die Trocadéro kan ry. Daardie stasie is amper klaar. Dan kan jy van die huis af tot hier ry.”

Toe hulle by die hek op die pleintjie voor die paleis uitstap, haal Paul sy notaboekie uit om die sierlike *art nouveau*-poort van Hector Guimard te teken. “Ek bewonder hierdie man se werk. Van hierdie styl is beslis nog niks in Suid-Afrika te sien nie, ons is te styf. Aan die anderkant is dit seker ook nie nou die tyd vir plesierige kunsstyle nie.”

“Paul, kyk gou daar.” Miriam wys na iemand wat by die stasie se trappe probeer afhardloop. “I think it’s that bloody snake.”

Paul kyk te laat op. “Hoe het hy gelyk?” Hy wil-wil lag oor haar beskrywing.

“Nogal na die man wat op ons troudag met Nicolas gestaan en praat het.”

“Het jy hom toe raakgesien? Die donker man met die groot hoed? Ek sê nou vir jou, al het jy gesê ek moet nooit weer aan iemand slaan nie, gaan ek niks terughou as ek daardie man in die hande kry nie. Die bleddie adder, soos jy sê.”

Paul beur in die rigting van die trappe, maar Miriam trek hom terug. “Kom kyk na my kookskool. Dis net dis net hier bokant, op Rue Saint-Honoré,” nooi sy.

“Kyk wat doen die Engelse in Transvaal,” roep ’n koerantverkoper skielik so hard uit, dat hulle albei voor die kiosk gaan staan. “Hulle maak oorlog teen vroue en kinders!”

Die brief wat hy gister van sy ma af gekry het, wys ook vir die eerste keer anti-Britse sentiment. Tot nog toe was sy familie redelik neutraal en aanvanklik ontsteld oor sy rebelse swaer Jerry wat aan die oorlog wil deelneem, maar die plase wat afgebrand word ‘*crossed basic rules of humanity*’, het sy geskryf. Paul neem aan hulle het ook foto’s gesien van kuddes skape en beeste wat afgemaai op plase bly lê het.

Van ver af sien Paul vir Charles Jobert in 'n skaduweekol langs hul woonstelgebou staan. Hy het 'n losselige somersbaadjie aan en, nes Paul, ook met 'n netjiese strooihoed op sy kop.

“Ek was vandag by jul pawiljoen, maar kon jou nie kry nie. Indrukwekkende uitstallings en soveel besoekers!” groet hy vriendelik.

“O, dis jammer dat ek jou gemis het,” sê Paul. “Ek sou jou graag self wou rondwys.”

Paul weet goed hoekom Jobert hom nie kon kry nie. Hy was besig om die sluiper te agtervolg en het die gendarmes wat by al die persele patrolleer, gevra om hom te help. Vir hulle het hy gesê het hy is bang die man doen iets aan die pawiljoene, maar sy eintlike vrees is vir Miriam.

“Ek het jou kom sien oor 'n aanbod. Kan ons dalk daaroor praat?”

“Kom saam op na ons woonstel dat ons kan gemakliker gesels,” sê Paul toe hy oor sy verbasing kom. “Ek sal jou graag aan my Miriam ook voorstel.”

“*Enchanté, Madame.*” Jobert buig vooroor en soen Miriam se hand toe sy die deur vir hulle oopmaak. “Nou kan ek verstaan hoekom u man so angstig die woonstel gesoek het!”

Paul skink vir hom en Jobert elkeen 'n glasie Dubonnet. Hy is trots dat Miriam die plek mooi gemaak het met blomme en vrugte. Die geure wat uit die kombuisie kom, laat dit nog meer huislik voel. Hy weet die Franse neem 'n ruk voordat die bul by die horings gepak word en aanvaar dat hulle eers moet gesels oor gemeenplaisigheidjies soos die ongemaklike hitte in Parys, die verstommende ligvertonings op die Champ de Mars,

Rodin se indrukwekkende uitstalling, die Olimpiese Spele en die verskillende argitekstyle van al die internasionale pawiljoene.

“Ek het vir my kinders daardie karton-model van die *Annexe de la Ferme* by die pawiljoen gekoop. Die bordspeletjie was uitverkoop. Jy kan trots voel dat jou werk vereer is, want die klipmure en vensters lyk presies net so. Die kinders hou veral van die kartonpoppe se kleredrag. Is dit eg, dink jy?”

“Ja, die mense lyk eg, veral die mans met die gewere. Ek het nooit verwag dat die huisie soveel belangstelling sou lok nie, beslis nie dat ’n bordspel daarop gebaseer sou word nie.”

“Hoe sal jy daarvan hou om vir ons firma hier in Parys te werk?” vra Jobert uiteindelik ná die tweede apéritif. “Ons het iemand nodig, jy ken die bedryf en jy hou van Parys. En aangesien ons waarskynlik verwant is en daar probleme in jou land is, wil ek dit graag aan jou bied.”

Paul bly doodstil sit en kyk dan vraend na Miriam. “Is dit wat jy wil hê?” vra sy vir Paul op Afrikaans.

“Die vergoeding sal genoeg wees sodat julle hier kan aanbly,” sê Jobert, wat nie verstaan het nie. “Dan kan julle ’n telefoon ook kry.”

“Ek moet eerlik sê ek het nie geweet wat ons sal doen ná die uitstallings in November afgebreek word nie,” antwoord Paul. “Dis moeilik om so vinnig te besluit. Ek bekommer my baie oor die toestand by die huis.”

Hy bly ’n rukkie lank stil. “Aan die ander kant sal ek dan vir Mirima kan versorg en sal hy haar musiekloopbaan kan voortsit. Van sy by die Cordon Bleu-skool klasloop, het sy nog nie weer klavier gespeel nie.”

“Jy eet nou soos ’n koning, sien ek, maar jy sal haar vir ’n klavier ook kan koop,” lag Jobert toe Miriam met ’n tweede bordjie *canapés* uit die kombuis kom. Jobert vra haar uit oor die skool en die *chefs* wat klasse gee en dit lei tot ’n lang gesprek oor *haute cuisine* waaraan Paul nie juis kan deelneem nie.

“Sal jy ons kan kom sien by die kantore? Woensdag om tienuur op Place d’Iéna.” Jobert gee vir Paul, wat steeds half oorbluf is en diep aan sy pyp sit en trek, sy visitekaartjie en groet die twee Rouxs vriendelik.

Toe Jobert weg is, gooi Miriam haar arms om Paul se nek.

“Good things come to those who wait. Ek is so trots op jou!”

“Ek kan dit eintlik glad nie glo nie,” sê Paul. “Wat dink jy nou daarvan, meisiekind!” Hulle begin saam te lag.

Paul vat Miriam om die lyf, dans deur die vertrek en begin sing aan ’n vergete liedjie.

*“Ek was die aand ge-introduce*

*En ek sit ook aan haar sy:*

*Ag, Wêreld! Ek het toe so gespog:*

*ek dog sy was verlief op my!*

*Toe sing ons saam uit die Sankey-boek:*

*O! Happy are we tonight!”*

*Toe bak sy vir ons pannekoek*

*Toe was die ding allright!”*

Miriam lag uitbundig. “Waar kom jy daaraan? Dit sal pas by die serfyntjie in die Boerehuis. Nou gáán ek vir jou pannekoek bak. A better *crêpe* than your round little Bretonne.” Hulle vat weer ’n paar draaie op deuntjies wat Paul fluit.

“Ek dink ons moet een aand gaan musiek maak, net ek en jy. Dis lekker by die Piersons, maar hulle ken nie al die liedjies van die Sankey-boek en die *Globe Songbook* waaruit ons altyd by die Mullers gesing het nie.”

“To think that poor little Muller has never even seen his father. Arme Isabeau, ek is so jammer vir haar.”

“Ja, ’n mens wonder waar Jerry nou is. Het ek jou ooit vertel hoe Smuts vir Gustav Preller die goud uit die Munt laat haal het toe die regering oornag daar weg is? Omtrent ’n storie. Hy het glo drie of vier keer met al die goud onder ’n seildoek stasie toe gery. Op ’n muilwa, kan jy glo,” sê Paul nadenkend.

“Nee, jy het nie vertel nie. Hoe het hulle die goud daar gekry?”

“Met die presidensiële trein. Die een waarvan doktor Leyds ’n wa hier by die pawiljoen wou uitstal. Toe ek die Trans-Siberiese Expres gesien het, was ek baie bly hulle het nie, ons sou lelik afgesteek het. Ek sal wat wil gee om te weet waar die goud nou is. Dit kan tog nie net so gehou word op Waterval-Onder nie?”

“Now don’t mope, Monsieur Roux the French architect. Ek gaan jou pannekoek bak.”

Paul kyk Miriam agterna toe sy die kombuis instap. Onwillekeurig dink hy aan die storie wat Pierson hom die oggend vertel het van die Vrystaatse President Steyn wat heen een weer langs die Transvaalse linie geloop het om mense aan te moedig. “Een ding kan ek hulle belowe — ek sal persoonlik daarvoor sorg — julle gaan elkeen ’n



beeldskone vrou kry.” Ek het een, dink Paul, maar die kans vir daardie jong soldate is dalk skraal.

Pierson het toe pas gehoor dat Roberts die Transvaal geannekseer het en dat President Kruger en President Steyn besig is om ooswaarts te beweeg Nelspruit toe. Roberts gaan hulle seker probeer keer en Paul kry skoon lekker as hy dink aan die moeilike omgewing van die Oos-Transvaal. Die klomp Tommies gaan sukkel tussen die koppies, kranse, doringbome en wilde diere, om van die kwaai son nie te praat nie.

Hy gaan staan agter Miriam en soen haar op en af in haar nek terwyl sy giggelend probeer werk op die stoof. Paul trek haar voorskootpante los en byt aan haar oor: “Ons kan mos later ook pannekoek eet?”

## Hoofstuk 32

Paul parkeer sy fiets aan die agterkant van die Boerehuis toe hy terugkom van die konsulaat af. Hy vryf sy hande, want dit raak weer koud en die blare wat lank rooi en geel was, begin grond toe val.

“O, met ’n fiets nogal!” hoor hy iemand agter hom praat. Hy herken die stem dadelik as dié van die irriterende klein Wessels.

“Ek dog julle is te *grand* vir fietse.” Hy leun teen die kosyn van die kombuisdeur en lyk netjieser as die vorige keer.

“Ek is nie ’n diplomaat of ’n afgevaardigde nie,” wip Paul hom. “En jy? Koop jy weer in die geheim wapens?” Hy is somer lus en sê vir hom wat sy oom die dag by die Ritz van hom gesê het, maar hou hom besig met die een wiel wat sukkel.

“Ja. Jy hoef dit nie so hard te sê nie. Het jy toe weer gehoor van die Ingelse meisie van die Avondale Castle?”

Paul kom stadig regop langs sy fiets. “Ek is op die negende Junie met haar getroud. Miriam is haar naam en het laas vir jou gesê sy’s nie Ingels nie.”

“Ek is bly vir jou,” sê Wessels tot Paul se verbasing. Net toe hy vir die man wou sê die Wesselse is ook Jode. “Sy kan baie mooi klavierspeel. Van die os op die jas — is doktor Leyds nou in Parys?”

“Nee, hy was hier saam met jou oom-hulle, maar hulle is weer terug Brussel toe.”

Paul stap by Wessels verby en gaan in.

“Hy sal seker betyds hier wees om met die trein Marseille toe te gaan. Dit lyk of President Kruger die 21ste of 22ste daar sal aankom.”

Paul en Wessels gaan sit by die tafel in die voorhuisie. Dit raak koud. Wessels is op dreef. “Laat ek nou vir jou vertel. Die Deputasie loop oral met ’n groot gedoe en vra vir hulp, maar dit gaan nie gebeur nie. Niemand in Europa wil nou by ’n oorlog betrokke raak nie. Daardie Hollander draai ’n rat voor die ou president se oë, sê ek jou nou hier vandag. Ek is in elk geval ’n Vrystater en ons dink nie veel van Kruger nie. Ons president moes gaan help in die Transvaal!”

Wessels beklemtoon elke woord met sy regterwysvinger wat hy op en af op die tafel druk. Sy linkerhand is in sy broeksak. “Ek wed jou hulle sal nie ’n woord oor die Vredeskonferensie van nou die dag rep nie.”

“Die jonge Wilhelmina het darem die Gelderland gestuur om Oom Paul in Lourenço Marques te gaan haal,” raak Paul onwillig by die gesprek betrokke.

“Ja, maar meer as dit sal ons nie sien nie. Vra my, ek praat oral met die wapenmense. As Frankryk, Rusland, Duitsland en Nederland nie almal saamstaan teen Brittanje nie, is daar nie ’n kans nie. Die Russe en Franse is nou te dik in om teen mekaar te staan, die Duitsers sal nie alleen iets doen nie en Nederland is te klein. Bowendien het almal by die konferensie gesê hulle sal nie inmeng nie.”

“Het jy die toekennings by die pawiljoene gesien?” verander hy die gesprek en sy eie gedagtegang. “Ons het goed gedoen. Doktor Mansfelt en die mynindustrie het elkeen ’n *Grand Prix* gekry,” sê hy trots. Wessels lyk nie of hy hom hoor nie.

Aan die eenkant is Paul opgewonde dat hy Jobert se aanbod aanvaar het. Die mense in die kantoor lyk byderwets en hy kan nie wag om sy hand aan *art nouveau*-ontwerpe te waag nie. Jobert ken glo vir Hector Guimard persoonlik. Aan die anderkant het hy in dié laaste paar maande nader aan die stryd in sy land begin voel. Die

onregverdigheid van die oorlog kwel hom. Die agteruitgang wat daar hewiger word terwyl vooruitgang hier so gevier word, pla homo ook.

“Weet jy President Kruger het vier seuns, ses skoonseuns en drie-en-dertig kleinseuns wat iewers aan’t veg is?” ruk Wessels Paul terug na die werklikheid. “En weet jy darem van De Wet, De la Rey, Botha en Ben Viljoen?”

Paul wil eers terugkap, maar kry ’n gedagte: “My indruk is dat jy hou van spioeneer. Het jy tyd op jou hande in Parys?” Wessels lyk dadelik of hy belang stel.

“Ek sal myself nou nie ’n spioen noem nie, maar ek snuffel graag inligting uit. En ek kry dit nogal reg, hoor,” sê Wessels met ’n regtrek van sy skouers. “Ek het wat ’n mens sou kon noem die regte neus daarvoor.”

“Nou ja, dan het ek vir jou ’n werkjie. Maar soos jy self graag sê, jy hoef dit nie rond te vertel nie.” Paul staan op en skuif reg aan van die potte en balies en plaas die groen Huisapteek-bliktrommel op ’n meer sigbare plek.

“Ai hoe verlang ek nou huis toe.” Wessels draai die trommeltjie op sy sy en lees “Apothekers in het groot. Is beroemd door het geheel Kaap Kolonie, Oranje Vrij Staat en Transvaal voor hunue uitmuntende qualiteit,” in ’n aangesitte Hoog-Hollandse stem. Hy lees aan die ander sy: “Geneesmiddelen voor Struisvogels, Paarden, Vee, Schapen enzovoorts”

“Jy klink nou nes Van Boeschoten,” sê Paul. “Ek moes altyd vir my pa voorlees uit die Almanach der Africaansche Hoveniers en Landbouwers. Ook met so ’n stem. Dis nou November, planttyd op die plaas. Daardie stukkie het begin met ‘Thans begin de Zuid-Oos: wind alleen de meester te speelen, voer sulx heft men wijinig of geen reegen.

De wijngaart dient gevisiteert en gade geslaagen, en desself laage ranken, soo met druifven sijn, opgebouden.”

Paul word stil en Wessels kyk verbaas na hom.

“Jammer, dat ons nie regte boeretross in hierdie kombuisie kan maak nie, dis nou te gesellig hier,” probeer Wessels vir Paul opbeur.

“Weet jy dat hierdie huisie die mees besoekte punt van die ganse skou was? “*Le clou moral de l’Exposition*, noem hulle dit. En hier is ’n Ta’Hansie wat nou en dan die herd opstook.”

“Dalk moet jy weer op die orreltjie gaan speel, terwyl ek lekker op die bed lê en sing.” Wessels maak ’n swierige draai deur die vertrek en trek weg met ’n liedjie:

*“Op haar hotoog sit ’n karkatjie*

*Haar haaroog wys sy’s ’n platjie,*

*Op haar neus sit ’n goem van ’n vratjie*

*En haar mondjie rek van oor tot oor!”*

“Wag, jy’s nou stuitig. Jy hoor nie eens as ek spog met die uitstalling nie,” probeer Paul vir Wessels stilkry. “Luister nou seblief wat ek wil vra.” Paul gee ’n beskrywing van die sluiper en verduidelik vir Wessels waar die Bateau Lavoisier op Montmartre is, waar hy vermoed die man woon.

“Ek dink die man het iets teen die Z.A.R.,” sê Paul met die gedagte dat dit genoeg rede sal wees om hom aan die werk te laat spring. “Hou asseblief ook ’n oog oor Miriam. Teen die tyd weet jy seker waar ons woon. Sy neem soggens kookklasse op Rue Saint-Honoré. Naby die Palais Royal”

“Wat maak ek met hom as ek hom kry?”

“Ek dink nie hy is juis onverskrokke nie. Maak hom skrik genoeg dat ons hom nie weer sien nie. Aan die ander kant sal ek nogal graag self met die bliksem wil afreken.”

Wessels stap voor Paul by die lae deur uit. Vermakerig begin hy die Vrystaatse volkslied te fluit.

\* \* \*

Op die twee-en-twintigste November staan Paul op Marseille se kaai, terwyl die spierwit Gelderland besig is om stadig die hawe van Marseille te nader. Waar Paul staan, wonder hy of Oom Paul, nes hy in Januarie, ook getref word deur die groot goue Madonna bo-op die Notre Dame de la Garde. Die kerk en sy beskermmer van matrose hoog op ’n bult tussen die skurwe, barre heuwels is die eerste ding wat ’n mens van die see af raaksien.

Langs die hawe, op balkonne, by vensters en op talle klein bootjies staan derduisende mense en wag vir die legendariese bejaarde president om sy voet aan Franse wal te sit. Groot en klein vlae wapper oral waar mense staan en wag. Paul voel skoon aangedaan waar hy saam met doktor Leyds en Cornelis van Boeschoten op die kaai staan en wag vir ’n langboot om hulle na die skip toe te neem.

Van Boeschoten en die president se vertroueling Piet Grobler het spesiaal uit Brussel gekom om met die besoek te help. Die Vrystaters van die Deputasie, Fischer en Wessels wat steeds in Europa is, ook. Doktor Leyds het ’n leertas by hom met ’n nuwe jas en pluiskeil omdat hy hom glo nie vir sy president wil skaam nie. Paul wonder of hy aan skoene ook gedink het, maar sê niks.

Teen die tyd dat die Gelderland ’n leer laat sak, wag die langboot al aan die voorkant. Paul bly eenkant op die dek staan terwyl die belangrikste twee gesante die

president in sy kajuit gaan ontmoet. Leyds rol nog 'n slag aan sy snorpunte en Van Boeschoten trek sy rug styf en herstel sy manelflappe. Hy wonder hoekom hy nou eintlik moes saamkom, toe Manie Bredell hom roep om met die bagasie te help.

“Pas dit tog spesiaal goed op, daar is kosbare dokumente in,” sê hy met 'n ernstige gesig.

Op die dek vorm die matrose 'n erewag terwyl tamboere geslaan en pypers geblaas word. Paul is verbaas oor hoe die president verouder het. Hy is krom, beweeg met moeite, die sakke onder sy oë is swaar en sy baard wit en onversorg. Die arme man, dink Paul, wat soveel ongerief verduur omdat Leyds hom laat hoop hy gaan hulp in Europa kry. Die jong Paul, wat nog nooit tevore juis simpatiek teenoor die ou Paul was nie, voel nou intens jammer vir hom toe hy sukkelend sy blinknuwe pluiskeil vir die Franse toejuigers lig.

Toe hy met moeite op die kaai afstap, maak die ou president keel skoon en spreek die skare toe: “Ek is nie hier om só feestelik ontvang te word nie, want my land is vasgevang in smart. Hulle het ons plase verbrand en ons vroue en kinders in verlatenheid verdryf. Ek hoop God sal die Boerenasie nie verlaat nie. Maar as die Transvaal en Vrystaat hul onafhanklikheid verloor, sal dit net gebeur as altwee nasies van hul vroue en kinders vervreem is.”

Onder luide toejuiging tolk professor A.G. van Hamel wat President Kruger sê. Hy verwys na die Britse aanslag as barbaars. Hy en sy ‘*entourage*’, soos doktor Leyds graag sê, stap deur nog 'n erewag met vlae van ondersteuningsgroepe en die president word deur die jong sekretaris, Eloff, in 'n oop koets ingehelp.

Paul het flussies al aangevoel dat hy eenkant toe sal moet staan. Hy het in elk geval met die klomp bagasie opgesaal geraak — talle trommels wat meestal vir die Eloffs gemerk is en twee voetstoeltjies wat iemand op die skip vir die president se kort bene gemaak het. “Die Franse stoele is laag genoeg,” het Leyds afkeurend gesê, maar die tranerige kleindogter het gesê dit moet saam. Natuurlik nooit anders hoekom ek saamgenooi is nie, besef hy.

Hy verlang skielik intens na Miriam. Die amper ses maande wat hulle getroud is, het aan die een kant omgevlieg en aan die anderkant stadig genoeg beweeg dat dit soos een lang wittebrood voel. Paul voel meer gerus oor Miriam nadat hy Wessels gevra het om ’n oog oor haar te hou. Wessels kon die sluiper nog nie vastrek nie, maar volg hom glo op sy eie manier. Hulle het hom lanklaas gesien.

Hy wens dat hy vir haar die eeue-oue Vieux Port kon wys; die ou Saint Victor-kerk waar Lasarus van ouds glo self gepreek het, die Bisantynse Cathédral Major en die oorspronklike argitektuur van die Rue de la République. Hy sal tog tyd maak om vir haar ’n poskaart te gaan soek waarop die ongewone suidelike lig op die wit sandsteen en olyfbome vasgevang word.

Hordes mense staan langs die Cannebière, die hoofboulevard van Marseille, gepak om die gryse president te sien terwyl hy na die Hôtel Noailles geneem word. Uitroepe soos ‘*Vive Kruger*’, en ‘*Vivent les Boërs*’ word luidkeels geskree terwyl Oom Paul aanmekeer sy hoed waarderend ophig. Dit is opmerklik dat dokter Leyds en die afgevaardigdes, ook Bredell, nie vir die mense wuif nie.

Paul wonder of hy nou ooit die ou man gegroet sal kry. Hy wonder ook of Leyds terugvoering van die groot Vredeskonferensie in Parys sal gee waar die oorlog tuis



deeglik bespreek is. Dat die twee Vrystaatse afgevaardigdes en Piet Grobler goeie raad sal hê, betwyfel hy sterk. Hy het agtergekom dat Pierson ook teenoor doktor Leyds verander het en skepties teenoor hierdie besoek staan. Paul het voor hul vertrek gehoor hoe Leyds vir Pierson vinnig afmaak toe hy sê hulle is besig met futiele samesprekinge.

Vroeg die volgende oggend glip Paul deur die skare voor die hotel om die *La Vie Illustrée* te soek wat 'n dag later gedruk is, juis om berigte en foto's van die aankoms van President Kruger die vorige dag te kon dek. Hy gaan sit by 'n straatkafée en bestel koffie terwyl hy die koerant deurblaai. Feitlik elke bladsy is aan die besoek gewy, meer as wat hy nog oor enige onderwerp in dié koerant gesien het.

Op die voorblad is 'n foto van die president se twee uitgedosde kleindogters en sy twee agter-kleinkinders. Daar is selfs 'n afbeelding van die ryklik versierde spyskaart van die dag se ere-noenmaal. Nege geregte en agt soorte wyn wat die ou man se gestel moet hanteer.

Die foto van die Kruger-kleindogters en 'n vriendin in oorlogsdrag met bandoliere, gewere en verkykers voor die vierkleur amuseer hom, want dit is groter as dié van die pas verkose Amerikaanse president, MacKinley. "*Les Amazones Transvalliennes*," nogal, lag hy hard. Toe hy die foto van die president se bed in die hotel sien, bêre hy geïrriteerd die gevoude koerant in sy jas se sak.

Hy stap na die ou hawe toe. Maste klingel in die wind wat opgesteek het. Só 'n blou lug het hy nog nooit in Parys gesien nie. Die geboue om die ou inham lyk of hulle lewendig raak van die helder lig wat teen die ligte steen val. Tafels met vars vis staan teen die kaai gepak en regte viswywe skree hul mans se vangste uit. Mandjies met groen



olywe word verkoop en knoffelknolle hang in stringe teen venterstalletjies. Dit moet die son wees, dink Paul, dat selfs die mense se praat 'n musikale klank het. Miriam sou nou gesê het ek moet dit skilder, dink hy met waardering en verlange.

Hy hoop Wessels het al van die teisterende sigeuner ontslae geraak. As Miriam iets moet oorkom, sal hy homself nooit kan vergewe nie.

### Hoofstuk 33

Terug in Parys, met die laaste stukke bagasie veilig in die Hôtel Scribe se onderskeie kamers geplaas, maak Paul hom met 'n vinnige verskoning aan doktor Leyds uit die voete. Huis toe, na Miriam toe waar dit kalm en opreg gaan wees.

Die treinrit tot hier met die hele sous mense het hom benoud begin maak. Oral langs die treinspoor en op Perronne is die spesiale trein toegewuif. Geweerskote is selfs betyds afgevuur sodat inwoners van Avignon en Lyon kans kon kry om Oom Paul op die stasies te kom sien. Teen die tyd dat hulle vroegaand in die verligte Dijon gestop het, was die ou man al uitgemergel, maar hy moes regop bly vir nóg 'n lang ete, nóg toesprake en lofliedere en nóg instruksies van Leyds. Een van die Franse joernaliste het vir Paul gesê nie eens die Russiese tsaar het soveel aandag met sy onlangse besoek gekry nie.

Die ronddansery om Oom Paul, die konstante bevel van doktor Leyds wat soos 'n dirigent orkestreer, die afgevaardigdes se geveinsdheid en die kleindogters se swier, veral dié van Magdalene Eloff, het hom nou aan die keel beet. Net om van Gare de Lyon af tot by die hotel te beweeg, was amper onmoontlik met mense net waar jy kyk.

Op sy pad by die hotel uit is hy bly om in Pierson vas te loop. “Ek sal graag al die nuus uit jou mond hoor, maar ons sal dit maar later in privaatheid moet doen,” sê Pierson vriendelik vir Paul.

“Regso. Ek het alles maar van die bagasiekant af bekyk, maar ek wonder hoe die bedremmelde president die week in Parys gaan hou as daar so 'n konstante gewoel om hom is. Ek moet nou net eers asem kry, so ek wil nie weet hoe hy voel nie.”

“Sal julle hier wees vir vanaand se onthaal?” vra Pierson. “Ons seuns wil graag vir Oom Paul sing en my vrou het gewonder of Miriam die klavier sal speel.”

“Ek is seker dit sal vir haar ’n plesier wees. Voorspoed,” groet Paul vir Pierson met ’n druk aan die skouer.

Hy beur deur die diggepakte toeskouers voor die hotel en dan by die talle straatmouse verby wat nou foto’s, poskaarte, groot spotprente en klein aandenkings loop en verkoop. Twee anti-semitiese protesgroepe in die straat ontstig hom en hy hoop hulle is nie meer daar as hy vanaand vir Miriam bring nie. Hoekom sou hulle dink Kruger, met vriende soos Barney Barnato, Nellmapius en Sammy Marks, is teen die Jode?

Hy kan net aan Miriam dink. In ieder geval is hy nie ingesluit in die entourage wat op die middaguur vir President Loubet in die Elysée-paleis gaan sien nie.

Miriam se lag en die warmte van hul huis laat Paul voel of hy weer in sy eie vel terug is. Hy sak op die bank in die salon neer en gooi sy kop agteroor. Miriam bring vir hom warm sjokolade en toe sy langs hom kom sit, maak sy sy das los en knoop die hemsboordjie af.

“Ek het nie gedink twee nagte sonder jou kon so lank voel nie,” sê Miriam toe sy hom optrek en na die trap toe lei. Terwyl sy voor hom die trap opgaan, gryp hy speels aan haar enkels. Sy haal die kamme laggend uit haar hare dat haar hare oor haar skouers val.

“Vertel vir my van Marseille,” vra sy heelwat later.

“Netnou. Ek het na jou verlang, Miriam. Ek keer myself die hele tyd om jou te vra, maar het jy dalk weer daardie man gesien?”

“Ja, gister op Rue Saint-Honoré toe ek van die kookskool af trem toe geloop het.”

“Wat? Ag, nee verdomp!” roep Paul. “Wat het gebeur?”

“Oh come on, Paul, I’m not a ninny. Ek het na hom toe geloop en op Afrikaans vir hom gevra wat hy wil hê. Hard. Net toe ek my boeketas soos ’n *Amazon* *Transvallienne* — het jy die foto in die koerant gesien?-- na hom toe geswaai het, het daardie jong man van die Avondale Castle toevallig verskyn. You know, that peculiar young man. Hy het my seker herken en het die bobbejaan aan die arm gegryp en weggeneem. Strange coincidence.”

“Wat? Paul spring van die bed af op. Ek sal na die perseel toe gaan en vir Wessels gaan soek.”

“Eers gaan jy net bietjie van Marseille vertel, asseblief?”

“Ek was so jammer vir Oom Paul. Hy is siek en oud. Sy oë pla hom baie en hy kan kwalik loop. Dokter Leyds het hom ’n toespraak uit sy kop laat leer voordat hy met ’n nuwe jas en hoed van die skip afgeklim het. Hy’t ook gesê die president mag nie aan sy pyp suig in die Franse openbaar nie.”

“Poor man. Did you talk to him? Kom, ek sal vir ons gaan koffie maak.”

“Nee, ek was die bagasiemeester,” lag Paul terwyl hy sy klere probeer aantrek.

“En die stad, kon jy iets sien?”

“Gelukkig kon ek ’n bietjie meer as toe ek laas so haastig die trein moes haal. Ek het gewens jy was daar, want dit het my baie aan die Kaap laat dink. Die lug is blou, die heuwels langs die see is skurf en met dieselfde skeefgewaaide dennebome. Die geboue is van ’n ligter klip en die mense het ’n singende manier van praat.”

“Oh, a lilt. En tot hier?”

“Die Gare de Lyon was vanoggend totaal toegepak met duisende, duisende mense wat die president wou sien. ’n Erewag, ’n orkes wat die Transvaalse volkslied speel, ’n saluut met vlae. Dit was oorweldigend. Selfs die beheersde doktor Leyds het trane in sy oë gekry. Kan jy glo.” Hy dink aan President Kruger se verwysing van “ons land wat in smart vasgevang” is.

“Twee dae in die geselskap en jy het hom nooit ontmoet nie?” vra Miriam verbaas.

Dan verander haar stem: “Did you hear about the refugee camps? And the Distress Fund that was started in England? Is daar nie hier ook so iets waarby ons kan betrokke kan raak nie?”

Paul staan op. Hy wil nie oor die kampe praat nie. “Daar is ’n ondersteuningsgroep hier, ja, die Comité pour l’Independance des Boërs” sê hy stil. “Jy sal die president vanaand ontmoet. Jy gaan trouens vir hom klavierspeel.”

“O ek is so bly!” Miriam vat dadelik aan haar hare.

“Pierson het gevra — sy seuntjies wil vir die president sing.”

“O, nou sien ek uit daarna. Do you think I should wear the wedding dress?”

“Ja, toe,” lag Paul. Ek dink jy moet die rok elke paar maande aantrek. *So happy we’ll be tonight,*” sing hy weer die liedjie en draai Miriam in die rondte. Hy sluk vinnig sy koffie klaar.

“Ek moet dadelik perseel toe om te kyk of Wessels daar is. Ek wens hy het die boef sommer in die rivier gaan gooi.” By die deur draai hy om na Miriam: “Wessels is eintlik ’n spioen, dis dié dat ek hom gevra het.”

Paul haal sy fiets vinnig uit die bêreplek onder die gebou se trap en suiker die bult Trocadéro toe uit. Asof hy geweet het Paul is op pad, staan Wessels voor die Boerehuis vir hom en wag.

“Het jy hom gevang?” vra Paul angstig toe hy van die fiets afspring.

“Ja. Maar net toe ek sy hande wou vasbind, het hy weggekom. Ek kon darem vasstel dat hy ’n sirkus-sigeuner is wat nou ’n kunstenaar probeer wees. Dit is toe hy wat die notas vir jou gelos het. Die man voel jy verdien nie geluk met ’n mooi vrou nie, want jy het Monique, wie dit ook al mag wees, van hom af weggeneem.”

“Ek het nie gedink jou Frans is só goed dat dit jy dit alles kon uitvind nie?” vra Paul.

“Hoe de hel dink jy dan nou kan ek wapens koop? Jy’t niks van ’n Monique vir my gesê nie. Klink interessant, jou verlede.” Wessels bly net so staan met ’n skewe glimlag. “Ek sal hom nog probeer kry.”

“Lyk my daar’s maar by elkeen van ons dinge wat agtergelaat kan bly. Maar dankie dat jy Miriam opgepas het. Ek sal iets oorkom as die pes iets aan haar doen.”

Paul verskoon homself. “Ek moet net gou na iets in die hoofpawiljoen gaan kyk, ek is nou terug.” Hy wil nie hoor wat die man nog alles teenoor Wessels kwytgeraak het nie en hy het gesien dit lyk of een van die gordyne los raak.

Paul staan op ’n stoel om die reling teen die muur te verstel, toe hy voel iets kap aan sy oor. Die pyn laat hom sy kop wegruk en toe sien hy ’n dolk reg by hom in die gordyn vassteek.

“Wessels!” roep hy hard en spring af. Hy hou sy hand teen sy oor vas om die bloed te keer. Wessels is gou by en toe hy Paul met die bebloede kop en hand sien, spring hy dadelik om en begin hardloop. Die Vermaak-kêrel van vervoer hardloop nader met ’n sakdoek en gee dit vir Paul wat ook op pad buitentoe is. Die besoekers in die pawiljoen staan verskrik en een man skree “*c’est les Anglais, c’est les Anglais!*” en begin ook rondskarrel.

Buite sien Paul hoe Wessels en ’n lid van die Gendarme die sluiper op die grond vasdruk. Wessels is aggressief. Hy ryg ’n string vloekwoorde uit en Paul verstom hom oor die dreigemente van die Korsikaanse onderwêreld wat geroep sal word.

“Gaan kry jy hulp, Paul,” sê hy oor sy skouer. “’n Oor is ’n ding wat vreeslik kan bloei. Ons sal hom regsien.” Iemand anders neem Paul na ’n apteek toe op die plein. Die apteker draai ’n verband oor sy hele kop. Die dolk het ’n hap uit sy oor gehaal en die kant van sy kop ook geskraap.

Paul gaan soek weer na Wessels by die perseel, maar hy is weg saam met die gendarme, sê Vermaak. “Dink jy daardie vullis het dit teen ons waardige president?” vra hy.

“Ag, dis sommer ’n malle. Daar loop baie van hulle los rond in hierdie dorp,” antwoord Paul en stap aan huis toe. “Hoekom die malles so oor my pad moet loop, weet ek nie,” kla hy.

Paul en Miriam moet hul pad tot by die ingang van die hotel oopdruk. Benewens die skare wat net wag om ’n blik op die president te kry, is daar talle wat — soos



Boerevegters aangetrek — allerhande groottes foto's, poskaarte en aandenkings van Paul Kruger verkoop.

“Miriam, my oor is seer, ek het nie lus vir die klomp mense nie.”

“Ek kan verstaan, ons hoef nie lank te bly nie. Maar dit is tog ongelooflik dat soveel mense hier is om hom te sien.” Miriam kyk opgewonde om haar rond. “Dink jy nie ook my pa sal van daardie prent hou waar Oom Paul soos 'n bul lyk en die Queen op haar jis stamp nie?”

“Ons sal so 'n poskaart vir hom stuur,” glimlag Paul terwyl hy haar die foyer binne lei, bly dat haar houding teenoor haar pa verander het.

Pierson staan in die ontvangslyn van 'n groot vertrek. Hy kyk geskok na Paul se verbinde kop. “Is dit ernstig?”

“Nee, net 'n hap uit my oor.” Toe Miriam met iemand anders begin praat, sê Paul vinnig vir hom: “Daardie dôner het 'n dolk na my gegooi soos na die draaiende meisies in die sirkus. Die jong Wessels het tot my redding gekom.”

Pierson wil-wil proes van die lag en kyk aanhoudend na Paul se kop. “My vrou en die kinders is by die klavier in die hoek,” probeer hy met 'n meer ernstige gesig vir Miriam sê.

Die vertrek is gou vol en raak raserig. Toe President Kruger in die deur verskyn, raak dit doodstil. Hy word ingelei deur doktor Leyds en agter hulle eers die Eloff-familie en dan die sedige Fischer en Wessels, sy vriend Piet Grobler, die betitelde tolk, professor doktor A.G.van Hamel, en Manie Bredell.

Pierson leun oor na Paul toe: “Ek stel voor dat jy self een of ander tyd vir die president daardie Boere-bordspel met die pioniershuis as geskenk gee.” Paul kom agter

dat Pierson ook nie tel in die geselskap van die belangrike mense nie, anders sou hulle hom gevra het om te tolk. Doktor Leyds se Frans is net so uitstekend, maar hy sal dit sekerlik as 'n onwaardige taak beskou. Hy hét al so gekla oor die hoeveelheid ure wat hy moes insit om alles volgens protokol gereël te kry.

President Kruger lyk nog meer oorstelp as die oggend. Hy kan kwalik loop en word aan albei arms ondersteun tot by 'n groot stoel. Doktor Leyds maak 'n kort toespraak en draai half geïrriteerd na die klavier toe wat in 'n hoek staan. Dis vir Paul duidelik dat dié spontane optrede nie volgens die protokol-program is nie.

Miriam sit voor die klawers, mevrou Pierson staan langsaan met die bladmusiek en voor staan die vyf Pierson-seuntjies, netjies in winter-matroospakkies.

Die Transvaalse Volkslied in die hoë kinderstemme maak die vertrek respekvol stil. Klein Gérald Eloff staan skaam eenkant en Madeleine Eloff hou haar baba, Annie, ook naby om te luister. Met die laaste vers val Paul en Pierson saam in, maar geeneen van die ander grootmense nie. Ná die handeklap van veral die Franse gaste, begin Miriam die *Marche des Boërs* van Roger Trouvé wat pas verskyn het, te speel. Paul gaan staan trots langs sy vrou.

“Ek dank julle algar,” sê die ou man terwyl hy die trane van sy geswolle oë afvee. Lewensmoeg der dagen zat, soos my ma sou gesê het, dink Paul

Toe die mense weer begin gesels en rondbeweeg, sien Paul vir Wessels, uitgevat in nuwe klere, in die een hoek met 'n glas sjampanje staan. Hy wink Paul nader.

“Jy sal nooit weer van daardie hondstront iets hoor of sien nie,” sê hy selfvoldaan. “Nooit! Nooit!”

Die heftigheid laat Paul fronsend na hom toe afbuig. Wessels kyk op na Paul se kop en bars uit van die lag.

“So ’n lang man met ’n lapkop lyk bleddie snaaks. Jy pas nie mooi in by hierdie stywegatpulletjie nie.”

“Ek is jammer ek was eers negatief teenoor jou. Eers het jy eintlik gesorg dat ek en Miriam weer bymekaar uitkom en nou het jy hierdie pes vasgetrek. Ek sê vir jou baie dankie. Nooit, sê jy?”

“Nooit,” lag hy hard. “Dis ’n plesier, ek het altwee oefeninge geniet. Môre is ek weer weg. Ek hoop dit gaan goed met julle.” Hy neem nog ’n glas sjampanje by ’n kelner en sê oor sy skouer: “Toemaar, jy hoef nie te vra nie. Dis verby.”

Paul vang Miriam se oog waar sy met Manie Bredell praat en kan sien sy wil verlos word. Hy stap oor na hulle toe. Hy wil graag uitvra oor die transaksies met die Portugese owerheid in Lourenço Marques, maar weet hy mag nie. Wessels het hom vertel van die Duitse maatskappy wat goud vir kredietnotas verruil het.

“Miriam, wil jy hê my kop moet seer wees? Dan kan ons dadelik loop,” vra hy toe Bredell wegdraai om met iemand anders te praat. “Eintlik is my kop seer van dié klomp saamlopers se belangrikheid.”

Miriam glimlag toe sy by Paul inhaak. “Wat ’n verligting.”

\* \* \* \*

“Hierdie week-lange besoek van President Kruger aan Frankryk gaan nog lank in die geskiedenis bly staan,” sê Pierson vir Paul toe hulle na die perseel onderweg is. “Dit

het miskien nie die uitwerking gehad wat doktor Leyds beoog het nie, maar die pro-Boerse emosies wat dit by die Franse volk wakker gemaak het, is geweldig.”

Paul is lank stil. “Dit het by my ook emosies wakker gemaak. En nader aan die oorlog by die huis gebring. Meer as wat ek ooit sou kon dink. Ek het altyd gedink ek staan so half neutraal teenoor die kwessies. Nou begin ek ook vir Roberts te haat.”

“’n Mens kan nie glo dat die skare nou al ’n week lank ewe groot bly voor die Scribe-hotel nie. Gelukkig kon hy darem iets moois van Parys ook sien – so tussen die gestaan op die balkon drie keer per dag. Die besoeke aan Loubet en die stadsraad was te uitputtend. En hy mog sy mond nie oopmaak nie.”

“Ja, ek het gesien. Sy toespraak op die kaai in Marseille kom die hele tyd by my op. Die teenstelling van die *fanfare* en die stryd.” Paul sien Pierson raak ook stiller. “Dis nie my plek om iets daaroor te sê nie, maar wat op die aarde wou hy by die Beaux Arts-skool gaan sien?” vra Paul ligter.

“As jy my vra, was dit glad nie sy idee nie. Doktor Leyds het seker gereken hy sal dalk net meer gekultiveerd vir die Franse lyk, maar daar is komplikasies,” lag Pierson. “’n Leier van die kunsstudente het vir hom ’n beeld present gegee met die naam Victoire. Jy is lank genoeg in Frankryk om te raai hoe die meisie sal lyk. Op die president se instruksies moes ons dadelik die pluskleedjie van die tafel in sy hotelkamer aftrek om haar skaamte te bedek.”

Paul lag uit sy maag uit. “Dis maar goed hulle het hom nie na Rodin se uitstalling geneem nie. Hy sou nie geweet het waar om te kyk met daardie klomp kaal vrouens nie. En dis nie asof hulle dinge wegsteek nie, ek het self gewonder hoe sy modelle so lank daardie vreemde posisies kon volhou.”

“Ek wonder of die arme Victoire verder sal saamreis,” lag Pierson. Hy lyk vir Paul ook moeg.

Nicolas hou ver stil sodat die koets met die president en die Eloffs voor die pawiljoen plek het. Spesiale vergunning is gegee dat die geboue van die Z.A.R. eers ná hierdie besoek afgebreek hoef te word. Pierson het daarop gestaan dat Paul die groep sal begelei en voorgestel dat Miriam hulle daar ontmoet.

Doktor Leyds het gevra dat hulle mense moet wegkeer vir die besoek, maar dit was nie nodig nie. Stil en met respek beweeg die besoekers opsy sodat die groep die hoofpawiljoen kan ingaan. Die president beweeg moeisaam en staan sonder ’n woord en kyk na die kranse, blomme en kaartjies voor sy borsbeeld, en die honderde geskrewe boodskappe op die mure en pilare daarnaas. Pierson wys hom die dik besoekersboek wat vol geskryf is, asook die register vir die Comité pour l’Independance des Boërs.

Op dieselfde tafel is die drie hoogste bekronings uitgestal: die Grand Prix vir die Middelbare en Laer Onderwysuitstallings en die Mynindustrie en die eervolle vermelding wat die spoorweguitstalling gekry het.

Paul begelei die groep na die Boerehuisie. Die Eloff-dogters trek hul neuse op, maar die President lyk bly.

“ Dis nou mooi. Dankie hiervoor, dit laat ’n mens tuis voel,” sê hy vir Paul.

“President, ek kan met trots sê dat hierdie huisie die mees besoekte punt van die ganse uitstalling in Parys was. Paul gee vir die president ’n kartonmodel van die huisie vir sy agterkleinkinders.

“Ek sal seker nooit weer ’n riempiesbank sien nie,” sê Oom Paul toe hy stadig afsak terwyl sy een hand die houtleuning vasklem. Paul kan sien hy het pyn en probeer hom help. “Hier voel ek tuis. Ek is so moeg.”

’n Hele ruk bly hy net so sit en kyk na al die ou, bekende meubels en die serfyntjie. “Vra my kleindogter om asseblief haar kinders hiernatoe te bring. Die jongste sal nie verstaan nie, maar ek wil hê klein Gérald moet goed na die Voortrekkerkalender kyk. Dit sal hy ook nooit weer sien nie.”

Paul tel die seuntjie op en plaas die stokkies in sy hand. Hy help Gérald om die datum op Donderdag 29 November vas te pen.

\* \* \* \*

Miriam en Paul staan tussen die skare in die straat voor die Hôtel Scribe. President Kruger kom met ’n trae gang vir die laaste maal die week op sy balkon staan om Parys te groet. Die wind sny om die hoeke en Miriam slaan haar jas se kraag op. Paul sit sy arm om haar en trek haar vas teen hom aan.

Die gewone oproepe van “*Vive Kruger*” en “*Vive l’arbitrage*” word nie nou gehoor nie. Mense staan gewyd en opkyk na die man wat ’n week lank die stad se hart in sy hand gehad het.

Miriam druk haarself dieper onder Paul se blad in en hy buk af om vir haar sy sakdoek te gee toe hy hoor sy snuif.

“Paul,” sê sag toe sy haar neus afvee. “Ek het lank gedink. Al hierdie opwinding strook nie met hoe ek nou voel nie. Ek kan nie eenkant staan en toekyk terwyl ons mense by die huis so swaarkry nie. Veral nie die vrouens en kinders nie.”



Paul kyk haar lank stil aan. “Ek ook nie, Miriam. Ek het finaal besluit. Ons het werk om by die huis te gaan doen.”

## Mini-verhandeling

'n Ontleding van die die konsep '*liminaliteit*' soos dit vergestalt word met betrekking tot hoofkarakters in: *'n Ander land* deur Karel Schoeman; *Die son kom aan die seekant op* deur Jeanette Ferreira; *Lang skaduwees in Afrika* deur Connie Luyt en *Paul Roux (ongepubliseerd)* deur Renée Rautenbach.

deur Renée Rautenbach Conradie

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Artium (Kreatiewe Skryfkuns)

Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns  
Departement Afrikaans  
Fakulteit Geesteswetenskappe  
Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof. H.J. Pieterse

Augustus 2010



## INHOUDSOPGAWE

### MINI-VERHANDELING

1	Hoofstuk 1: Inleiding
8	Hoofstuk 2: Die term <i>liminaliteit</i> in oënskou
26	Hoofstuk 3: Elemente wat tot liminale situasies bydra
40	Hoofstuk 4: Die konsep <i>liminaliteit</i> toegepas op romankarakters:
41	<i>'n Ander Land</i>
45	<i>Die son kom aan die seekant op</i>
49	<i>Lang skaduwees in Afrika.</i>
57	Hoofstuk 5: Die konsep <i>liminaliteit</i> toegepas op die hooffiguur in <i>Paul Roux</i>
70	Hoofstuk 6: Slothoofstuk

### AANHANGSELS

Bronnelys

Illustrasies

## HOOFSUK 1

### 1.1 Inleiding

Die vraag hoe *liminaliteit* (drumpeloorgang) in terme van ruimtelike verskuiwing nie alleen aanpassing by 'n nuwe geografiese omgewing/ruimte verg nie, maar ook hoe 'n geestelike/emosionele verskuiwing daardeur teweeggebring word, word in hierdie verhandeling ten opsigte van literêre karakters ondersoek en toegelig.

Die ondersoek sal gedoen word aan die hand van die oorsake en dryfvere wat tot liminale prosesse lei, asook die uitwerking van daardie prosesse op die geestelike instelling van die verskillende hoofkarakters in die romans *'n Ander land* van Karel Schoeman, *Die son kom aan die seekant op* van Jeanette Ferreira, *Lang skaduwees in Afrika* van Connie Luyt en die ongepubliseerde roman *Paul Roux* van die kandidaat self.

Motivering vir hierdie studie het oor jare ontwikkel, omdat die kandidaat self etlike kere van sosiografiese omgewing — met die gepaardgaande emosionele gewaardwordings en aanpassings — verwissel het. In die proses is talle Suid-Afrikaners en ander ontheemdes en verwordes in die buiteland leer ken en dikwels kon 'n patroon in die gedwonge of vrywillige aanpassings gesien word.

'n Aktiewe belangstelling in beide die letterkunde en die geskiedenis het die gedagte vir 'n roman oor liminaalverwante kwessies geruime tyd gelede reeds laat ontstaan. 'n Verblyf van

vier jaar in Parys waartydens eeuviëring van die Wêreldskou van 1900 dié vervloë tydperk se hoogty geillumineer het, het waarskynlik gestalte aan 'n gedagte begin gee.

Die (relatief onbekende) betrokkenheid van die destydse Zuid-Afrikaanse Republiek by hierdie wêreldskou waarby 'n groot pawiljoen, 'n goudmynvoorstelling en 'n tipiese pioniershuis op 'n toegewese perseel opgerig is terwyl die Anglo-Boere-oorlog momentum begin kry het, het die verbeelding verder laat loop. Die reportage oor die teenstelling van enge, wêreldvreemde Boere in 'n uiters kreatiewe en bandelose Parys was onweerstaanbaar, asook die ongelooflike heldeverering wat Paul Kruger en guerilla-krygers onder die Franse en in die Franse pers gesmaak het. Die herlees van 1900 se ou koerante (*La Vie Illustrée*, *Le Petit Journal* en *Le Petit Parisien*) en die raaksien van die jong Picasso se etlike komiese tekeninge van Boerekrygers met bandoliere, was waarskynlik bydraend deurslaggewend vir die skryf van die roman oor Paul Roux wat in Parys beland.

Voorts word die toenemende voorkoms van liminale situasies in eietydse Suid-Afrikaanse letterkunde bekyk as tekenend van 'n sosiaal-gemeenskaplike tendens. Soos wat die Suid-Afrikaner al hoe meer in die globale diaspora (weer eens vrywillig of gedwonge) opgeneem word, word die verskynsel van die ontwortelde, ontheemde, verworde en die buitestander toenemend onder die literêre loep geneem.

Die vraag of die Suid-Afrikaner (meer spesifiek die Afrikaner) nie nog altyd in liminale posisies verkeer het nie, duik ook op. Juis as die sameflansing van verskillende ontheemde mense het hierdie gemeenskap ontstaan en vir 'n groot groep mense is die huidige bestel in hul

“eie” land ook van só ’n aard dat hulle ontuis kan voel. Drumpeloorgange na nuwe situasies is nodig omdat die veranderende sosio-politieke omlysting binne die standvastige geografiese ruimte verander. Innerlike drumpeloorgange is nodig vir hierdie aanpassings.

Plaaslike letterkunde spreek hierdie oorgangprosesse, of liminale situasies, oor die jare, maar veral huidiglik, aan. Die term *liminaliteit* is vroeër nie so geredelik daarvoor gebruik nie, maar die konsep *liminaliteit* kan nietemin daaraan toegevoeg word. In die opvolgende hoofstukke sal kortliks na relevante literêre tekste (beide Suid-Afrikaans en ander) verwys word waarin liminale situasies, prosesse of ruimtes van krag is.

## 1.2 Probleemstelling

Na aanleiding van die tema van *liminaliteit* in die letterkunde is ’n internasionale kongres oor “Hibriditeit, Liminaliteit en Grense in die Suid-Afrikaanse konteks” in 2005 deur die Literator-vereniging en die Navorsingseenheid vir Tale van die Potchefstroomkampus van die Noordwes Universiteit gehou. Die bydraes is in ’n uitgawe van *Literator* (Volume 27 no 1, April 2006) gepubliseer.

Die term *liminaliteit* (Lat. *limen*: drumpel) word in Hoofstuk 2 meer volledig ontleed en ondersoek met spesifieke verwysings na die teorieë van Arnold van Gennep en Victor Turner.

Die verskeie dryfvere wat weens sosiogeografiese verskuiwings tot liminale prosesse lei, sal deur vergelykende studies en analyses toeligting verskaf oor die onderbewustelike ontwikkeling

na liminale ruimtes wat in die hoofkarakters van die genoemde vier romans teweeggebring is. Hoewel die term *liminaliteit* ten opsigte van eietydse letterkunde gebruik word, is, sover vasgestel kan word, geen navorsing in hierdie verband ten opsigte van die gemelde werke gedoen nie.

Versluis, die hoofkarakter in Karel Schoeman se *'n Ander land*, is 'n vereensaamde, gekultiveerde Nederlander wat voor die draai van die vorige eeu sy laaste dae in die “onbeskaafde” Bloemfontein deurbring.

Martha, vrou van die trekleier Louis Tregardt in Jeanette Ferreira se *Die son kom aan die seekant* op, moet as dienende, deugsame Voortrekkervrou saam met haar man ongekende weë baan tot in Lourenço Marques.

Die drie vroulike hoofkarakters in Connie Luyt se *Lang skaduwees in Afrika*, gaan al drie deur transformatiewe prosesse: die grootmoeder Francine trek saam met haar man na Eldorette in Kenia ná die ontreding van die Anglo-Boere-oorlog; haar dogter Maia trek na Suid-Afrika ná die teisterende Mau-Mau-tye en kleindogter Christine gaan soek vanaf Suid-Afrika na haar wortels in Kenia.

Laastens word die hoofkarakter in die kandidaat se ongepubliseerde roman, *Paul Roux*, ook aan die hand van die konsep *liminaliteit* ondersoek en bespreek. Paul Roux, wat sy opleiding as argitek by Herbert Baker in die Kaap gehad het, word deur die departement van openbare werke van die destydse Zuid-Afrikaansche Republiek na Parys gestuur om te help met die toesighouding van die pawiljoen en die bou van die pioniershuis vir die Wêreldtentoonstelling van 1900.

“Reis en verplasing van die self het dikwels 'n gevoel van ontheemding tot gevolg. Die reis, word daar gesê, is by uitnemendheid daardie soort ervaring wat 'n mens konfronteer met die

vreemde en die ander,” skryf Adèle Nel in ’n artikel oor die digter in transito. (*Literator*, 2006:200)

Die karakters in die genoemde boeke wat in opvolgende hoofstukke aan die hand van liminaliteit ondersoek gaan word, het almal met ’n doel verhuis (hetsy vrywillig soos die heer Versluis en Paul Roux, of gedwonge soos Martha Tregardt, Francine van Rensburg en Maia van Breda), eerder as wat hulle vir hul plesier gereis het. Christine van Breda se reis was doelmatig gedrewe.

Om te verhuis beteken meer as dat iets agtergelaat word wat jy nie weer gaan terugkry nie, ’n sterk finaliteit wat as’t ware die eerste fase (*preliminaire*) van die proses forseer. Reis, daarenteen, neem mense na liminale ruimtes (*liminalité*) wat minder intensief en meestal eufories is. Die derde fase (*postliminaire*) is dikwels nie by reis van krag nie.

In die liminale staat word gebly, gehuiwer, gehang tussen afsterf en wórd. By die verskillende karakters wat ondersoek gaan word, is die drumpel na die postliminale oorskry. By sommige na ’n nuwe stelsel of groep en by ander bloot na ’n ander, verstewigde emosionele plek, die nuwe self.

Die ander ooreenkoms wat in die vier onderhawige boeke in hierdie ondersoek van belang is, is die historiese agtergronde (hoewel verskillend) waarin die onderskeie hoofkarakters hulle bevind.

Die ouwêreldse Nederlander Versluis bevind hom in ’n ontwikkelende, vervelige Vrystaatse dorp in ’n barre omgewing; Maria Tregardt se ontberende trekkery saam met haar man is bepaal deur politieke gebeurtenisse van die vroeë negentiende eeu; Francine van Rensburg se trek na Kenia is weens ná-oorlogse wanhoop; haar dogter, Maia, se skrikwekkende ondervindings noop

haar om na Suid-Afrika te trek; die kleindogter Christine probeer haar ouers se geskiedenis in Kenia uitpluis en Paul Roux staan met die draai van die vorige eeu tussen twee lande: Frankryk in sy glorieryke Belle Epoque en Suid-Afrika, verskeurd en gekwes.

Die aantekening of vertolking van die geskiedenis in romans met fiktiewe karakters laat dikwels vryheid van verbeelding toe. Al vier die romans wat bespreek word, val in hierdie kategorie. Slegs Maria Tregardt is 'n histories bekende figuur.

Romanskrywers wat historiese agtergronde gebruik, sal noodwendig navors en, ondanks die respek vir feitelike juistheid, gegewe interpreteer en weergee. Die historiese gegewe gaan deur skrywers aangewend word vir die uitbouing van karakters en vryer vertolking loop daarmee saam. Geeneen van die boeke kan as historiese romans geklassifiseer word nie.

In die volgende hoofstuk sal ook gekyk word na die Franse filosowe Michel Foucault en Paul Ricoeur se teorieë oor nieu-historisisme en die vrae om die skryf van 'n historiografiese teks.

Die kandidaat is van mening dat die tema van *liminaliteit* en historisiteit toenemend van belang sal raak in die eietydse letterkunde soos wat nuwe verskuiwings na nuwe liminale ruimtes plaasvind. Die insig waartoe na verwagting gekom sal word, sal kan bydra tot 'n studieveld wat as nuut in eietydse letterkunde beskou word, asook moontlik ander studieveldes soos die antropologie en sielkunde.

### 1.3 Ontplooing

Hoofstuk 2 sal grootliks die terreinverkenning van die term *liminaliteit* behels, soos wat dit deur antropoloog Arnold van Gennep (*Rites de Passage*, 1908) en Victor W. Turner (*Betwixt and Between: the liminal period in Rites de Passage*, 1970) bekend gestel is. Die literêre ondersoek na verskillende aspekte van liminaliteit sal aansluit by 'n teoretisering oor die wyses waarop hierdie aspekte in die vier tersaaklike romans vergestalt word.

In Hoofstuk 3 word gekyk na die elemente wat tot liminale situasies bydra soos: persoonlike dryfvere (wat karakters tot verandering lei); karakterisering (kenmerke van karakters tussen ruimtes en tye); omgewings/ruimtes (milieus waarin karakters hul bevind); drumpeloorgang (die beweeg na en uit liminale ruimtes) en transformasie (die veranderde karakters).

In Hoofstuk 4 word die liminaliteitskonsep toegepas op hoofkarakters in:

- 4.1 *'n Ander land* van Karel Schoeman;
- 4.2 *Die son kom aan die seekant op* van Jeanette Ferreira en
- 4.3 *Lang skaduwees in Afrika* van Connie Luyt.

Hoofstuk 5 is die toepassing van die konsep *liminaliteit* op die hoofkarakter in die kandidaat se ongepubliseerde roman *Paul Roux*.

Die hoofargumente en bevindings van die eerste vyf hoofstukke word in Hoofstuk 6 saamgevat.



## HOOFSTUK 2

### DIE TERM *LIMINALITEIT* IN OëNSKOU

#### 2.1 Inleiding

*Liminaliteit*, of drumpeloorgang, word toenemend as 'n nuwe kernwoord in die letterkunde en ander velde gebruik. Sedert die aanvang van hierdie kandidaat se navorsing drie jaar gelede, is dit merkbaar meer gewild en word dit vryelik in verskeie kontekste aangewend, maar is nog steeds 'n onerkende word in woordeboeke.

#### Etimologie:

**Limen**-inis, n. (connected with l. limus and ob-liquues), *the threshold*.

**I.A.** Lit., intrare limen, Cic.

**B.** Meton., **1** = *house, dwelling*; limine contineri, Liv.; limine pelli, Verg.;

**2**, *entrance*; in limine portus, Verg.; **3, a**, *the starting point of a chariot-race in the circus*; limen relinquunt, Verg.; **b**, *border, boundary*; extra limen Apuliae, Hor.

**II.** Fig., a beginning; belli, Tac (Cassell's Latin Dictionary, 1935:319).

**Liminaire** *adj* *discours, note* introductory (Collins Robert French-English Dictionary, Glasgow, 1988:408).

**Liminal** *adj* (Psychol) relating to the point (or threshold) beyond which a sensation becomes too faint to be experienced (Collins English Dictionary 5<sup>th</sup> Edition, 2000).

**Liminal** *adj* of or pertaining to the threshold or initial stage of a process. (Psychol) of or pertaining to a *limen* (Lat.) or threshold (Oxford English Dictionary 1983).

Die onderstaande verklaring van Wikipedia (2010/02/12) is vollediger aangepas sedert twee jaar gelede (2008/05/05). Dit word ook getoon dat meer as 'n miljoen mense oor die konsep op die internet navraag gedoen het.

“Liminality (from the Latin word *limen*, meaning a threshold) is a psychological, neurological or metaphysical subjective, conscious state of being on the threshold of, or between two different existential planes, as defined in neurological psychology (a liminal state) and in the anthropological theories of ritual by such writers as Arnold van Gennep, Victor Turner and others. The liminal state is characterized by ambiguity, openness and indeterminacy. One’s sense of identity dissolves to some extent, bringing about disorientation. Liminality is a period of transition where normal limits to thought, self-understanding, and behaviour are relaxed—a situation which can lead to new perspectives.”

Met internetsoeke het die verbandverwysings van *liminaliteit* oor die afgelope drie jaar merkbaar toegeneem. Daar is selfs 'n Afrikaanssprekende groep op die sosiale netwerk Facebook waarby 'n mens kan aansluit as jy die terme *liminaliteit* en *hibriditeit* verstaan, asook gelyknamige Japanse musiekvideo's van Yuki Kajiura, die komponis vir die Playstation 2-speletjie *.hack//liminality* se musiek.

In Februarie 2010 is 'n kunsuitstalling, *Bodies in Transition*, by die Pretoriase galery Fried Contemporary gehou waarby veertien Suid-Afrikaanse kunstenaars die aspek van oorgang of liminaliteit aangespreek het. In Julie 2010 het dieselfde galery drie kunstenaars se voorstellings van veranderende stede in Suid-Afrika tentoongestel onder die titel *Cities in Transition*.

In 'n koerantartikel in *Beeld*, (2010/02/09) gee Riëtte Grobler en verskeie ander mense raad oor veranderinge: “Mense beleef daaglik, weeklik, jaarlik en boonop wêreldwyd belangrike oorgangsrites: hulle trou, word ouers, begin 'n nuwe werk, tree af, verhuis en gaan universiteit toe”. Die (vreemde) bygaande foto van 'n vrou wat met 'n glimlag staan en stryk terwyl haar man op 'n bank sit en lees, het die onderskrif: “wees voorbereid op die aanpassings wat 'n nuwe lewensfase, soos moederskap of die pasgetroude lewe, sal verg.”

Die term oorgangsrite (*rites de passages*) word daaglik meer geredelik gebruik, wat moontlik kan beteken dat die woord *liminaliteit* binnekort in woordeboeke opgeneem sal word.

## 2.2 Oorsprong van die term *liminaliteit*

*Liminaliteit* as voorlopige definisie is aanvanklik uit die oogpunt van die antropologie deur Arnold van Gennep vasgelê. Van Gennep is in die Württenburgse koningryk gebore en het in Frankryk grootgeword en gestudeer. Hy het veral in die Franse volkskunde en gemeenskapstale belang gestel en het, toe hy reeds as antropoloog en etnograaf bekendheid verwerf het, in 1908 *Les Rites de Passage* oor die oorgangsrites wat elke verandering van plek, staat, sosiale stand en ouderdom begelei, gepubliseer het. Die werk is in 1960 in Engels deur Routledge & Kegan Paul in Londen gepubliseer, waarna Van Gennep se werk wyer internasionale aandag gekry het.

In *Rites de Passage* verdeel Van Gennep die hele liminale proses in drie: in die eerste fase is die losmaking van die gewone, bekende status; in die tweede word oor die drumpel of limen beweeg na die liminale fase of staat van transformasie en in die derde fase word simbolies en fisiek weer ingeskakel in 'n nuwe ruimte, met nuwe status. Dié proses kan kortliks in die losmaking en voorbereiding (*pre-liminaire*), liminaliteit of oorgang (*liminalité*) en inkorporasie of vernuwning (*post-liminaire*) opgesom word.

Victor W. Turner brei in verskeie artikels (*The Ritual Process: Structure Structure and Anti-Structure*, Londen, 1969; *Betwixt and Between*, Boston, 1970; *Dramas, fields and metaphors*, Cornell UP, 1974), vanuit sy oogpunt, op die konsep van Van Gennep uit. Hy pas meeste van sy teorieë toe op navorsing wat hy oor inlywingsrites van die Ndembu-stam

van Zambië gedoen het. Die rites kan met die Xhosa-inlywingseremonies in Suid-Afrika vergelyk word.

Tradisionele inlywingsrites is gebruik om die term *liminaliteit* te verduidelik: die inisiatie word uit die gevestigde gemeenskap met sy reëls en struktuur wat vir jongelinge geld, weggeneem en afgesonder. Hulle word aan sekere rites van oorgang onderwerp wat hulle in 'n staat van onsekerheid, ambivalensie en nie-behorendheid laat. In hierdie fase word meer vryheid, dikwels ook as euforie beskryf, in afwagting van die volgende ruimte, ervaar. As hulle daardeur is, met ander woorde oor die drumpel beweeg het, is hulle by die derde, postliminale fase waarin nuwe grense van die gemeenskap sal geld. Nou word hulle heropgeneem met nuwe strukture en gemeenskapsreëls (mores en taboes) wat sal geld. Hulle is dan ingelyfdes. Turner reken liminaliteit, of die marginale tydperk, moet as 'n 'interstrukturele' situasie gesien word.

Oorgangsrites kan volgens hom dikwels kultureelverwante liminale ruimtes skep wat as krities en dikwels gevaarlik vir deelnemers kan wees. Sulke rites vergesel veranderinge in die lewensiklus se status, soos geboorte, inisiasie, die huwelik en die dood. Turner noem dat selfs geleenthede soos Oujaarsaandvieringe en hoe 'n mens jouself seën as jy by 'n Katolieke kerk inloop, beskou kan word as rites wat die oorgang van seisonale, tydelike en ruimtelike grense vergesel.

“The subject of passage ritual is, in the liminal period, structurally, if not physically, ‘invisible’. As members of society most of us only see what we expect to see, and what we expect to see is what we are conditioned to see when we have learned the definitions and classifications of our culture” (1970:357).

Ter aansluiting hierby, het Turner die woorde “*communitas*” en “*liminoid*” gemunt. *Communitas* is die post-liminale struktuur waarin ’n mens heropgeneem word en *liminoied* verwys na ervarings wat die eienskappe van liminale ondervindings het, maar wat nie ’n oplossing of persoonlike krisis insluit nie.

*Communitas* is die sosiale struktuur (hoofstroom) waarin ingelyfdes heropgeneem word. Gedurende die liminale fase word normaalweg aanvaarde verskille tussen individue grootliks onderbeklemtoon en selfs geignoreer. Die *communitas* is gebaseer op gemeenskaplike menslikheid en eenvormigheid, eerder as erkende hierargie: “Passages, margins and poverty: religious symbols of communitas” (1974:231). Hy gebruik die voorbeeld van ’n pelgrimstog waartydens mense van alle klasse ’n gemeenskaplike doel het.

Dit kan gebeur dat drumpeloorgange nie geslaagd of moontlik is nie, met die gevolg dat mense (of plekke of dinge) tussen ruimtes vassteek en permanent liminaal is. Beide Van Gennep en Turner se bydraes in belang van die sosiologie en antropologie wys op die gebonde en ongebonde dimensies van die gemeenskap.

Waar *liminaliteit* by Van Gennep en Turner toegespits word op oorgangsrites binne die gemeenskap, word die gedurige oorgangspatroon tussen psigologiese grense in die sielkunde as ego-gedrewe beskou. Afsterwing van die ou self en die verandering na die nuwe self in ’n nuwe, meer spirituele plek of ruimte, kom op dieselfde neer. ’n Drumpel is oorgesteek.

In die sielkunde word die term *liminaliteit* ook gereeld aangespreek en gebruik. Jeffrey Miller (2004) sê dat die taal wat deur Van Gennep en Turner gebruik word om liminaliteit te beskryf, feitlik identies is aan dié van Jung om transendente funksies mee toe te lig: “that which is neither this or that, or yet is both” (2004:106).

### 2.3 Liminaliteit en tyd

Die toepassingsmoontlikhede van die konsep *liminaliteit* is waarskynlik nimmereindigend, omdat die hele lewensiklus om oorgangsprosesse draai.

Die tyd van geboorte is ’n liminale proses; tieners is in ’n liminale fase totdat hulle ‘heropgeneem’ voel óf is; ontgroenings aan hoërskole en universiteitkoshuise hou inisiate in liminaliteit tot by die eventuele inlywingsrites; gradeplegtighede kan liminaal wees; die huwelikseremonie is ’n oorgangsrite en die wittebrood ’n liminale ruimte; die sterwensuur is liminaal. Die draai van enige eeu is liminaal.

Tye soos die middaguur en middernag; die stonde voor sonsopkoms; skemers (twilight) en die tussenseisoene; lente en herfs, kan as liminale tye beskou word. In vroeë mites was die somer- en wintersonnestilstande van groot belang en het deel uitgemaak van verskeie rites.

In *Walk with a White Bushman* praat Laurens van der Post in sy gesprek met Jean-Marc Pottiez van die ‘dwaal-uur’ in Afrika:

“In my part of Africa the haunted hour was between noon and three to four in the afternoon....At that moment midnight is born. This is where the night begins. And the poles are reversed at night as the sun goes down in Africa.

“Perhaps that is why sunset means so much for us Africans. Sunset is for us like a form of moonrise, you see. It’s as if all that has been too much and excessive in the day dies in the sunset hour” (Van der Post, 2002:10).

## 2.4 Liminale mense

Mense wat as “liminaal” beskou kan word, soos adolessente, sluit waarskynlik reisigers en nomade soos Bedouine, Tuaregs en Romani’s in. Onwettige immigrante, immigrante wat ná twee of drie geslagte steeds onwelkom in ’n nuwe land voel, bi-, trans- en interseksueles en in sekere gemeenskappe, homoseksuele. Dan kan dit verder gevoer word na mense van gemengde ras en nog verder na wesens soos “vloeiërs” (shapeshifters) in die Noorse mitologie en eietydse wetenskapfiksie, asook ander karakters in hierdie genre.

Hierdie “tydelike *liminaliteit*” word ook gespesifiseer in ’n artikel deur Bob Trubshaw: “Metaphors and rituals of place and time—an introduction to liminality”.

“It is perhaps important to distinguish between ‘temporary liminality’ – the ritual or metaphorical activity which allows a person to transform from one social state to another—and the state of more-or-less permanent ‘outsiderhood’ (shamans, diviners, mediums, priests, monks, hippies, tramps and gypsies). A further differentiation could be made regarding ‘marginals’ who are simultaneously members of two or more culturally distinct groups (second-generation immigrants, recent migrants from country to city



[perhaps one should add ‘Good Life’ yuppies to the list?] and women in non-traditional female roles). Thus, for instance, shamans may undertake a variety of ‘liminal’ rituals but their ‘everyday’ role in society may make them more akin to outsider.” (Trubshaw, 1995:6)

Volgens die H.A.T is ’n buitestaander “iemand wat niks met ’n saak te make het nie” en is ’n buitestaander ’n “oningewyde”. (Vierde Uitgawe, 2002:121). ’n Buitestaander kan dus geredelik as die *outsider* gesien word, terwyl ’n buitestaander iemand is wat in die postliminale fase is wat in die stelsel heropgeneem kan word of wag om opgeneem te word.

“The spirit of man is nomad, his blood Bedouin, and love is  
The aboriginal tracker on the faded desert spoor of his lost self;  
And so I came to live my life not by conscious plan or  
Prearranged design but as someone following the flight of a bird”

*Laurens van der Post*

Hierdie gedig van Van der Post beskryf waarskynlik hoe talle Suid-Afrikaners in die diaspora hulself sal sien. Die buitestaanderskap, of tydelike buitestaanderskap, van skrywers soos Van der Post, William Plomer, Roy Campbell, Uys Krige, Jan Rabie, Breyten Breytenbach, Rian Malan, Danie Marais, J. M. Coetzee en ander het moontlik tot hul skeppende werk bygedra. So ook tot dié van Antoine de Saint Exupéry, James Joyce, Albert Camus, Joseph Conrad, Samuel Beckett, Ernest Hemingway, Pablo Neruda, V. S. Naipaul, Amin Maalouf en talle ander. ’n Mens sou graag wou

argumenteer dat hierdie liminaliteit (sonder ‘n *communitas*) skrywers, digters en skilders groter vryheid tot kreatiwiteit bied.

In die genoemde uitgawe van die tydskrif *Literator* (2006) wat aan liminaliteit en literatuur gewy is, beskryf die navorsingsartikels en essays die tussenruimtes en oorskryding van grense in verskillende publikasies soos *Niggie* van Ingrid Winterbach, *Vaselinetjie* van Anoeschka von Meck, *The Bone People* van Keri Hulme, *Kleur kom nooit alleen nie* van Antjie Krog, *The Madonna of Excelsior* van Zakes Mda en *Lykdigte* en *Ruggespraak* van Joan Hambidge.

Romans oor adolessensie, soos *Vaselinetjie* en *Roepman* (deur Jan van Tonder) tematiseer dikwels aspekte wat met oorgang te doen het en gee aandag aan liminale of drumpel-ervaring, skryf Dorothea van Zyl in haar bespreking van *Vaselinetjie* deur Von Meck (41).

“Vaselinetjie kan eerstens ’n liminale karakter genoem word wat grense oorskry. Die beskrywing van haar geboorte toon reeds dat haar identiteit nie vas staan met betrekking tot “asse” van maatskaplike betekenistoekenning soos etnisiteit, klas en nasionaliteit nie. Dit bly deurgaans onbekend wie haar ma en pa is (45).

“Die krag van *Vaselinetjie* het te doen met die manier waarop die tema, die oorgangsfase van kind na volwassene, aan die hand van verskillende ruimtes, grensoorskrydings en perspektiewe gekonstrueer word. Soos blyk uit die voorafgaande bespreking, verander die kinderhuis in talle opsigte vanuit Vaseline se perspektief van ’n liminale ruimte (“set apart”) met inherent liminale eienskappe na ’n plek, ’n tuiste (hoe gebrekkig ook al). ’n Landskap van behoort te midde van ander met byname en onsekerhede soos sy. In die proses beleef die

hoofkarakter eerstens skeidingsrites (“rites of separation”) ten opsigte van haar aangenome ouers, liminale of oorgangsrites met betrekking tot haar aanvanklike skooljare in die kindershuis en met verloop van tyd insluitingsrites (“rites of incorporation”), ten opsigte van die groep Peppies in die kindershuis. Die karakter se ontwikkeling vanaf ’n preliminale, deur ’n liminale en tot by ’n postliminale fase word op ’n oortuigende manier uitgebeeld. Ná haar terugkeer na haar ouershuis wanneer haar skoolopleiding voltooi is, ervaar Vaseline ook dáár volkome aanvaarding” (53).

Heilna du Plooy (2006), in haar bespreking van *Niggie* deur Ingrid Winterbach, beweer die roman kan ondersoek word “vanuit die konsep liminaliteit wat spesifiek te make het met mense, individue en groepe wat hulleself bevind buite die normale strukture en reëls van die gemeenskappe waaraan hulle behoort. Dit gebeur telkemale in die roman dat karakters van die hoofstroom van gebeurtenisse afgesny is of hulle onttrek; dat hulle tydens hierdie periode belewenisse deurmaak wat ’n ingrypende invloed op hul lewens het en dat hulle daarna weer deel word van die hoofstroomgebeure” (Ibid:15).

“Daar is dus lewe, afstand en herstel, wat impliseer dat die lewe weer sal voortgaan. Daar is altyd ’n toekoms, maar daar is geen waarborg dat hierdie lewe besonderlik gelukkig of hoopvol sal wees nie. Dit is menslike kondisie, dit is bloot hoe dit is –die mens bly uitgelewer aan die onvoorspelbare aard van die lewe en moet dit doodgewoon aanvaar” (20).

Du Plooy kom tot die gevolgtrekking dat daar “duidelik ’n patroon van die vooroorlogse ‘normale’ situasie van ’n gevestigde lewe (wat ook traumatiese ervarings ingehou het onafhanklik van die oorlog) die ontwrigte oorlogsjare waarin die karakters in ’n soort

tussenfase moet oorleef, en 'n terugkeer na die gewone gemeenskapstrukture (*communitas*)” (20).

Outeurs Hennie van Coller en Cilliers van den Berg (2009) spreek in 'n artikel “Trauma, verlies en die semiotiese bewussyn in *Karolina Ferreira* en *Niggie* van Ingrid Winterbach” ook die aspekte van liminaliteit by die skrywer aan.

“Orde en chaos as teenoorstaande magte, soos trouens ook Bewuste en Onbewuste, is inderdaad van die kontraste wat Karolina moet leer versoek in haar individuasiëproses. Karolina sal hier op Voorspoed ook gekonfronteer word met die oorbrugging van grense: op persoonlike vlak tussen die hede en haar ontstemmende persoonlike verlede; op kollektiewe vlak tussen die heroïese verlede, waartydens die Boere die “underdog” was, en die hede, waarin hul die rol van die onderdrukker oorgeneem het.

“As peregrinerende vroulike hooffiguur dring sy die snoekerkamer (manlike ruimte by uitstek) binne, oorbrug sy die ideologiese afstand tussen swart en blank (onder andere as gevolg van haar verhouding met Willie) en verkry sy 'n insig indie dood. Hier word dus die belang van liminaliteit en die transformasieproses betrek. (33)”

Adèle Nel (2006) se artikel bespreek “Die digter in transito: reisverse en liminaliteit in *Lykdigte en Ruggespraak* van Joan Hambidge”.

“Volgens die getuienis van hierdie gedigte, is die reis as liminale ervaring of tussentoestand enersyds 'n proses wat by uitstek geskik is om die persoonlike en digterlike identiteit te verken, 'n ondersoek na betekenisgewing te loods, en tot 'n (her)ontdekking van die self te kom deur middel van die digterlike woord. Andersyds ontstaan die gedigte juis uit

dié reiservarings, en gevolglik toon talle gedigte ook liminale eienskappe en word liminale beelde gebruik om die temas van reis, die liefde en die digproses te beskryf” (208).

## 2.5 Liminale Plekke

Plekke kan liminaal of tydelik liminaal wees: ’n kruispad, landsgrense, seestroke, lughawens, groot internasionale hotelle, ’n niemandsland. Dalk Suid-Afrika.

Oedipus het sy vader by ’n kruispad ontmoet toe hy hom vermoor het, en die befaamde blues-sanger Robert Johnson het die duivel by ’n kruispad ontmoet (vergelyk die liedjie “*Crossroad Blues*”) wat vir hom sy kitaar gestem het. (Hierdie insident is ook tematies in die rolprent van Joel en Ethan Coen “*O Brother, where art thou*”? gebruik.) In die middeleeue is die skandpale op kruispaaie opgerig, hekse en sigeuners is daar begrawe en volgens verskeie volksmonde (selfs in die Vrystaat) talm spoke ook graag by ’n kruispad.

Deure (drumpels, noodwendig), vensters, bergpasse en strande kan hierby aansluit. Vir die Pasga het Jode hul deurkosyne met bloed gemerk en deure van Joodse huise is deur Herodes van ouds en die Nazi’s in 1938 in Duitsland, gemerk.

’n Bruid word tradisioneel oor die liminale drumpel gedra en die voor-Christelike gebruiksrutueel in Noord-Europa van die takkie voëlent (*mistletoe*) bokant ’n drumpel simboliseer die liminaliteit van die ruimte, asook dié van die mense wat mekaar daaronder soen.

Die treffendste uitwerking van 'n niemandsland was moontlik dié tydens die Eerste Wêreldoorlog in die Somme-vallei (Frankryk) waar die vyandige linies die Kersdag van 1914 sokker met mekaar gespeel, saamgeëet en Kersliedere gesing het.

Die ruimtetuie (in wetenskapfiksie) waarmee 'wesens' na ander 'stasies of tenks' in die ruimte vervoer word, is liminale plekke. In daardie tussenruimtes word hul molekules eers deurmekaar gemaak en dan geherrangskik. Net soos met alle inisiate wat in die proses is om oor die drumpel na die *communitas* te beweeg, is dit 'n tydperk sonder 'n kompas.

In 'n redaksionele inleiding van *Literator* (2006), “Oor die Drumpel: liminaliteit en literatuur,” vra die skrywers Hein Viljoen en Chris N. van der Merwe die vraag of Suid-Afrika vandag nog steeds in 'n interregnum is.

“In die negentigerjare van die vorige eeu het Suid-Afrika die wêreld verstom deur die staking van oorlogsaktiwiteite en die onderhandeling tussen die vroeëre vyande aan 'n oorgangsgrondwet wat uiteindelik sou uitloop op vrye verkiesings, 'n volledig inklusiewe demokrasie en 'n nuwe, progressiewe grondwet. 'n Deurslaggewende drumpel is bereik waardeur die bekende wêreld van die apartheidsjare onherroepelik agtergelaat is en 'n onbekende nuwe tydvak betree is. Dit is sowel 'n einde as 'n begin” (Literator, 2006:ix).

“In breë trekke kan die huidige situasie in Suid-Afrika dus as liminaal beskryf word: daar het 'n groot en dramatiese sosio-politieke oorgang plaasgevind, maar die veranderingsproses is nog nie afgeloop nie en die situasie het nog steeds trekke van 'n interregnum” (Ibid:x).

Marita Wentzel (2006) beweer in haar artikel oor liminale ruimtes en denkbeeldige plekke in *The Bone People* deur Keri Hulme en *The Folly* deur Ivan Vladislavic dat die tussenruimte wat liminaliteit skep, veral opmerklik is in postkoloniale romans soos *The Bone People*. “In hierdie roman illustreer Hulme hoe fiktiewe karakters in individuele sowel as sosiale hoedanigheid, “deurgangsrites” moet beleef, sodat hulle ten slotte in staat is om die traumatiese verandering in hulle lewens en kulture die hoof te bied. Op ’n ander wyse en met die bekrompe Suid-Afrikaanse gemeenskap (insluitende die leser) as teiken, gebruik Vladislavic die mag van die verbeelding om subtiele, maar stiemende [sic] kritiek te rig op mense wat geen verbeeldingskrag besit en dus nie in staat is om hulle verbeelding konstruktief te gebruik of te projekteer om hulle eng werklikheid te probeer oorkom nie—op dieselfde wyse as Patrick White in sy veroordeling van die eng sosiale konvensies in die Australiese gemeenskap, in sy roman “Voss”” (Ibid:80).

Van Coller en Van den Berg (2009) noem dat dit *Karolina Ferreira* veral te make het met inisiasie en liminaliteit. “Daar is byvoorbeeld ’n skeiding met ’n vroeëre verblyfplek (Durban); die eintlike ‘liminale’ rite vind in ’n oorgangsruiimte plaas (die “grensdorp, Voorspoed”); daar is afstandname van die vorige bestaan en ’n tydperk van beproewinge, soos seksuele onthouding (“uit die tydperk voor haar selfopgelegde onthouding” – 22); die “oorgangsriten” word meestal voorgestel as ’n reis (na Voorspoed), as ’n afdaling na die onderwêreld (die Danteske togte in die gloeiend warm Vrystaat in geselskap van haar eie Virgilius, naamlik Willie), ensovoorts. (35)”

## 2.6 Liminaliteit en die historiese verlede

*It is only by means of the unending rectification of our configurations what we form the idea of the past as an inexhaustible resource*

Paul Ricoeur

In 'n artikel deur ZHU Ying oor V.S. Naipaul se *A Way in the world*, (2006: 98) word die konsep *liminaliteit* breedweg verstaan as die onvolledigheid en beperktheid van voorstellings van die verlede.

Die bespreking van die tema word in drie dele verdeel, gebaseer op Ricoeur se analise in *The reality of the historical past* (1984). Ricoeur ondersoek die werklikheid van die historiese verlede aan die hand van drie kategorië – die Selfde (*Same*), die Ander (*Other*) en die Analoë (*Analogue*).

Onder die teken van die 'Selfde' word die teenwerking van liminaliteit bespreek as die herbeleving van die historiese verlede. Dit verskil van die hede op grond van verbeeldingryke herinterpretasie en die herorganisasie van dokumentêre bewyse.

Onder die 'Ander' word Naipaul se strategie om liminaliteit te bestry deur afstand te skep en die historiese verlede te herskryf, vanuit die oogpunt van 'n skrywer-reisiger, ondersoek.

Ten slotte toon die analise onder die teken van die 'Analoë' dat die projek om liminaliteit te oorskry, 'n nimmereindigende poging impliseer om die historiese verlede reg te stel en weer vorm te gee ten einde kontinuïteit en vernuwung te bewerkstellig.



“As a result, Naipaul has created a new world in which he fights against historical incompleteness, absence, and liminality by way of re-enacting the historical past in the present” (2006: 99).

Die Franse filosoof Paul Ricoeur stel in sy boek *The Reality of the Historical Past* die vraag wat “eg” beteken wanneer dit met die historiese verlede verbind word. Wat word bedoel wanneer gesê word dat iets waarlik gebeur het.

“This is the most troublesome question that historiography puts to historical thinking. And yet, it is difficult to find a reply, the question itself is inevitable: it makes the difference between history and fiction, whose interferences would pose no problem if they did not grow out of a basic dissymmetry” (Ricoeur,1984:1).

Michel Foucault, die Franse filosoof wat geskiedskrywing bevraagteken en die term nieu-historisisme gevestig het, beweer elke gemeenskap het sy eie *régime* van waarheid.

“The frontiers of a book are never clear-cut; beyond the title, the first lines, as the last full stop, beyond its internal configuration and its autonomous form, it is caught up in a system of references to other books, other texts, other sentences: it is a node within a network .... The book is not simply the object that one holds in one’s hands; and it cannot remain within the little parallelepiped that contains it: its unity is variable and relative. As soon as one questions that unity, it loses its self-evidence; it indicates itself, constructs itself, only on the basis of a complex field of discourse” (Foucault,1969:23).

Volgens Barker wil Foucault nie op 'n geïdealiseerde manier betekenis aan die bewerings gee nie, maar eerder dat betekenis uit spesifieke historiese formasies ontwikkel.

“In this sense, it is profoundly historical and will not allow the subject to be presented ahistorically as the ground on which a particular statement is possible, but historicises the subjective ground as part of its practice” (Barker,1998:95)

“Discourse, at least as analysed by archaeology, that is, at the level of its positivity, is not a consciousness that embodies its project in the external form of language (*langage*); it is not a language (*langue*), plus a subject to speak it. It is a practice that has its own forms of sequence and succession” (Foucault, 1969:169).

### **2.6.1 Samevatting**

Die term *liminaliteit* soos wat dit deur Arnold van Gennep vasgelê en deur Victor Turner uitgebou is, word al hoe meer vryelik in velde buite die antropologie gebruik. Die toepasbaarheid van die drie fases (*pre-liminaire*, *liminaire* en *post-liminaire*) van die *rites de passage* en die heropname in die *communitas* is in hierdie hoofstuk veral met betrekking tot die letterkunde toegelig.

## HOOFSUK 3

### ELEMENTE WAT TOT LIMINALE SITUASIES BYDRA

#### 3.1 Inleiding

Die verskillende elemente wat tot liminale situasies lei, naamlik dryfvere, karakterisering, ruimtes, drumpeloorgange en transformasies, word ondersoek.

#### 3.2 Dryfvere

“*Movement precedes thinking* is a tenet of Tibetan wisdom. It is, in my limited experience, a physical imperative to *move* if you want to think. We have to be in motion for the thinking to take shape and not the other way around,” skryf Breyten Breytenbach in *Notes from the Middle World* (2009:5).

Die fisieke veranderinge (van plek of situasie) ten aanloop van ’n drumpeloorgang of liminale situasie, kan vrywillig of normatief gedwonge wees, bewustelik of onbewustelik, intensioneel of toevallig. Dit is egter verseker dat ’n drumpeloorgang ’n karakter se uitkyk of denkproses gaan beïnvloed of verander.

Dryfvere buite persoonlike beheer kan tot die gedwonge veranderingsproses lei. Aan die ander kant kan ’n karakter of persoon self besluit dat sy bestaande milieu nie na

wense is nie en dat hy iets daaraan wil doen, soos om uit 'n sekere gemeenskap, plek of situasie te beweeg.

“In the movement of thinking (and sometimes of thoughts) and in the thinking awareness of physical and/or cultural displacement, or at least of its potential, artistic creativity is born. Artistic creativity is the movement of perceptions, of bringing about new combinations of past and present, of realizing how *new* and *old* can be (and sometimes how prematurely old and static the purportedly new is), of projecting future shapes—and thus helping to shape the future” (Ibid.:6).

Die dryfvere wat tot drumpeloorgange of liminaliteit lei, het die liminale stadium nie noodwendig ten doel nie en die uiteinde is ook nie noodwendig in die nuwe *communitas* van Turner ( lees: nuwe struktuur) nie. Die karakter mag genoep voel om in die liminale staat aan te bly sonder heropname in die struktuur.

### **3.3 Karakterisering**

#### **Kenmerke van karakters tussen ruimtes en tye**

“Liminal entities are neither here nor there; they are betwixt and between the positions assigned and arrayed by law, custom, conventionalism, and ceremonial”(Turner, 1974:95).

Die karakteristieke van iemand, wat as 'n liminale persona tussen tye en ruimtes staan of beweeg, kan positief of negatief geïdentifiseer word.

Turner reken dat negatiewe karakteristieke van oorgangswesens is dat hulle niks het nie. Gestroop van die bekende, is karakters onseker, marginaal en dikwels ook ambivalent in 'n ruimte waarin tot denke gestem word.

“They have no status, property, insignia, secular clothing, rank, kinship, position, nothing to demarcate them structurally from their fellows. Their condition is indeed the very prototype of sacred poverty” (1970:360).

Soos in 2.4 genoem is, kan nomade, wettige, maar veral onwettige immigrante, staatloses en die meeste ontheemdes by hierdie groep ingesluit word. (Die struktuur waarbinne nomade funksioneer, maak dit egter debatteerbaar.)

Aan die positiewe kant is 'n sfeer waarin karakters vry is van strukture, agtergelate plekke en situasies, gebondenheid. Dit word dikwels gesien dat skrywers, kunstenaars, reisigers en vrydenkers hul gemaklik voel in hierdie inter-strukturele situasie. Kreatiwiteit het dikwels hierdie groter psigiese ruimte nodig om gestalte te kry.

Breyten Breytenbach omskryf hierdie ‘posisie’ in sy jonger werke, veral in *Notes from the Middleworld*, asook in 'n radio-onderhoud met Iris Bester (*RSG*: 2010/04/27) en 'n koerantonderhoud met Willem de Vries (*Die Burger*: 2010/04/28) .

Breytenbach sê oor homself en oor hierdie buitelanderskap in die onderhoud met Willem de Vries: “want in enige gemeenskap sal ek die ‘indringer’ of selfs die ‘inkommer’ wees”.

Heilna du Plooy bespreek in 'n navorsingsartikel die liminale ruimtes en oorlewing in *Niggie* deur Ingrid Winterbach (*Literator*, 2006).

Die sentrale karakters, Ben Maritz en Reitz Steyn, word uitgebeeld “as buitelanders wat gebeurde en mense as't ware van buite af waarneem. Dit is trouens 'n

belangrike motief in Winterbach se oeuvre dat hoofkarakters hulself meermale as geïsoleer ervaar of dat hulle hulself doelbewus afsonder.

“Dit is ook dikwels asof die karakters die afsondering gebruik om te herstel, om hulself geestelik te versterk of om perspektief en insig te kry, soos wat gebeur in *Klaaglied vir Koos, Erf en Karolina Ferreira*. Die patroon wat ontstaan is dié van karakters wat heen en weer beweeg tussen private en openbare sferes, wat deelneem aan gesprekke en openbare aktiwiteite om hulself daarna weer doelbewus af te sonder met die oog op prosesse van psigologiese regenerasie” (2006:5).

Die marginale karakteristiek van die skrywer Karel Schoeman word deur Chris van der Merwe aan die hand van liminaliteit toegelig. In sy artikel “The Story of the Absent Feet: a Narrative of Revealing and Concealing” beskryf hy Schoeman as ’n “outsider” en ’n vreemdeling in Afrika, deels aan sy traumatiese kinderlewe en deels aan sy gemengde herkoms (Afrikaans en Nederlands) toe te skryf.

“Schoeman himself does not see his outsider position as a disadvantage; on the contrary. He doubts whether he would have been able to write for and about Afrikaners at all if he had not been an outsider. From a distance, he can observe more clearly—and also notice shortcomings. Yet, paradoxically, his critical distance is combined with an emotional involvement. Dissociated from the Afrikaners, he continually communicates with them through his books. His attitude is an example of what the Afrikaans poet N.P. van Wyk Louw called ‘lojale verset’—loyal resistance — a position combining loyalty and opposition” (2007:100).

### 3.4 Milieus (Omgewings/ruimtes)

*I must leave behind all uncertainties*

*I cannot myself be a question*

Gabeba Baderoon (*I cannot myself*)

Ruimtes wat die liminale oorgang en transformasie voorafgaan, word gekenmerk deur afsondering, hetsy fisiek of emosioneel: Van Gennep se eerste fase oftewel die *preliminaire* van die *Rites de Passage*.

Soos genoem in Hoofstuk 2.5, kan 'n kruispad, 'n labirint, pelgrimstogte, landsgrense en 'n niemandsland as liminaal gereken word. Dan ook reise, internasionale hotelle, lughawens en sekere stede soos Tangiers, Alexandrië of lande soos Suid-Afrika en die Gaza-strook. Plekke van oorgang is in liminale ruimtes.

Die individu word in die pre-liminale ruimte bewus van sy alleenskap, sy buitelanderskap, die losmaak van die bekende, dikwels ook konfrontasie met die onbekende, die vreemde. Karakters bevind hulself in hierdie ruimte gestroop van status, sonder die gewone definisies van sosiale strukture en sonder die vaste verwysingswêreld, in 'n interstrukturele milieu.

Die verloop van enige lewe word afgebaken deur tydsgrense of marges wat oorgesteek word. Verandering is die enigste konstante. Vanaf geboorte tot by die dood word plekke/ruimtes deur grense verander: kleuter na skoolgaande kind, tiener na volwassene, vandaar na bejaardheid tot by afsterwe.

Wat emosionele/sosiale status betref, gaan enige mens deur etlike fases soos dié van die alleenloper, betrokke in verhoudings, dalk 'n ouer en grootouer, 'n tydperk van verlies, ens. Hierdie fases of ruimtes is dikwels kultuurgebonde, maar behels ook oorgangsrites wat na transformasie kan lei. Of nie.

Volgens Breytenbach lê die reise van marge na marge die spore van 'n eie kaart neer. “Dis die essensie van nomadisme. Beweging word ruimte. Bestemming is proses. Die oorsaak behóórt nooit aan jou nie” (DB:2010).

In 'n onderhoud op Litnet (2009-11-05) wat Herman Wasserman met die skrywer Gérard Rudolf oor sy boek *Orphaned Latitudes* voer, kom die kwessie van ontheemding ter sprake.

“In a way I think the book is a break-up letter not only to the country of my heart but also to myself and my life as I knew it when I was still actively living there. Along the way I built monuments to my dead father and brother and to people I met and loved and left behind. I also try to pay subtle homage to an array of cultural figures that influenced my writing. But there are attempts in the book to make sense of this new landscape I find myself in too, attempts to make sense of this new map I have to navigate, this alien territory I now occupy. The only challenge was to make all the deeply personal stuff universal.”

Rudolf verwoord hier wat deur baie verskuifde Suid-Afrikaners oor die dilemma van die ekspat gesê kan word. Hy noem skrywers soos Breytenbach, Danie Marais en Gabeba Baderoon wat van buite hul land moes skryf. Roy Campbell, Laurens van der



Post, William Plomer, Julian de Wette, Casper Schmidt en talle ander kan hierby gevoeg word.

In antwoord op Wasserman se vraag of Rudolf dink dat daar ’n genre van Suid-Afrikaanse diaspora-literatuur is, antwoord hy:

“Sometimes it is only by stepping out of and away from that complex space that things have a fighting chance of gaining some kind of clarity. I think all ex-pats have the feeling of being marooned somehow and I believe the only way to “un-maroon” oneself is by telling stories to/about yourself and others, by remembering. Writing this book was a process of constantly reorientating myself on the map, an unclotting of my own rootedness.

“I wish I can remember who said ‘If you leave your land you leave yourself.’ For me this is so true. This is why I think the ‘writing back’ becomes utterly important. No matter how cosmopolitan the South African diaspora sees itself as, we will remain outsiders, ‘bywoners’ in our chosen landscapes, and so the ‘writing back’ becomes the tether that keeps us connected to our roots, points at the directions that might lead us home again.”

Louise Viljoen (2005), in haar artikel oor *Woordwerk* van Breyten Breytenbach as “tussenin-boek”, noem dat Breytenbach “bekend is vir ’n reeks sterk outobiografiese prosatekste waarin hy onder andere gemoeid is met die uitwerk van die verhouding tussen die self en bepaalde ruimtes” (*Stilet*, 2005:1).

“Omdat *Woordwerk* die liminale fase voorhou as ’n durende toestand wat nie beëindig word deur heropname in die samelewing nie, word daar ook gevra na die doel

van die outeur se poging om die liminale toestand te perpetueer. Verteenwoordig dit 'n steeds groter individualisering en onttrekking na die private eerder as die publieke domein aan die kant van die outeur? Is dit 'n poging om 'n posisie in te neem vanwaar daar potensieel transformerende kritiek uitgespreek en kreatiewe energie gegenereer kan word?’(Ibid:5).

Breyten Breytenbach noem verder: “Ek glo daar is vir my 'n voortdurende wisselwerking tussen *ruimte* en *beweging*. Die een bepaal en word selfs soms die ander. My ‘inwonerskap’ van die Middelwêreld word bewillig deur my kondisie van nomaad te wees. Dit hoef nie vir ander so te geld nie. Sommige nie-burgers leef op die oog af statiese lewens.

“My lewensverloop –gedeeltelik uit keuse, gedeeltelik per toeval of omdat dit 'n aanpassing en oorlewingsvereiste was- het my soos in Borges se Tuin van Afdraaipadjes na die labirint van vrye beweging gebring” (*Die Burger*: 2010).

### 3.5 Drumpeloorgange

Wat doen 'n mens met die oue  
Hoe word jy jouself tussen ander  
Hoe word jy heel  
Hoe word jy vrygemaak in begrip  
Hoe maak jy goed  
Hoe maak jy skoon

*Antjie Krog*

(Kleur kom nooit alleen nie)

“Liminality is the realm of primitive hypothesis, where there is a certain freedom to juggle with the factors of existence. As in the works of Rabelais, there is a promiscuous intermingling and juxtaposing of the categories of event, experience and knowledge, with a pedagogic intention” (Turner, 1970:367).

Wanneer die bekende agtergelaat word en voordat die nuwe strukturele werklikheid betree word, word die drumpel die kern van die liminale proses, die *rite de passage*. Die drumpel is ’n Tussenwêreld, ’n tyd vir refleksie, besinning, *liminaliteit*. Die kompasloosheid van hierdie fase kan juis ’n element wees wat bydra tot motivering om te transformeer, na die *communitas* toe te beweeg, of net in daardie kreatiewe fase te bly.

“...Let’s say that those of the Middle World – I think of them as *un-citizens*, the way you have un-American activities as in contrast to those considered non-or anti-American — are Global Village vagrants, knights of the naked star. They are defined by what they are not, or no longer and not so much by what they oppose or even reject. They ventured into zones where truths no longer fitted snugly and where certainties did not overlap, and most likely they got lost there” (BB, 2010:135).

In antwoord op Iris Bester se vraag oor die Middelwêreld en “nie-burgerskap”, sê Breytenbach ’n tussenwêreld gaan gepaard met ’n bewuste skeppingsproses. “Dan bevraagteken jy die begrip van geheue, patriotisme, nasionale identiteit. Als word op sy kop gekeer” (RSG: 2010).

Hierdie huiwering op die drumpel kan kort wees, langdurig benut word (uit ’n skeppende oogpunt) of gerieflikheidshalwe permanensie gee aan ’n onwilligheid om deel

van die *communitas* te word. Dié inter-strukturele fase se vryheid van beweging bring ook selfondersoek: karakters kom sonder die invloed van 'n gemeenskap of struktuur refleksief by die innerlike uit.

Dié *rite de passage* word, volgens Turner, sosiologies gesproke nie tot bewegings tussen voorgeskrewe statusse beperk nie. Die oorgang behels ook toegang tot 'n nuwe status, sou dit polities, lidmaatskap van 'n eksklusiewe klub of geheime organisasie wees (1970:356).

Drumpelfigure word deur Turner toegelig aan die hand van die oorgangsrites van die stamme waarmee hy gewerk het. Maar dit kan in die wyer sin ook toegepas word.

“The transitional-being of a ‘liminal *persona*’ is defined by a name, and by a set of symbols. The same name is very frequently employed to designate those who are being initiated into very different states of life.

“The symbolism attached to and surrounding the liminal *persona* is complex and bizarre. Much of it is modeled on human biological processes, which are conceived to be what Lévi-Strauss might call ‘isomorphic’ with structural and cultural processes. They give an outward and visible form to an inward and conceptual process. The structural ‘invisibility’ of liminal *personae* has a twofold character. They are no longer classified and not yet classified. Insofar as they are no longer classified the symbols which represent them are, in many societies, drawn from the biology of death, decomposition” (Ibid.:358).

### 3.6 Transformasie

Sou 'n drumpelfiguur, of 'n liminale persona, aanbeweeg, tree transformasie in.

Dit is die laaste fase van die oorgangsrite, die *post-liminaire* van Van Genneep.

Kategorieë van gebeurtenisse, ondervinding en kennis, met ander woorde die historiese verlede, bring 'n karakter tot by die drumpel, maar as daardie historiese verlede agtergelaat word, word die *communitas* betree, die nuwe plek waar tuis gevoel word. Die *communitas* van Turner is nie noodwendig 'n normatiewe struktuur nie en kan eintlik as 'n anti-struktuur gesien word, maar dit bied vir dié wat oor die drumpel beweeg, 'n nuwe tuiste. Die getransformeerde *persona* sal hom waarskynlik by die nuwe 'reëls van die klub' hou.

Immigrante wat hul toewy om by die nuwe land in te skakel en hul eie historisiteit aflê, kan moontlik hierby inpas -- soos Amerikaners wat uit talle herkomste by een aangepaste taal gehou het of vroeë Europese immigrante wat in Suid-Afrika 'n nuwe taal (Afrikaans) ontwikkel het om meer eenvormig en tuis te voel. Afrikaans en Amerikaans kan as drumpeltale gesien word, ook Spaans in Latyns-Amerika. (Sommige immigrantegroepe behou egter hul eie kultuur en taal aktief aan die gang.)

Die verandering in Suid-Afrika ná 1994 kan in sekere opsigte as liminaal beskou word: "Die onbekendheid van die nuwe wêreld wat betree is, het by baie mense tot allerlei angste gelei, selfs 'n poging om na die ou bekende wêreld terug te keer — slegs om uit die vind dat hierdie deur gesluit is en dat die verlede onagterhaalbaar is," skryf Hein Viljoen en Chris van der Merwe oor die 'nuwe' Suid-Afrika (2006:x).

In hierdie trant word J.M. Coetzee se roman *Disgrace* (1999) deur Susan Smit-Marais en Marita Wentzel ondersoek en bevind dat ingrypende sosiale en beangstigende transformasies binne die liminale ruimte (van 'n plaas) gebeur (Ibid:35).

Dit is die innerlike verandering wat 'n nuwe *communitas* tot stand bring, maar transformasie kan ook in gemeenskappe deur drumpelfigure of liminale *personae* teweeggebring word.

Op sterkte van dié teorie van Turner, kom Marlies Taljard in 'n artikel oor die versoeningstrategieë in *Kleur kom nooit alleen nie* (Antjie Krog, 2000), tot die gevolgtrekking dat mense (skrywers) kreatiewe energie kan genereer en só transformasie in 'n samelewing kan bring.

“Sy [die digteres] gaan ‘ondergronds’ om haar af te sonder ten einde nuwe verhoudings te bedink en 'n wyse te vind waarop mense in hierdie land by mekaar *hoort*. Sy maak van 'n liminale praktyk gebruik om die stabiliteit van die teks te ondermyn. Hierdie liminale praktyk kan seker ook gesien word as metafoor vir die versterkte verhoudings wat versoening in dié land bemoeilik. Sodoende verruim sy die betekenis van die woord *liefde*, wat in sy geykte betekenis die herbedink van inklusiewe verhoudings belemmer.

“Dit lyk of daar 'n besliste verband bestaan tussen die verkeer in 'n liminale sone en die handeling wat tot vrede en versoening tussen mense kan lei” (Ibid.:160).

Heilna du Plooy wys daarop dat in *Niggie* (2002) van Ingrid Winterbach, “hierdie opsomming (aan die einde van die roman) kan gesien word as die derde fase in die liminale proses, naamlik die terugkeer na die gevestigde en standhoudende gemeenskapstrukture” (Ibid:19). *Niggie* speel in die tyd van die Anglo-Boere-oorlog af.

Wat hierdie sienswyse betref, kan 'n mens begin gis oor die Afrikaanse diaspora-letterkunde wat 'n nuwe *communitas* vir drumpelfigure, skrywers en kunstenaars geskep het. Die gemeenskaplike kreatiewe energie in hierdie liminale sone kan as bewusmaking dien en sodoende verandering teweegbring.

Liminale figure in die vroeër geskiedenis van Suid-Afrika soos die skrywer Eugène Marais en die holis Jan Smuts het vir seker 'n bewussyn geskep wat tot veranderde denke gelei het, al het hulle slegs 'n klein groep mense daardeur bereik.

J.M. Coetzee het met sy bekroonde *Disgrace* 'n furore veroorsaak, maar terselfdertyd 'n bewusmaking. Eben Venter se *Horrelpoot* (2007) wat as 'n verwerde plaasroman gesien kan word, boesem ook vrees vir Suid-Afrika se toekoms in. Venter is, soos Coetzee, 'n ekspat-skrywer.

Joseph Conrad, wat as 'n Pool in Engeland as 'n liminale figuur gesien kan word, het met sy *Heart of Darkness* (1899) nuwe lig op kolonialisme in Afrika (ná Henry Rider Haggard en Rudyard Kipling) gegooi en baie wyd getref. Die andersdenkende Rus Alexander Solsjenitsin het die euwels van Stalinisme met sy *Gulag Archipelago* ontbloot en Milan Kundera, die ontheemde Tsjeg in Parys, het onderdrukking in sy land met sy *The Incredible Lightness of Being* aan die lesende wêreld vertel. Die Lebanese skrywer Amin Maalouf se boeke oor verskillende kulture wat kán saamleef (*The Rock of Tanios* (1993), *Ports of Call* (1996)) het 'n stem van krag buite sy land geword.

### 3.7 Samevatting

Wat mense beweeg om liminale personae te word is nie 'n standvastige gegewe nie, maar die uiteinde (van die postliminêre transformasie of heropname) is meer voorspelbaar.

Die verskillende elemente soos wat dit hierbo uiteengesit is, dui op die roete wat na die *rites de passage* toe kan lei. Persone (of literêre karakters wat hier van krag is) wat drumpelfigure word, het 'n pre-liminêre fase, hoewel dit suiwer individualisties is. Elkeen het sy eie proses van losmaking van 'n verwysingswêreld in die aanloop na liminaliteit. Die liminale fase van bewussynsverandering is vir sommige (veral in die geval van skrywers en eks-pat-skrywers) langdurig en kreatief, vir ander 'n kort stap na transformasie of heropname.



## HOOFSTUK 4

### DIE KONSEP *LIMINALITEIT* TOEGEPAS OP ROMANKARAKTERS

#### 4.1 Inleiding

Die konsep *liminaliteit* sal aan die hand van die verskillende elemente, soos in Hoofstuk 3.4 uiteengesit, op die hooffigure van die drie onderstaande romans toegepas word. Die dryfvere, karakterisering, milieus, drumpeloorgange en transformasie sal apart behandel word.

In al drie die romans word die karakters deur hul geografiese verskuiwings tot die proses van *liminaliteit* beweeg. Nie een van die werke is suiwer fiktief nie en daar is bepaalde verbande tussen tydruimtelike situasies en teks-eksterne historiese werklikheid.

#### 4.2 *'n Ander land* van Karel Schoeman

#### 4.3 *Die son kom aan die seekant op* van Jeanette Ferreira

#### 4.4 *Lang skaduwees in Afrika* van Connie Luyt

## 4.2 *'n Ander land*

### **Dryfvere**

4.2.1 Versluis, die hoofkarakter, besluit self dat hy weens sy siektetoestand (tuberkulose) uit 'n klam Nederland na die droë Bloemfontein sal gaan. “Hulle het my aangeraai om na 'n beter klimaat te kom. Dit was my eie keuse om na Afrika te kom.” Hy word vir feitlik dood deur die dokter Krause uit die koets gehaal: “Nou sal jy moet besluit wat jy verder met jou lewe wil doen, aangesien jy dit teen alle verwagting teruggekry het” (19).

Die vreemde stad, in die vreemde land, sy eie Europese beskaafdheid, die stof, die droewige, vaal landskap en sy buitestaanderskap vorm saam die dryfveer wat Versluis na 'n liminale situasie sal laat beweeg.

“Is dit dan waarvoor hy die lang reis onderneem het, om in 'n vreemde wêrelddeel 'n afskynsel van sy eie vertroude wêreld terug te vind, slegs met die ontbreking van die geriewe en verfynings waaraan hy gewoond is?” (39).

### **Karakterisering**

4.2.2 Die leser weet nie veel van sy sosiale lewe in Nederland nie, maar Versluis het duidelik karaktereienskappe van 'n alleenmens, 'n afsydige waarnemer, 'n buitestander.

Hy word uitgenooi deur die sosiale Hirsch-familie en waardeer tot 'n mate die geselskap van die jong sendeling August Scheffler en sy gestremde suster, Adèle, want hulle geniet sy kennis van musiek, letterkunde en die klassieke. Wat 'n mens agterkom van sy lewe in Nederland is “hy het alleen in daardie groot huis gewoon, alleen na die klub gegaan en met 'n huurkoets teruggekeer, alleen op reis gegaan na Spa, Como of Lausanne, alleen in die hotelsitkamer op die terras met sy boek en sy Baedeker, maar altyd was hy omring gewees van mense” (292).

Aan die ander kant voel hy tydens 'n uitstappie saam met Scheffler: “Nog nooit het iemand van hom 'n vertroueling gemaak nie” (292). Deur Versluis se gedagtegang raak die leser bewus van sy onvermoë om nader aan mense te beweeg, en dit is nie net weens die ander land of sy siekte nie.

Dié man wat as besoeker -- op sy stil manier amper as 'n voyeur -- aankom, begin homself en sy eie lewe deur dit wat vir hom vreemd is, te verken. Hy dink soms terug aan Haarlem en hoe hy alleen oor die dorpsplein loop of aan die smal huis in Delft.

“Oral in die daardie klein en dig bevolkte land [Nederland] was daar mense, ook op sy reise was hy fisiek nooit alleen nie: kruiers, kelners, koeriers en hotelpersoneel het altyd ter beskikking gestaan” (292). Die karakter Versluis kan dus duidelik as liminaal gesien word.

## **Milieu**

4.2.3 Die ‘ander land’ is nie bloot 'n geografiese entiteit nie, dit is ook die emosionele ruimte waarin Versluis hom bevind. Dit kan ook gesien word as die onbekende, die

“Ander” van Paul Ricoeur, die Franse filosoof (1984). “Dié land van klip en rots en sand, dink Versluis by homself waar hy hom teen die kussing stut: hoe verstaan mens hierdie land, en wat beteken kennis daarvan?” (290).

Sy buitelanderskap en die vreemdheid van die ruimte, dwing hom na innerlike verandering. Hy begin oor homself dink. Hy sien homself opnuut in teenstelling met ander en dit begin hom na ’n liminale fase toe stu. Op vraag van Adèle Scheffler of iets in die land vir hom die moeite werd is, antwoord hy: “Die blote vréemdheid van ’n onbekende land kan op sigself reeds interessant wees” (116).

Hoe langer Versluis egter in die (vir hom) anderse Bloemfontein is, hoe meer raak hy aan die andersheid gewoond. “Nie tot die punt van aanvaarding nie, maar ten minste tot dié van verdraagsaamheid” (244). Teen die einde van sy kort verblyf (etlike maande) begin dit soos ’n tuiste te voel. Hy voel trouens só tuis, dat hy in die Schefflers se huis by die aan tuberkulose sterwende Gelmers op wie hy so neergesien het, waak. “Jy sal ook doodgaan nes ek, nie anders nie” (387), sê die eenvoudige man vir Versluis.

## **Drumpeloorgang**

4.2.4 Die drumpeloorgang kom wanneer Versluis met homself en sy plek in die ander land vrede maak. “Daar is reise wat hy nooit sal voltooi nie, dink hy, paaie waarvan hy nie die einde sal bereik, gebiede wat hy nooit sal ontdek nie; togte langs die liggame van ander mense, ontdekkingsreise in die hart en die gemoed van andere, lang ekspedisies waarvoor ’n lewe nie genoeg is nie” (390). Versluis staan in ’n liminale

ruimte, 'n drumpeloorgang. “Die kus is uitgewis en die see bestaan nie meer nie. Daar is net die ruimte”(394).

## **Transformasie**

4.2.5 “'n Nuwe fase van sy verblyf in hierdie land het aangebreek, en die grense van sy wêreld het ingekrimp tot die mure van die kamer waar hy lê” (398). In sy bedlêende toestand, ontdek ook dat hy nie meer behoefte aan die Nederlandse gemeenskap se besoeke het nie. Hy wonder of “dit die land wat verander het of miskien net hy self” (400). “Die landskap roep geen gevoel van bedreiging of angs meer by hom op nie” (401). Versluis is 'n veranderde mens.

Versluis se sterwensgedagtes som sy transformasie op: “Die leegheid neem jou op en stilte omsluit jou, nie meer vreemde groothede om van oor 'n afstand onbegrypend betrag te word nie; die onbekende land word vertrou en die deurganger onthou nie meer dat dit eens nog sy bedoeling was om verder te reis nie. Halwerweë op die pad ontdek jy effens verras dat die reis voltooi is, en die bestemming reeds bereik” (411).

### 4.3. *Die son kom aan die seekant op*

#### **Dryfvere**

4.3.1 Martha Tregardt, die hoofkarakter, se trek volg nie uit eie besluite nie.

Sy het geen keuse as om die ontberingsvolle tog na die Ooskus, daar waar die son opkom, saam met haar man, die trekleier Louis, aan te pak nie.

“Die Engelse sal ons hier ook inhaal, my vrou. Soos die kraai vlieg, lê Port Natal nie ver van hier af nie. Voor daar baie water in die see loop, plant die Engelse goewerment daar ook hulle vlag om die gebied te beskerm. Beskerm! Ons moet aan, ons moet deur tot in Delagoabaai”(14).

Sy moet haar gemaklike huis en koestering van familie agterlaat om die woesteny te trotseer. Maar sy doen dit geredelik, want sy staan by haar man en respekteer hom. Soos wat die ontberingsvolle tog vorentoe (soms onbesonne) beur, word sy as't ware gebrei totdat sy los raak daarvan en in haar kop begin leef.

#### **Karakterisering**

4.3.2 Dié verstandige, fyn Voortrekkervrou se karakter is dienend, maar sterk.

Martha sal nie skroom om haar misnoë te wys teenoor byvoorbeeld die ongepoetste Lang Hans van Rensburg nie. Ook sal sy -- ondanks haar lojaliteit en respek teenoor haar

man -- soms ongewilde politieke besluite teen hom neem, soos toe sy 'n bul aan die Venda-hoofman Rossetoe skenk om aan sy god te offer (53). Toe sy by die saamtrekkende Meester bieg dat dit dalk bygelowig was, sê hy: “Daar is iets groters, kind” (68). Sy probeer voortdurend met dié ‘iets groters’ sin maak in hul onbarmhartige, dikwels onlogiese ontberinge.

Martha Tregardt is waarskynlik nie die tipiese karakter wat na liminaliteit sal neig nie, omdat sy haarself nie die luukse van alleengedagtes gun tussen die geswoeg deur nie, 'n ware Dienende Martha. As romankarakter ontwikkel sy egter tot by die liminale drumpeloorgang. Sy was aanvanklik verlief, gelukkig getroud en naby haar ouers, dus met min rede tot ontevredenheid. Teen die einde van hul tog is sy opstandig. “Maak jou skaars, Lewies. Jy kon hierdie ding gekeer het. Gaan wens daardie weduwee uit een stuk [Louis se vroeër verwysing na Antjie Scheepers] geluk met haar dapperheid.....Dan loop skryf jy in jou boek: ‘Het ons onder die Engelse uitgetrek, het ons in die genade kom veragter, soos dit in die wildernis hoort.’” (191). Martha is verwyderd van die ou bestel en begin beweeg na 'n *communitas* soos wat dit deur Turner (1970) omskryf is.

## Milieu

4.3.3 Die fisieke omgewing/ruimte waarin Martha haar bevind, verander konstant van die Koup af, deur Natal, van die Soutpansberg af oor die eskarpement, af na die Laeveld tot in die teleurstellende Delagoabaai. Elke slag as hulle staning maak, is dit 'n nuwe wêreld waar sy groente moet probeer plant (dikwels futiel), bossies uitkies vir medisinale gebruik en wabome loop soek om ink van te kook sodat Lewies in sy dagboek kan skryf.

As die leier se vrou, voel sy verantwoordelik vir die welstand van almal in hul trek en trek haar die geboortes, dood, siektes, opvoeding, weerbarstigheid, botsings en veevrektes hewig aan.

Die ganse trekpad kan as 'n tussenruimte gesien word, waarin Martha se emosionele ruimte ook verskuif. Waar sy aanvanklik net inval en ondersteun, begin sy stelselmatig haar mening lug, haar seuns Carolus se kwasterigheid en Pieter se onpraktiese natuur openlik aanspreek en onbeskroomd haar medemenslikheid teenoor minderes wys. “Kyk daar in jou huisapteek vir tarleton ook. Vir wonde van die vlees — daaraan dink ek nou eers. Maar ek kan nie dink aan iets wat kan help vir die gekrenktheid aan jou Koot se siel nie,” voeg sy die astrante weduwee Scheepers ná 'n lelike insident toe (190).

“Wanneer die swaarmoedigheid oor Martha toesak, weer sy dit af met droombeelde van haar kliphuis wat vanjaar nog in die stad [Lourenço Marques] sal verrys” (197). Die goedkeuring van die groep het vir haar geen belang meer nie en sy ontwikkel as 'n liminale karakter wat na 'n drumpeloorgang toe beweeg.

### **Drumpeloorgang**

4.3.4 “Here, hoe ver kan mens vlug voor jy op hierdie afgrond stuit?” (190). Moedeloosheid oor die vrugteloosheid van hul trek, die morele laagte en leegte waarin die groep hul bevind, die koors wat sy tol eis, bring Martha by dié vraag. Martha se drumpeloorgang kom toe hulle uiteindelik in Delagoabaai aankom wanneer sy weens die koors (malaria) in 'n ylende toestand lê. Die komatose toestand is liminaal. “Ons is nie



anders as Lang Hans [van Rensburg] nie. Of enige agtervelders op wie ons neergesien het nie.” Op vraag van Lewies of sy hom verwyf dat hy sy mense die dood ingelei het, antwoord sy net: “Nee, my lieue man. Ek verwonder my net aan die eendersheid van soveel dinge...” (211).

## **Transformasie**

4.3.5 Martha Tregardt is met haar sterwensuur ’n veranderde, getransformeerde mens. Sy sterf in vrede met die gedagte dat “dinge” waaroor sy gewonder het, nie juis anders is nie, inderdaad eintlik eenders.

Deur die proses van geweldige ontberings en opofferings het sy insig in mense om haar en in haarself gekry. Haar man se skadelike hardkoppigheid, die trekgenote se eiesinnigheid, teleurstelling in haar seuns (altwee nie links om ’n roer of ’n karwats te gebruik nie) en die afsterwe van die enigste mens wat waardig gebly het, nie ‘veragter’ het nie, Meester Pfeffer, laat haar met ’n veranderde gemoed oor die drumpel beweeg. Dit is met kalmte dat sy haar laaste woorde — net nadat haar man sê hy wil weer terug op die spoor — uiter. Sy is aanvaardend dat dinge eintlik eenders is. Dit kan hier vergelyk word met die sterwensgedagtes van Versluis (sien 4.2) wat ook besef mense en plekke is maar eenders. Haar reis is ook voltooi en haar bestemming bereik.

## 4.4 *Lang skaduwees in Afrika*

### Dryfvere

4.4.1.a **Francine van Rensburg**, die eerste hoofkarakter van die roman, moes haar seuntjie in die Britse konsentrasiekamp op Middelburg begrawe. Gedagtig dat haar man in die oorlog gesneuwel het, knoop sy, as gestroopte mens, ’n liefdesverhouding met ’n Britse soldaat aan. Haar man, Karel, se verrassende terugkeer, haar bevraagtekende swangerskap en die ná-oorlogse wanhopigheid laat die familie se besluit om na Oos-Afrika te trek, na ’n uitkoms te lyk.

*“Ek sien mos hoe kyk hulle. Lyk Charl soos Karel? Lyk Francine skuldig? Lyk Karel ontevrede? Hoe gouer ons wegkom, hoe beter,”* skryf sy in haar dagboek (35). Dit is nie haar keuse om so ver te trek nie, maar dit is tog ’n oplossing vir haar persoonlike dilemma.

4.4.1.b Ná ’n gemaklike lewe in koloniale Kenia, word Francine se dogter, **Maia van Breda**, weens die Mau-Mau se terreur teruggedwing na Suid-Afrika, wat sy nie ken nie. Die dryfveer om van omgewing te verander, is uit nood: sy dink haar man is dood en wil haar kinders na veiligheid neem. Die Mau-Mau se opstand en haar man se toegeneentheid tot ’n ander vrou tydens dié ongestadigheid, asook ’n verradderlike aanval, dwing haar om besluite te neem en toe sy kon, vlug sy.

“Terug? Ek was nog nooit daar nie! Maar ’n sirkel buig mos terug na waar dit begin het, ’n sirkel werk mos so?” (138).

4.4.1.c Die sirkel in die verhaal buig weer wanneer Maia se kunstenaarsdogter, **Christine Francine van Breda**, terugneig na waar sy gebore is. Sy móét terug na die Aberdares in Kenia om die donker trauma wat by haar spook, te besweer. Die besluit om soontoe te reis, is haar eie, gedryf deur jare se onopgeloste vrae.

### **Karakterisering**

4.4.2.a “Toe was ek Francine, die laatlamdogter van Charl en Maria Labuschagne van Lydenburg. Gebore aan ou mense van in die veertig, altyd maar ’n alleenkind met min vriende” (12). Goed geskool, kunstig en fyn opgevoed is sy van kleins af ’n denkende eenkant-mens. Sy sien die ‘ander kant’ van ’n saak en trek in haarself terug toe haar man haar verwerp. Francine, as dagboekskrywer, het die karakteristieke van ’n liminale mens.

4.4.2.b Maia het, soos ’n tante aan vaderskant, ‘voorwetes’ van dinge en mense, wat opsigself ’n liminale eienskap is. Met haar geboorte was haar broer, Charl, al in Suid-Afrika op skool en word sy dus redelik alleen groot. Sy verloor haar ma, Francine, op ’n jong ouderdom en word ’n jeugbruid van Tom van Breda, ook deel van die Afrikanergemeenskap in Kenia.

“Maar dit is nie wat my ontstel nie. [Dat haar ma se boek oor kruiemedisyne nie verwelkom word nie.] Dit is my voorwete, wat lank stil was en nou opvlam in beelde van bloed en trane wat my die erfenis laat verwens wat ek van Pa se familie gekry het” (113).

4.4.2.c As beeldende kunstenaar het Christine eienskappe van ’n drumpelfiguur. Ná die traumatiese aanval wat hulle uit Kenia na Suid-Afrika laat vlug het, leef sy in haar eie wêreld. Haar lewe lank bly sy stil oor die verkragting van haar ma wat sy moes aanskou en ontvlug in skilderwerk en daarna in kos toe haar streng Duitse man haar los. Die vrae rondom dié gebeure en haar ma se stille afsydigheid, vertroebel die verhouding met haar ma, en bemoeilik ander verhoudings.

## **Milieu**

4.4.3.a Die veranderinge van Francine se milieu het ’n sterk verloop: van bevoorregte kind op Lydenburg, gelukkige jong boervrou naby Middelburg, ontredderde vrou in die konsentrasiekamp tot ’n verstote vrou in Eldoret. Wanneer sy weer vir Jonathan Tremayne (die Britse minnaar van vroeër) in Nairobi sien, wil sy saam met hom weg. Die dramatiese wending toe haar man, Karel, die Brit in die openbaar doodskiet, bring haar tot inkeer, tot in ’n preliminêre ruimte. In hierdie fase is Francine se toewyding aan natuurlike medisyne en die bevrediging wat sy uit genesing put, tekenend van ’n aanloop na *liminaliteit*. Sy is los van die ou, vaste

verwysingswêreld.

4.4.3.b. Maia word gemaklik groot en haar jong getroude lewe op die plaas Tene-na-Tene (die Swahili-woord vir “Vir Ewig en Ewig”, deur haar só benaam) is in pas met die bekende voor-oorlogse rojale koloniale tyd in Kenia. Sy is gekoester en gelukkig met Tom van Breda en haar kinders, Simon en Christine. Die “thahu” (Swahili vir ’n vloek) wat op Tom rus, verander egter omstandighede en bereik ’n klimaks met die Mau-Mau-aanval op haar en die kinders. Haar voorgevoelens gee van jongs af ’n ekstra eensame dimensie aan haar ruimte.

Terug in Suid-Afrika woon sy alleen op ’n plaas en is emosioneel verwyderd van haar kinders. Sy is in ’n stil, liminale ruimte, ’n randfiguur.

4.4.3.c Christine se omgewing is kompleks. In Suid-Afrika vind sy van meet af aan meer aanklank by haar tante (oom Charl se kunssinnige vrou) as by haar afsydige ma. Haar skilderdoeke verbeeld haar emosionele ruimte. “Boeddhisme, kristalle, selfhipnose. Baie Jung. Niks vul die gat in my siel nie. Daarom vreet ek maar. Aanmekaar. Totdat ek in niks pas nie en nêrens gaan nie en die donkerte min of meer permanent in my binneste bly. Grassade ruik nie meer soet nie en blare val van die bome nes droë trane en ryp lê op die gras” (153).

## Drumpeloorgang

4.4.4.a Terwyl Francine se man in die tronk vir die moord op haar minaar is, begin sy haar (soos Martha Tregardt) toelê op natuurlike medisynes van plaaslike plante en raak ontslae van “thahu”. Toe Karel tuiskom, raak hulle versoen. Ná die geboorte van hul dogter, Maia, skryf sy in haar dagboek: “Ek is tevrede. Gelukkig hier in Kenia. Dit is my land dié, al is ek steeds trots wanneer ek hoor van Suid-Afrikaners wat mense van belang word in Kenia” (86). Met die diagnose van kanker, verkies sy om die pyn self met miraa-takke en –blare te verlig en die pad van pyn alleen te loop. Die laaste drumpel wat sy oorgaan, is met tevredenheid.

4.4.4.b Maia, as oorbeskermdde dogter en jong bruid, het nie veel innerlike verskuiwing beleef nie, totdat sy met die donker sy van haar man se persona, die bedreiging van ’n ander vrou en die aanval op Tene-na-Tene gekonfronteer is. Die voorbodes wat sy kry (soos naderhende onheil, van haar dogter wat verdrink), dwing haar egter tot inkeer.

4.4.4.c Christine se kuier by haar ma op die plaas begin die losmaakproses van die huidige, ongelukkige bestel in haar lewe. “Sy was tog my begin” (154). Nadat sy amper verdrink (soos wat haar ma ge-‘sien’ het), kom sy by ’n drumpel: Haar gewigsverlies is deel van ’n innerlike verskuiwing en sy besluit om by die oorsaak van haar somberheid uit te kom. “Ek dink ek begin heel word” (157). Sy

moet gaan kyk waar sy vandaan kom, na Tene-na-Tene en is net betyds om haar pa (wat toe nooit dood is nie) te ontmoet en saam met haar ma en broer by sy sterwensbed te wees.

## **Transformasie**

4.4.5.a Francine se transformasie het begin toe sy tydens haar man se gevangenskap in kruiemedisynes begin belangstel het. Deur genesing vind sy geleidelik vrede in haarself en vergifnis vir Karel. “Ek ontvang meer as wat ek verloor het,” (87) is Francine se laaste gedagtes. Waar sy lank te nagekom gevoel het, sterf sy tevrede.

4.4.5.b Maia se transformasie ontwikkel stadig ná haar drumpeloorgang. Sy leef saam met haar voorbodes en verkies om alleen te wees. Haar nuwe *communitas* is amper asketies: dit is nie noodwendig heropname in ’n bekende stelsel nie, maar tog as ’n veranderd, vredevolle mens. Toe sy in Kenia oplaas saam met haar kinders langs die sterfbed van haar man staan, word sy rustig en beweeg haar sirkel terug na haar eie gesin.

4.4.5.c ““Ek het my demon aanskou en hy is niks meer as ’n vuil, patetiese ou man nie,”” sê Christine ná sy Kamau, die “getroue werker” wat hulle destyds verraai het en nou in hul vervalde huis woon, weer sien. Met dié besef, stap sy getransformeer oor die drumpel, die nuwe *communitas* binne. Sy is gereed vir

heropname.

“Op die harde werf is die Van Breda’s se voetspore weggevee. Nou lê daar net lang skaduwees” (194).

#### 4.5 Samevatting

Aan die hand van die verskillende bydraende elemente wat tot liminale prosesse lei, het die ondersoek van die konsep *liminaliteit* met betrekking tot die verskeie literêre karakters aan die lig gebring dat verandering van geografiese omgewing innerlike verskuiwings tot gevolg het.

Die hoofkarakter Versluis in *’n Ander land* (4.2) wat aanvanklik neergesien het op die eenvoudige Bloemfontein en sy onbeskaafde mense, breek in die ‘ander land’ die eerste keer deur sy eie muur van eensaamheid en buitelanderskap. Op sy sterfbed kom hy tot die besef dat niks eintlik anders is nie.

Hoewel Martha Tregardt, hoofkarakter in *Die son kom aan die seekant op* (4.3), se liminale prosesse anders verloop, bereik sy, soos Versluis, haar transformasie ook by haar sterfbed met die besef dat hoewel dinge kan verander, alles oplaas eintlik eenders is. Die lang trekpad se tussenruimtes het haar in ’n liminale persona verander.

Die drie geslagte vroue (Francine van Rooyen, Maia en Christine van Breda) in *Lang Skaduwees in Afrika* (4.4.a, .b, .c) het al drie liminale karaktereienskappe. Al drie is kreatiewe karakters wat deur dramatiese wendings geografies verskuif en deur die fases van *liminaliteit* na die nuwe *communitas* toe beweeg. Soos Martha Tregardt, verdiep Francine van Rooyen haar in die bymekaarmaak van plante vir medisyne en





bring haar vermoë om te genees 'n innerlike bevryding. Maia staan, soos Versluis, buite die vaste stelsel en beweeg na heropname wanneer sy saam met haar kinders afsluiting kry oor hul vroeër trauma in Kenia. Hierdie insident laat Christine ook aanbeweeg na die post-liminêre fase.

## HOOFSTUK 5

### DIE KONSEP *LIMINALITEIT* TOEGEPAS OP DIE HOOFFIGUUR IN *PAUL ROUX*

And since you know you cannot see yourself  
So well as by reflection, I, your glass,  
Will modestly discover to yourself  
That of yourself which you yourself yet know not of.

William Shakespeare

(*Julius Caesar* 1:2)

#### 5.1 Inleiding

Die proses van *liminaliteit* in die kandidaat se eie ongepubliseerde roman (*Paul Roux*) word in hierdie hoofstuk aan die hand van die verskillende bydraende elemente (dryfvere; karakterisering; omgewing/ruimte; drumpeloorgang en transformasie) bespreek. Die liminale proses van skeiding (*preliminaire*), oorgang (*liminaire*) en transformasie/heropname (*postliminaire*) word toegelig.

Kortliks handel die boek oor die fiktiewe hoofkarakter, Paul Roux, 'n Kolonialer uit die Drakensteinvallei, se verblyf in Parys tydens die groot Wêreldskou van 1900. Hy

is deur die Departement van Openbare Werke in Pretoria daarheen gestuur om na die voltooiing van die pawiljoen van die Zuid-Afrikaanse Republiek, asook 'n pioniershuisie, die *Annexe de la Ferme*, op dieselfde perseel, om te sien.

Die vertelde tyd in die boek strek van Paul se aankoms in Parys in Januarie 1900 tot en met die besoek van President Paul Kruger ná die sluiting van die skou in November 1900. Deur terugblikke en briewe aan sy familie word die leser bekend met sy grootwordjare, sy lewe in Kaapstad as vakman by Herbert Baker se firma, sy liefdesteleurstelling wat hom na Pretoria laat trek het en sy werk aldaar onder Sytze Wierda.

## 5.2 Dryfvere

Die geleentheid om in Parys blootgestel te kan word aan die heel jongste neigings en prestasies in Paul Roux se neringsveld (argitektuur), is 'n sterk dryfveer om van geografiese omgewing te verskuif. Hy het die Kaap drie jaar tevore weens 'n liefdesteleurstelling (hy mog nie met Miriam Lipschitz trou nie) verlaat en in Pretoria by die Z.A.R se departement van openbare werke onder die leiding van Sytze Wierda gewerk.

“Paul ervaar 'n blydskap waarvoor hy self eintlik nie begrip het nie: die laaste paar jaar was maar redelik sonder innerlike geluk, om van die onlangse morbiede gevoel in Pretoria nie te praat nie” (13). As passiewe Kolonialer wat sy vakmanskap by Herbert

Baker in die Kaap afgelê het, weeg sy ambisie om as argitek sukses te behaal, sterker as die oorlog wat momentum begin kry.

Onderliggend aan sy motivering om beroepsvordering te maak, lê die behoefte om geheel te word van die gemis aan Miriam Lipschitz met wie hy wou trou --iets wat hy in sy tyd in Pretoria nie kon regkry nie.

Sy dryfvere is dus uit eie keuse en deels emosioneel en deels uit weetgierigheid wat ook as ambisieus gesien kan word. “Hy is net Paul Roux wat geboue wil ontwerp” (45).

### **5.3 Karaktereienskappe**

Paul Roux kan gesien word as iemand met liminale eienskappe: ’n drumpelfiguur en buitestander.

As kind in ’n groot, redelik tipiese Afrikaner plattelandse (Bolandse) gesin, sit hy dikwels eenkant en teken. Hy gaan Paarl toe om sy skoolloopbaan te voltooi, anders as sy broers wat op die plaas bly om te boer. “‘Die kind moet Kaap toe om te gaan leer,’ het hy as kind sy ma vir sy pa hoor sê. ‘Hy is vir ander dinge as die plaas bestem.’ Hy bly haar dankbaar daarvoor” (27).

Sy eerste werk vir Cecil John Rhodes by dié se vrugteplase in die Drakensteinvallei maak hom reeds los van die enger, tradisionele Afrikaner-siening, asook later by Herbert Baker se kantoor in Kaapstad. As Afrikaner in dié Engelse omgewings, sou die blootstellings aan ’n ander kultuur tot die ontwikkeling van sy onafhanklike gedagtegang bygedra het.

Die feit dat hy op 'n Joodse meisie, Miriam Lipschitz, verlief raak en met haar wil trou, dui voorts op 'n onafhanklikheid. Hy is oopgestel vir wat anders is en hou hom nie by vooropgestelde norme nie.

Dié eienskap dui ook daarop dat hy onkonvensioneel is en nie deel van die groter groep nie: in Pretoria staan hy eenkant teenoor die konserwatisme en invloed van Paul Kruger se 'Hollanders'. “Die Transvalers hou mos so voet by stuk met die Hoog-Hollands en dink die Here praat ook so” (6).

Die karakter begin dus vroeg met die eerste, pre-liminêre fase van sy oorgangsituasie volgens Turner (1974:38-45), deur verwyderd te raak van die vaste verwysingswêreld.

Paul se afkeer van die luukse leefstyl van dr W.J. Leyds, Van Boeschoten en die Republikeinse Deputasie (Fischer, Wolmarans, Wessels) in Europa terwyl hul pleitpogings om hulp vir die Republieke te kry duidelik futiel is, maak hom gaandeweg meer simpatiek vir die stryd tuis. “Hoe wil die Z.A.R. met sy vooruitstrewendheid kom spog as dit lyk of die oorlog sal aanhou?” (11).

Paul Roux se denke is onafhanklik en sy identiteit staan redelik los van 'n spesifieke kultuur, hoewel hy nie ongevoelig oor sy eie is nie. Sy siening oor die Boerehuis raak minder neutraal: “Hier sit ek en kyk hoe 'n huisie wat glo verteenwoordigend van die sogenaamd eenvoudige mense is, gebou word, terwyl dié einste pioniers 'n skrale kans op oorlewing in 'n oorlog het” (38). Hierdie fase is in mate ooreenstemmend met Endsjø se verwysing na ruimtes met 'n “autonomous liminal status within a given worldview” (2000:357).

Terwyl Paul in die Notre-Dame vir die gedenkdiens vir De Villebois-Mareuil sit, twyfel hy oor sy lojaliteite: “Maar waar staan jy, Paul Roux, roep hy homself tot nugterheid toe die kore begin sing” (104). Ná die diens word hy weer hiermee gekonfronteer: “‘*Vous-etes un Boër?*’ vra ’n ouerige klein vroujie terwyl sy aan Paul se arm trek. “Ja,’ sê hy maar, al is hy self nie altyd te seker nie” (104).

Hy bevind homself buite kultureel-herkenbare raamwerke, maar is selfs in die ‘nuwe’ omlysting tussen kulture in Parys (bourgeois en Boheems). “‘*Et alors!* Jy lyk soos ’n ander mens! En waar kry jy die bont serp?’ vra sy vriend Sébastien hom in die Lapin Agile. ‘Opgetel toe ek nou oor die straat gestap het. Lyk my almal hier het sulke serpe’” (34).

Die karakter is oopgestel vir wat nuut is, maar word nie opgeneem nie. “Hy kan *Á la Bastille* al net so lekker soos *Kent gij dat volk* saamsing, maar bloot omdat dit lekker deuntjies is. Geeneen vuur patriotisme by hom aan nie. Ek is nie ’n Transvaler nie en ek is nie Frans nie, dink hy. Dalk is dit hoekom ek dit tussen die bandelose Boheme geniet” (45).

Dié staat van buitelanderskap, die tussen-in fase (Turner, 1970: 354) van Paul hou hom buite die strukture van ’n gegewe sosiale stelsel. Hy neem alles waar, maar raak nie ingetrek in Kaapstad, Pretoria of Parys nie. Hy word ’n “nie-burger in ’n middelwêreld”, soos Breyten Breytenbach (2010:135) dit noem.

Hoewel hy vinnig leer Frans praat, kom hy tog heftig op vir Afrikaans soos dit in die Kaap gepraat word, soos gesien kan word in sy reaksie teenoor Wessels se aantyging: “Jy ken seker nie eens *Kent gij dat volk* of *Heft Burgers* nie.’ ‘Ek sing minstens in my eie taal,’ kan hy nie laat verbygaan nie” (123).

Hoewel hy aanvanklik soos 'n Montmartrois gevoel het, oorweeg hy ná sy huwelik met Miriam tog 'n meer besadigde bestaan as argitek in 'n meer bourgeois-buurt van die stad. “Vir Miriam wil hy net sien lag — g'n gesukkel in 'n dakkamer sonder water met net 'n ou nonnekateltjie nie” (156).

#### 5.4 Milieu

Paul Roux se fisieke en emosionele ruimte verander 'n paar keer in die verteltyd van die roman. Toe hy sy pos as opsiener/hulp by die pawiljoen van die Z.A.R. aanvaar het, het hy alreeds twee keer van omgewing en kulturele opset verander. Elke nuwe milieu stel hom bloot aan belewenisse wat sy skeidingsfase (*preliminaire*) beïnvloed.

Deur terugblikke raak die leser bewus van sy grootwordjare in die Drakensteinvallei en sy tydperke van verblyf in Kaapstad en Pretoria. “'n Verlange na koestering – soos dié van sy gesin in sy kinderjare op die plaas in die Klein Drakenstein - - pluk aan hom. Hy verlang selfs na die buurkinders wat saam by die Hollandse meester skool gehad het, na die plesierige tye met bekendes wat Nagmaalsondae saamgekuier het of pieknieks langs die Bergrivier gehou het” (94).

In Kaapstad het hy gelukkige tye beleef terwyl hy by sy suster Isabeau en haar prokureurman, Jerry Muller, geloseer het. Die teleurstelling toe hy nie met Miriam mog trou nie, het hom na Pretoria, waar veral in die argiteksveld ontwikkeling was, laat verhuis. By die Departement van Openbare Werke waar toe beplan en laat bou is aan die verskeie groot staatsgeboue, ontmoet hy verskeie Europeërs, veral Nederlanders en Franse, wat sy perspektief en blootstelling aan ander kulture, verder verbreed.

Met sy aankoms in Parys bly Paul aanvanklik in 'n karige, koue bediendekamer voordat hy saam met die wilde Monique in gelyksoortige ongemak soos 'n Boheem op Montmartre gaan woon. “My kop het verskuif, dink Paul. Parys het my ingetrek en nou kyk ek dalk met te veel afstand na gebeure by die huis” (39).

Hy hou van die onkonvensionele bestaan op ‘la Butte’ tussen digters, skrywers, drinkers, kunstenaars en danseresse. Benewens die bourgeoisie en Boheme van Parys kom hy in kontak met ander kulture soos die sigeuners en die Russe. Paul kan later selfs saamsing aan skunnige liedjies. “‘Jy sal nog moet verstaan dat dit is wat in Parys met 'n mens gebeur: jou sinne begin ander kwessies oorheers,’ sê Monique vir Paul” (65). Dit is opmerklik dat Paul, hoewel hy met 'n losmaakproses en innerlike verskuiwing besig is, nog nie heeltemal los van sy eie kultuur is nie. “Hy voel skuldig omdat hy Parys geniet terwyl sy eie land wroeg” (43).

Monique se uitsprake teen die bourgeoisie versterk Paul se houding teenoor pretensie en huigelary en hy bevind hom in 'n ruimte buite gevestigde geloofsvorme. “Ek kan seker nou as afvallig gereken word, dink hy met die herinnering aan die kerk by die huis” (94). Ná sy troue met Miriam, besoek hulle die Sacré Coeur: “Voor die beeld steek Paul 'n kersie brand. “Glo jy hierin?” vra Miriam fluisterend. “Dit voel tog of daar krag in so 'n vlam en gebed is, en vanaand doen ek dit in die hoop dat die oorlog by die huis sal eindig” (189).

Hierdie ongebonde ruimte word deur vryheid gekenmerk wat in meerledigheid gemanifesteer kan word: Paul is vir 'n tydperk kompasloos.

“Dit klink na nog 'n onregverdigde oorlog [La Commune] en hy wil liever êrens ver weg wees. In 'n groot oopte met 'n horison waar 'n mens op 'n klip kan sit en kan stil



word. Hy maak sy oë toe en probeer die oosterkim vroegoggend buite Pretoria onthou” (84).

Terwyl hy in die tronksel is, wroeg hy oor waar hy hom bevind, veral met betrekking tot sy ouers: “Sy pa wat nog altyd net in die sweet van sy aanskyn gewerk het en sy sagsinnige ma sal nie eens hierdie wêreld verstaan nie, laat staan nog hul eie kind wat met sulke duistere dinge deurmekaar is” (80). Nadat hy ’n brief vir hulle geskryf het: “Die toepak van die koevert neem ’n gewig van Paul se skouers af weg. Enige kind is skaam om vir sy ouers van spoorlose tye te vertel”(118).

Ná Monique se moord bly Paul nog aan op Montmartre, maar leef kalmer en sonder die gefuif. “Nou voel ek soos ’n Parysenaar. Of soos ’n Montmartrois dan, in hierdie kamer wat ek myne gemaak het, dink hy” (120). Hy sien homself nou nie meer as ’n Boheem nie, maar is nog steeds in ’n tussenruimte, ’n grenssituasie in die groter Parys.

Die ambivalensie wat in Paul se gedrag tot uiting kom, is volgens Turner (1982:24) deel van die liminale proses. “*Ek voel soms of ek twee harte het. The one here, where our ancestors came from, and the other there in Africa where they went to,*” skryf hy in ’n brief aan sy suster, Isabeau (54) kort ná sy aankoms.

Sy ambivalensie duur voort: “Hy voel vasgeklem tussen wat hy nou hier sien en wat in sy gewete maal. Alles om hom is tekenend van die nuwe eeu se weelderige en vinnige vooruitgang, maar die foto’s in koerante van vegters in verslete klere wat in kranse moet wegkruip, is as kontras net so skerp in sy gedagtes” (109).

“’n Vlietende gedagte van dankbaarheid dat hy in dié sierlike tyd in Parys kan wees, word verbloem deur skuld, hartseer en ’n benoudheid wat agter sy nek kom lê” (92).

“‘Ek is baie jammer oor die oorlog en besorg oor my rebel-swaer wat iewerster veg. Maar ek het ook in die Kaap by iemand gewerk wat, al is hy uit Engeland, baie doen vir ons eie argitektuur. Die geklou aan Holland daar in Pretoria stuit my ook maar teen die bors. Dit beteken nog nie ek is pro-Brits nie,’” (88) verduidelik Paul sy ambivalensie aan die spioenerende Wessels.

Die karakter wil sy persoonlike ruimte verbeter, sonder dat dit beteken hy in ’n gevestigde opset opgeneem wil word. Die kompasloosheid is weg ná sy vrylating, hoewel hy nog steeds as randfiguur voortgaan.

“‘Ek dink dis omdat ek vandag so ver kon sien. My horison was wyd -- driehonderd-en-sestig grade, soos op Tafelberg of Meintjieskop. Ek het al vergeet hoe ver ’n mens in my land kan sien’” (110). Hier behoort die oorstaanplek nie aan hom nie, soos Breytenbach van buitelanders sê (Sien voorafgaande Hoofstuk 3.4).

“Sébastien, met ’n swart rondbol-hoed op, lyk self agtermekaar toe hy by Paul aansluit: ‘Jy lyk goed Paul, ek mis nog die snor, maar dis ’n nuwe man wat voor my staan.’ Paul glimlag en kyk na ’n groep wat eenkant op die trappe met gewere en bandoliere staan” (99).

Nog ’n verandering in sy emosionele ruimte vind plaas toe Miriam Paul se huweliksaansoek aanvaar. Hy soek ’n nuwe blyplek om sy bruid heen te neem en wil die Boheemse lewe agterlaat. Hy skeer sy gesig kaal en gee sy ou klere weg. “So of hy die bult agter hom laat en met ’n ligter hart na nuwe velde verskuif. Soos die twee ‘velde’ in

Parys, dink hy, verruil hy nou miskien sy eie *champ de mars* vir sy eie *champs elysées*” (159).

## 5.5 Drumpeloorgang

Paul Roux se karakterontwikkeling kan nie tot een drumpeloorgang beperk word nie. Hy kom elke keer as hy van omgewing verander, by ’n drumpel te staan waar hy tot ander insigte kom, maar nie noodwendig transformeer of heropgeneem word nie.

Die dae in die tronk bring hom egter tot by ’n sterk verskuiwing. Ná sy vrylating uit die polisiecel, is hy wanhopig: “‘Ek moet loop,’ sê Paul. Sy stem is afgemat. ‘Ek weet glad nie waarheen nou nie. Nie met my hart nie en nie met my lyf nie. Om die waarheid te sê, ek weet nie waarheen met my lewe soos ek nou voel nie’” (85). Hy is gestroop van vastigheid. Hy staan op die drumpel.

Al lyk dit of hy ná sy vrylating op Montmartre die nuwe *communitas* aanvaar, is dit nie so nie. Paul staan eenkant, bly die *outsider*. Hy bly steeds leef tussen spesifieke kulture.

“Hier sit hy in die grote Parys met soveel mense en hy is so alleen. In hierdie stad, met die argitektuur waaroor hy gedroom het, die ongelooflike uitstalling en soveel ander dinge wat hy wou sien en beleef, is hy die vreemdeling” (94).

Later kom hy tot insig. Hy beweeg na die drumpel toe. “As hy nou terugdink aan die eerste maande in Parys, is dit soos ’n waas. Hy was beneweld: deur die vryheid van die stad, deur Monique en deur absint. Hy hoop hy kan suiwering van hierdie tyd kry

waaroor hy hom al hoe meer skaam. Die ergste is dat Monique met haar lewe moes boet” (156).

Waar hy aanvanklik verwyderd staan teenoor die pawiljoene omdat dit sins insiens onverteengewoondigend is en te veel deur die Franse argitek voorgeskryf is, ontwikkel Paul ’n gevoel vir die *Annexe de la Ferme*. ““Hierdie huisie laat my patrioties voel. Nie die borsbeeld van Paul Kruger, die deftige goudmyn, wolbale of Mansvelt se onderwysuitstalling nie. Hierdie huis het ’n hart,” (99) sê hy aan sy vriend Sébastien.

Hoewel hy die pos as argitek in Parys aanvaar en reken hy en Miriam kan goed daar leef, raak hy toenemend besorgd oor wat in die oorlog tuis gebeur. Dit dui daarop dat hy in hierdie (liminale) tyd van refleksie tog aanbeweeg na heropname, transformasie. Hierdie is die tweede en derde fase van *liminaliteit* (Turner, 1970:366) waarin die persoon ervaar dat verandering plaasgevind het, asook verstellings binne die nuwe omstandighede gemaak het.

## 5.6 Transformasie

Paul se twee drome — om met Miriam te trou en as argitek in Parys te werk — kom amper gelyktydig waar. Dit behoort vir hom die ideale situasie te wees: hy en Miriam is met hul trans-kulturele huwelik in ’n neutrale gebied, van sy vakgebied kan hy nêrens meer as in Parys leer nie en Miriam het boonop die geleentheid om haar

musiekstudies ook op 'n hoër vlak voort te sit. Hy kan dus in die liminale fase van vrye beweging bly, maar ook na heropname toe beweeg.

Die koms van die bekwaalde President Kruger verander egter Paul se ingesteldheid. Hoewel hy vroeër bly was om van die onsinnigheid van die oorlog weg te kom, wag hy later angstig op nuus daaroor.

“Ag nee, 'n mens het darem gehoop hulle sou gekeer kon word,’ sê Paul geskok” (151) ná Roberts se inname van Pretoria. Hy begin hom die negatiewe verloop van die oorlog al hoe sterker aantrek. “Die skouers van die mense op die Z.A.R se perseel trek al hoe krommer. Nes myne, merk Paul op” (153).

In Pretoria het hy, as bewonderaar van generaal Piet Joubert, nie veel van die president gedink nie, maar kry hy hom nou jammer, veral oor die wyse waarop hy deur Leyds voorgeskryf word. “Ek was so jammer vir Oom Paul. Hy is siek en oud. Sy oë pla hom baie en hy kan kwalik loop. Leyds het hom 'n toespraak uit sy kop laat leer voordat hy met 'n nuwe jas en hoed van die skip afgeklim het. Hy't ook gesê die president mag nie aan sy pyp suig in die Franse openbaar nie,” (215) sê hy aan Miriam ná sy terugkeer van die Gelderland se aankoms in Marseille af.

Toe Miriam teen die einde van die boek vir hom sê: “Ons het werk om by die huis te gaan doen,” (225) is Paul bly. Paul betree hier die laaste fase van *liminaliteit* volgens Turner naamlik dié fase waarin heropname by die veranderde persoon geskied.

Sy antwoord teenoor Miriam: “Dit is waar ons hoort,” verduidelik sy innerlike verskuiwing, sy transformasie. Hy is gereed om weer deel van hoofstroomgebeure te word.

## 5.7 Samevatting

In die voorafgaande bespreking van die verskillende elemente wat bygedra het tot die liminale proses en transformasie by die hoofkarakter van *Paul Roux*, kan tot die slotsom gekom word dat sy verandering van sosiografiese omgewing (met die klem op sy tyd in Parys) heelwat emosionele verskuiwings teweeggebring het.

Aanvanklik, met sy aankoms in Parys, maak hy hom in groot mate los van sy vaste verwysingswêreld: hy kies om saam met die Boheme (opsigself randfigure in Parys) redelik bandeloos op Montmartre te leef. Hy beweeg as buitestaander tussen nuwe kulturele stelsels.

Soos wat die Boerehuis vorder, ontwikkel hy sentiment daarvoor; hy spreek hom uit oor Afrikaans (teenoor Hollands) en die verloop van die oorlog tuis interesseer hom ook al hoe meer. Hoewel hy geruime tyd as 'n nie-burger in 'n liminale fase van vryheid bly, verskuif Paul gaandeweg na 'n sterker band met sy "eie" kultuur en kry ook Miriam se lojaliteit.

"Ek kan nie eenkant staan en toekyk terwyl ons vrouens by die huis so swaarkry nie (225). "Ek ook nie. Dis al 'n hele ruk dat ek in dié tweestryd verkeer. Ons het werk om te gaan doen by die huis" toon sy veranderde seining.

Hy is dus gereed vir heropname in 'n gestruktureerde stelsel. Hy is dalk nog die buitestaander wat wag om ingelyf te word, maar die *rite de passage* is duidelik. Vir Paul Roux was die proses tot by die bestemming liminaal.

## HOOFSTUK 6

### SLOTHOOFSTUK

In order to arrive at what you do not know  
You must go by a way which is the way of ignorance.  
In order to possess what you do not possess  
You must go by the way of dispossession.  
In order to arrive at what you are not  
You must go through the way in which you are not.  
And what you do not know is the only thing you know  
And what you own is what you do not own  
And where you are is where you are not.

T S Eliot  
(*Four Quartets*)

#### 6.1 Inleiding

Die doel van die navorsing was om vas te stel of liminale prosesse, drumpeloorgange en transformasie deur die verskuiwing van sosiogeografiese omgewing teweeggebring word.

Die ondersoek van die konsep *liminaliteit* is ten opsigte van literêre karakters gedoen aan die hand van die oorsake en dryfvere wat tot liminale prosesse lei, asook die uitwerking van daardie prosesse op die geestelike instelling van die verskillende hoofkarakters in die romans *'n Ander land* van Karel Schoeman, *Die son kom aan die*

*seekant op* van Jeanette Ferreira, *Lang skaduwees in Afrika* van Connie Luyt en die ongepubliseerde roman *Paul Roux* van die kandidaat self.

## 6.2 Oorsig

Vir die terreinverkenning van die term *liminaliteit* is gebruik gemaak van die teorie van antropoloog Arnold van Gennep en Victor Turner en getoon dat die term *liminaliteit* al hoe meer vryelik in velde buite die antropologie gebruik word. Die toepasbaarheid van die drie fases (*pre-liminaire*, *liminaire* en *post-liminaire*) van die *rites de passage* en die heropname in die *communitas* is met betrekking tot die letterkunde toegelig.

Die verskillende elemente (dryfvere, karakterisering, ruimtes, drumpeloorgange en transformasies) wat tot liminale situasies bydra, is (in Hoofstuk 3) behandel.

Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die verskillende elemente dui op die roete wat na die *rites de passage* toe kan lei. Persone (of literêre karakters) wat drumpelfigure word, het 'n pre-liminêre fase, hoewel dit suiwer individualisties is. Elkeen het sy eie proses van losmaking van 'n verwysingswêreld in die aanloop na liminaliteit. Die liminale fase van bewussynsverandering is vir sommige (veral in die geval van skrywers en eks- skrywers) langdurig en kreatief, vir ander 'n kort stap na transformasie of heropname.

Navorsingsartikels en essays wat die tussenruimtes en oorskryding van grense in verskillende publikasies bespreek, is gebruik om die ondersoek toe te lig. Besprekings van Louise Viljoen (*Woordwerk* van Breyten Breytenbach), Adèle Nel (*Lykdigte en*



*Ruggespraak* van Joan Hambidge), Heilna du Plooy (*Niggie* van Ingrid Winterbach), Dorothea van Zyl (*Vaselinetjie* van Anoeschka von Meck), Marlies Taljaard (*Kleur kom nooit alleen nie* van Antjie Krog) is ter toelichting aangewend.

Daar is ook na ekspat-literatuur soos dié van Laurens van der Post, Breyten Breytenbach, Gérard Rudolf verwys.

### 6.3 Literêre karakters

Die hooffigure in die romans *'n Ander land* van Karel Schoeman, *Die son kom aan die seekant op* van Jeanette Ferreira, *Lang skaduwees in Afrika* van Connie Luyt (Hoofstuk 4) en die ongepubliseerde roman *Paul Roux* (Hoofstuk 5) van die kandidaat self, is aan die hand van hierdie elemente bespreek.

Die hoofkarakter Versluis in *'n Ander land* (4.2) wat aanvanklik neergesien het op die eenvoudige Bloemfontein en sy onbeskaafde mense, breek in die 'ander land' die eerste keer deur sy eie muur van eensaamheid en buitelanderskap. Op sy sterfbed kom hy tot die besef dat niks eintlik anders is nie. Die innerlike verskuiwing met sy drumpeloorgang laat hom as 'n getransformeerde persona sterf.

Hoewel Martha Tregardt, hoofkarakter in *Die son kom aan die seekant op* (4.3), se liminale prosesse anders verloop, bereik sy, soos Versluis, haar transformasie ook by haar sterfbed met die besef dat hoewel dinge kan verander, alles oplaas eintlik eenders is. Die lang trekpad se tussenruimtes het haar in 'n liminale persona verander.

Die drie geslagte vroue (Francine van Rooyen, Maia en Christine van Breda) in *Lang Skaduwees in Afrika* (4.4.a, .b, .c) het almal liminale karaktereienskappe. Al drie is

kreatiewe karakters wat deur dramatiese wendings geografies verskuif word en deur die fases van *liminaliteit* na die nuwe *communitas* toe beweeg.

Paul Roux, ook 'n buitestander, se pre-liminêre fase het begin met twee vorige verskuiwings: na Kaapstad en Pretoria. Met sy verblyf in Parys beweeg hy aan na die drumpeloorgang, transformasie en heropname.

#### 6.4 Ooreenkomste

Die hooffigure bevind hulle in ontheemde, tussenkulturele situasies wat dwing na selfondersoeke. Benewens die verhuisingsaspek van al die karakters, is al vier romans ook gestel in histories-geografiese ruimtes. Tuisteloosheid noop almal tot aanpassings en prosesse van verandering wat tot drumpeloorgange lei.

Al die hooffigure is deur sosiogeografiese verskuiwing van die hoofstroom van gebeure afgesny: Versluis is vanuit Holland in Bloemfontein; Martha Tregardt verlaat veiligheid vir die trekpad deur die Afrika-woesteny; Francine van Rooyen verlaat haar land vir Kenia; haar dogter, Maia, moet met haar kinders (haar dogter, Christine, is ook 'n hooffiguur) uit Kenia na Suid-Afrika en Paul Roux kom uit Pretoria aan in Parys.

Paul Roux en Versluis staan beide tussen die kulture van Europa en Suid-Afrika. Versluis stel Bloemfontein teen die hoë standaarde van Nederland en waarheen hy gereis het; Paul Roux word oorweldig deur die “Belle Époque” in Parys, maar ervaar heimwee na sy familie en sy land. Al die vroulike hooffigure kry met ander Afrika-kulture te make: Martha Tregardt met verskeie inheemse stamme op die trekpad tot by die ooskus

(Lourenço Marques) en Francine van Rooyen met 'n vreedsame Kenia, terwyl haar dogter en kleindogter deur die Mau-Mau-tydperk geteister is.

Soos Martha Tregardt, verdiep Francine van Rooyen haar in die bymekaarmaak van plante vir medisyne en bring haar vermoë om te genees 'n innerlike bevryding.

Versluis, Martha en Maia is vereensaamde mense. Versluis is van natuur eenkant en die waarnemer. Martha word eensaam omdat sy ontnugter raak deur die futiele trekkery en haar man en seuns se temperamente. Maia verkies haar alleenheid, maar is ook eensaam in Suid-Afrika totdat sy met haar dogter versoen raak.

## 6.5 Verskille

Die gebeure, tyd en ruimte is verskillend en bepalend by die hooffigure. Versluis bly die buitestander tot heel op die end en bereik se drumpeloorgang en transformasie eers op sy sterfbed. Hoewel Martha Tregardt ook in haar sterwensuur die innerlike drumpeloorgang ervaar, was haar liminale pad redelik eenvoudig.

Paul Roux geniet dit om 'n Montmartrois te wees, hoewel hy steeds'n buitestander bly. Hy bereik sy drumpeloorgang in die tronk en word dan geleidelik weer heropgeneem in die *communitas*. Francine se drumpeloorgang (toe haar man in die tronk is) gee aan jaar laaste jare gemoedsrus en heropname. Haar dogter, Maia, en kleindogter, Christine, bly weer albei lank liminaal totdat hulle in Kenia vrede met die traumatiese verlede kry en op verskillende wyses heropgeneem word oftewel post-liminale fases ingaan.

## 6.6 Bevindings

Die wisselwerking tussen beweging en ruimte, asook die wisselwerking en korrelasie tussen veranderde ruimte en *liminaliteit*, is deur hierdie ondersoek gekonstateer. Die bespreekte romankarakters, asook ander genoemde literatuur, dui op die uitwerking van beweging, of verskuiwing, op liminale prosesse, hetsy kort of lank, kompleks of eenvoudig. Beweging bring veranderde denkprosesse en daarmee saam liminale fases wat tot drumpeloorgange kan lei. Soos wat karakters los raak van kulturele behoudenhed, bring dié pre-liminale fases verruimde denke, wat tot liminale ruimtes lei. Dan word die verloop weer rustig met die terugkeer na behoudenhed (*communitas*).

Die proses van *liminaliteit* is 'n nuttige analitiese tegniek en metode om 'n aantal karakters en hul milieus te ontleed. Soos wat die konsep *liminaliteit* toenemend gebruik en toegepas word, sal dit ook meer in die literatuur aangewend word, veral in die werk van ekspatskrywers. Wat hierdie bevindings betref, kan 'n mens begin gis oor die Afrikaanse diaspora-letterkunde wat 'n nuwe *communitas* vir drumpelfigure geskep het. Die gemeenskaplike kreatiewe energie in hierdie liminale sone kan as bewusmaking dien en sodoende verandering teweegbring.

Die ondersoek laat ruimte vir verdere navorsing. Die Suid-Afrikaanse gemeenskap/pe is gevorm deur mense wat sosiogeografies verskuif het; daar was ook interne verskuiwings en nou is dit weer toenemend na buitelandse bestemmings. Die kandidaat is van mening dat die tema toenemend van belang raak in die eietydse letterkunde soos wat nuwe verskuiwings na nuwe liminale ruimtes plaasvind.



## Slotsom

Besitloosheid verlos mens van verlies:  
As jy op lange laas genoeg gely't  
Los jy wat onherkrygbaar is en kies  
Van leegheid die verworwe sorgloosheid.

Elisabeth Eybers (*Neerslag*)

## BIBLIOGRAFIE

### Primêre bronne

**Ferreira, J.** 2006. *Die Son kom aan die Seekant op*. Kaapstad: Human & Rousseau.

**Luyt, C.** 2007. *Lang Skaduwees in Afrika*. Kaapstad: Human & Rousseau.

**Rautenbach, R.** 2010. *Paul Roux* (ongepubliseerd).

**Schoeman, K.** 1984. *'n Ander Land*. Kaapstad: Human & Rousseau.

### Sekondêre bronne

**Allen, V.** 1971. *Kruger's Pretoria Buildings and personalities of the city in the nineteenth century with drawings by Hannes Meiring*. Kaapstad: AA Balkema.

**Barker, P.** 1998. *Michel Foucault, an introduction*. Edinburgh: University Press.

**Bester, I.** 2010. Radio-onderhoud met Breyten Breytenbach. *Radiosondergrense*: 2010/04/27.

**Blum, J.** 2004. *Those who save us*. Orlando, Fl.: Harcourt Books.

**Boshoff, S.P.E.** 1936. *Etimologiese Woordeboek van Afrikaans*. Kaapstad: Nasionale Pers Bpk.

**Boshoff, S.P.E.** 1918. *Afrikaanse Minneliedjies*. Pretoria: J.H. du Bussy.

**Boussy, A.** 1903. *Les Boers: Histoire de la Guerre Anglo-Boer*. Paris: Ch. Poussielgue.

**Brandt, J.** 2007. *The War Diary of Johanna Brandt. Edited by Jackie Grobler*. Pretoria: Protea Book House.

**Breed, C.A.** 2007. *Die herskryf van die roman Die Swye van Mario Salvati van Etienne van Heerden as 'n draaiboek, met spesifieke fokus op identiteit, hibriditeit en liminaliteit*. Dept. Afrikaans-Nederlands Noordwes-Universiteit: Magisterverhandeling.

**Breytenbach, B.** 2009. *Notes from the Middle World*. Chicago: Haymarket Books.

- Brink, S.** 1992. *Die Zuid-Afrikaansche Republiek se deelname aan die Internasionale tentoonstelling in 1900 in Parys, Frankryk*. Pretoria: Nasionale Kultuurhistoriese Museum.
- Chomsky, N & Foucault, M.** 2006. *The Chomsky-Foucault debate*. New York: The New Press.
- Coertzen, P.** 1988. *Die Hugenote van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.
- Coetzee, J.M.** 1999. *Disgrace*. Londen: Random House.
- De Vries, W.** Breyten se Middelwêreld. *Beeld*: 2010/04/28.
- Du Plooy, H.** 2006. Afstand en Belewenis: liminale ruimtes en oorlewing in *Niggie* deur Ingrid Winterbach. *Literator*: 27(1) April 2006.
- Endsjø, D.** 2000. To Lock up Eleusis: a question of liminal space. *Numen*, 47:351-386.
- Ferreira (née Roux), DF.** 1991. *Die verwerking van die historiese grondstof in 'n Ander Land van Karel Schoeman: 'n tipologies-funksionele ondersoek* MA-verhandeling, Departement Afrikaans, Vista-Universiteit .
- Ferreira, O.J.O.** 2008. *Kruger in Lourenço Marques*. OJO Ferreira.
- Foucault, M.** 1969(2002: 3<sup>rd</sup> Edition). *The Archaeology of Knowledge*. London: Routledge.
- Fried Contemporary Art Gallery.** 2010. *Bodies in transition*. Pretoria: Digitale katalogus.
- Goldstein, J.** 1994. *Foucault and the writing of History*. Cambridge, Mass.: Blackwell Publishers.
- Grobbelaar, P.W.** 1999. *Kommandeer! Kommandeer! Volksang uit die Anglo-Boereoorlog*. Pretoria: J.P. van der Walt.
- Grobler, J.H.F.** 2004. *The War Reporter*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.
- Grobler, R.** 2010. Verander sonder verdwaal. *Beeld*: 2010/02/09.
- Hess, N.** 1996. *Code switching and style shifting as markers of liminality in literature*. By <http://lal.sagepub.com.2008/05/15>.

- Hunt, L.** 2002. *Where have all the theories gone?* By <http://www.historians.org/Perspectives/issues>. 2008/04/22.
- Joubert, E.** 1995. *Die Reise van Isobelle*. Kaapstad: Tafelberg.
- Joubert, I.** 2007. *Tussen Stasies*. Pretoria: Lapa-uitgewers.
- Juta, M.** 1937. *The Pace of the Ox, a life of Paul Kruger*. Kaapstad: Human & Rousseau (1975).
- Juven, F.** (Éditeur) (Geen datum.) *Les Mémoires du Président Krüger*. Paris: 122 Rue Réaumur.
- Keaney, A.** 1988. *Kruger et De Villebois-Mareuil ou le Lion et le Sanglier. Deux héros de la guerre des Boers*. Paris: Editions France-Empire.
- Kruger, R.** 1959. *Good-bye Dolly Gray*. London: Pan Books.
- Kuipers, H.C. en H.C. De Bruijn Prince, H.C.** 1899. *Staatsboek voor de Zuid-Afrikaansche Republiek*.
- La Vie Illustrée*  
Franse Weekblad. Januarie tot Desember 1900.
- Le Petit Journal*  
Franse Weekblad. Etlike eksemplare van 1900.
- Le Petit Parisien*  
Franse Weekblad. Etlike eksemplare van 1900.
- Leyds, W.J.** 1899. *Eenige Correspondentie uit 1899*. Amsterdam: NV Drukkerijen JH de Bussy 1938 (2de Druk).
- Literator: tydskrif vir besondere en vergelykende taal- en literatuurstudie.**  
Volume 27 (1) April 2006.
- Logeman, W.S.** 1899. *How to Speak Dutch*. (With translations into Cape Dutch).
- Longland's Pretoria Directory For 1899.** Pretoria: Staatsdrukkery 1979.
- Malouf, A.** 1996. *Ports of Call*. London: The Harvill Press.
- Malouf, A.** 1995. *The Rock of Tanios*. London: Abacus.



- Marais, R.** 1993. *Aspekte van Ruimte in Karel Schoeman se roman 'n Ander Land*. MA-verhandeling, Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria.
- Meiring, P.** 1974. *Jan Smuts Die Afrikaner*. Kaapstad: Tafelberg.
- Mendoza, E.** 1986. *De Stad der Wonderen ( La Ciudad de los prodigos)* Amsterdam: Rainbow Pocketboeken.
- Miller, J.C.** 2004. *The Transcendent function. Jung's model of psychological Growth through Dialogue with the Unconscious*. New York: State University of New York Press.
- Mitchell, J.** 2007. Approaching a Definition of New Historicism: A Complicated Arrival. By <http://people.uwec.edu>. 2008/03/29.
- Murfin, R.** 1998. New Historicism. Adapted from The Bedford Glossary of Critical and Literary Terms. By <http://bcs.bedfordsmartins.com>. 2008/03/26.
- Murray –Theron, E.** 2008. *'n Tapisserie met klein diere*. Kaapstad: Tafelberg.
- Naipaul, VS.** 1994. *A Way in the World*. London: Heinemann.
- Nel, A.** 2006. Die digter in transito: reisverse en liminaliteit in *Lykdigte en Ruggespraak* van Joan Hambidge. *Literator* 27 (1) April 2006.
- Némirovksy, I.** 2004. *Suite Française*. London: Vintage Books.
- Newton, J.** 1988. Assumptions underlying the New Historical approach. By <http://www.cnr.edu/home/bmcmanus/newhistoricism.html>. 2008/02/21.
- Oberholster, A.G.** 1972. *Dagboek van H.C. Bredell 1900 – 1904*. Pretoria: RGN.
- Packenham, T.** 1981. *Die Boere-oorlog*. (Afrikaanse vertaling). Kaapstad: Jonathan Ball.
- Picard, H.W.J.** 1974. *The Lords of Stalplein*. Kaapstad: H.A.U.M.
- Pieters, J.** 2000. New Historicism: Postmodern Historiography between Narrativism and Heterology. Universiteit van Gent. By <http://www.blackwell-synergy.com>. 2008/03/29.
- Pretorius, F.** 1999. *Life on Commando during the Anglo-Boer War 1899-1902*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Pretorius, F.** 2001. *Verskroeide Aarde*. Kaapstad: Human & Rousseau.

**Rex, H. M.** 1974. *Die Lewe en Werk van Sytze Wopkes Wierda in Nederland met verwysing na sy betekenis vir die Zuid-Afrikaanse Republiek*. D.Phil-Proefskrif (Kultuurgeskiedenis) Universiteit van Pretoria.

**Ricoeur, P.** 1984. *The Reality of the Historical Past*. (The Aquinas lecture.) Milwaukee: Marquette University Press.

**Roy de Puyfontaine, H.** 1972. *Louis Michel Thibault 1750 -1815, His official life at the Cape of Good Hope*. Kaapstad: Tafelberg.

**Seth, V.** 2005. *Two Lives*. Londen: Abacus.

**Shearing, T & D.** 1999. *Commandant Gideon Scheepers and the search for his grave*. Sedgfield: Taffy & David Shearing.

**Shearing, T & D.** 2000. *General Jan Smuts and his long ride*. Sedgfield: Taffy & David Shearing.

**Schoeman, K.** 1990. *Afskeid en vertrek*. Kaapstad: Human & Rousseau.

**Schoeman, K.** 1972. *Na die geliefde land*. Kaapstad: Human & Rousseau.

**Smit-Marais, S & Wenzel, M.** 2006. Subverting the pastoral: the transcendence of space and place in J.M. Coetzee's *Disgrace*. *Literator*: 27 (1) April 2006.

**Swanepoel, A & S.** 2009. *Dear Baby...tear up when read*. Pretoria: A & S Swanepoel.

**Trubshaw, B.** The Metaphors and rituals of place and time: an introduction to liminality. By <http://www.indigogroup.co.uk/foamycustard>. 2008/06/10.

**Thurman, J.** 1999. *Secrets of the Flesh, A Life of Colette*. London: Bloomsbury.

**Turner, V.W.** 1970 (1967). *The Forest of symbols*. (Betwixt and Between: the liminal period in Rites of passage). Ithaca: Cornell University Press.

**Turner, V.W.** 1974. *Dramas, Field and Metaphors*. Ithaca: Cornell University Press.

**Turner, V.W.** 1982. *From ritual to theatre*. New York: Performing Arts Publication.

**Van Coller, H.P & Van den Berg, H.** 2009. Trauma, verlies en die semiotiese bewussyn in *Karolina Ferreira* en *Niggie* van Ingrid Winterbach. *Stilet*: XXI:2 September 2009.

- Van der Post, L.** 1986. *A Walk with a White Bushman*. London: Penguin.
- Van Gennep, A.** 1977 [1908] *The rites of passage*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Van Huyssteen, T.** 1985. Met tekeninge van Hannes Meiring. *Hugenoteland*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Niekerk, L.E.** 1985. *Kruger se Regterhand, Biografie van Dr. W. J. Leyds* Pretoria: Van Schaik.
- Van Zyl, D.** 2006. Die ontginning van liminaliteit in 'Vaselinetjie' deur Anoeschka von Meck. *Literator*: 27(1) April 2006.
- Venter, E.L.J.** 1987. *Die Rol van die personasies in die vertelstruktuur van 'n Ander Land van Karel Schoeman: 'n Narratologiese ondersoek* MA-verhandeling, Dept. Afrikaans, Universiteit van die OVS.
- Viljoen, H & Van der Merwe, C.N.** 2007. *Beyond the Threshold; explorations of liminality in literature*. New York: Peter Lang Publishing.
- Viljoen, L.** 2005 'n Tussenin-boek: enkele gedagtes oor liminaliteit in Breyten Breytenbach se *Woordwerk* (1999). *Stilet*: 17(2) Junie 2005.
- Von Meck, A.** 2004. *Vaselinetjie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Vonnegut, K.** 2005. *A man without a country*. New York: Seven Stories Press.
- Wasserman, H.** Onderhoud op met Gérard Rudolf oor sy boek 'Orphaned Latitudes'. *Litnet*: (2009/11/05)
- Wenzel, M.** 2006. Liminal Spaces and imaginary places in *The Bone People* by Keri Hulme and *The folly* by Ivan Vladislavic. *Literator*: 27 (1) April 2006.
- Winock, M.** 2003. *La Belle Epoque, La France de 1900 à 1914*. Paris: Perrin.
- Ying, Z.H.U.** 2006. V.S. Naipaul's *A way in the world*: contesting liminality by translating the historical past. *Literator*: 21 (1) April 2006.

Internetsoeke

- |                                                                                                                   |            |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------|
| <a href="http://www.jewishvirtuallibrary.org">http://www.jewishvirtuallibrary.org</a>                             | 2008/07/06 |
| <a href="http://www.archive.org/search">http://www.archive.org/search</a>                                         | 2008/09/03 |
| <a href="http://youtube.com/watch">http://youtube.com/watch</a>                                                   | 2008/08/20 |
| <a href="http://www.dailymotion.com/video/xlhlfedison_1900">http://www.dailymotion.com/video/xlhlfedison_1900</a> | 2009/08/20 |



<a href="http://www.flickr.com/photos/brooklyn_museum">http://www.flickr.com/photos/brooklyn_museum</a>	2008/08/20
<a href="http://www.viewpoints.com/The-Eiffel-Tower-review">http://www.viewpoints.com/The-Eiffel-Tower-review</a>	2008/06/10
<a href="http://www.tour-eiffel.uk/document">http://www.tour-eiffel.uk/document</a>	2009/03/15
<a href="http://www.cdbooks-r-us.com/supportdocs/oorlogsoormag">http://www.cdbooks-r-us.com/supportdocs/oorlogsoormag</a>	2009/07/07
<a href="http://samilitaryhistory.org">http://samilitaryhistory.org</a>	2009/01/03
<a href="http://www.oppiweb.com/suid-afrika/volksstem01.pdf">http://www.oppiweb.com/suid-afrika/volksstem01.pdf</a>	2009/09/25
<a href="http://www.allexplore.com/new_directory/id83.htm">http://www.allexplore.com/new_directory/id83.htm</a>	2009/08/08
<a href="http://www.wikipedia.org/wiki/Yuki_Kajiura">http://www.wikipedia.org/wiki/Yuki_Kajiura</a>	2010/02/02

### **Navorsingsinstansies**

Suid-Afrikaanse Nasionale Argief, Pretoria. (2008, 2009)

“Archives Nationales de France”, Parys, Frankryk. (2008)

Kultuurhistoriese Museum, Pretoria. (2008, 2009)

Voortrekkermonument en Erfenisstigting, Pretoria. (2009, 2010)

Krugerhuis, Kerkstraat, Pretoria. (2009)